KITAL

HUISBESOEK

83-1581



46

M.J. du P. Beukes

KITAL

Huisbesoek

'n handleiding vir ampsdraers

Dr MJ du P Beukes

HAUM

PRETORIA

© HAUM Opvoedkundige Uitgewery, Pretoria
Eerste uitgawe, eerste druk 1981

ISBN 0 7986 0708 4

Geset en gedruk deur Gutenberg Boekdrukkers, Pretoria

KITAL

Inhoud

Voorwoord

Hoofstuk 1

Bybelse gegewens in verband met huisbesoek

1.1 Die Ou Testament 1
1.1.1 Samevattend 7
1.2 Die Nuwe Testament 7
1.2.1 Jesus Christus en enkelinge 7
1.2.2 Jesus Christus die herder 12
1.2.3 Die apostels en ander getuies 14
1.2.3.1 Die geskrewe woord 14
1.2.3.2 Die optrede van die apostels en ander ampsdraers met betrekking tot individue 15
1.2.4 Aardse herders 17
1.2.5 Nuwe-Testamentiese begrippe 20
1.2.5.1 Episkopein 20
1.2.5.2 Parakalein 22
1.2.5.3 Nouthetein 23
1.2.5.4 Sterizein 24
1.2.5.5 Katartidzein 25
1.2.6 Samevattend 25

Hoofstuk 2

Huisbesoek in die verlede

2.1 Huisbesoek by die kerkvaders en die Roomse kerk 27
2.2 Huisbesoek by die Lutherane 29
2.3 Huisbesoek by die Gereformeerdes (Hervormers) 31
2.4 Die moderne tyd 36
2.4.1 Eduard Thurneysen 36
2.4.2 K Dijk 38
2.4.3 Faber en Van der Schoot 40

2.4.4 Jay E Adams 60
2.4.5 J J de Klerk 61
2.4.6 J Firet 63
2.4.7 JI de Wet 64

Hoofstuk 3

Wat is huisbesoek?

3.1 Algemene opmerkings 65
3.2 Huisbesoek is verkondiging van die woord in die vorm van 'n gesprek aan individue of individuele huisgesinne 68
3.3 Huisbesoek is voorsorg en nasorg 80
3.4 Huisbesoek is onlosmaaklik verbonde aan die ander verkondigingsgestaltes 91

Hoofstuk 4

Die objek van die huisbesoek

4.1 Die mens is skepsel van God 96
4.2 God het die mens geskape 96
4.3 God het die mens geskape uit die stof van die aarde 97
4.4 Die mens is meer as die stof van die aarde en van die diere van die veld 97
4.5 Die mens is geskape na die beeld van God 98
4.6 Die mens is geskape om te heers oor die skepping 99
4.7 Die mens is gevalle sondaar 99
4.8 Die mens is aanspreekbare skepsel 100
4.9 Die mens is begenadigde skepsel 100
4.10 Die mens as medemens 102
4.11 Die mens se lewe is begrens 103
4.12 Lidmaat van die kerk 104
4.13 Sosiologiese en ander omstandighede 105
4.13.1 Rykdom en armoede 105
4.13.2 Ouderdom en jeug 106
4.13.3 Godsdienstige opvoeding 106

4.13.4 Woonplek 107
4.13.5 Akademiese en beroepsituasie 107
4.13.6 Siek of gesond 108
4.14 Psigologiese omstandighede 108
4.15 Filosofiese invloede 109
4.15.1 Die eksistensieteologie 109
4.16 Die Bybel 112
4.16.1 Verkondiging 112
4.16.2 Ontmitologisering 113
4.16.3 God en die wêreld 114
4.16.4 Jesus Christus 114
4.17 Die mens 115
4.17.1 Die mondigheid van die mens 115
4.17.2 Medemenslikheid 116
4.18 Die kerk 117
4.19 Die etiek 117
4.20 Die huisgesin 119
4.21 Groepsbesoeke 120

Hoofstuk 5

Praktiese inrigting van die huisbesoek

5.1 Beplanning noodsaaklik 123
5.2 Toerusting 124
5.3 Voorbereiding 125
5.4 Praktiese aanbieding 125
5.5 Huisbesoek by verskillende lidmate 127
5.5.1 Gewone huisbesoek 128
5.5.2 Besondere huisbesoek 129
5.5.2.1 Kerkvervreemdes 129
5.5.2.1.1 Lidmate wat nie die gewone eredienste bywoon nie 129
5.5.2.1.2 Lidmate wat nie die nagmaal bywoon nie 136
5.5.2.1.3 Ouers wat die kategese van hulle kinders verwaarloos 139
5.5.2.1.4 Lidmate wie se offergawes nie in orde is nie 149
5.5.2.1.5 Lidmate wie se alledaagse lewe roekeloos is 152

5.5.2.1.6 Lidmate wat afgedwaal het na die sektes 157
5.5.2.2 Besondere omstandighede 160
5.5.2.2.1 Die jeug 160
5.5.2.2.2 Bejaardes 164
5.5.2.2.3 Siekebesoek 166
5.5.2.2.4 Die dood 172
5.5.2.2.5 Die huwelik 178
5.5.2.2.6 Buitengewone gevalle 186
5.5.2.2.7 Huisbesoek by ouderlinge en diakens 187
Geraadpleegde literatuur 189

Voorwoord

Dit was praktiese oorwegings wat my gedryf het om hierdie werkie te skryf. Baie gemeentelede, kerkraadslede en selfs predikante vra die vraag: Hoe moet ek met ander mense praat oor die saak van die Here? Wat moet ek vir ander medegelowiges sê vanuit die Bybel onder bepaalde omstandighede? Ek het 'n geringe poging aangewend om op hierdie vrae antwoord te probeer gee.

As ons na die inhoudsopgawe kyk, sien ons dat die veld wat gedek moes word oneindig wyd is. Dit het meegebring dat die verskillende onderwerpe baie oppervlakkig behandel is. Aan die ander kant is die verskillende afdelings so behandel dat dit ten minste die kern van die betrokke saak weergee en kan dien as 'n inleiding wanneer 'n bepaalde groep mense 'n bespreking oor die betrokke saak wil voer.

Die boek is só opgestel dat dit vir predikante, ouderlinge en gemeentelede kan dien as 'n inleiding of 'n riglyn met betrekking tot die huisbesoek. Met die oog op redelike volledigheid, word die moeiliker gedeeltes in die boek behou. *Ek wil aanbeveel dat niepredikantslede hoofstuk 1.2.5 oorslaan en selfs hoofstuk 2, as hulle nie baie in historiese gegewens belangstel nie.*

M J du P Beukes
Oktober 1980

1

Bybelse gegewens in verband met huisbesoek

Nêrens in die Bybel word vir ons 'n beskrywing gegee van wat huisbesoek is nie. Die volgende beskrywing van huisbesoek word in die algemeen aanvaar: Huisbesoek is die verkondiging van die evangelie van Jesus Christus in die vorm van 'n gesprek aan enkelinge of enkel huisgesinne, midde in die konkrete situasie waarin die betrokkenes hulle bevind.

Is daar in die Bybel sprake van besondere sorg wat aan enkelinge gegee is, of is alle bemoeienisse op die geheel gerig? Uit die hele Bybelse boodskap is dit duidelik dat die sorg van die geheel altyd in die middelpunt gestaan het. Dit beteken egter nie dat die individu of die enkele huisgesinne nie besondere aandag ontvang het nie.

1.1 DIE OU TESTAMENT

God kies die volk Israel uit, sodat deur hulle al die nasies van die aarde geseën sal word.[1] Na hierdie verkiesing handel God in die besonder met die volk as geheel. Midde in hierdie groot geheel, is dit egter enkelinge wat dikwels 'n besondere plek inneem: So onder andere Abraham, Isak, Jakob, Josef, Moses, Josua, individuele rigters, konings en profete.

Die element van kollektivisme en individualisme tref ons in die Ou Testament op baie plekke aan. In Genesis 2 lees ons dat die mens geskape word as 'n gemeenskapswese. God het gesien dat die mens alleen is en het vir hom 'n hulp gemaak wat by hom pas. As Adam en Eva sondig het hulle sonde vir die hele menslike geslag gevolge; maar elkeen van hulle se straf word ook individueel uitgestippel.

Die gebooie wat die volk Israel ontvang, word in die meeste gevalle met die woorde "jy moet..." aangedui. Die "jy" staan in die

1. Genesis 18:18

tweede persoon enkelvoud. Die "jy" sou nie verklaarbaar wees, as die individu nie self 'n persoonlike verantwoordelikheid gehad het nie. Veral in die lewe van Dawid word die gemeenskaplike en die persoonlike sterk onderstreep. In die geval van sy sonde met die telling van die volk, word die volk as geheel gestraf.[2] In die geval van sy sonde met Batseba word hy persoonlik gestraf.[3] Na 'n ontleding van Deuteronomium 1, waar die volk in beide die enkelvoud en die meervoud ook met die enkelvoud afgewissel word, konkludeer die Ou-Testamentiese teoloog Vriezen dat die volk 'n "corporate personality" is, 'n veelheid maar tegelyk ook 'n eenheid.[4] Die gemeenskaplike, die volk as geheel, neem die sentrale plek in die Ou Testament, maar die individu verdwyn nie heeltemal uit die gesigsveld nie.

In die Ou Testament, veral in die eerste paar boeke, staan die familie baie sterk op die voorgrond. Dit is veral die geestelike versorging van die familie wat 'n baie belangrike plek ingeneem het. Die huisvader moes dan meestal hierdie besondere funksie verrig. Een van die besondere redes waarom God Abraham verkies het, was dat hy aan sy kinders en sy huis na hom, bevel sou gee om hulle aan die voorskrifte van die Here te hou deur geregtigheid en reg te doen.[5] In die vorige vers verneem ons dat God Abraham uitgekies het, sodat al die nasies van die aarde uiteindelik deur hom geseën sal wees. Die einddoel is die groot geheel, maar op weg daarheen neem die individuele huisgesinne 'n belangrike plek in.

God verlos die volk Israel uit die hand van die Egiptenaars. Hierdie daad het besondere betekenis vir elke huisgesin. Die kinders sal hulle ouers daarna vra. Dit is die vader se plig om dit aan die kinders te vertel.[6] Op grond van dié verlossing het God verwag dat die volk soos sy eiendom sal lewe. Hierdie verantwoordelikheid geld die volk as geheel, maar ook elke individuele lid afsonderlik. In Deuteronomium 6:17–18 kom hierdie gemeenskaplike en individuele aspek baie duidelik na vore. "Julle moet die gebooie van die Here... ywerig onderhou" en "jy moet doen wat reg en goed is in die oë van die Here". Om te verseker dat die volk en die individu God se

2. 2 Samuel 24
3. 2 Samuel 12
4. Th C Vriezen, Hoofdlijnen der Theologie van het Oude Testament, H Veenman en Zonen, Wageningen, 1954, tweede druk, p 997.
5. Genesis 18:19
6. Eksodus 12:25

gebooie in die toekoms onderhou, moet die vader sy kinders onderrig in die Woord van God.[7] Hierdie besondere verantwoordelikheid van die vader word veral in die boek Spreuke baie duidelik onderstreep.[8] Dat die geheel van die volk, maar ook elke individuele huisgesin altyd in die gesigsveld bly, kom duidelik na vore in Josua se afskeidstoespraak. Op grond van God se ontferming in die verlede, moet die volk uit dankbaarheid in die hede, die Here dien in alle opregtheid en waarheid.[9] Hierdie diens neem egter 'n aanvang in die individuele huisgesinne: "Maar ek en my huis, ons sal die Here dien".[10] Kenmerkend van die vader se onderrig aan sy kinders, is dat die Woord van die Here eers in sy eie lewe vorm en gestalte moet aaneem.[11] Omdat die huisvader die godsdienstige vorming van die huisgesin waarskynlik goed gedoen het, was dit nie vir die "ampsdraers" nodig om hulle in die besonder met enkelinge te bemoei nie, en kon hulle werk in 'n groot mate tot die volk as geheel beperk bly.

Waar die priesters se werk hoofsaaklik op die kollektiewe versorging van die volk as geheel gerig was,[12] is die werk van die profete op die geheel en op die individu gerig. (Samuel en Saul, Natan, Gad en Dawid, Elia en Agab, Elisa en verskillende persone, Jesaja en Hiskia, Jeremia en Sedekia). Uit die besondere bemoeienisse van die profete met enkelinge, kom besondere aspekte na vore:

- Die profeet gaan nie op grond van eie inisiatief na die enkeling nie, maar word deur God self gestuur.[13]
- Bepaalde faktore was die aanleidende oorsaak waarom die profeet na die enkeling gegaan het of die enkeling na die profeet.[14]
- Die profeet dra nie sy eie gedagtes aan die enkeling oor nie, maar gaan sê vir hom "so sê die Here". Die gesprek wat

---

7. Deuteronomium 6:1–25; vergelyk ook Psalm 78:1–8
8. Spreuke 3
9. Josua 24:6–24
10. Josua 24:15
11. Deuteronomium 6:5 en 6
12. Levitikus 10:11, Deuteronomium 31:9–13
13. 1 Samuel 5:10, 2 Samuel 12:1, 1 Konings 18:1, 21:17, Jeremia 34:1–2 en 40:1.
14. Sonde van Saul – 1 Samuel 13:11–14; sonde van Dawid – 2 Samuel 12; sonde van Agab – 1 Konings 21; armoede – 2 Konings 4; dood van 'n kind – 2 Konings 4 en siekte – 2 Konings 5.

gevoer is, was nie 'n gesprek oor gewone alledaagse sake nie, maar verkondiging van die Woord van die Here.[15]

- Die Woord wat aan die enkeling verkondig is, was nie 'n ander Woord as die Woord wat aan die volk verkondig is nie.
- In feitlik al die gesprekke wat met enkelinge gevoer is, het die gebed 'n besondere plek ingeneem.
- Die gesprekke wat gevoer is, bevat verskillende elemente. Met die Woord van die Here is na gelang van omstandighede getroos, vermaan, bemoedig en koers aangegee. Veral die elemente van bestraffing en genade-aankondiging neem 'n besondere plek in.[16]

Van die vroegste tye af is die huisbesoek beskryf met die woorde *herderlike sorg*. Daarom is dit nodig dat ons in die besonder sal gaan kyk na die herderbeeld in die Ou Testament.

God versorg sy volk as herder. Hy is die herder van Israel, wat hulle soos skape lei.[17] Hierdie herderskap van God raak in die eerste plek die volk as geheel. Die persoonlike aspek verskuif geheel en al op die agtergrond. Soos 'n refrein word dit herhaal dat God "óns" herder is. God is die herder van sy volk wat gesmeek word om sy volk te verlos. God se herderskap beteken vir die volk bevryding, maar dit bring ook vir hulle verantwoordelikheid mee. Hulle sal van die Here nie afwyk nie, hulle sal sy Naam aanroep.[18]

Die herderskap van God kom in Jesaja 40:1–11 in die besonder na vore. Dit is weer die versorging van die hele kudde wat voorop staan. "Hy sal sy kudde laat wei soos 'n herder."[19]

Onderafdelings van die kudde kom ook in die gesigsveld. "Hy sal die lammers in sy arm vergader en aan sy bors dra; die lammerooie sal Hy saggies lei."[20] Net soos in Psalm 80 beteken God se herderskap vir die volk verlossing. Die verlossing word nader omskryf. Dit is nie materiële verlossing nie, maar verlossing van skuld en sonde.[21] Omdat God sy herderskap beoefen het, is die stryd vir

---

15. 1 Samuel 15:16, 2 Samuel 12:11, 1 Konings 21:19, 22:14, 2 Konings 3:16, 7:1, 20:1, Jesaja 38:1 en 5, Jeremia 28:16, 34:2 en 45:2.
16. Vergelyk Natan se gesprek met Dawid: 2 Samuel 12
17. Psalm 80:2
18. Psalm 80:19
19. Jesaja 40:11
20. Jesaja 40:11
21. Jesaja 40:2

die volk verby, is hulle getroos en het die vrees en die angs uit hulle lewe verdwyn.

In Jeremia 31:10 word God beskryf as die Herder wat sy kudde weer sal versamel nadat hulle as gevolg van die ballingskap verstrooi is. God se herderskap beteken vir die volk verlossing van hulle aardse vyande en terugkeer na die beloofde land en stad. Die Here sal dan weer vir hulle 'n God wees en hulle sal vir hom 'n volk wees.[22] God se herderskap loop egter verder as net die materiële versorging van sy volk. "... Ek sal hulle ongeregtigheid vergewe en aan hulle sonde nie meer dink nie."[23] God se verlossing sal vir die volk bepaalde gevolge hê: Hulle sal God se volk wees, die wet van die Here sal in hulle binneste wees[24] en hulle sal almal die Here ken.[25] God se verlossing raak die hele volk, maar dit beteken nie dat die enkeling uitgesluit is nie. Die skrywer bring in die besonder die blindes, die lammes, die swangeres en die priesters in die gesigsveld. Wanneer dit kom by die gevolge van die verlossing, is dit almal, klein en groot, wat die Here sal ken.[26] Hoewel die enkeling nie in die groep verdwyn nie, is dit nogtans die groot geheel, die groot vergadering, die hele kudde wat in die middelpunt staan.[27]

Veral in Psalm 23 kom dit duidelik na vore dat God as herder ook vir die individu wil sorg. Hierdie versorging van God raak elke aspek van die Psalmdigter se lewe. God gee aan hom rus, vrede en krag. Hy bewaar hom in donker dieptes. Hy laat hom by 'n feesmaal aansit en ontvang hom soos 'n eregas. Hy oorlaai hom met hartlikheid, goedheid en liefde. Hy lei hom op die regte paaie. So omvattend is God se sorg dat die Psalmdigter niks kortkom nie. Hierdie versorging geskied tot eer van God se Naam. Hierdie versorging het bepaalde gevolge vir die Psalmdigter: Hy is nie meer bang nie. Hy is oortuig dat hy in God se hande veilig is. Hy is tuis in die huis van die Here.

In Esegiël 34 neem die begrip herder ook 'n besondere plek in. Hier word die oordeel uitgespreek oor die herders van Israel. In plaas daarvan dat hulle die skape laat wei het, het hulle die vettes geslag en hulle self met hulle wol beklee. Hulle het die swakkes nie

---

22. Jeremia 31:33
23. Jeremia 31:34
24. Jeremia 31:33
25. Jeremia 31:34
26. Jeremia 31:34
27. Jeremia 31:8–11

versterk nie, die siekes nie genees nie, die geskendes nie verbind nie en dié wat weggedryf en verlore is, het hulle nie teruggebring nie. In plaas daarvan dat hulle bogenoemde gedoen het, het hulle met strengheid en hardheid geheers. Die herders se optrede het tot gevolg dat die skape verstrooi is. Hulle dwaal op die berge rond. Hulle het die prooi van wilde diere geword. God sal egter kom en sy skape eis van die hand van hierdie herders. Omdat hierdie aardse herders ontrou was, sal God sy skape uit die hand van hierdie herders ruk. Hierna sal God self vir sy skape sorg. "Soos 'n herder vir sy trop skape sorg op die dag as hy onder sy verspreide skape is, so sal Ek vir my skape sorg; en Ek sal hulle red uit al die plekke waarheen hulle verstrooi is... En Ek sal hulle uitlei uit die volke en versamel uit die lande en hulle bring in hul land."[28] Omdat die aardse herders nie in die besonder omgesien het na die skape in nood nie, sal die Here dit self doen. "Die wat verlore is, en die wat gewond is, sal Ek verbind, en die siekes sal Ek versterk."[29] Hierdie sorg as herder sal God ten uitvoer bring deur een enkele herder: "En Ek sal een enkele herder oor hulle verwek, en hy sal hulle laat wei, *naamlik* my kneg Dawid; hy sal hulle laat wei en hy sal vir hulle 'n herder wees."[30] Hierdie herder is die Messias, Jesus Christus, wat in die volheid van die tyd sou kom.

Uit Esegiël 33 spreek dit ook duidelik dat God sy volk nie alleen kollektief nie, maar ook individueel wil versorg. Die Here het vir Esegiël aangestel as "wag" oor die huis van Israel. Hierdie "wagskap" van Esegiël bestaan in die besonder daarin dat hy die volk, maar ook die individu sal waarsku om hom van sy sondige weg te bekeer.[31] Esegiël moet die goddelose waarsku, want die Here het nie behae in die dood van die sondaar nie.[32] Esegiël moet nie net funksioneer as "wag" oor die goddelose nie, maar ook as wag oor die opregtes. Aan die regverdiges moet hy verkondig dat daar vir hom heil en lewe is as hy deur God se genade voortgaan om die regte pad te bewandel. Hy moet hom egter ook waarsku dat as hy van die regte pad sou afwyk, hy onder die oordeel en die gereg van God sou staan. Besondere klem word gelê op die feit dat elkeen wat aan die "wag"

---

28. Esegiël 34:12–13
29. Esegiël 34:15–16
30. Esegiël 34:23
31. Esegiël 33:8
32. Esegiël 33:11

toevertrou is, van homself geëis sal word.[33] Dit is God self wat vir Esegiël geroep het om hierdie werk te doen.[34] Sy "wagskap" voer hy nie uit met sy eie woorde nie, maar met die woorde wat hy van die Here gehoor het.[35]

1.1.1 Samevattend

- God handel met die volk Israel as geheel, maar midde in hierdie groot geheel neem enkelinge ook 'n besondere plek in.
- Omdat die huisvaders die godsdienstige vorming van die huisgesinne goed gedoen het, het die "ampsdraers" se werk hoofsaaklik beperk gebly tot die volk as geheel.
- In die latere geskiedenis van die volk Israel was dit veral die profete wat besondere aandag aan die hele volk en die individue gegee het.
- Die profete se gesprek met enkelinge het die Woord van God as inhoud gehad. Met die Woord van God het hulle die enkelinge getroos, vermaan, bemoedig en vir hulle die regte weg aangewys.
- God as herder sorg vir die volk as geheel, maar ook vir die individue.
- God se herderskap beteken in die eerste plek bevryding uit die sonde.
- God dra sy herderskap op aan aardse herders.
- Omdat hierdie aardse herders nie hulle werk doen nie, sal God self een herder verwek wat herder in die volle sin van die woord sal wees.

1.2 DIE NUWE TESTAMENT

1.2.1 Jesus Christus en enkelinge

Algemeen beskrywend van Jesus Christus se optrede is die woorde: "Hy het toe in die hele Galilea rondgegaan en die mense in hulle sinagoges geleer, die evangelie van die koninkryk verkondig en elke soort siekte en kwaal onder die volk gesond gemaak."[36] Die grootste

---

33. Esegiël 33:7 en 9
34. Esegiël 33:7
35. Esegiël 33:7
36. Matteus 4:23; vergelyk ook Matteus 13:54, Markus 1:21, 2:13, 3:7–8, 6:2, 6:34, 7:14, 8:1, 9:14, 10:1 Lukas 4:15–16, 5:44, 6:6 en 20:1.

gedeelte van die Nuwe-Testamentiese getuies wys op die feit dat Christus se werk en verkondiging op die groot geheel gerig was. "God het die wêreld so lief gehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê."[37] Tydens sy bemoeienis met die groot geheel, het dit tog gebeur dat Jesus Christus voortdurend besondere aandag aan individue gegee het.

Jesus Christus het sy apostels een vir een geroep.[38] Veral met die wonders wat Jesus gedoen het, het individue 'n besondere plek ingeneem. Hy genees 'n melaatse;[39] Hy genees die slaaf van die offisier van Kapernaum;[40] Hy genees Petrus se skoonma;[41] 'n verlamde man;[42] twee blindes;[43] 'n stom man;[44] die besetene in Kapernaum;[45] 'n man met 'n gebreklike hand;[46] die besetene van Gerasa;[47] die doofstomme[48] en 'n blinde man by Jerigo[49]. Hy wek die dogtertjie van Jaïrus op;[50] die weduwee van Naïn se seun[51] en vir Lasarus[52]. Hierdie bemoeienis van Christus met individue het bepaalde vrugte opgelewer. Die apostels wat Jesus geroep het, het onmiddellik al hulle besittings en alles wat vir hulle lief en dierbaar was, verlaat en Jesus gevolg. Na die genesing het Petrus se skoonma Jesus gevolg. Na die genesing het Petrus se skoonma Jesus bedien. Die twee blindes wat genees is, het in hulle hele omgewing van Jesus vertel. Almal is met ontsag vervul en het God geprys. Die doel van die wonders was om mense tot die geloof in Jesus Christus te bring.[53] Dit het ook daadwerklik gebeur.

---

37. Johannes 3:16
38. Matteus 4:18–21, 9:9–12, Markus 1:16–20, 2:13–17, Lukas 5:1–11 en Johannes 1:35–51.
39. Matteus 8:1–4
40. Matteus 8:5–13 en Lukas 7:1–10
41. Matteus 8:14–15, Markus 1:29 en 34 en Lukas 5:38–39
42. Matteus 9:1–7, Markus 2:1–12 en Lukas 5:17–26
43. Matteus 9:27–31
44. Matteus 10:32
45. Markus 1:21–18 en Lukas 4:31–37
46. Matteus 12:9–14, Markus 3:1–6 en Lukas 6:6–11
47. Matteus 8:28–34, Markus 5:1–20, Lukas 8:26–39
48. Matteus 15:29–31 en Markus 7:31–37
49. Lukas 18:35–43
50. Matteus 9:18–26, Markus 5:21–43 en Lukas 8:40–56
51. Lukas 7:11–17
52. Johannes 11:1–44
53. Johannes 11:14

In Jesus se gelykenisse neem die individu 'n besondere plek in, onder andere in die gelykenis van die verlore skaap,[54] die verlore geldstuk – die verlore seun[55] en die ryk man en Lasarus.[56] In hierdie gelykenisse word duidelik aangetoon dat God die wêreld wil red, maar so ook elke individu. "So is dit ook nie die wil van julle Vader in die hemel dat een van hierdie kleintjies verlore moet gaan nie.[57] Direk na die gelykenis van die verlore skaap vertel Jesus hoe te werk gegaan moet word met 'n individu wat die regte pad byster geraak het: "... gaan wys hom tereg waar julle eenkant alleen is."[58] Uit die gelykenis van die ryk man en Lasarus is dit duidelik dat hierdie teregwysing moet geskied met die Woord van God, die Bybel.[59]

Christus stuur sy apostels uit om die evangelie aan al die nasies te verkondig. In hierdie proses neem die enkele huisgesinne ook 'n plek in. Die apostels moet in die huise ingaan.[60] In die huise moet hulle gaan verkondig dat die koninkryk van die hemel naby gekom het en hulle moet mense uit hulle nood bevry.[61] Dat hulle die evangelie nie net in die openbaar moet verkondig nie, maar ook in die huise, spreek veral duidelik uit Matteus 10:13 en Markus 6:10. Hier is sprake daarvan dat sommige huisgesinne nie die evangelie sal aanneem nie en die apostels nie vriendelik sal ontvang nie.

In die meeste gevalle het Jesus gesprekke met groot getalle mense gevoer, hoewel ook met individue: Onder andere met die Kanaänitiese vrou;[62] met Petrus;[63] die ryk jongman;[64] die moeder van Jakobus en Johannes;[65] verskillende individue;[66] 'n wetgeleerde;[67] Marta en

---

54. Matteus 18:10–14 en Lukas 15:3–7
55. Lukas 15:11–32
56. Lukas 16:19–31
57. Matteus 18:14
58. Matteus 18:15
59. Lukas 16:31
60. Matteus 10:7, Markus 6:7–13 en Lukas 9:1–6
61. Matteus 10:7
62. Matteus 15:21–28 en Markus 7:24–30
63. Matteus 18:21–35 en Johannes 21:15–19
64. Matteus 19:16–30, Markus 10:17–31 en Lukas 18:18–30
65. Matteus 10:20–28, Markus 10:35–45 en Lukas 22:24–30
66. Lukas 9:57–62
67. Lukas 10:25–37

Maria;[68] Saggeus;[69] Nikodemus;[70] die Samaritaanse vrou;[71] die vrou wat op owerspel betrap is;[72] die blind gebore man;[73] die moordenaar aan die kruis;[74] met sy moeder en met Johannes terwyl Hy aan die kruis hang;[75] met Tomas[76] en met die Emmausgangers[77]. Uiterlik is 'n paar sake opvallend met betrekking tot die gesprekke wat Jesus met individue gevoer het: Dit was gesprekke in die volle sin van die woord. Jesus het nie alleen gepraat nie.

Beide was ten volle by die gesprek betrokke. Hierdie gesprekke is met mense uit verskillende dele van die volk gevoer, met sy volgelinge maar ook met hulle wat nog nie in Hom geglo het nie; met mense te midde van hulle vreugde, maar ook met mense te midde van hulle rou.

Die grootste deel van Christus se gesprekke met individue het plaasgevind met mense wat in een of ander nood gedompel was; veral die sondenood het sterk voorop gestaan. Christus het self gesê: "Dié wat gesond is, het nie 'n dokter nodig nie, maar dié wat siek is. Ek het nie gekom om mense te roep wat op die regte weg is nie, maar sondaars."[78]

Die onderwerpe waaroor gepraat is, het van persoon tot persoon verskil. Inhoudelik stem die gesprekke ooreen, omdat in almal 'n bepaalde "stuk" van die evangelie verkondig is.

Jesus praat met Nikodemus oor die ewige lewe. Hy verkondig aan hom dat daar vir die mens alleen verlossing is deur die geloof in Hom: "Wie in Hom glo, word nie veroordeel nie; wie nie glo nie, is reeds veroordeel omdat hy nie in die enigste Seun van God glo nie."[79] Hierdie geloof kan 'n mens nie self verwerf nie, die Heilige Gees moet dit aan jou gee.[80]

Jesus staan nie koud en afsydig teenoor die Samaritaanse vrou by

---

68. Lukas 11:38–41
69. Lukas 19:1–10
70. Johannes 3:1–20
71. Johannes 4:1–26
72. Johannes 8:1–11
73. Johannes 9:1–12
74. Matteus 27:44 en Lukas 23:43
75. Johannes 19:26–27
76. Johannes 20:24–31
77. Lukas 24:13–35
78. Markus 2:17
79. Johannes 3:18
80. Johannes 3:3–6

die fontein van Jakob nie. Anders as sy volksgenote, is daar by Jesus dieselfde deernis teenoor vrouens as teenoor mans. Hy praat ook met die Samaritane en verwerp hulle nie sonder meer nie. Jesus sê vir die vrou: "Elkeen wat van hierdie water drink, sal weer dors kry; maar wie van die water gedrink het wat Ek hom sal gee, sal in alle ewigheid nooit dors kry nie."[81] Toe die vrou hierna teenoor Jesus erken dat sy reeds vyf mans gehad het en met haar huidige man onwettig saamwoon, veroordeel Hy haar nie, maar gaan voort om die evangelie aan haar te verkondig en om homself as die Messias aan haar bekend te maak. Die vrou is so deur hierdie gebeure aangegryp, dat sy geglo het en vir die mense in die dorp van alles vertel het. Tydens sy individuele gesprekke leer Jesus sy volgelinge dat hulle bereid moet wees om mekaar se sonde te vergewe. Hulle moet bereid wees om alles op te offer ter wille van Hom en sy evangelie. Net soos Hy moet hulle nie begerig wees om deur ander gedien te word nie, maar moet self ander dien. Hulle moet God bo alles liefhê en hulle naaste soos hulleself. Hierdie liefde vir God en medemens moet nie net uit woorde bestaan nie, maar ook uit dade. Maria word geprys omdat sy eerder by Jesus wou wees, as om met wêreldse dinge besig te wees. Die vrou wat op owerspel betrap is, word nie deur Jesus veroordeel nie. Hy vergewe haar en sê vir haar: "Gaan maar en moet van nou af nie meer sonde doen nie."[82]

Tydens sy gesprek met die kwaaddoener aan die kruis, verwag ons dat Jesus vir hom sal sê dat daar vir hom geen hoop op saligheid is nie. In plaas daarvan sê Jesus vir hom: "Ek verseker jou: Vandag sal jy saam met My in die paradys wees."[83] Na Christus se opstanding blyk dit dat die grootste gedeelte van die apostels, behalwe Tomas, geglo het. Jesus laat Tomas nie voortploeter in sy nag van duisternis nie. Hy kom self en maak hom aan Tomas bekend. Hy neem die ongeloof uit Tomas se lewe weg; só oortuigend dat Tomas uitroep: "My Here en my God!"[84] Tomas het geglo omdat hy gesien het. In die toekoms sal dit anders wees: Mense sal glo sonder dat hulle gesien het.[85]

Nadat Petrus vir Jesus drie maal verloën het, verwag ons dat Petrus vir ewig deur Christus verwerp sou word. Die teendeel ge-

---

81. Johannes 4:13–14
82. Johannes 8:11
83. Lukas 23:43
84. Johannes 20:28
85. Johannes 20:29

beur egter: Christus kom soek die apostels en ook vir Petrus weer op na sy opstanding. Hy voer 'n diepgaande gesprek met Petrus en gee aan dieselfde "wankelende rots" die opdrag om herder van sy kudde te wees.[86]

Terwyl die Emmausgangers verslae en verbaas is oor alles wat met Jesus gebeur het, verskyn Hy aan hulle. Jesus voer 'n gesprek met hulle: "Hy het by Moses en al die profete begin en al die Skrifuitsprake wat op Hom betrekking het, vir hulle uitgelê.[87] In die dorp aangekom, het Jesus op hulle aandrang saam met hulle geëet. Jesus se bemoeienisse met hulle het tot gevolg gehad dat hulle Hom herken het, en as gevolg van[88] sy gesprek met hulle uit die Bybel, het hulle harte "warm geword".[89] Die waarheid wat aan hulle bekend geword het, het hulle nie vir hulleself gehou nie, maar aan ander vertel.[90]

1.2.2 Jesus Christus die herder

Die herder-beeldspraak in die Nuwe Testament kan in die eerste plek op Jesus Christus self betrek word. Hy maak homself aan die volk bekend as herder by uitnemendheid. "Ek is die goeie herder."[91] Deur homself die goeie herder te noem en dit deur sy dade te bevestig, word geopenbaar dat Jesus die Messiaanse herder is wat reeds in die Ou Testament voorspel is.[92] Hy is die herder wat aan die kudde die ware weiding sal gee en wat uit alle nood sal bevry.

Jesus se bewoënheid as herder spreek duidelik uit sy persoon, woord en werk. Hy is die herder wat gekom het om verlorenes te soek, die sonde te vergewe, die dood te oorwin, en om oor die hele linie van die menslike nood bevryding te gee. Hierdie bevryding gee Hy deur sy lewe vir die kudde te gee. "Die goeie herder lê sy lewe af vir die skape."[93] Deur sy eenmalige offer aan die kruis van Golgota is in die allergrootste nood van die kudde voorsien. Nou kan die kudde in die geloof leef en in die hoop dat in elke kleiner nood daar ook voorsien sal word. Omdat in die grootste nood van die hele

86. Johannes 21:15–19
87. Lukas 24:27
88. Lukas 24:31
89. Lukas 24:32
90. Lukas 24:35
91. Johannes 10:11
92. Esegiël 34:23
93. Johannes 10:11

kudde voorsien is, kan elke individuele lid van die kudde verseker wees dat in sy grootste nood ook reeds voorsien is.

Jesus as herder bevry nie net nie, maar versamel ook. Hy bring elkeen wat Hy duur gekoop het met sy bloed, in die kudde in. Die afgedwaalde skaap bring Hy na die kudde terug.[94] Hy red hulle van ondergang buite die samehang van die hele kudde. Hierdie beeld van versameling speel 'n groot rol in die herder-kudde-beeldspraak. As God die herderskap ter hand neem, versamel Hy die skape wat deur die slegte bestuur van die swak aardse herders verstrooi is.[95] Daarom word die taak van die Messiaanse herder steeds gesien as die versameling van verstrooides.[96]

As God self die herderskap ter hand neem versamel Hy nie alleen nie, maar spreek ook reg.[97] Dit verbaas ons daarom nie dat die Messiaanse vervulling van die herderskap van God in Jesus Christus ook hierdie trek dra nie.

In Matteus 25:31–33 word Jesus beskryf as die Regter van die volke wat die laaste oordeel sal vel. Hy skei die skape van die bokke, die gelowiges van die ongelowiges.

Jesus word die "goeie herder"[98] "die Opperherder"[99] en die "groot Herder"[100] genoem. Hy is die ware herder, die enigste herder in die volle sin van die woord; wat waarlik kan, en reeds voorsien het in die nood van die kudde: Hulle bevryding uit sonde en dood. Omdat Jesus Christus alleen die ware herder is, beteken herderlike sorg: verkondiging van Hom wat die ware herder is.

Jesus Christus se herderskap het 'n besondere doel. Dit lei daartoe dat Hy deur sy eie geken word,[101] dat sy kudde in Hom glo en na sy stem luister.[102] Hulle wat hierdie weg bewandel, het ten volle deel aan die vrugte van sy herderskap: "Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal in alle ewigheid nooit verlore gaan nie. Niemand sal hulle uit my hand ruk nie."[103]

---

94. Johannes 10:16; vergelyk ook Matteus 18:12–24 en Lukas 15:1–7
95. Esegiël 34:12–13
96. Jesaja 60:4
97. Esegiël 34:20
98. Johannes 10:11
99. 1 Petrus 5:4
100. Hebreërs 13:20
101. Johannes 10:15
102. Johannes 10:16
103. Johannes 10:28

1.2.3 **Die apostels en ander getuies**

1.2.3.1 *Die geskrewe woord*

Reeds in die Bybelse tyd sien ons dat nie alleen met werke en woorde daar met enkelinge bemoeienis gemaak is nie, maar ook met die pen. Die Evangelie volgens Lukas en die boek Handelinge is volgens die inleiding van beide boeke oorspronklik twee briewe wat Lukas aan Teofilus geskryf het. Inhoudelik beskryf hierdie twee boeke alles wat met Jesus gebeur het, vanaf sy geboorte tot met sy hemelvaart en daarna sy voortgaande werk in die kerk in die gestalte van die Heilige Gees. Altwee hierdie boeke is verkondiging van Jesus Christus se persoon, woord en werk. Hierdie verkondiging geskied nie op enige willekeurige wyse nie. Dit geskied in die regte volgorde soos dit gebeur het.[104] Hierdie geskrewe verkondiging geskied met 'n besondere doel. Dit vind plaas sodat Teofilus meer te wete kan kom van die dinge waarin hy reeds onderrig is.[105] Hieruit kan ons aflei dat Teofilus reeds 'n gelowige was, maar dat sy kennis aangaande die waarheid, aangaande Jesus Christus nog minimaal was. Met sy skrywe wil Lukas hom nou verder inlei in die waarheid, hom verder onderrig aangaande Jesus Christus. So kan ons dan sê dat Lukas aan hom skryf ter wille van die versterking van sy geloof in Jesus Christus. Lukas skryf aan hom sodat hy waaragtig sal glo. Gedurende daardie tyd was dit gebruik dat 'n brief aan 'n welgestelde persoon gestuur word en hy dan die koste dra om dit verder te versprei. Feitlik alle kommentare is dit eens dat dit een van die redes is waarom Lukas hierdie twee briewe aan Teofilus gestuur het. Die waarheid wat aan Teofilus geskryf is, waarin hy onderrig is, moet hy nie vir homself hou nie, maar aan ander mense oordra. Hy moet self draer en verkondiger word van die waarheid, van Jesus Christus.

Paulus, die reisgenoot van Lukas, het net soos hy, van die geskrewe woord gebruik gemaak. Die grootste gedeelte van Paulus se briewe is aan gemeentes geskryf. Enkele briewe het Paulus egter aan individue gerig. Dit beteken nie dat Paulus indirek wil leer dat daar individue is, wat los van die gemeente kan bestaan nie. Uit die inhoud van die briewe is dit duidelik dat Paulus juis aan hierdie individue skryf met die doel om hulle beter toe te rus vir hulle taak in die gemeente. Indien die inhoud van hierdie briewe goed gebe-

---

104. Lukas 1:3
105. Lukas 1:4

NIAL

studeer word, blyk dit dat hierdie individuele briewe van Paulus geskryf is tot versterking van die geloof van Timoteus, Titus en Filemon, en om hulle verder toe te rus vir hulle dienswerk as gelowiges in die wêreld. Timoteus en Titus ontvang oor 'n breë linie voorskrifte oor hoe hulle in die gemeente en in die wêreld onder verskeie omstandighede moet optree. Filemon word gevra om op 'n broederlike wyse sy barmhartigheid te toon teenoor sy slaaf Onesimus, wat weggeloop het.

1.2.3.2 *Die optrede van die apostels en ander "ampsdraers" met betrekking tot individue*

Jesus Christus gee self aan sy apostels opdrag om getuie van Hom te wees in Jerusalem, Judea, Samaria en tot in die uithoeke van die aarde.[106] Hulle moet na al die nasies van die wêreld gaan en hulle dissipels van Jesus maak deur hulle te doop en hulle te leer om alles te onderhou wat Jesus beveel het.[107] Hierdie opdrag het die apostels uitgevoer deur hulle oor die algemeen besig te hou met 'n groot groep mense tegelyk.[108] Naas die groot groep sien ons dat hulle hul ook met enkelinge en enkele huisgesinne bemoei het.

Om te bevestig dat die Messiaanse tyd waarlik aangebreek het, het hulle net soos Jesus Christus, wonders gedoen: 'n Kreupelgebore man word by die tempel genees;[109] Eneas word genees[110] en Tabita word opgewek.[111] Hierdie wonders het die apostels nie met eie krag gedoen nie, maar in die naam van Jesus Christus.[112] Hierdie wonders aan individue het bepaalde gevolge gehad. Die kreupelgebore man het God in die tempel gaan prys.[113] Na die genesing van Eneas en die opwekking van Tabita het baie mense begin om in Jesus Christus te glo.[114] Ons kan daarom sê dat die wonders met individue plaasgevind het met die oog op die geloof in Christus en die lofprysing aan God.

Van besondere belang is Petrus se gesprek met Kornelius en sy

---

106. Handelinge 1:8
107. Matteus 28:19–20
108. Handelinge 2
109. Handelinge 3:1–10
110. Handelinge 9:32–35
111. Handelinge 9:36–43
112. Handelinge 3:6 en 9:34
113. Handelinge 3:8
114. Handelinge 9:35 en 9:47

huisgesin[115] en dié van die evangelie aan Filippus en die Etiopiërs.[116] In beide gevalle ontvang Petrus en Filippus van God self die opdrag om na hierdie mense te gaan.[117] Beide Kornelius en die Etiopiër was waarskynlik heidene wat die Joodse geloof aangeneem het en baie goeie werke gedoen het. Die belangrikste het egter in hulle lewe kortgekom: hulle het nie geglo in Jesus Christus nie. Sonder 'n groot omhaal van woorde, lees ons dat Petrus die kern van alles wat met Jesus gebeur het aan Kornelius en sy huisgesin verkondig het. Filippus het uitgegaan van die gedeelte in Jesaja 53 wat die Etiopiër gelees het. Hy "het by hierdie Skrifgedeelte begin en die evangelie oor Jesus aan hom verkondig".[118] As gevolg van suiwer evangelieverkondiging het individue tot geloof gekom en is hulle gedoop.

Op al die verskillende plekke waar die apostel Paulus gekom het, het hy 'n bepaalde werkwyse gevolg. Hy het begin deur die evangelie te verkondig aan die Jode in hulle sinagoges.[119] As die Jode egter geweier het om die evangelie te glo, het hy hom na die heidene gewend.[120] In die meeste gevalle het Paulus se verkondiging aan die heidene plaasgevind waar hulle in 'n groep bymekaar was.[121] In enkele gevalle het dit egter gebeur dat Paulus die evangelie ook aan individue verkondig het. Die bewaarder van die tronk in Filippi vra vir Paulus en Silas: "Menere, wat moet ek doen om gered te word?" Hulle antwoord hom: "Glo in die Here Jesus, en jy sal gered word, jy en jou huisgesin." Hulle het toe die woord van die Here aan hom en al die mense in sy huis verkondig.[122] Ook hier gebruik die Here die verkondigde woord om die individue tot die geloof in Jesus Christus te bring. In die stad Efese het Paulus heel waarskynlik Jesus Christus in die openbaar en van huis tot huis verkondig. "Julle weet dat ek niks teruggehou het wat vir julle voordelig kon wees nie, toe ek by julle in die openbaar gepreek en julle in julle huise onderrig het."[123]

Twee van Paulus se reisgenote, Prissilla en Akwila het ook van die ruimte in die huis gebruik gemaak ter wille van die verkondiging

---

115. Handelinge 10:34–43
116. Handelinge 8:26–40
117. Handelinge 10:1–33 en Handelinge 8:26
118. Handelinge 8:35
119. Handelinge 13:5, 14 en 44, 14:1, 17:2 en 18:4
120. Handelinge 13:46 en 18:6
121. Handelinge 17:17
122. Handelinge 16:30–32
123. Handelinge 20:20

van die evangelie. Toe hulle sien dat Apollos se kennis aangaande die Waarheid nog onvoldoende is, "het hulle hom huis toe geneem en vir hom die Weg van God nog duideliker gemaak."[124] Hierdie selfde Apollos was as gevolg van sy verdere onderrig in die huis, vir die gelowiges in Agaje tot groot hulp, "want hy het die Jode in die openbaar kragtig weerlê en uit die Skrif bewys dat Jesus die Christus is."[125]

1.2.4 Aardse herders

Dit is duidelik dat ware herderlike sorg alleen kan geskied deur Jesus Christus. Hy wil egter dat elke mens deel sal hê aan hierdie sorg van Hom. Daarom het Hy sy kerk geroep om getuie van Hom in die wêreld te wees. Hy het self aardse herders aangestel in die midde van sy gemeente.

Behalwe van Jesus Christus, word daar nog net een maal in die Nuwe Testament van herders gepraat.[126]

In Efesiërs 4:11 tref ons 'n opsomming aan van die verskillende "ampte" wat in die gemeente gestel is: "En dit is die 'gawes' wat Hy 'uitgedeel het': apostels, profete, evangeliste, en herders en leraars." Die lidwoord voor leraar ontbreek in die Griekse teks. Hieruit kan ons aflei dat die twee ampte herder en leraar 'n eenheid vorm. Dit wil sê die herder is leraar en terselfdertyd is die leraar herder.

Lerend en onderrigtend sal die herder dan sy taak soos vervat in Efesiërs 4:12–16, moet uitvoer. Uit hierdie verse kan die volgende afleiding met die oog op die herderlike sorg gemaak word:

- Die herderlike sorg se objek is die "heiliges". Onder heiliges moet ons nie 'n klein groepie mense verstaan wat 'n sekere staat van vroomheid bereik het nie, maar elkeen wat reeds deur sy doop in die gemeente van Jesus Christus ingelyf is. Herderlike sorg is daarom nie evangelisasie nie, maar voortgaande verkondiging van Jesus Christus aan hulle wat reeds tot die geloof gekom het.
- Hierdie voortgaande verkondiging wat geskied deur die herderlike sorg, is: "om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk en vir die opbou van die liggaam van Christus. So sal ons uiteindelik almal kom tot die werklike eenheid in ons

124. Handelinge 18:26
125. Handelinge 18:28
126. Efesiërs 4:11

> geloof en in ons kennis van die Seun van God, volwasse mense wat ten volle gekom het tot die volmaakte volwassenheid van Christus."[127]

In die herderlike sorg gaan dit om die opbouing van die gemeente. Die woord wat vir opbou in Grieks gebruik word, beteken in die eerste plek om 'n gebou op te rig. In die Nuwe Testament word die gemeente van Christus dikwels 'n tempel, 'n huis, 'n gebou van God genoem.[128] Van hierdie gebou of huis is die profete en apostels die fondament, terwyl Jesus Christus die hoeksteen is. Volgens 1 Petrus 2:5 word die gelowiges soos lewende stene in hierdie gebou ingebou.

Uit bogenoemde is dit duidelik dat dit in die herderlike sorg nie gaan om individualistiese Christendom nie, maar om die opbou van die hele gemeente. Die herderlike sorg wil die enkeling juis verlos van sy isolement tot inskakeling in die geheel van die kudde. Dit wil die enkeling plaas op die regte plek in die midde van die gemeente, dit wil sê só dat elke steen in die gebou sy volle funksie sal verrig.

Die doel van die herderlike sorg is om almal te bring "tot die eenheid van die geloof en van die kennis van die Seun van God". Hieruit sien ons dat die herderlike sorg verkondiging is. Dit dien tot stigting en versterking van die geloof in Jesus Christus. Dit wil die hele gemeente bring tot die eenheid van die geloof, tot die gemeenskaplike belydenis dat Jesus Christus die Here is.[129] Dit wil die gelowiges só in hierdie waarheid opbou dat elke gelowige tot die volle "kennis van die Seun van God sal kom"; sy of haar geloof so in Jesus Christus sal versterk dat hulle nie meer deur elke wind van lering in verwarring gebring sal word nie.[130] Dit wil die gelowige só opbou in die geloof dat hy toegerus sal wees vir sy dienswerk as gelowige in die wêreld,[131] en dat hy geestelike offers sal bring wat deur Jesus Christus vir God welgevallig is.[132]

Handelinge 20:28

Hier word aan die opsieners van die gemeente opgedra "om as

---

127. Efesiërs 4:12–13
128. 1 Timoteus 3:15, 1 Korintiërs 3:9, 6:19, Efesiërs 2:20–22
129. Filippense 4:16
130. Efesiërs 4:14
131. Efesiërs 4:12
132. 1 Petrus 2:5

herders die gemeente te versorg". Van belang vir die herderlike sorg is hier:

- Die herders moet ag gee op hulleself. Die Woord wat hulle spreek moet in hulle eie lewens gestalte aanneem.
- Hierdie herderlike sorg raak die hele kudde, siek en gesond, lammers en skape, oud en jonk.
- Die herderlike sorg moet met die grootste sorg verrig word, want die objek van die herderlike sorg is nie sommer enige mense nie, maar mense wat duur gekoop is met die bloed van Jesus Christus.
- In verse 9–38 hou Paulus die herderlike sorg aan hulle voor as voorbeeld. Hierdie herderlike sorg het primêr daarin bestaan dat hy "wat nuttig is" ook in die huise aan hulle verkondig het. Hierdie "wat nuttig is" kan volgens vers 21 omskryf word as die oproep tot geloof in Jesus Christus, of volgens vers 27 is dit die verkondiging van God se hele raad. Die herderlike sorg is die toesien dat die heil van God wat in Jesus Christus gekom het, vir die kudde lewend bly.
- Met verantwoordelikheid moet die herders hulle taak verrig, want hulle is deur die Heilige Gees self daartoe geroep.
- Met verantwoordelikheid moet die herders hulle taak verrig, want hulle is deur die Heilige Gees self daartoe geroep.
- Die herders se sorg dien om die kudde weerbaar te maak teen valse leraars (vergelyk vers 29).

1 Petrus 5:2

Hier word aan die ouderlinge van die gemeente opgedra om as herders toesig te hou oor die kudde van God, wat onder hulle gestel is. Bogenoemde impliseer dus dat die gemeente aan die herders toevertrou is. Enersyds wil dit die herders wys op hulle groot verantwoordelikheid: "... Ek sal my skape van hulle hand eis".[133] Andersyds wil dit die herders stem tot nederigheid en ingetoënheid. Die kudde behoort nie aan die herders nie, hulle is slegs aan die herders toevertrou. Die herders moet daarom nie midde in die gemeente hulle eie heerskappy voer nie. Hulle moet deur hulle herderstaak ruimte skep vir die heerskappy van Christus aan wie die kudde eintlik behoort. Hulle moet van hulleself wegwys na Christus toe. Hulle werk moet sy werk nie in die weg staan nie, maar dien.

---

133. Esegiël 34:10

Die gemeente is Christus se gemeente en die weiding is die oproep en bewaring in die geloof in Hom. Hierdie werk moet nie gedoen word "om vuil gewin nie"; nie so gedoen word dat die herder enige voordeel of lof sal ontvang nie, maar sodat God alleen geloof sal word.

1.2.5 **Nuwe-Testamentiese begrippe**

Aangesien die opdrag van Christus om die evangelie te verkondig die ganse linie van die menslike bestaan omvat, kan hierdie verskillende Nuwe-Testamentiese begrippe nie beperk word tot een bepaalde gestalte van die kerklike verkondiging nie. Die "opbou" van die gemeente raak byvoorbeeld nie alleen die herderlike sorg nie, maar die ganse verkondiging van die kerk. Naas die herderlike sorg het dit ook betekenis vir die prediking, die kategese en die evangelisasie. Die begrippe wat ons hier gaan bespreek, is slegs 'n seleksie uit 'n groot getal moontlikes. Hierdie is die begrippe wat in die verlede gewoonlik gebruik is in verband met die huisbesoek en word slegs omskryf in soverre as wat dit betekenis het vir die herderlike sorg.

1.2.5.1 *Episkopein*

Daar bestaan 'n noue verband tussen die werkwoorde "poimainein" en "episkopein". Opvallend is juis dat hulle wat moet "poimainein", in Handelinge 20:28 "episkopoi" genoem word. Die selfstandige naamwoord "episkopos", vertaal die Afrikaanse Bybel gewoonlik met opsiener en die werkwoord wat daaruit afgelei word, met "opsig hou oor". Hierdie vertaling het daartoe aanleiding gegee dat die "episkopoi" dikwels as persone gesien is wat bo die res van die gemeente staan, en die amp van inspeksie en kontrole moet waarneem. ('n Goeie voorbeeld hiervan is die feit dat in die Roomse kerk die herderlike sorg verlaag is tot 'n inkwisisie waar daar noukeurig navraag gedoen word oor elke denkbare sonde wat moontlik begaan is.) Die werkwoord wat ons met "opsig hou", vertaal, beteken in die oorspronklike taal eintlik: besoek, omsien na, hom bekommer oor. Dit dui 'n handeling aan wat geskied vanuit verantwoordelikheid oor die gemeente. Duidelik is dit byvoorbeeld die geval in Handelinge 15:36. Die begeerte brand in Paulus en Barnabas om die gemeentes wat hulle op hulle eerste sendingreis gestig het, te besoek. Hulle voel hulleself vir die gemeente verantwoordelik en wil hulle daarom ter wille van hulle welsyn weer besoek.

KITAL

Behalwe in die variante lesing 1 Petrus 5:2, kom die werkwoord "episkopein" slegs nog in Handelinge 15:36 voor. Die Afrikaanse vertaling lui: "Kom ons gaan kyk hoe gaan dit met die gelowiges in al die stede waar ons die woord van die Here verkondig het."

- Hierdie "episkopein" is gerig tot die broeders aan wie die woord reeds verkondig is. Die "episkopein" is met ander woorde nasorg aan hulle wat reeds tot die geloof gekom het, wat reeds deel van die gemeente is. Hierdie nasorg raak die hele gemeente, elke gelowige "in al die stede".
- Die werk wat die apostel Paulus doen as hy die gemeente, wat reeds op sy eerste sendingreis gestig is, besoek, moet gesien word as sy "episkopein". Hierdie "episkopein" van die apostel Paulus bestaan uit twee dele:

– Verkondiging van Jesus Christus. In Handelinge 16:5 lees ons: "So is die gemeentes in die geloof versterk, en die getal gelowiges het by die dag groter geword." Uit die gebeure wat in Handelinge 2 plaasgevind het en uit die woorde van Paulus in Romeine 10:17, is dit duidelik dat daar alleen van versterking van geloof en vermeerdering van getalle sprake kan wees deur die verkondiging van die evangelie van Jesus Christus.
– Oorlewering van die besluite van die Apostelkonvent. In Handelinge 16:4 lees ons: "En op hulle reis deur die stede het hulle die besluite wat deur die apostels en die ouderlinge in Jerusalem vasgestel was, aan hulle oorgegee om te onderhou. "Nie alleen wil die apostel Paulus met sy "episkopein" nasorg doen met die oog op die reeds ontvange geloof nie, maar terselfdertyd ook voorsorgwerk doen met die oog op die toekomstige geloof en lewe van die gemeente. Deur sy "episkopein" wil hy die gemeente só versterk in die geloof, dat hulle geloof gegrond sal wees op die Woord van God, dat hulle geloof ware geloof sal wees, dat hulle staande sal bly in die geloof, en dat hulle lewenswandel 'n-aan-die-Woord-gehoorsame-lewe sal wees.

Van die besondere belang is die voorwaardes wat gestel word aan die "episkopoi" in 1 Timoteus 3:1 en Titus 1:5–9. Hy moet in leer en lewe onbesproke wees. Hy staan onder dieselfde Woord as die gemeente. Die Woord waarmee hy die gemeente aanspreek is in die eerste plek tot homself gerig. As hy homself

nie wil buig onder hierdie Woord nie, kan hy nie verwag dat ander dit moet doen nie.

1.2.5.2 *Parakalein*

Die werkwoord "parakalein" en die selfstandige naamwoord "paraklesis" kom in die Nuwe Testament veelvuldig voor. Die begrip kom in die Nuwe Testament in 'n verskeidenheid van betekenisse voor: troos, bemoediging, beraad, dringende versoek en ook sedelike vermaning.

In 2 Korintiërs 5:20 sê die apostel Paulus: "Ons tree dus op as gesante van Christus, en dit is God wat deur ons 'n beroep op julle doen. Ons smeek julle namens Christus: Versoen julle met God!" Die pastor wat vermaan, tree nie volgens eie gesag op nie, maar met die gesag wat hy van God ontvang het. Waaragtige troos en vermaning is alleen moontlik deur Hom wat die waaragtige "Parakleet" is, naamlik die Heilige Gees. Die vertroosting en die vermaning word nie gerig ter wille van iets anders as Christus nie, "om Christus wil"; dit geskied ter wille van die geloof in Hom. Die inhoud van die "paraklesis" is die versoening met God: "Laat julle met God versoen." Dit is met ander woorde niks anders as 'n oproep tot die geloof nie. Die "paraklesis" is nie 'n vermaning waarin die oordeel en gerig uitgespreek word nie, maar verkondiging van God se genade.

Die vermaning is veral gerig tot hulle wat reeds tot geloof in Jesus Christus gekom het. "Ek vermaan julle broeders".[134] In Hebreërs 13:22 word die gemeente opgeroep om te wandel ooreenkomstig die leer van die evangelie. Omdat die ganse lewe van die gelowige duur gekoop is met die bloed van Jesus Christus, omvat die vermaning die ganse bestaan van die gelowige: "Gee julleself aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is."[135] Hulle moet ook wandel soos dit God welbehaaglik is.[136]

Hulle moet wandel, waardig die roeping waarmee hulle geroep is. Eensgesindheid moet onder hulle heers.[137] Hulle moet hulle van vleeslike begeertes weerhou en hulle goed gedra onder die hei-

---

134. Hebreërs 13:22
135. Romeine 12:1
136. Efesiërs 4:1
137. Filippense 4:5

dene.[138] Hulle moet ingetoë wees.[139] Die vernaming wat in die "paraklesis" geleë is, is geen metodistiese vermaning nie, dit het as grond die genade van Jesus Christus,[140] sy sagmoedigheid,[141] en die barmhartigheid van God.[142]

Die vermaning moet in sagmoedigheid geskied;[143] in lankmoedigheid[144] en lering, en die afwyking van die waarheid moet aangedui word. Dit moet ook in alle erns geskied.[145]

Feitlik in al die tekste wat genoem is, kan die woord vermaning ook met vertroosting vertaal word. Miskien kan ons nog net wys op Romeine 15:4. Hier is sprake van "paraklesis" uit die Skrif. Die vertroosting en die vermaning is daarom vanuit die Skrif en nie vanuit die vertroosting of vermaner se eie opvattings nie. Omdat die Skrif primêr van Christus getuig, is die vermaning en vertroosting ook in die eerste plek in Christus Jesus.

Uit bogenoemde kan afgelei word dat die "paraklesis" in die herderlike sorg 'n gestalte van verkondiging is, waarmee tegelyk geskenk en opgeëis word. Dit skenk God se genade, die vryspraak in Jesus Christus en die gemeenskap met God. Aan die ander kant eis dit die mens op tot die diens van God. Hierdie twee kante is onlosmaaklik aan mekaar verbonde. Beide in vertroosting en vermaning, geskied die heilswerk van God.

1.2.5.3 *Nouthetein*

Hierdie woord hang in betekenis nou saam met "parakalein". Dit beteken waarsku, teregwys, en vermaan. Net soos die "parakalein" moet dit geskied in sagmoedigheid.[146] Dit geskied nie net met die doel om te verstrooi nie, maar om te versamel. Nie om te wond nie, maar om te genees.[147] Dit wil die skuldige bring tot berou en daarom tot herstel van die band wat gebreek is. Titus kry die opdrag om 'n skeurmaker te vermaan.[148] Hierdie vermaning moet twee maal ge-

138. 1 Petrus 2:11–12
139. Titus 2:6
140. Filippense 2:1
141. 2 Korintiërs 10:1
142. Romeine 12:1
143. 1 Timoteus 5:1
144. 1 Timoteus 4:2
145. Titus 2:15
146. 1 Korintiërs 4:14
147. Titus 1:13
148. Titus 3:10

skied; daarna moet hy hom onttrek. Hierdie vermaning is gerig teen morele sonde en dwaalleer.[149] Teen hierdie agtergrond moet 1 Korintiërs 15:5 en Timoteus 1:20 verstaan word, waar melding gemaak word van persone wat aan die Satan oorgegee is. Paulus gee hierdie opdrag heel waarskynlik in die lig van Christus se mededelings in Matteus 18:15–35. Hieruit kan gekonkludeer word dat die "paraklesis" en die "nouthetein" in die herderlike sorg uiteindelik na langdurige verharding tughandelinge tot gevolg het.

1.2.5.4 *Sterizein*

Hierdie woord speel in die evangelies al 'n rol. In sy waarskuwing tot Petrus sê Jesus: "Maar Ek het vir jou gebid dat jou geloof jou nie begewe nie. As jy weer tot inkeer gekom het, moet jy jou broer versterk."[150] Die woord "sterizein" kan ook vertaal word met: sterk maak, weerstand gee teen, sodat die ander een stewig kan staan en stand kan hou.

Paulus en Barnabas gaan na Listre, Ikonium en Antiogië om die gemeentes te versterk met die oog op die verdrukking wat oor hulle sou kom. Hierdie versterking is 'n vermaning om in die geloof te volhard.[151] Dieselfde versterking vind ook plaas in Frigië en Galasië. Hierdie versterking wat blyk uit al sy besoeke, was niks anders as die verkondiging van die evangelie van Jesus Christus nie.

Die gemeente aan wie die tweede brief van Petrus geskryf is, is verwar deur die dwaalleer. Dit het nou nodig geword dat hulle versterk moet word. Hulle ken egter die evangelie van Jesus Christus en daarom is dit slegs nodig dat hulle aan hierdie evangelie herinner moet word.[152] Die herinnering aan hierdie waarheid het daartoe gelei dat hulle versterk is. In die oorspronklike taal word die perfektum vorm van die werkwoord gebruik en daarom kan ons vertaal: hulle is so versterk dat hulle vasstaan in die geloof.

Die woord "sterizein" kom voor in kombinasie met vermaan en vertroos (parakalein).[153] Op grond hiervan kan ons sê dat die vermaning, vertroosting en versterking die groei en weerbaarheid van die gemeente, sy daadwerklike gehoorsaamheid in geloof en wandel ten doel het.

---

149. Titus 1:9 en 13
150. Lukas 22:32
151. Handelinge 15:32 en 44
152. 2 Petrus 1:12
153. Vergelyk Handelinge 15:32, Romeine 1:11–12 en 1 Tessalonisense 3:2

1.2.5.5 *Katartidzein*

Hierdie woord kan vertaal word met toerus en volkome maak. Die hele Skrif is gegee, "sodat die man wat in diens van God staan, volkome voorberei en toegerus sal wees vir elke goeie werk."[154] Om iemand te "katartidzein" is om hom toe te rus, om hom geskik te maak vir die dienswerk waarvoor hy geroep is. Volgens 1 Tessalonisense 3:10 wil die apostel Paulus terugkeer na die gemeente om te "voltooi", om toe te rus waar dit hulle aan hul geloof ontbreek.

In Galasiërs 6:1 word "katartidzein" vertaal met "reghelp". As iemand in die gemeente deur een of ander misdaad oorval word, moet hy "katartidzein" word. Hy moet so toegerus word dat hy weer sy plek in die gemeente kan inneem, sy taak as lidmaat weer sal kan vervul. Hierdie "katartidzein" moet geskied in die gees van sagmoedigheid. Die een wat dit bedien moet op homself let, dat hy nie self in die versoeking val nie.

In Efesiërs 4:12 word hierdie toerusting gesien as die doel van die ampsdraer se taak in die gemeente. As hierdie "katartidzein" goed gedoen word, bly die gelowige staande in die geloof. As dit nie goed gedoen word nie, word hy heen en weer geslinger deur elke dwaalleer, soos die golwe van die see.[155]

1.2.6 **Samevattend**

- Jesus Christus se werk en verkondiging is gerig op die groot geheel, maar Hy het voortdurend ook aandag gegee aan individue en individuele huisgesinne.
- Jesus Christus se bemoeienisse en gesprekke met enkelinge het bevryding en verlossing ten doel gehad.
- Jesus Christus is die groot herder wat die kudde en daarmee die individue van hulle grootste nood – die sonde en die dood bevry het.
- Die evangelie van Jesus Christus is deur middel van die geskrewe woord oorgedra aan gemeentes, maar ook aan individue.
- In die meeste gevalle verkondig die apostels die evangelie aan 'n groot groep mense, maar by verskillende geleenthede ook aan enkelinge.
- Jesus Christus stel aardse herders aan om sy werk op aarde te

---

154. 2 Timoteus 3:17
155. Efesiërs 4:14

doen. (Hierdie aardse herders se werk word herderlike sorg genoem – ons noem dit huisbesoek).

- Herderlike sorg is die verkondiging van die evangelie van Jesus Christus aan enkelinge, met die doel om die gelowiges toe te rus vir hulle dienswerk tot opbouing van die gemeente.
- Herderlike sorg se objek is mense wat reeds glo.
- Die herders moet vir die gemeente die regte voorbeeld stel.
- Herderlike sorg word verrig tot eer van God.
- Met betrekking tot die verkondiging van die evangelie aan enkelinge, gee veral die volgende Nuwe-Testamentiese begrippe vir ons besondere stof: "episkopein" – opsig hou, besoek, omsien na, bekommer oor; "parakalein" – troos, bemoedig, beraad, versoek en vermaan; "nouthetein" – waarsku, teregwys en vermaan; "sterizein" – versterk, weerstand gee teen; "katartidzein" – toerus en volkome maak.

2

Huisbesoek in die verlede

Waar die gegewens in die Bybel in verband met huisbesoek skaars is, kry ons in die geskiedenis[1] egter baie daarvan. Uit die aard van die saak is dit onmoontlik om in hierdie boek al die stof te behandel. Ons sal slegs die kern na vore kan bring.

2.1 HUISBESOEK BY DIE KERKVADERS EN DIE ROOMSE KERK

Reeds in die briewe van Clemens (± 96 nC) kry ons 'n aanduiding dat huisbesoek van die vroegste tyd af beskou is as 'n integrale deel van die kerk se werk. Daar is verwag dat die weduwees, die wese, die armes en die siekes gereeld besoek word.

Cyprianus (± 258 nC) praat van die herders wat die skape verwaarloos en verlore laat gaan. Die herder moet dié wat in sonde geval het soek, en dié wat siek is genees. In die *Constitutiones Apostolicae* (± 381 nC) word aan die opsieners voorgeskryf dat hulle besondere aandag moet gee aan al die lidmate. Dié wat gesondig het, moet vermaan word om hulle te bekeer. Die getroue lidmate moet voortdurend besoek word om te voorkom dat hulle nie een of

1. Vir verdere besonderhede in verband met 2.1–2.3 raadpleeg:
   E Chr Achelis, Praktische Theologie, voor Nederland bewerkt door L W Bakhuizen van den Brink, Kemink en Zoon, Utrecht, 1906, p 321–326
   P Biesterveld, Het Huisbezoek, herzien door T Hoekstra, Derde druk, J H Kok, Kampen, 1923, p 22–103
   G Brillenburg Wurth, Christelijke Zielszorg, In het licht der moderne Psychologie, J H Kok, Kampen, 1955, p 32–43
   J J de Klerk, Herderkunde, NG Kerk-boekhandel, Pretoria, 1978, p 31–46
   K Dijk, De Dienst der Kerk, J H Kok, Kampen, 1952, p 152–155
   G H Kersten, Kerklijk Handboekje, Opnieuw uitgegeven op last van de Generale Synode der Gereformeerde Gemeenten in Nederland, Tweede druk, De Banier, Utrecht, 1961
   A Kuyper, Encyclopaedie der Heilige Godgeleerdheid, Tweede herziene druk, Derde deel, Kampen J H Kok, 1909, p 524–530

ander tyd in sonde val nie. In Esegiël 34 word die dienaars van die Woord opgeroep om sorg te dra vir almal. Die getroues moet behou word, die sondaars moet vermaan word, die bedroefdes moet vertroos word, die luies moet aangewakker word en die armes moet ondersteun word. Dit was veral Cyprianus (± 258 nC) wat daarop aangedring het dat elkeen versorg moet word ooreenkomstig sy omstandighede. Chrysostomus (± 400 nC) sê as die individuele besoeke verwaarloos word, kom daar insinking met betrekking tot die geloof. Dit was die verwagting van die lidmate dat die opsieners gereeld by die huise omgaan. Hy kla dat baie lidmate hierdie besoeke verlang op grond van ydele motiewe en nie ter wille van hulle godsaligheid nie. Gregorius van Nazianze (± 349 nC) het sterk daarop aangedring dat die opsiener die toestand van elke lidmaat goed ken. Die openbare verkondiging sowel as die individuele verkondiging moet aansluit by die lidmaat se bepaalde omstandighede. Hieronymus (± 362 nC) het die doel van huisbesoek nie gesien as die versterking van die geloof van die huisgesin nie, maar as die bevordering van die bepaalde huisgesin se selfverloëning en askese.

Augustinus (± 624 nC) het voortdurend gekla dat hy vanweë sy baie werk nie altyd genoeg aandag kon gee aan individuele besoeke nie. Ons weet dat hy met groot nougesetheid die weduwees, wese, bedroefdes en siekes besoek het. Gregorius Magnus (± 700 nC) het in sy boek *Regula Pastoralis* 'n samevatting gegee van manne soos Augustinus en Ambrosius se beskouings in verband met huisbesoek. Hy onderskei nie minder as 70 verskillende soorte omstandighede waarin mense hulle bevind, en elkeen van hierdie 70 moet getroos en vermaan word, ooreenkomstig sy omstandighede. Hy wil dat die herder sy skape se geestelike en materiële welsyn bevorder. Gregorius Magnus se *Regula Pastoralis* het vir die kerk in die Middeleeue die boek by uitnemendheid geword. Die waarde daarvan is so hoog aangeslaan dat die sinode van Mainz (813) dit naas die Bybel, die vernaamste boek noem wat ooit geskryf is.

Geleidelik is huisbesoek vervang met die sogenaamde "oorbieg". Dit het vir die kerk slegs gegaan om mense in gehoorsaamheid te onderwerp aan die sigbare kerk met sy wette en sy hiërargie. Hierdie onderwerping kom volgens die Rooms-Katolieke in die Middeleeue, die beste tot stand deur die bieg. Die individu kom bely sy sonde voor die priester. Na 'n lang proses spreek die priester die absolusie, die vryspraak, uit. Die ware troos word nou nie meer by

Christus gevind via die woordverkondiging nie, maar by die kerk se ampsdraers self.

2.2 HUISBESOEK BY DIE LUTHERANE

Luther (1483–1546) het sover as moontlik by die bestaande tradisie aangesluit. In plaas van om te vervang, wou Luther eerder die bestaande verbeter. Hy handhaaf die bieg en absolusie-praktyk nadat hy daaraan 'n ander inhoud gegee het. As gevolg van die handhawing van die bieg en die opvatting dat die prediking en die bediening van die sakramente genoeg is om die gemeente te versorg, tref ons by hom nie die praktyk aan om al die gemeentelede gereeld individueel te besoek nie. Die herderlike versorging van die siekes en die sterwendes het by hom altyd 'n sentrale plek ingeneem. Die Lutherse kerkordes van Brunswijk (1528) en van Hamburg (1529) eis dat die Lutherse predikante slegs individuele sorg sal gee aan die siekes. Die kerkorde van Wittenberg (1533) beperk die besoek aan siekes tot slegs wanneer die predikant geroep word.

Johannes Rivius het in 1548 gepleit dat die predikant hom met meer as net die siekes moet bemoei. Hy het gepleit dat die huisvaders gereeld verslag doen aan die predikant van hoedanig hulle huisgesinne regeer. Hier is nie sprake van huisbesoek soos ons dit ken nie.

Erasmus Sarcerius (1556), Hieronymus Weller (1565) en Nicolaus Henning (1562) het gepleit dat daar huisbesoek gedoen word met die oog op die tug en die goeie orde in die gemeente. Slegs in enkele sporadiese voorkomende gevalle het huisbesoek inslag gevind in die Lutherse kerk. Tot vandag toe is dit nie 'n praktyk wat algemeen voorkom nie.

'n Ander uiterste tref ons by die Piëtisme aan. Vir hierdie rigting is die besondere individuele versorging van primêre belang. Die prediking waar die hele gemeente teenwoordig is, word beskou as sekondêr van aard. In die individuele versorging gaan dit nie om die stigting en die vermeerdering van die geloof in Jesus Christus nie, maar om die opwekking tot metodistiese individualistiese vroomheid. Dit was veral Spener (1635–1705) met sy *Pia Desideria* en Francke (1663–1727) met sy *Collegium Pastorale* wat die grondslag gelê het vir hierdie nuwe gedagtes. Die tweede generasie van die Piëtiste het manne opgelewer soos Bengel, Seidel en Boehmer. Hulle het net soos hulle voorgangers gesê dat die predikante met huisbe-

soek meer kan vermag as Sondag vanaf die kansel. Hulle wou selfs hê dat die predikant huisbesoek moet doen in die gebiede buite sy gemeente, waar hierdie werk deur ander verwaarloos word.

Met die aanbreek van die "Aufklärung" (agtiende eeu), kry die huisbesoek-gedagte al hoe minder voorstanders. Gedurende hierdie tyd het die hele karakter van die taak van die dienaar van die Woord verander. Hy word nou slegs beskou as volksopvoeder. Die mens is voorwerp van sy arbeid, nie in religieuse of kerklike sin nie, maar alleen in sedelike sin; want sy taak is om die mens op te voed tot bepaalde deugde. Algaande is die dienaar van die Woord se arbeid meer beperk tot sedekundige voorlesings van die kansel af.

In die periode na die "Aufklärung" het die besondere sorg van individuele lidmate weer ter sprake gekom. Marheineke wou dat die pastor een maal per jaar al die lidmate besoek. Schleiermacher (1768–1834) het egter gevoel dat besoek aan individuele lidmate nie nodig is as lidmate hulle verantwoordelikheid ken en uitleef nie. As dit in 'n gemeente nodig word om lidmate individueel te besoek, getuig dit van die gemeente se slegte geestelike toestand. As daar huisbesoek gedoen word, sê hy moet dit net geskied ten opsigte van húlle wat van die kerk afgedwaal het. C J Nitzsch en Claus Harms het dieselfde opvattings gehuldig as Schleiermacher. Saam met die afgedwaaldes wil Harms dat die siekes ook besoek word. Löhe en Steinmeijer was gekant teen elke vorm van huisbesoek. In sy boek, *Praktiese Teologie*, (1903) sien ons dat E Chr Achelis 'n sterk voorstander van huisbesoek was. Hy beskou huisbesoek nie slegs as 'n sosiale besoek nie, maar ook as 'n besoek waartydens die Woord verkondig moet word. Die sielsorger sê hy is 'n dienskneg van Jesus Christus. Hy besoek mense met die doel om hulle na Christus te bring, want Christus is die enigste ware versorger van die mens. Achelis stel huisbesoek as verkondigingsgestalte gelyk aan die prediking, die kategese en die evangelisasie. Volgens hom is huisbesoek dieselfde as al die ander verkondigingsgestaltes.

Die enigste verskil is geleë in die objek. By die ander verkondigingsgestaltes het jy met die hele gemeente te doen, maar tydens die huisbesoek het jy met individuele lidmate te doen. Die noodsaaklikheid van die spesiale sorg is volgens hom geleë in die unieke situasie waarin elke individu hom bevind. Die motief vir die spesiale sorg spruit weer uit die feit dat God elke individu wil red. Die doel is dan om elke individu te help om die waaragtige geloof te besit. Om die besondere doel van die huisbesoek te verwesenlik is dit

nodig dat die predikant die nodige teologies-wetenskaplike skoling moet hê en 'n deeglike kennis van die persoon wat hy gaan besoek. In sy prinsipiële beskrywing van die huisbesoek, sien ons dat Achelis dit nodig ag dat daar by al die lidmate huisbesoek gedoen moet word. In sy praktiese verwerking is dit egter net lidmate wat in een of ander noodsituasie verkeer, wat besondere aandag ontvang.

Teen die begin van hierdie eeu het die Lutherse kerke al hoe meer die belangrikheid van huisbesoek ingesien. In die reglement op die plaaslike kerkbestuur in die Evangeliese Lutherse gemeentes in die Koninkryk van Nederland, word in artikel 35 bepaal, dat tydens huisbesoek die lidmate aangemoedig moet word om die eredienste en die nagmaalsviering gereeld by te woon, en dat die kinders gereeld die kategese moet bywoon en belydenis van geloof moet doen.

2.3 HUISBESOEK BY DIE GEREFORMEERDES (HERVORMERS)

Genève kan gesien word as die plek waar die amptelike huisbesoek 'n vaste bestanddeel van die kerk se werk geword het. Reeds in 1537 is besluit om in elke stad persone van goeie gedrag en goeie getuienis te kies wat 'n oog sou kon hou oor elke lidmaat se lewe en gedrag. In 1540 is van die dienaars van die Woord gesê dat hulle taak is om te vermaan, aan te spoor en te bestraf, sowel in die openbaar as in individuele gevalle. In 1550 word huisbesoek in Genève deur Johannes Calvyn (1509–1564) amptelik ingevoer. Die dienaars van die Woord moet nie alleen tydens die erediens nie, maar ook afsonderlik by die huise saam met die ouderlinge die gemeente onderrig in die kennis van hulle geloof. In die ordonnansies van 1561 word die praktyk van huisbesoek finaal vasgestel. Daar is bepaal dat elkeen voor die nagmaal deur die predikant en die ouderling besoek moet word, sodat niemand nagmaal sal gebruik as hy nie weet wat die fondament van sy saligheid is nie. Die huisbesoek in Genève het soveel positiewe vrugte afgewerp dat die sedes van die gemeente in 1607 beskryf is as besonder hoog. Valentin Andreae het dit toegeskryf aan die gereelde huisbesoek. In ander Switserse stede het die Gereformeerdes ook gereeld huisbesoek gedoen. Slegs in Appenzel is verwag dat die predikant slegs siekes gereeld sal besoek en in 'n periode van vier jaar die hele gemeente.

In Duitsland het die Gereformeerdes nie in al die gemeentes huisbesoek gedoen nie. Die algemene reël het ons aanvanklik in die

kerkorde van Cölin in 1543 aangetref. Dit skryf voor dat die predikante nie alleen in die prediking moet vermaan en vertroos nie, maar ook op ander tye en plekke, soos die nood dit vereis. Die sinode van Nassau bepaal in 1586 dat die nagmaal elke maand gevier moet word en dat die ouderlinge voor elke nagmaal al die lidmate moet besoek. Gedurende dieselfde tyd het die kerkrade van die Gereformeerde gemeentes van Jülich en Berg bepaal dat die ouderling voor elke nagmaal saam met die predikant al die lidmate moet besoek.

In die Vlugteling-gemeente in Londen het die gebruik bestaan, dat veertien dae voor die nagmaal al die gemeentelede voor die predikant en die ouderlinge moet verskyn met die oog op vermaning en selfbeproewing. Die notule van 15 Maart 1575 bepaal dat die predikant elke jaar saam met die ouderling van die wyk al die lidmate moet besoek. In 1646 word bepaal dat die predikant tydens die jaarlikse huisbesoek besondere aandag moet gee aan elke huisgesin se geloof en kennis van die Waarheid.

In die Presbiteriaanse kerke van Engeland was daar nie vaste bepalings in verband met die huisbesoek nie. In Skotland was die gebruik ook dat die predikante die lidmate jaarliks besoek. Vanweë die groot gemeentes het dit spoedig gebeur dat "wyksbesoekers" en diakonesse die werk van die predikante oorgeneem het.

Op die sinodes van die Gereformeerde kerke in Nederland is daar baie gepraat oor huisbesoek. Ook op die konvent van Wezel (1568) was huisbesoek 'n belangrike onderwerp van bespreking. Van die ouderling is verwag om sy wyk elke week te besoek en op die kerkraadsvergadering verslag te doen van die algemene toestand van sy wyk. Die ouderling moes tydens sy huisbesoek noukeurig ondersoek instel na die huisgesin se lewenswandel, hulle getroue onderwysing van die huisgesin, hulle gebedstye en of die kinders na die kategese gestuur word. Waar dit nodig is moet die ouderling dan òf vermaan òf vertroos. Die huisbesoek word hier opgedra aan die ouderlinge, omdat predikante gedurende daardie tyd baie skaars was.

Die sinode van Dordrecht (1574) gaan van die veronderstelling uit dat die predikante wel huisbesoek doen. Dit word aan die predikante opgedra om veral dié wat nie nagmaal gebruik nie, aan te spreek in hierdie verband. Daar word in die besonder van die predikante geëis om noukeurig toe te sien dat elke huisgesin nie verkeerde leesstof (schadelike boeken) gebruik nie.

Die sinode van Dordrecht (1578) het ook bepaal dat die predikante en die ouderlinge die lidmate voor nagmaal moet besoek. Hulle moet veral besondere aandag gee aan die swakkes in die geloof. Om die Wederdopers op die beste wyse te bestry, word aanbeveel dat die predikante getrou huisbesoek moet doen.

Op die sinode van Middelburg (1581) word nie melding gemaak van predikante wat huisbesoek moet doen nie, maar alleen van die ouderlinge wat voor nagmaal al die lidmate moes besoek. Hierdie verandering is seker aangebring vanweë die groot gemeentes en die feit dat daar jaarliks ses keer nagmaal gevier is.

Die sinode van s'Gravenhage (1586) maak ook net melding van huisbesoek deur die ouderlinge. Die besoeke word hier ook nie meer beperk tot net voor die nagmaalsviering nie, maar geskied ook ná die nagmaal. Die doel van huisbesoek is nou nie meer net die regte voorbereiding vir die nagmaal nie, maar ook om om te sien na die geestelike welstand van die gemeente in die algemeen en veral dié wat hoegenaamd nie glo nie.

Die partikuliere sinode van Zuid-Holland (1591) het bepaal dat dit nie raadsaam is vir predikante om huisbesoek geheel en al agterweë te laat nie, maar dat elke kerkraad sal besluit hoe dit die beste tot welsyn van die bepaalde gemeente gedoen sal word.

In die kerkorde van 1612 word bepaal dat die predikante die siekes en bedroefdes moet besoek om hulle te vertroos en te vermaan, en dat hy die kudde van die Here met goeie opsig moet versorg.

In Friesland en Gelderland is vir 'n baie lang tyd die besluite van die sinode van Dordrecht (1578) ten opsigte van die huisbesoek gehandhaaf.

Die sinode van Dordrecht (1618–1619) het ten opsigte van die huisbesoek dieselfde bepaal as die sinode van s'Gravenhage (1586). Dit beteken nie dat die predikante nie meer nodig gehad het om huisbesoek te doen nie, maar slegs dat die strenge voorskrif van die presiese hoeveelheid kere per jaar nie meer gegeld het nie.

In die kerkorde van die Hervormde kerk in Friesland – opgestel op die sinode van 1804 – word bepaal dat die predikant ten minste een maal per jaar by al die lidmate huisbesoek moet doen. By hierdie geleentheid moet die lidmate aangespoor word om gereeld die eredienste by te woon en hulle kinders na die kategese van die kerk te stuur.

Teen die jaar 1900 word die Hervormde predikante in Nederland

in hulle beroepsbriewe nog verplig om die gemeentelede by hulle huise te besoek. Daar word egter melding gemaak dat in groot gemeentes die huisbesoek in onbruik geraak het.

Uit die geledere van baie Hervormde teoloë het daar 'n baie sterk roepstem ten gunste van huisbesoek opgegaan.

Calvyn sê dat dit nie net die taak van die predikant is om tydens openbare geleenthede die Woord aan die lidmate te verkondig nie, maar ook tydens besondere geleenthede. In sy kommentaar op Handelinge 20:20 sê hy: Die dienaar van die Woord moet die gemeente van die preekstoel af onderrig, maar moet ook sorg dra vir die afsonderlike skape. Die afgedwaaldes moet hy na die skaapstal terugbring. Dié wat verbrysel is, moet hy vertroos, die siekes moet hy genees en die twyfelaars moet hy versterk. Baie lidmate sê hulle sal verswak in hulle geloof as hulle nie voortdurend persoonlike onderrig ontvang nie.

Bullinger (1504–1575) praat van die besondere onderrig naas die algemene. In sy *Predigerordnung* van 1532 sê hy dat die besondere versorging van elke lidmaat die taak van elke dienaar van die Woord is.

In 1524 verskyn uit die pen van Zwingli (1484–1531) 'n geskrif, naamlik *Die Herder*. Uit baie Skrifgegewens toon hy aan dat die amp van herder in die gemeente moet bestaan. Die uitgangspunt van sy betoog is, dat die herder nie kan volstaan deur die gemeente in die algemeen te versorg nie. Indien dit enigsins moontlik is, moet hy ook aan elke lidmaat in die besonder aandag gee.

Die eerste volwaardige geskrif oor herderlike sorg uit Hervormde kringe, het gekom uit die pen van Martin Bucer (1491–1551). Die titel van sy boek is *Von der Waren Seelsorge und dem rechten Hirtendienst wie der selbige in der Kirchen Christi bestellet und verrichtet solle*. In 13 hoofstukke fundeer hy die huisbesoek op die Bybel en trek dit deur na die praktyk. Die uitgangspunt van hierdie werk is Jesus Christus self wat sy kerk regeer met die diens van sy Woord. Deur die herderlike sorg wil God al sy uitverkorenes in sy kerk byeenbring. Daarmee wil Hy almal wat reeds deel van sy kerk is, in die kerk bewaar. Hy wil hulle daarmee weglei van die kwaad en hulle op die regte pad lei. Dit alles moet gedoen word deur onderrig, vermaning, straf, troos en genadeverkondiging. Hierdie werk moet gedoen word deur die biskoppe wat in twee groepe verdeel is, naamlik die dienaars van die Woord en die regeerders. Elke gelowige sê Bucer, moet versorg word ooreenkomstig sy eie behoefte. Die objek van versor-

ging omskryf hy breed: Aan die een kant is dit hulle wat nog buite die gemeente staan, hulle wat deel is van die gemeente, maar wat koud is in die geloof en goeie werke; aan die ander kant is dit hulle wat deel is van die gemeente en standvastig in die geloof is en oorvloedig is in goeie werke. Die doel van huisbesoek is nie slegs om die lidmate tot gehoorsaamheid aan die kerk en sy voorskrifte te lei nie, maar ook die weiding en bewaring van die kudde van Christus; dat hulle in Hom behoue bly, dat hulle leef ooreenkomstig die genade van God en dat hulle leef en handel soos kinders van God.

W Zepperus handel in sy *Politia Ecclesiastica* ook oor die "de visitationibus domesticis" (oor die huisbesoek). Hy sê 'n dienaar van die Woord kan sy werk alleen behoorlik verrig as hy gereeld huisbesoek doen. Hy verwag dat die dienaars van die Woord elke huisgesin van die gemeente een maal per jaar moet besoek, en as dit enigsins moontlik is, twee keer per jaar. Die dienaar van die Woord moet saam met 'n ouderling huisbesoek doen. Tydens die huisbesoek moet hy navraag doen oor die huisgesin se kennis van die Christelike godsdiens, hulle erediensbywoning, nagmaalbywoning, kategesebywoning, hulle onderlinge eensgesindheid en of hulle gereeld bid. Die dienaar van die Woord moet selfs buite die huisgesin inligting inwin oor die huisgesin se geloof en werke. Die gereformeerde teoloog Voetius (1589–1676) het in sy *Politia Ecclesiastica* breedvoerig oor die huisbesoek gehandel. Voetius beskou huisbesoek as 'n integrale deel van die dienaar van die Woord se werk. Hy onderskei tussen die gewone huisbesoek en die geleentheidsbesoek. Die gewone huisbesoek is volgens hom die besoek van die predikant en die ouderling by elke huisgesin voor nagmaal. Die geleentheidsbesoek is 'n besoek wat die dienaar van die Woord alleen by die huisgesinne aflê. Voetius wil dat hierdie geleentheidsbesoek, as dit enigsins moontlik is, elke jaar by elke huisgesin gedoen word.

Uit die biografieë en ander getuienisse blyk dit dat tot aan die begin van hierdie eeu in alle Gereformeerde kerke oor die algemeen gereeld huisbesoek gedoen is deur dienaars van die Woord en deur ouderlinge.

Aan die begin van hierdie eeu het Kuyper in sy *Encyclopaedie der Heilige Godgeleerdheid, Boek III* besondere aandag aan die huisbesoek gegee. Hy beskou dit as die werk van die dienaar van die Woord en die ouderling. Volgens hom is huisbesoek om in opdrag van Christus en in sy Naam sorg te dra vir die geestelike welstand van die

afsonderlike lidmate van die kerk. Met die huisbesoek sê hy word die Woord wat gepreek is, toegepas op die lidmate afsonderlik. Die beoefenaar van die huisbesoek moet goed vasstel wat die nood van die huisgesin is wat hy besoek, en dan daardie gedeelte van die Woord aan die huisgesin verkondig wat antwoord gee op die besondere nood van die besondere huisgesin.

Naas Kuyper het P Biesterveld in sy boek *Het Huisbezoek* aan die begin van hierdie eeu besondere aandag aan die huisbesoek gegee. Net soos Kuyper toon hy aan dat die huisbesoek deur die predikant 'n Bybelse opdrag is. Vir die eerste keer in die geskiedenis, so vér vasgestel kon word, gee hy 'n volledige geskiedenis van die huisbesoek weer. In sy geskiedenis toon hy aan dat sedert die dae van die Kerkhervorming die huisbesoek gesien is as integrale deel van die kerk se werk. Volgens hom is die huisbesoek opgedra aan die opsieners van die gemeente, die predikante en die ouderlinge. Die huisbesoek is bediening van die Woord. Naas die goeie prinsipiële uiteensetting, beskryf Biesterveld ook die praktyk van die huisbesoek noukeurig.

2.4 DIE MODERNE TYD

2.4.1 **Eduard Thurneysen**

In 1946 verskyn Eduard Thurneysen se *Die Lehre von der Seelsorge*[2] en in 1968 sy *Seelsorge im Vollzug*.[3] Die grond vir die sielsorg (huisbesoek) is vir Thurneysen geleë in die Woord van God. Hierdie Woord wil op verskillende maniere in die kerk verkondig word. Een van die maniere waarop die Woord in die kerk verkondig word, is die huisbesoek. Sielsorg is die spesifieke omgang met die lidmate van die gemeente met die boodskap wat in die gemeente aan almal verkondig word, of anders gestel: Sielsorg is die proklamasie van die Woord van God van man tot man. Hierdie proklamasie vind plaas in die vorm van 'n gesprek. Tydens die sielsorg praat die dienaar van die Woord met die lidmaat in die konkrete situasie waarin hy hom bevind.

Die sielsorg vervang nie die prediking en die sakramente nie,

2. Eduard Thurneysen, Die Lehre von der Seelsorge, Zweite Auflage, Evangelischer Verlag A G Zollikon, Zürich, 1957
3. Eduard Thurneysen, Seelsorge im Vollzug, EVZ Verlag, Zürich, 1968

maar begelei dit. Die sielsorg lei die individu na die gemeente toe. Dit lei hom na die plek waar die Woord en die sakramente bedien word. As sodanig gesien, is die sielsorg 'n daad van heiliging en tug waardeur die gemeente gestig en lewendig gehou word. Die sielsorg wil toesien dat die Woord en sakramente wat gister bedien is, vandag gestalte en vorm aanneem in die lewe van die enkeling. Tegelyk wil dit toesien dat die individu wat vandag hier woon en werk, môre by die prediking en die sakramente uitkom. Die tug wat tydens die sielsorg beoefen word, is die bewaring van die enkeling binne die gemeenskap. Hierdie tug het ten doel om die mens "dood te maak vir die sonde" en "lewend te maak vir God en sy diens". Die tug is in die lewe geroep ter wille van die regte verhouding tussen die Woord van God en die lewe van die mens.

Die sielsorg is in die besonder die werk van die predikant en die ouderling in amptelike sin. Die sielsorg-gesprek word egter met die individu gevoer, sodat hy weer op sy beurt met ander mense sal gaan praat oor die verlossing wat gekom het deur Jesus Christus.

Thurneysen sê sielsorg is om te sorg vir die siel van die mens. Met siel verstaan hy nie slegs die psigiese element van die mens nie, maar die mens in sy volle totaliteit na liggaam, siel en gees. Vir die sielsorger is dit van die allergrootste belang dat hy die mens sal ken. Die mens kan net op een plek waarlik geken word, en dit is in die Woord van God. Die kern wat die Woord ons in verband met die mens leer, is die volgende:

Die mens is deur God geskape en leef alleen op grond van sy genade. Die mens is deur die Woord van God geskape, maar ook ter wille van die Woord van God. Die mens het in sonde geval en kon homself nie uit sy sonde bevry nie. Vir die mens is daar alleen verlossing deur "Die Mens" wat in die plek van die mens kom staan het, en vir sy sonde betaal het, naamlik Jesus Christus, die Seun van God. Op grond van bogenoemde is die kern van die sielsorg die verkondiging van Jesus Christus, die oproep tot die geloof in Hom en die oproep tot 'n lewe wat daarvan getuig dat jy waarlik aan Christus behoort.

Thurneysen trek sterk te velde teen die Rooms-Katolieke beskouing van die mens. Volgens hulle is die mens 'n tweeheid van liggaam en siel. Hulle beweer dat daar in die siel nog iets van die oorspronklike mens voor die sondeval oorgebly het. Met hierdie potensiaal kan die mens weer op die regte weg kom, mits hy net in beweging gesit word deur die genade. In die mens het volgens hulle,

na die sondeval nog die vermoë oorgebly om God van nature te ken en van nature geneig te wees om God te soek. Hierdie potensiaal sê hulle word in elke mens se siel aangetref. Sielsorg sou dan net daarin bestaan dat hierdie potensiaal, hierdie iets goddeliks, in die mens se siel aangewakker word om die stryd teen die menslike aan te knoop. Die siel van die mens is sy potensiaal om sy lewe te verkry deur sy eie innerlike aktiwiteite. Rudolf Steiner en J Müller het volgens Thurneysen dieselfde pad geloop as die Roomse teoloë. Hierdie twee manne het hulle beroep as predikante laat vaar en beoefen voorts 'n soort van geestelike leiding. Die geestelike leiding gee hulle deur net die sogenaamde potensiaal wat in elke mens verborge lê tot ontplooiing te bring. Thurneysen wil niks weet van 'n sogenaamde iets goeds of goddeliks wat in die mens na die sondeval oorgebly het nie. Soos die Bybel ken hy slegs die mens wat na liggaam en siel in sy totaliteit verdorwe is deur die sondeval, en wat slegs in sy totaliteit deur Jesus Christus gered is. Tydens die sielsorg sê Thurneysen, is dit nodig dat ons die mens sal sien soos die doopformulier hom beskryf: 'n Wese wat in sonde ontvang en gebore is, maar tegelyk 'n wese wat deur Jesus Christus gered is.

Die woord wat tydens die sielsorg gespreek word, is 'n woord wat alleen geglo word deur die werking van die Heilige Gees. Die sielsorg geskied in die vorm van 'n gesprek. Hierdie gesprek moet gesprek wees in die volle sin van die woord. Hier is twee, nee drie wat aan die gesprek deelneem. Dit is die dienaar van die Woord, die lidmaat en God met sy Woord en Gees. Soos met enige ander gesprek moet hier eers geluister word en dan gepraat word.

2.4.2 K Dijk

In 1952 het K Dijk in sy boek *De Dienst der Kerk*[4] 'n afsonderlike hoofstuk aan die huisbesoek gewy. Hy doen dit onder die opskrif *De Herderlijke Zorg*. Na 'n deeglike Skrifuitleg en 'n kort historiese oorsig, beskryf Dijk die herderlike sorg as die spesiale toepassing van die prediking, en wel die "applicatio specialissima." Dit is die arbeid wat bestee word aan die enkelinge en die gesinne, die persoonlike werk onder die skape van die kudde, wat nie alleen die samekoms van die gemeente nodig het nie, maar ter wille van hulle geestelike versorging ook die individuele versorging, wat in die besonder op die spesiale nood van elke gemeentelid gerig is. Hierdie

4. K Dijk, a.w., p 152–155

werk beskou hy as die werk van die dienaar van die Woord, die ouderling en die diaken. Dit is deel van die diaken se werk omdat hy volgens die bevestigingsformulier ook geroepe is om die armes en ellendiges te troos met die Woord van God. In die verlede het sommige beoefenaars van hierdie vakgebied gesê dat hierdie werk profeties van aard is. Ander het gesê dat dit meer priesterlik van aard is en ander dat die koninklike heerskappy tydens hierdie werk die besondere klem moet dra. Dijk sê dat dit nie nodig is om hierdie onderskeiding te maak nie. Hoewel die profetiese aspek die meeste klem moet hê, mag die priesterlike en die koninklike tendens nooit ontbreek nie. Hy wys die Piëtisties-metodistiese wyse van huisbesoek af. By hulle staan die siel van die mens op die voorgrond, terwyl hulle vergeet dat die mens ook 'n liggaam het. Die individuele word te veel beklemtoon en sodoende word die band met die gemeente afgesny. Die goeie werke word beklemtoon ten koste van die geloof in Jesus Christus. Net soos met die beoefening van al die ander teologiese wetenskappe, moet hier ook die regte verhouding gehandhaaf word: Die mens is 'n eenheid van liggaam en siel. Die individu en die gemeente is onlosmaaklik aan mekaar verbonde. Geloof in Christus en goeie werke mag nie van mekaar geskei word nie. Hy wys alle vorme van formalisme af. Huisbesoek mag nie slegs bestaan uit die stel van 'n aantal vrae bloot om jou tevrede te stel wanneer jy 'n positiewe antwoord kry ten opsigte van getroue kerkbesoek, nagmaalbesoek, huisgodsdiens en kategese. Die sentrale punt moet altyd die regte verhouding tot God wees, op grond van die verlossing wat gekom het in Jesus Christus en die gehoorsaamheid aan die Woord, op grond van die feit dat jy deur Jesus Christus die eiendom van God is.

Hierdie sentrale punt mag nie net terloops tydens die huisbesoek aangeraak word nie; dit moet die kern van die huisbesoek vorm. Dijk wil die huisbesoek baie nou aan die nagmaal koppel, maar dan nie slegs as 'n gesprek wat op die nagmaal konsentreer nie, maar op die hele Christelike lewe. Die herderlike sorg stel aan die dienaar van die Woord baie hoë eise. Hierdie eise kan in drie kategorieë ingedeel word: Die dienaar van die Woord moet teologies goed toegerus wees vir hierdie werk; sy eie leer en lewe moet ooreenstem met die eise wat die Bybel aan die voorganger stel; hy moet die mense ken wat hy gaan besoek. Ten opsigte van laasgenoemde, kan die sielkunde tot groot hulp wees. Die sielkunde het geleer dat jy nie alle mense oor dieselfde kam moet skeer nie. Elke individu het 'n eie

persoonlikheid en elkeen vra daarom die herder se aandag op 'n ander wyse as die vorige een. Dit beteken nie dat die Woord aangepas word by die mens nie, maar dat dieselfde Woord aan elke mens oorgedra word op 'n wyse wat by die betrokke omstandighede pas. Die religieuse volkekunde leer die pastor dat 'n bepaalde klimaat, landstreek, lewensposisie en volksverlede 'n bepaalde stempel op die mens afdruk, en selfs sy religieuse gesteldheid beïnvloed. Dijk stel dat selfs iemand se beroep 'n bepaalde invloed op sy godsdienstige lewe uitoefen. Die geestesligging van elke huisgesin is belangrik. Iemand uit 'n streng Gereformeerde huisgesin se godsdienstige opvattings sal grootliks verskil van iemand uit 'n Piëtisties-metodistiese huisgesin. Die sosiale milieu van elke huisgesin is net so belangrik. Dit is nou eenmaal so dat jou godsdiens uitgeleef word te midde van jou rykdom en jou armoede, jou sorge en jou node. Die mens se lewe is onlosmaaklik aan hierdie realiteite gekoppel. Die herderlike sorg vertoon 'n breë variasie. Soms moet vertroos word, soms moet vermaan word en by alles moet die Woord van die Here verkondig word. In die ganse herderlike sorg is die tweede deel van die verbond, soos die doopformulier dit stel, aan die orde, naamlik dat ons hierdie enige God, Vader, Seun en Heilige Gees moet aanhang, vertrou en liefhê met ons hele hart, ons hele siel, en hele gemoed en al ons kragte; dat ons die wêreld moet versaak, ons ou natuur kruisig en in 'n nuwe godsalige lewe moet wandel. Omdat die herderlike sorg diens van die Woord is, spreek dit vanself dat die Woord self aan die orde gestel sal word, dat daar uit die Woord gelees sal word en vanuit die Woord gepraat sal word. Die gebed behoort volgens Dijk altyd deel van die huisbesoek te vorm. Soms sê hy is dit nodig dat die dienaar van die Woord alleen, sonder die ouderling, huisbesoek moet doen. Soms is dit nodig dat hy slegs een lid van die huisgesin sal sien om agter die probleem van die hele huisgesin te kom.

2.4.3 **Faber en Van der Schoot**

Vanweë die breë steun wat Faber en Van der Schoot se opvattings geniet, ag ons dit noodsaaklik dat 'n redelike volledig wetenskaplike bespreking en beoordeling van hulle opvattings gegee word.

(a) *Algemene opmerkings*

Gedurende die laaste aantal jare het daar wye belangstelling ontstaan vir die vak, Pastorale Psigologie. Die sigbare bewys van hierdie stelling is die feit dat daar 'n enorme hoeveelheid

werke op hierdie gebied gepubliseer is. Hierdie oorvalling van pastoraal-psigologiese werke het die vraag laat ontstaan of hierdie vak werklik tot die Praktiese Teologie behoort. Die oorbeklemtoning van die Psigologie het aanleiding gegee tot:

- Die opvatting dat Psigologie 'n wesenlike deel van die Poimeniek (huisbesoek of pastoraat) is.
- Dat baie pastors 'n groter belangstelling vir die Psigologie as vir die Poimeniek ontwikkel het.
- Die beoefenaars van die Poimeniek het onseker geword oor die plek, objek en betekenis van die Poimeniek binne die raamwerk van die teologiese ensiklopedie.[5]

Om bogenoemde stellings te fundeer, het die werke van Faber en Van der Schoot 'n groot rugsteun geword, en is 'n kritiese besinning op hulle werke noodsaaklik.

(b) *Seleksie*

Vanweë die groot hoeveelheid werke wat deur bogenoemde skrywers gepubliseer is, moes noodwendig 'n seleksie gemaak word met die oog op hierdie studie. Die werke wat geraadpleeg is, is slegs dié waarna in die voetnotas verwys word. Die aspekte wat bespreek word, is ook slegs 'n kort weergawe van die skrywers se opvattings.

(c) *Werkwyse*

Met die kritiese beoordeling van 'n bepaalde skrywer se werk, is 'n dubbele werkwyse moontlik, naamlik 'n lengtedeursnit of dwarsdeursnitbeskrywing.[6] Met die oog op voorkoming van herhaling, is laasgenoemde wyse gevolg. Dit beteken dat daar nie eers 'n totale beskrywing van die betrokke skrywers se gedagtegang gegee word en dan 'n kritiese beoordeling nie, maar dat die skrywers se opvattings weergegee word en direk daarna die kritiese besinning.

Verskillende denkrigtings

Uitgaande van die Praktiese Teologie se objek, sy verhouding tot ander teologiese vakke en sy gebruikmaking van hulpwetenskappe, kan die Praktiese Teologie in verskillende denkrigtings ingedeel

---

5. H D A du Toit, Praktiese Teologie Vandag, Lesing gehou tydens die stigtingsvergadering van die Praktiese Teologiese werkgemeenskap van Suid-Afrika, 1968, p 1
6. S P J J van Rensburg, Nuwe Testament Teologie, Diktaatlesings, 1964

word.[7] Prof dr J I de Wet deel die verskillende denkrigtings in drie groepe in, naamlik die praktiese, die spekulatiewe en die praktiesteologiese denkrigtings.[8] Prof dr H D A du Toit noem die verskillende denkrigtings anders, naamlik die histories-teoretiese skool en die empiries-psigologiese skool.[9]

Die praktiese denkrigting

Hierdie rigting word verteenwoordig deur die meeste Praktiese Teologie-beoefenaars wat die vakgebied van die Praktiese Teologie aandui met die naam diakonale of amptelike vakke.[10] "By hierdie opvatting en die variante daarvan gaan dit in die laaste instansie in die Praktiese Teologie om die vorm en metode van die kerklike verkondiging."[11] Die hoofsaak is hier die vaardigheid waarmee die ampswerk verrig word, en die sigbare resultate wat verkry word.

Die bestudering van die Praktiese Teologie word hier gesien as die effektiewe daarstelling van 'n goeie ampspraktyk. Die vorm en die metode van die verkondiging staan hier primêr, en nie die prinsipieel-teologiese nie. Die vraag wat hier voorop staan, is nie wat die Bybel ten opsigte van die verkondiging sê nie, maar hoedanig verkondiging die effektiefste skyn te wees. Dit gaan dus hier om ampstegnieke en om niks anders nie.

Die veronderstelling dat dit in die Praktiese Teologie om ampstegnieke gaan, het noodwendig tot gevolg dat die Praktiese Teologie uitgelewer word aan sy hulpwetenskappe. So word die homiletiek uitgelewer aan die retoriek, die kategetiek aan die didaktiek, en die poimeniek aan die psigologie. Hier word sonder meer aanvaar dat die pastoraat en 'n psigo-analitiese proses dieselfde is.

Deur hierdie denkrigting word 'n kerklike praktyk opgebou sonder enige teologiese prinsipes. Die feit dat dit hier om die vorm en metode van die verkondiging alleen gaan, lei daartoe dat alle ander teologiese wetenskappe vir die Praktiese Teologie as oorbodig be-

---

7. J I de Wet, Die Gehalte en Gestalte van die Praktiese Teologie sedert die begin van die twintigste eeu, Hervormde Teologiese Studies, Jaargang 22 (4), p1197
8. J I de Wet, a.w., p 198
9. H D A du Toit, a.w., p 4. Met hierdie twee denkrigtings wil hy nie alle Praktiese Teologie-rigtings aandui nie, maar slegs twee rigtings wat van die korrekte beskouing afwyk
10. Verteenwoordigers van hierdie benaming en al sy konsekwensies is onder andere die Gereformeerdes. A Kuyper, K Dijk, T Hoekstra en andere
11. J I de Wet, a.w., p 198

skou word. Die Praktiese Teologie word langs hierdie weg uit die teologiese ensiklopedie uitgelig en gewerp in die skoot van hulpwetenskappe. So gesien, is die poimeniek nie meer 'n teologiese wetenskap nie, maar 'n "psychologische Beratung mit religiösem Einshlag."[12]

Dat hierdie die rigting is wat Faber en Van der Schoot wil bewandel, spreek duidelik uit hulle werke. Nêrens in hulle boeke bepleit hulle 'n beter teologiese toerusting met die oog op die pastoraat nie, maar telkens weerklink die refrein, en word die klem gelê op die praktiese werksaamheid van die pastor. Die nood van die Praktiese Teologie word gesien as geleë in die feit dat die klem te veel gelê word op die teorie van die Praktiese Teologie, en nie op die werklike praktiese toepassing nie. "Nu de Universiteiten hoe langer hoe verder van de maatschappij komen te staan en ook de hoogleraren hun levend contact met de realiteit van het pastoraat verliezen, gaan zij steeds meer over de theorie van de praktische theologie spreken in plaats van de studenten op de praktische aspecten van hun aanstaande beroep voor te bereiden."[13] Van der Schoot pleit ook dat die klem in die toekoms meer op die "pastor practicus"[14] gelê sal word. Om die ware "pastor practicus" te vorm, is nodig dat die aanstaande pastors 'n spesifieke "training" sal ontvang.[15] Voortdurende aanraking met die praktyk is noodsaaklik. Die studente moet pastorale gesprekke voer, verslag kom gee, en gesamentlik die regte benaderingwyse vanuit die praktyk vind.[16] Net soos die praktiese werk van die mediese student onontbeerlik is, is die "clinical training" onontbeerlik vir die pastor.[17] By so 'n "clinical training" sal die inhoud van die onderrig nie teologiese probleme wees wat tydens die gesprek na vore gekom het nie, ook nie die vraag in hoeverre die Woord verkondig is al dan nie, maar die vraag of die gesprekstegniek, die persoon-

12. E Thurneysen, Die Lehre von der Seelsorge, a.w., p 186
13. H Faber, Praktische Theologie, Ministerium, tijdschrift voor praktische theologie en ambtelijke praktijk, 1e jaargang (10), November 1967, p 162
14. H Faber en E van der Schoot, Het Pastorale Gesprek; Een Pastoraal-Psychologische studie, 1962. p 244
15. H Faber, Analyse van een gespreksverslag. Ministerium, 3e jaargang (3), Maart 1969, a.w., p 50
16. Volgens H Faber, Pastoral Care and Clinical Training in America, Arnhem, 1961, is met die "clinical training" in Amerika 'n goeie grondslag gelê vir alle toekomstige pastorale opleiding
17. H Faber, Praktische Theologie, Ministerium, 1e jaargang (10), November 1967, p 162

like benadering, op die regte wyse geskied het.[18] Nie die inhoud van die woord wat gespreek is, is hier die oorheersende nie, maar die juiste "habitus" van hom wat die woord gespreek het: "Het komt dus niet zozeer aan op de woorden, die wij gebruiken – zij zijn natuurlik niet onbelangrijk! – maar op het feit, of wij ons op de juiste manier voelen ten opzichte van de ander met zijn problemen en of wij van daaruit als vanzelf de juiste woorden vinden. Wij moeten, zoals men tegenwoordig vaak zegt, in de juiste relatie staan, door de goede grondgevoelens ten opzichte van de ander geleid worden. Wij moeten de ander in de echte zin van het woord willen bijstaan, op onze manier een pastor voor hem willen zijn."[19] In sy onderrig moet die leidende persoon van die gespreks-"training", praktiese advies gee oor hoe om al die hindernisse tot 'n juiste "habitus" teenoor die pastorale objek te oorbrug. Hierdie praktiese advies word hoofsaaklik verkry uit psigologiese gegewens en nie uit teologiese prinsipes nie.[20]

Besonder betekenisvol is die feit dat Faber en Van der Schoot met hulle ganse metode wil beklemtoon dat die Praktiese Teologie nie slegs met die prinsipiële, die aard en die doel van die verkondiging te doen het nie, maar ook met die vorm en die metode.[21] Die formeel-metodiese aspek van die verkondiging word nie links gelaat nie. "Het is niet alleen de vraag, wát men de mensen moet zeggen, maar op z'n minst even zeer hoé men dat moet doen."[22]

Hulle bly egter in gebreke om die "hoe" te bou op 'n teologiese grondslag. Die vorm en metode lei hulle hoofsaaklik af van nie-teologiese hulpwetenskappe. Die hulpwetenskappe is wel van belang vir die Praktiese Teologie, maar is nie die oorheersende nie. As die poimeniek teologiese wetenskap wil wees en bly, sal die uitgangspunt nie die psigologie kan wees, soos by Faber en Van der Schoot nie, maar die Skrif, nie alleen wat die formele betref nie, maar ook die materiële. Dit sal gevrywaar moet word van die tendens om sigself uit te lewer aan nie-teologiese wetenskappe. Soos elke teologiese wetenskap, sal dit slegs een objek moet hê, naamlik die open-

18. H Faber en E van der Schoot, Het Pastorale Gesprek, p 238
19. H Faber en E van der Schoot, Het Pastorale Gesprek, p 22
20. Vergelyk die besondere klem wat Carl R Rogers ('n psigoloog) se "counseling"-metodes in hulle werke inneem, Het Pastorale Gesprek, Hoofstuk 3
21. Vergelyk J I de Wet, a.w., p 200
22. H Faber en E van der Schoot, Het Pastorale Gesprek, p 199

KITAL

baring van God in Jesus Christus.[23] Met die vorm en metode van die verkondiging moet erns gemaak word, maar hierdie vorm en metode moet in die eerste plek verkry word uit die Skrif, uit teologiese prinsipes, indien die Skrif dit vir ons bied. In die Skrif self sien ons dat 'n bepaalde verkondigingsgestalte 'n bepaalde vorm aangeneem het, en is dit nie waar dat die Skrif ons niks van die vorm en metode van die verkondiging leer nie.[24]

Omdat die poimeniek teologiese wetenskap is, kan die psigologie slegs as hulpwetenskap dien.[25] Praktiese beoefening van die vak is seker noodsaaklik, die belangrikste sal egter die inhoud van die gesprek moet wees, en nie die juiste houding en spreekwyse nie. Die Heilige Gees maak op stuk van sake nie gebruik van 'n juiste "habitus" om die geloof te wek en te versterk nie, maar die Woord wat getuig van die drieënige God se verlossende handelinge in Jesus Christus.[26]

Die empiries-psigologiese skool

Hierdie is 'n Prakties-Teologiese denkrigting waar die uitgangspunt die empiriese gegewene is, en dan in die besonder die psigologiese gesteldheid van die empiriese gegewene wat voorhande is.[27] Die bepalende vir die verkondiging hier is die mens tot wie die verkondiging gerig is. Die vraag wat vooropstaan, is nie die vraag na die regte verkondiging van die Woord nie, maar die vraag na die psigologiese gesteldheid van die mens tot wie die verkondiging gerig is. Die psigologiese gesteldheid, soos teenwoordig in die hier-eksisterende mens, is die uitgangspunt, die aanknopingspunt vir die verkondiging van die Woord.[28] Daar moet eers 'n moontlikheid in die mens self gesoek word vir die vatbaarheid van die Woord. Eers dán kan die Woord effektief gespreek word, wanneer hierdie moontlikheid ontdek is. Hier word die fundering en die praktiese toepassing van die verkondiging bepaal deur bepaalde psigologiese tendense in die mens. So is onder andere nog onlangs gesê dat die jeug-pastoraat

23. H D A du Toit, a.w., p 7
24. Vergelyk die verskil in vorm tussen Paulus se sendingsprediking en sy binnegemeentelike prediking
25. Sien E Thurneysen, a.w., hoofstuk 10
26. Vergelyk Johannes 16:14 en Romeine 10:17
27. Verteenwoordigend van hierdie rigting is veral F Niebergall, Praktische Theologie, Tubingen, 1918
28. Is dit nie dieselfde opvatting as predikante wat sê die gemeente eers geken moet word alvorens pastoraat moontlik is nie?

noodsaaklik is, omdat die jeug van vandag mense is wat besig is om antwoorde te soek op fundamentele kwessies.[29] Elke empiriese psigologiese gesteldheid vra nadat dit ontdek is, 'n boodskap wat juis sal pas by hierdie pas ontdekte. Elke ouderdomsgroep, milieu-fase en psigologiese gesteldheid, hetsy innerlik of uiterlik, veroorsaak en vra 'n ander boodskap.[30]

Bogenoemde is die beeld wat verkry word by Faber en Van der Schoot. Dit bring ingrypende konsekwensies vir die Praktiese Teologie mee. Dit verlaag die Praktiese Teologie tot 'n suiwer antropologies-psigologiese wetenskap. Hier is dit nie meer die Skrif wat tot verkondiging oproep nie, die transendente Woord wat die mens aanspreek, oproep en in beweging bring nie, maar die mens soos hy voorhande eksisteer. Die uitgangspunt vir die verkondiging lê hier nie opgesluit in die Skrif self nie, maar in die mens. Dit is hier nie meer die een verlossende Woord, Jesus Christus wat tot spreke gebring moet word nie, maar 'n verskeidenheid van woorde ooreenkomstig die mens se aard, sy lewensopvattinge, ensovoorts.

Wat is pastoraat?

Materieel

Faber omskryf die pastoraat "als helpen van de mens om die juiste verhouding tot God te vinden" of "als het de ander laten zien, dat hij in het licht van God staat en wel op zulk een manier, dat hij dit innerlijk aanvaardt."[31]

Met drie Bybeltekste fundeer Faber sy definisies. Ten eerste, die woorde van Markus, waarmee hy Jesus Christus se prediking opsom: "Die tyd het aangebreek en die koninkryk van God het naby gekom. Bekeer julle en glo die evangelie."[32] Ten tweede, die woorde wat Jeremia in die tempelpoort moet gaan uitroep: "Staan in die poort van die huis van die Here, en roep hierdie woord daar uit en sê: Hoor die woord van die Here, o hele Juda, wat deur hierdie poorte

29. W J de Klerk, Die Pastoraal – Psigologiese benadering van die Jeug, Lesing gehou tydens die stigtingsvergadering van die Praktiese Teologiese werkgemeenskap van Suid-Afrika, 1968, p 1
30. J Roscam-Abbing ontdek niks minder nie as 92 verskillende tipes wat 'n verskillende boodskap vra, Zielszorg ten dienst van allen die Zorg voor hun naaste hebben, S'Gravenhage, 1962
31. H Faber en E van der Schoot, Het Pastorale Gesprek, p 27
32. Markus 1:15

ingaan om die Here te aanbid! So sê die Here van die leërskare, die God van Israel: Maak julle weë en julle handelinge goed, dat Ek julle kan laat woon in hierdie plek."[33] Ten derde die vertroosting uit Jesaja: "Troos, troos my volk, sê julle God. Spreek na die hart van Jerusalem, en roep haar toe dat haar stryd verby is, dat haar skuld betaal is, dat sy uit die hand van die Here dubbel ontvang het vir al haar sondes."[34]

Uit bogenoemde tekste konkludeer hy dat pastoraat oproep is tot bekering, vermaning en die belofte van troos en vergewing. Deur die oproep tot bekering, vermaning en woord van troos, moet die regte relasie tot God geskep word. Die belangrikste vir hom is nie die inhoud van die vermanende, troostende en oproepende woord nie, maar die houding van die pastor wat daaruit afgelei word, "het bij de ander zijn."[35] Hieruit blyk dat die belangrikste vir hom nie die totstandkoming van 'n bepaalde relasie tussen die mens en God is nie, maar tussen die betrokkene en die pastor.

Eers vanuit hierdie relasie, die vertrouensverhouding, die geopenheid vir mekaar, kan ware pastoraat beoefen word. Van der Schoot wil ook 'n definisie van die pastoraat gee en stel: "Zielszorg is het leggen en onderhouden van een tussen menselijke relatie, waarin de zielszorger de ander op een bepaald ogenblik of in een bepaalde fase van zijn leven ontmoet en begeleidt om hem te helpen het Woord Gods in zijn situasie te verstaan." Die laaste deel van die definisie omskryf hy soos volg: "Om hem te helpen zijn leven als gave en opdracht van God te verstaan en te beleven."[36] Dit gaan hier om die verstaan van Gods Woord in die konkrete situasie waarin die mens hom bevind. Die mens word met die Woord aangespreek midde in sy alledaagse lewe, hy word opgeroep om die Woord gestalte in sy lewe te laat aanneem. Voordat hierdie Woord egter gespreek kan word, is dit eers nodig dat die "tussen-menslike relasie" geskep sal word. Eers moet 'n situasie geskep word waarin pastor en objek van die pastoraat mekaar gevind het. Net soos by Faber, is hier die grootste en die belangrikste nie die inhoud van die Woord nie, maar die proses van 'n goeie relasie-totstandkoming. Eers dán is daar werklik sprake van sukses in die pastorale gesprek, as die ander een voel dat hy onvoorwaardelik deur die pastor aanvaar is: "Ik hoop,

33. Jeremia 7:2 en 3
34. Jesaja 40:1 en 2
35. Faber en Van der Schoot, Het Pastorale Gesprek, p 37
36. E van der Schoot, Hoofdstukken uit de Pastorale Psychologie, Utrecht, 1959, p 31

dat voorgaande uiteenzetting heeft duidelijk gemaakt, waarom ik in de omschrijving van een moderne vorm van zielszorg so sterke nadruk leg op: het leggen onderhouden van een tussenmenslijke relatie! Op veel dringender wijze en ook heel anders dan voorheen is dit een onmisbare psychologische voorwaarde voor het al dan niet slagen van het pastorale gesprek."[37]

Opvallend is die feit dat die psigoterapeut A Poslavsky feitlik dieselfde definisie van sy vakgebied gee: "Psychoterapie is het leggen van een tussenmenslijke relatie, waaraan en waardoor de verwerklijking van tot dusverre ongerealiseerde potentialiteiten mogelijk is, relatie, die voor de patiënt onvergelijkbaar genoemd mag worden."[38] Dit is die totstandbrenging van hierdie relasie wat die uiteindelike vrugte op die pastorale gesprek voortbring, en nie meer die Heilige Gees deur die Woord nie.

Formeel

Pastoraat kan omskryf word: "als verkondiging van het Woord Gods aan de enkeling."[39] Smelik stel: "Het pastorale gesprek is een der vormen, niet meer en niet minder, waarin Christus Zijn gesprek met de wereld voortzet tot aan het einde der tijden."[40]

Bogenoemde beoefenaars sien die pastoraat as 'n gestalte van die verkondiging. Die Woord moet gebring word tot die mens in sy konkrete situasie. By hulle is daar geen voorspel of naspel, geen soek, alvorens die Woord nie gebring word nie: "Seelsorge ist und bleibt Wortverkündigung an den Einzelnen und kann und will nie etwas Anderes sein."[41] Die Woord word direk aan die mens verkondig.

Die formele uitwerking van die pastorale gesprek soos ons dit by Asmussen, Smelik en Thurneysen aantref, word deur Faber en Van der Schoot afgewys as te "directive".[42] Die Woord moet nie direk verkondig word nie. Daar moet eers die regte gevoelsrelasie,[43]

---

37. E van der Schoot, Hoofdstukken uit de Pastorale Psychologie, p 33
38. A Poslavsky soos aangehaal deur E van der Schoot, Hoofdstukken uit de Pastorale Psychologie, p 31
39. H Asmussen soos aangehaal deur E van der Schoot, Hoofdstukken uit de Pastorale Psychologie, p 30
40. E L Smelik, soos aangehaal deur E van der Schoot, het Pastorale Gesprek, p 131
41. E Thurneysen, Die Lehre von der Seelsorge, a.w., p 175
42. Sien E van der Schoot, Hoofdstukken uit de Pastorale Psychologie, p 33, en Faber en Van der Schoot, Het Pastorale Gesprek, Hoofstukke 1, 2 en 4
43. Faber en Van der Schoot, Het Pastorale Gesprek, a.w., p 10

gevoelsmatige kontak,[44] en wedersydse begrip[45] geskep word. As die Woord direk gespreek word, kom bogenoemde nie tot stand nie en is daar geen sukses met die pastorale gesprek nie.

Die vraag is nou hoe hierdie juiste relasie tot stand kom. Volgens Faber is dit hier waar die raaklyn van teologie en psigologie mekaar sny. Hier word die psigologie 'n onvoorwaardelike voorvereiste vir die regte beoefening van die teologie. Hier word dit duidelik dat die teologiese prinsipes alleen ware gestalte in die lewe van die mens kan vind as die psigologie as medebondgenoot in die stryd ingetrek word, as die teologie vir hom die ruimte en plek laat skep deur die psigologie. Onvoorwaardelike voorvereiste vir die pastoraat word hier die visies van twee psigoloë, naamlik Fosdick en C R Rogers. Hierdie direkte oorskakeling van teologie na psigologie is geen struikelblok nie, omdat dit vir Faber en Van der Schoot in beide om dieselfde gaan.[46]

Uit die psigologie van Rogers wil Faber veral twee begrippe direk by die pastoraat betrek, naamlik:

- *"Empathie"*[47]
  Die begrip wil sê dat die pastor hom in die gevoelens van die objek van die pastoraat moet inleef. Die persoon tot wie die pastoraat gerig is, moet voel dat die pastor met hom meeleef.
- *"Non-directive method"*
  Dit is om die objek van die pastoraat nie direk aan te spreek nie, maar op so 'n wyse die persoon se eie woorde terug te spieël, dat die persoon gaandeweg sy hart uitpraat.[48]

  Die volgende ooreenkomste tussen pastoraat en psigologie hou Faber[49] aan ons voor:

  - In beide moet die pastor en die terapeut nie "directive" wees nie, eers langs die weg van "counseling" moet die juiste relasie geskep word. "Een pastoraal gesprek is als het willen landen op een eiland; je moet eerst om het gehele eiland heen gevaren zijn, voordat je zeker weet dat je de goede landingsplaat gevonden hebt."[50]

---

44. Faber en Van der Schoot, Het Pastorale Gesprek, a.w., p 14
45. Faber en Van der Schoot, Het Pastorale Gesprek, a.w., p 15
46. Vergelyk verwysing no 20
47. Faber en Van der Schoot, Het Pastorale Gesprek, p 32
48. Faber en Van der Schoot, Het Pastorale Gesprek, p 31
49. Faber en Van der Schoot, Het Pastorale Gesprek, p 36
50. Fosdick soos instemmend aangehaal deur Faber in, Het Pastorale Gesprek, p 21

- ⋆ Die wyse van optrede van beide pastor en terapeut is bepalend vir die uiteindelike sukses. "De innerlijke bevrijding, die de boodschap teweegbrengt, de aanvaarding, dat men in het licht van God staat, vinden hun grond niet alleen in de woorden, maar ook in het feit, dat dé woorden in een zeer bepaalde relatie, een relatie, die door liefde gekenmerkt wordt, gesproken worden."[51]

- *Beoordeling*
  Om die standpunt van Faber en Van der Schoot te beoordeel, sal dit nodig wees dat ons in die eerste plek moet vra wat die Skrif sê. Dit gaan in hierdie ondersoek dus nie om die vraag na wat ons oor die pastoraat sê en dink nie. Dit gaan enkel oor die vraag na wat die Bybel of liewer God in sy Woord, oor die pastoraat sê.[52]

Uit al die Bybelse gegewens wat in hoofstuk 1 genoem is, kan ons stel dat pastoraat niks anders is as verkondiging van Gods Woord nie, die verklaring en toepassing van die Woord met betrekking tot Jesus Christus se persoon, woord en werk. Die doel van die pastoraat is die versterking en bewaring in die geloof, die vorming van die lewe in geloof en gehoorsaamheid van Gods Woord.

Pastoraat is dus 'n bepaalde gestalte van die kerklike verkondiging wat God self gebruik, deur die werking van die Heilige Gees om die mens te bewaar en te versterk in die geloof. Die pastoraat is 'n paraliturgiese gestalte van die verkondiging wat buite die erediens optree, maar nie die erediens vervang nie. Dit is eerder 'n aanvulling van die erediens, wat uit die erediens voorkom en weer daarheen teruglei.[53] Dit kom voort uit die feit dat die Woord gehoor is, en wil daarvoor sorg dat die Woord opnuut gehoor sal word. "Dit is opbou van die gemeente. Dit wil nie individuele vroomheid los van en buite om die gemeentelike erediens opbou nie, maar juis gedurende die week die gemeente so lei dat die gemeente Sondag na Sondag weer en weer in die erediens onder die prediking en by die sakramente sal vergader."[54] Dit wil die ganse lewe van die gemeente in die

---

51. Faber en Van der Schoot, Het Pastorale Gesprek, a.w., p 37
52. J I de Wet, Poimeniek. Diktaatlesings, 1967, p 1
53. J I de Wet, Diktaatlesings, p 8
54. J I de Wet, Die Werk van die predikant, Hervormde Teologiese Studies, 19e jaargang, (1 en 2), p121

lig van God se Woord stel. "Het huisbezoek moet de gemeente leren om te geloven op Maandag."[55]

Die formele gegewens vir die pastoraat mag nie sonder meer uit die lug gegryp word of uit die ervaring afgelei word nie. As die pastoraat pretendeer om teologiese wetenskap te wees, wat hom besig hou met die verkondiging aan die huise en enkelinge van die gemeente, dan sal die formele ook gebou moet wees op teologiese prinsipes. " 'n Kerklike praktyk wat ver en vreemd van die teologiese prinsipes staan, al is dit ook hoe goed in ander gronde gevestig, kan nooit reg wees nie, kan nooit die geloof versterk en die gemeente opbou nie."[56]

In die Skrif self word nie wetties – casuïtiese voorskrifte gegee vir die kerklike verkondiging nie, en sodoende ook nie vir die pastoraat nie. Die feit dat daar nie direkte voorskrifte gegee word nie, is van besondere belang. Dit wil dien as beklemtoning van die feit dat die belangrikste van die verkondiging nie die "hoe" is nie, maar die "wat"; die inhoud en nie die vorm nie. Dit bring noodwendig mee dat in die toerusting vir die pastorale werk, die toerusting primêr gerig sal wees op die inhoud van die Woord wat verkondig moet word. Aangesien pastoraat net soos die prediking verklaring en toepassing van die Skrif is, is dit noodsaaklik dat vir die pastorale gesprek die pastor hom net so goed vir Maandagaand se huisbesoek sal voorberei as vir Sondagoggend se preek.

Noodsaaklik vir die pastoraat is dat die mens aangespreek sal word in sy konkrete situasie. Hiervan gee die Skrif ook getuienis. Paulus se rede op die Areopagus,[57] getuig dat hy sy hoorders met hulle Griekse filosofiese agtergrond ken. Sy "homilia" (wat niks anders was nie as verkondiging van Jesus Christus) gerig tot Feliks,[58] getuig dat hierdie man hier voor hom nie vreemd aan hom is nie. Opvallend is dat in beide gevalle Paulus voor die aanvang van sy verkondiging nie eers 'n psigo-analitiese proses voltrek nie, maar die Woord direk verkondig. As die Lukas-evangelie gesien word as 'n voortgaande nasorgwerk aan 'n reeds gelowige, 'n pastorale gesprek in geskrewe vorm; so ook die briewe van Paulus, dan is die pastorale gesprek 'n gesprek wat direkte verkondiging is.

---

55. R Kaptein, Het Huisbezoek. Agtergrond, problematiek en methode in de veranderde gemeente, Amsterdam, p 66
56. J I de Wet, Diktaatlesings, p 12
57. Handelinge 17:15–33
58. Handelinge 24:24–26

Na hierdie kort prinsipiële oorsig van die Bybelse gegewens aangaande die pastoraat, is dit nou moontlik om oor te gaan tot die beoordeling van Faber en Van der Schoot se beskouings ten opsigte van die pastoraat. Hierdie beoordeling wil ons doen aan die hand van 'n paar vrae:

- Is daar by Faber en Van der Schoot nog sprake van verkondiging van die Woord in die pastorale gesprek?

  As ons vinnig kyk na die onderskeie definisies wat deur hulle gegee word met betrekking tot die pastoraat, moet bevestigend geantwoord word. Die beeld verander egter as ons kyk na die formele wyse waarop hulle dit wil doen. Dan skyn dit asof die voorproses waardeur die regte relasie tussen pastor en lidmaat geskep moet word, die verkondiging so verdring dat daar nie veel sprake van verkondiging oor is nie. Faber stel dat Rogers hulle geleer het "dat wij meestal te vroeg zijn met onze verkondiging of vermaning."[59] Uit die gepubliseerde pastorale gesprekke, soos in hulle werke verskyn, blyk dat hulle so gehoorsaam aan Rogers was dat daar dikwels eers na drie of vier gesprekke tot direkte verkondiging oorgegaan word. Dit gebeur eers nadat die verkondiging direk voortgevloei het uit die vooraf-gesprek waardeur die regte relasie geskep word. Wat gebeur nou as hierdie regte relasie nie tot stand gekom het gedurende die "counseling" nie? Word die verkondiging dan agterweë gelaat? Faber antwoord self: "Wanneer daar een kans op is, moeten wij het doen. Maar er zijn ook mensen, waarbij men de laaste zorg over hun ziel aan God moet overlaten."[60]

  In die lig van bogenoemde moet ons stel dat hier nie meer sprake van verkondiging in die volle sin van die woord is nie. Deur die "counseling"-metode word die pastoraat verlaag tot 'n psigo-analitiese proses. Die pastoraat is hier nie verkondiging nie, maar slegs 'n voorstadium of resultaat van 'n terapeutiese "counseling". Die grootste en die belangrikste is hier nie die verkondiging van die Woord en sy inhoud nie, maar die juiste "habitus". Vorm en metode verdring die aard en die doel.
- Is die doel van die pastoraat by Faber en Van der Schoot nog versterking van die geloof en bewaring in die geloof?

  Die vraag na die doel van die pastoraat is deur die eeue heen

---

59. Faber en Van der Schoot, Het Pastorale Gesprek, p 43
60. Faber en Van der Schoot, Het Pastorale Gesprek, p 102

verskillend beantwoord. Die Roomse kerk sien die doel as die onderwerping, die gehoorsaam wees aan die pous en die Roomse kerk, "allen moeten gehoorzaam zich onderwerpen aan de moeder de kerk. Zij is heilsinstelling en heeft macht over de concientien."[61] Vir die Piëtiste is die doel van die pastoraat die versekering van die persoonlike wedergeboorte.[62] Vir die Rasionaliste gaan dit in die pastoraat alleen om die ontplooiing van die rede om uit sigself die waarheid van God te ontdek.[63]

Soos reeds aangetoon in die prinsipiële gegewens uit die Skrif, is die doel van die pastoraat nie een van bogenoemde nie, maar die versterking van die geloof in Jesus Christus; 'n ordening van die ganse lewe van die mens in geloof en gehoorsaamheid aan die Woord van God.

- In hoeverre is hierdie Bybelse visie na te speur in die pastoraat van Faber en Van der Schoot? In alle eerlikheid kan gesê word dat ons weinig daarvan bemerk het. By hulle is daar nie veel sprake van teologie nie, maar eerder 'n teorie aangaande 'n terapeutiese proses of tegniek. Dit gaan by hulle nie om die bevryding van die mens uit sy werklike nood, sy sonde nie, maar slegs om die bevryding uit een of ander verstoorde psigiese proses in die betrokkene nie; om die geloof in die Waarheid van God in Jesus Christus deur die werking van die Heilige Gees nie, maar om die selfontdekking as gevolg van die juiste "habitus" van die pastor wat naas hom kom staan het. Ware pastoraat is "dat men ze helpt zichself te helpen."[64] Deur die "counseling" moet die pastor die betrokkene help om self sy nood te ontdek en eers dan word hy met die Woord van God gekonfronteer. Die mens se selfontdekking word tot voorwaarde vir die ontdekking van God gemaak. Hierdie beskouing het verreikende teologiese konsekwensies:
  - ⋆ Die mens wat nie deur die pastor se "counseling" tot selfontdekking kan kom nie, kan nie glo nie en gaan dus verlore.
  - ⋆ Geloof word so gedegradeer tot 'n menslike prestasie wat slegs verkry kan word as daar 'n pastor is wat met hom op die regte wyse kan "counsel".
  - ⋆ Hier is dit nie meer die Skrif wat die hoogste norm is nie; nie die Woord wat die lewe moet vorm na God se wil en welbe-

61. P Biesterveld, a.w., p 118
62. P Biesterveld, a.w., p 124
63. P Biesterveld, a.w., p 125
64. H Faber en E van der Schoot, Het Pastorale Gesprek, p 87

hae nie, maar die pas gerealiseerde selfontdekking: "Een ander regel is, dat die psychoterapeut geen normen aan de ander voorhoudt, maar hem helpt zijn eigen uit zijn opvoeding meegekregen normen zo zelfstandig mogelijk tot zijn innerlijk verworwen bezit te maken."[65]

* Omdat "selfontdekking alleen moontlik is as die houding van die pastor korrek is, word die pastor se liefde tot sy medemens verhef tot voorwaarde vir die werk van die Heilige Gees. Alleen as daar ware profetiese barmhartigheid spreek uit die pastor se houding, 'kan menselijkerwijs gesproken de Heilige Geest zijn werk doen'."[66]

  Die werk van die Heilige Gees word hier vervang met die "counseling"-proses van die pastor en die geloof met die selfontdekking van die lidmaat. Hier word vergeet dat die pastor slegs instrument is, dat God in Jesus Christus met sy Gees eintlik self die ware Pastor is. Met hierdie beskouing staan "de mens te veel in het centrum en niet God en Zijn Woord, terwijl ook het geloof te simplistisch wordt opgevat."[67]

- Is die beskouing van die "eers selfontdekking, dan die Woord verkondig" Bybels-reformatories te regverdig?

  Basies is hierdie die opvatting dat 'n predikant eers werklik huisbesoek kan doen as hy die lidmate ken. Vir die evangelieverkondiging word langs hierdie weg 'n voorwaarde geskep. Miskien kan die vraag gevra word of enige een van die apostels ooit die evangelie sou kon verkondig as dít die voorwaarde was. As dit die voorwaarde is, sal die kerk in die toekoms nog sending in die volle sin van die woord kan doen? Hierdie opvatting van eers ken of self ontdek, berus op 'n verkeerde teologiese opvatting;[68] die opvatting asof daar vir die evangelie eers 'n aanknopingspunt gesoek moet word. Die evangelie is nie afhanklik van aanknopingspunte in die mens nie, maar skep self sy aanknopingspunt as dit reg verkondig word. Die apostels kry juis opdrag om doelbewus en doelgerig die evangelie te verkondig, sonder om eers aanknopingspunte te soek.[69] Pastoraat is geen "counseling"

---

65. H Faber en E van der Schoot, Het Pastorale Gesprek, a.w., p 89
66. H Faber en E van der Schoot, Het Pastorale Gesprek, a.w., p 98
67. K Dijk, a.w., p 163
68. J I de Wet, Diktaatlesings, a.w., p 1
69. Sien Matteus 28:19, Markus 16:15, Handelinge 1:8

waaruit die verkondiging self gegroei het nie,[70] maar is verkondiging sonder meer. Daar is nie sprake van dat ons te vroeg met ons verkondiging kan wees nie. Pastoraat is opdrag en daarom direkte verkondiging.[71]

Hierdie gedagte van 'n aanknopingspunt soek voordat die Woord verkondig word, skep ook die gedage dat die betrokkenes dink dat die mens só waarlik geken kan word en die regte woord dan gespreek kan word. Faber en Van der Schoot wat hulle "counseling"-proses direk van die psigologie oorneem, gee so implisiet te kenne dat ware mensekennis uit daardie bron verkry kan word. Thurneysen het daarop gewys dat kennis van die mens wel by die psigologie verkry kan word, maar nie ware mensekennis nie. Die primêre bron waar dit gevind kan word, is in die Skrif. Op grond hiervan stel hy: "Das Ansprechen des menschen im Seelsorgegespräch setzt Menschen-Kenntnis voraus: Die Seelsorge bedarf darum der Psychologie als einer Hilfswissenschaft, die der Erforschung der inneren Natur des Menschen dient, und die diese Kenntnis vermitteln kan. Sie hat sich dabei kritisch absugrenzen gegen ihr wesenfremde weltanschauliche Voraussetzungen, die mitlaufen, und die das ihr eigene, aus der Heiligen Schrift erhobene Menscheverstandnis beeintrachtigen könnten."[72]

Die objek van die pastoraat

Pastoraat as verkondiging is gerig tot die mens in sy konkrete situasie: "Verkündigung vollzieht zich darum nicht im leegen Raum, sondern in einer konkreten Situation und ist bezogen auf Menschen, die sich in einer bestemmten Lage befinden."[73]

Raak hierdie verkondiging wat tot die mens in sy konkrete situasie gerig is, die mens in sy totaliteit of slegs 'n gedeelte van die mens? By Faber en Van der Schoot raak dit nie die mens in sy totaliteit nie, maar slegs die siel van die mens. "Teenoor hierdie beskouing is daar egter andere (soos Roscam-Abbing en Faber) wat die siel van die mens as voorwerp van die sielsorg beskou, terwyl die mens se liggaam as objek van die barmhartigheidsdiens beskou word."[74] Dat die siel van die mens deur hulle afgesonder word as

70. H Faber en E van der Schoot, Het Pastorale Gesprek, p 100
71. R Kaptein, a.w., p 78
72. E Thurneysen, Die Lehre von der Seelsorge, a.w., p 174
73. H Girgensohn, Helende Kräfte der Seelsorge, Gottingen, p 9
74. J I de Wet, Diktaatlesings, a.w., p 1

voorwerp van die pastoraat, blyk uit die feit dat hulle met groot voorliefde van die pastoraat praat as sielsorg. Voorts uit die feit dat dit vir hulle in die pastoraat nie gaan om die verkondiging van die Woord aan die mens, dit wil sê die mens in sy totaliteit nie, maar om die selfontdekking, die hernieude rehabilitasie van 'n verstoorde proses wat hoofsaaklik beperk is tot die psigiese. Hulle groot afhanklikheid van die psigologie en psigoterapie beklemtoon ook hierdie aspek.

Kan daar so 'n skerp grens getrek word tussen die siel en die liggaam van die mens en die een alleen afgesonder word as voorwerp van die pastoraat?

Thurneysen wys hierdie moontlikheid beslis af as hy stel: "Seelsorge ist Sorge um die Seele des Menschen. Die menschliche Seele aber, um die es in der Seelsorge geht, ist nicht nur das Seelische im Menschen, sondern Seele ist nach der Heilige Schrift zu verstehen als die personale Gansheit des Menschen nach Seele und Geist unter dem Anspruch Gottes."[75]

Volgens Thurneysen is sielsorg sorg vir die siel van die mens, soos die Woord aandui. Wat verstaan ons nou onder die begrip siel? Hier is dit nie van belang hoe ek as individu die begrip siel verstaan nie, maar wat die Bybel daarvan sê.

Juis hier waar dit gaan oor die siel van die mens as voorwerp van die pastoraat, het al baie ontsporing plaasgevind. Juis op hierdie punt gebeur dit menigmaal, soos ook by Faber en Van der Schoot, dat die pastoraat verindividualiseer en verpsigologiseer word.

Dan geld alleen die mens se "Zielenleven, en dan in den typisch bergrensden modernen zin te verstaan, hun gemoedsleven, met de daarin voorkomende behoeften of conflicten en moeilykheden."[76]

Met die verindividualiseringsproses, soos aangetref by Faber en Van der Schoot, word die gemeente gewoonlik opgelos. Die gemeente geld nie meer nie, maar net die enkeling wat dan sogenaamd op sy eie geloof salig word. Vir die pastor gaan dit in dié geval ook gewoonlik net om die siel wat gewen moet word. Die predikant wat hierdie idee toegedaan is, is ook nie veel bekommerd oor die preek wat hy Sondag moet hou nie. By hom gaan dit net om 'n meedoënlose rondjaery om sogenaamde "siele te wen", en om mense van psigologiese konflikte te bevry. Met hierdie misverstand word die

---

75. E. Thurneysen, Die Lehre von der Seelsorge, p 45
76. G Brillenburg Wurth, Verkondiging en Zielszorg, p 23

pastoraat vir die enkeling so 'n groot las dat hy dit self nie meer kan dra nie. Hierdie beskouing van die pastoraat vind ons veral by die Piëtiste en Metodiste, vanweë hulle intense belangstelling vir die individuele bekeerde met sy eie persoonlike religieuse ervarings.

As uitgangspunt vir die bepaling van die begrip siel in die Bybel, kan ons Genesis 2:7 neem. Die Afrikaanse vertaling lui: "En die Here God het die mens geformeer uit die stof van die aarde en in sy neus die asem van die lewe geblaas. So het die mens dan 'n lewende siel geword."

'n Fisiese wese is geformeer uit die stof. Hierdie fisiese wese is egter nog nie mens, "lewende siel" nie, nog nie mens in die volle sin van die woord nie. Om dit te wees, is nog 'n besondere werk van God nodig. Hy het "in sy neus die asem van die lewe geblaas". Nou eers het hy 'n lewende menslike wese, 'n mens in die volle sin van die woord, 'n "lewende siel", geword. Die "siel" het hom gemaak wat hy is, naamlik 'n mens. Daarom leef die mens sy lewe as mens alleen in terme van die siel waardeur hy aktueel in eksistensie gekom het. Maar hy leef dit ook as die een voltooide lewe wat hom gegee is in liggaam en siel. Sonder liggaam is die mens nie mens nie, en sonder siel ook nie. Beide liggaam en siel, onlosmaaklik aan mekaar verbonde, vorm die mens. Die twee hoort byeen soos die hand en die vingers. Die een kan nie sonder die ander nie en tog is dit twee dele.

Hierdie eenheid en geskeidenheid van liggaam en siel is van baie groot belang. "Die Seele ist eine dem Leib gegenüber selbständige, soveräne Grosze; sie ist keine blosze Funktion des Leibes. Aber auch der Leib ist Wesensbestandteil des Menschen; er ist nichts Nebensächliches, nich nur ein Anhängsel, ein blosze Behäuzung oder gar ein Gefängis in welchem der Mensch seiner Seele nach sich befinder."[77] Uit dié stelling van Thurneysen kan ons konkludeer dat die mens die liggaam van sy siel is. Karl Barth keer dit om en sê die mens is die siel van sy liggaam. Dus berus die mens se menswees net soveel op sy siel as op sy liggaam. Beide liggaam en siel moet gesien word as 'n eenheid, wat die totaliteit van die menswees uitdruk, sowel as elke individuele aktiwiteit.

Nòg liggaam nòg siel, is 'n grootheid op sigself. Dit kry eers betekenis deur die handeling van God, deur die inblaas van die

---

77. E Thurneysen, Die Lehre von der Seelsorge, a.w., p 46

asem in die mens se neus. Eers deur die handeling van God, word die mens "waarlik mens".

As ons daarom praat van siel, dan bedoel ons die mens in sy totaliteit, beide liggaam en siel, want die een kan nie sonder die ander bestaan nie. As ons die dualisme, liggaam en siel verabsoliteer soos die Griekse filosofie, bly slegs iets oor wat ons liggaam kan noem en naas dit iets "seelisches". Dan is daar nie meer 'n menslike eksistensie, 'n menslike wese wat deur die "inblaas van die asem van God" tot stand gekom het nie. Dan val die pastoraat ook uiteen soos by Faber en Van der Schoot. Aan die een kant word die siel gestel as die absolute, die goeie. Dit vind ons veral by die Roomse kerk waar alles wat liggaamlik is, verag word. Aan die ander kant kan 'n verkeerde opvatting oor hierdie geskeidenheid en eenheid van liggaam en siel weer lei tot 'n oorbeklemtoning van die eenheid van die liggaam en die siel. Dan is ons binne die "Social gospel", dan is brood vir die liggaam ook voedsel vir die siel. Dan is Woordverkondiging nie meer die heiligste plig van die kerk nie, maar die handhawing van menslike regte en die waardigheid van die mens.[78]

Uit Genesis 2:7 kan ons drie afleidings maak wat van belang is vir die pastoraat:

* Liggaam en siel staan nie los van mekaar nie. Dit vorm 'n eenheid en tegelyk 'n dualisme. Hierdie feit is van baie groot belang vir die pastoraat, soos ons hierbo aangetoon het. Die pastor sal moet onthou dat dit in die pastoraat nie net om die siel van die mens, nie net om innerlike psigologiese konflikte gaan nie, maar om die mens in sy totaliteit.
* Alleen deur die handeling van God is die mens wat hy is. Sy hele bestaan het hy aan God te danke. Deur God alleen is die mens wat hy is. "Er lebt sein Leben als ein von Gott geliehenes Leben."[79] God is die Skepper en die mens is die skepsel. Hierdie "Geschaffensein" van die mens raak weer sy hele wese, beide liggaam en siel. Daar is dus niks goddeliks in die mens nie, nie 'n innerlike kontakpunt wat kan dien as aanknopingspunt vir die evangelie nie.[80]

Vir die pastoraat is hierdie "Geschaffensein" van die mens deur God van groot belang. As die pastor dit voor oë hou, sal sy

78. J I de Wet, Poimeniek, Diktaatlesings, 1965
79. E Thurneysen, Die Lehre von der Seelsorge, a.w., p 17
80. Vir verdere ondersoek na die begrip liggaam en siel, sien E Thurneysen, Aangehaalde werke

houding tot sy medemens en sy gemeente nooit die van minagting wees nie. Dit sal ook nie 'n oorskatting van die menslike lewe wees wat aan die idealistiese grens nie. Die pastor sal nie soos Faber en Van der Schoot dink dat die mens self na 'n psigoterapeutiese proses tot "selfontdekking" kan kom nie. Aan die een kant sal onthou word dat die mens skepsel van God is, en nie God self nie; aan die ander kant dat hierdie mens sy lewe van God ontvang het.

* Die Woord raak die mens se totaliteit; beide liggaam en siel. Siel en liggaam staan naas mekaar, maar tog geskei. Die handeling van God staan bo altwee as 'n derde element wat beide siel en liggaam raak. Hierdie derde is God se Gees en Woord. Alleen die aanspraak van God is beslissend vir die mens. As hy onder hierdie aanspraak leef, het hy in die totaliteit van sy bestaan, in liggaam en siel, 'n "geistliche" mens geword. 'n Mens wat die roeping van "ware menswees" vervul. Waar die pastorale gesprek soos by Faber en Van der Schoot slegs gerig is tot die siel van die mens, kan die mens in sy totaliteit nooit staan onder die Woord nie.

Nadat gestel is dat die pastoraat gerig is tot die mens in sy totaliteit, moet nou ten slotte die vraag beantwoord word tot watter mense die pastoraat gerig is.

Claus Harms het reeds die objek van die pastoraat beperk tot "afgeweken, kranken, enz".[81] Vir Faber en Van der Schoot is die objek van die pastoraat ook nie alle mense nie, maar slegs dié wat een of ander "kranketoestand" beleef.

Die Skrif ken nie hierdie beperking nie. Die Skrif gee juis getuienis dat die hele gemeente die objek van die pastoraat is.[82] Op stuk van sake is dit nie net die sieke en behoeftige wat in nood verkeer nie; alle mense verkeer vanweë hul gebroke sondige toestand midde in die dood. Nie alleen die besondere gevalle nie, maar elke gemeentelid het die bevrydende Woord van God in Jesus Christus nodig.

Waar besondere gevalle van sielkundige afwykings of besondere nood voorkom, is wel besondere sorg nodig. Hierdie besondere gevalle moet wel besondere aandag in die pastoraat kry, maar mag nie afgesonder word as die enigste objek van die pastoraat nie. In die geval van sielkundige afwykings, sal die pastor moet onthou dat hy nie sielkundige is nie, maar dienaar van die Woord. Dit is nie sy

---

81. P Biesterveld, Het Huisbezoek, p 48
82. Sien Matteus 28:19, Handelinge 20:28

taak om die sielkundige probleem op te los nie, maar om die betrokkene te verwys na iemand wat daarvoor opgelei is. Na die sielkundige behandeling moet die betrokkene deur die pastor besoek word, want dit is op stuk van sake eers deur die verkondigde Woord wat daar ware bevryding kom. Miskien lê hier die groot fout van Faber en Van der Schoot, naamlik dat hulle die terrein tussen pastoraat en psigologie vermeng het.

Hierdie kritiese bespreking van Faber en Van der Schoot se begrip pastoraat, kan afgesluit word met die woorde van dr J Cremer: "In haar te waarderen is, dat zij weer veel meer ernst heeft gemaakt met de religie als religie, als gemeenskap met God te beschouwen. Doch ook hier moet dit beswaar ingebracht worden, dat zij opgaat in die constatering van alle psigologisch-antropologische zijde der religie, terwijl de metaphysische haar ontgaat of door haar ontkend word; zij laat objektieve norm los, zij neem kritiekloos allerlei subjectieve elementen op, zij is daarin onbetroubaar en zij steel de psychologie voor de religie wat uitloopt op een 'eigenwillige' anthropologie."[83]

2.4.4 Jay E Adams

In 1974 verskyn die boek van Jay E Adams, *Competent to Counsel.*[84] Uit die eerste hoofstuk is dit baie duidelik dat Adams die strydbyl opgeneem het teen die sielkundiges en die wyse waarop Faber en ander die mens benader tydens die pastorale gesprek. Die sielkundiges hou die mens nie verantwoordelik vir sy dade nie, want sê Adams, hulle gaan altyd van die veronderstelling uit dat die betrokkene een of ander afwyking het wat van nature deel van homself is en waarvoor hy nie verantwoordelik is nie. Daarteenoor stel Adams dat die werklike fout met die mens nie geleë is in een of ander ontoerekenbare siekte nie, maar in sy sonde. Werklike genesing kom volgens hom nie deur een of ander sielkundige terapeutiese proses nie, maar deur die evangelie. Hy verwys na konkrete gevalle wat na jarelange sielkundig-terapeutiese behandeling geen genesing gevind het nie, maar wat dit wel gevind het nadat die evangelie op die regte wyse aan hulle verkondig is.

Adams lê tereg baie sterk klem op die werk van die Heilige Gees. Die ampsdraer is 'n klein nietige mens wat met sy eie vermoëns en

---

83. J Cremer, soos aangehaal, K Dijk, De Dienst der Kerk, a.w., p 169
84. Jay E Adams, Competent to Counsel, Presbyterian and Reformed Publishing Company, 1974

tegnieke tot niks in staat is nie. Alleen as die Heilige Gees die woord en die werk van die ampsdraer gebruik, kan daar iets van tereg kom. Hierdie waarheid behoort die ampsdraer altyd nederig te hou. As daar vrugte op sy arbeid is, moet hy besef dat dit nie hy is wat dit tot stand gebring het nie, maar die Heilige Gees. Hierdie waarheid behoort die ampsdraer te bewaar van moedeloosheid. As daar geen vrugte op sy werk is nie, moet hy besef dat dit die wil van die Gees van God is.

Vanuit die Bybel, in die besonder Kolossense 3:16 en Romeine 15:14, toon Adams aan dat dit noodsaaklik is om alle mense tydens die pastorale gesprek "nouteties" te benader. Dit beteken dat die persoon vermanend gekonfronteer moet word met die Woord van God. Uit die gesprek moet afgelei word wat die werklike nood van die mens is, en met die regte gedeelte uit die Bybel moet daar antwoord gegee word. Volgens Adams is dit nie nodig dat die persoon op 'n indirekte wyse, (vergelyk Faber) benader moet word nie. Die Woord moet direk verkondig word. Die gevaar van Adams se metode, is dat hy dikwels bepaalde Skrifgedeeltes uit verband ruk, om 'n antwoord te kan gee op die bepaalde noodsituasie.

2.4.5 J J de Klerk

Een van die nuutste publikasies op die gebied van die huisbesoek is J J de Klerk se *Herderkunde*[85] wat in 1978 verskyn het. Vir elke ampsdraer en lidmaat sal dit die moeite werd wees om hierdie boek te lees. Nadat De Klerk 'n baie duidelike teologiese fundering gegee het van die huisbesoek, vat hy die Bybelse gegewens in verband met die huisbesoek soos volg saam:

- Dit is God, die groot herder, wat self sy gemeente versorg.
- Hierdie herderskap van God kom veral tot uitdrukking deur Jesus Christus wat in die grootste nood van die gemeente voorsien deur sy lyde en sterwe.
- Na sy hemelvaart, sit Jesus Christus sy herderlike bediening voort deur sy gemeente as liggaam. In hierdie gemeente het die besondere en die algemene amp elkeen sy taak en roeping.
- In die herderlike sorg van Christus en dié van die ampsdraers na Hom, speel die gesprek as wyse van verkondiging 'n baie belangrike rol.

---

85. J J de Klerk, a.w.

- Die gespreksverkondiging het die kenmerkende karakter van bemoediging of bestraffing.
- Die gespreksverkondiging geskied in liefde en dien tot opbouing van die gemeente as geheel.

De Klerk beskryf die huisbesoek as die amptelike verkondiging van die Woord aan die enkeling, of aan die enkeling in gesinsverband. Die huisbesoek se objek is nie net mense in nood nie, maar elke lidmaat van die gemeente om hulle ook in hulle normale groei te dien. Die huisbesoek is volgens hom die taak van die lidmaat. Hy wil dat elke lidmaat in wyksverband in die kerk werk. Die huisbesoek moet altyd uit liefde gedoen word. Die liefde van Christus moet ons in hierdie verband bring.

Besonder indrukwekkend is die samevatting wat De Klerk gee van die wyse waarop die pastoraat die laaste aantal jare bedien is. Hy onderskei vier groot rigtings: Die Kerugmatiese benadering van Thurneysen, die eduktiewe benadering van Hiltner, Faber en ander, die noutetiese benadering van Adams en die groepsgesentreerde benadering. Elke rigting se positiewe en negatiewe eienskappe toon hy duidelik aan.

In die huisbesoek val die klem baie swaar op die feit dat dit gespreksmatige bediening van die Woord is. Dit bring noodwendig mee dat besondere aandag aan die gesprek as wyse van verkondiging gegee sal word. De Klerk maak in hierdie verband die volgende uitsprake wat van die allergrootste belang is: Die ampsdraer bevind hom voortdurend in 'n gespreksituasie met mense. Hierdie gespreksituasie kan nie voorgestel word in 'n vasgestelde bepaalde vorm nie. Soms sal die gesprek vermanend-vertroostend wees, soms vermanend-bestraffend, soms direktief-helpend of nog in baie ander gestaltes. Die konteks van emosies waarin die gesprek afspeel, het altyd 'n bepaalde invloed op die vorm van die gesprek. 'n Gesprek wat gevoer word met mense wat huil is beslis anders as 'n gesprek met mense wat in haat en vyandskap leef. Kragtens sy eie aard moet die huisbesoek se gesprek altyd 'n verkondigingsmoment bevat. Die persoon wat huisbesoek gaan doen, moet besef dat hy dit doen kragtens die opdrag wat hy as ampsdraer van Christus ontvang het. Die besef dat hy gaan as gestuurde, behoort hom vrymoedigheid te gee om te praat. Die ampsdraer moet tydens sy huisbesoek 'n duidelike beeld van die persoon hê met wie hy praat. Hy moet besef dat die mens met wie hy praat, skepsel van God is; skepsel wat deel het aan die sondeval, maar ook deel aan die verlossing in Jesus Christus.

KITAL

Hy is lidmaat van die gemeente of behoort dit te wees. Hy is pelgrim op pad na die ewigheid toe. Met sy gesprek moet die ampsdraer 'n duidelike doel voor oë hê. Om goed en reg te kan praat, is dit nodig dat die ampsdraer eers goed sal luister: Die ampsdraer moet in sy gesprek sekere basiese foute vermy, soos onder andere konfrontasie, moralisering, dogmatisering, verkleinering, oorhaastige en geïrriteerde optrede en professionele kunsmatigheid.

Nadat De Klerk in die eerste helfte van sy boek die huisbesoek in die algemeen bespreek het, gee hy in die tweede helfte 'n goed gefundeerde beskrywing van hoe daar opgetree moet word in besondere gevalle. Hy bespreek die gesprek met die opgroeiende jeug, in die huweliksverband, in die gesin, met siekes, bejaardes, sterwendes, psigies-versteurdes, mense met selfmoordneigings en gebrek aan geloofsekerheid.

2.4.6 J Firet

In 1977 verskyn die derde druk van Firet se *Het Agogisch Moment In Het Pastoraal Optreden.*[86] In onderskeiding met alle ander teoloë beskou hy die pastorale element nie as 'n element wat net betrekking op die huisbesoek het nie. Hy toon baie duidelik aan dat prediking, kategese en huisbesoek 'n pastorale element bevat. Die huisbesoek onderskei hy van die ander verkondigingsgestaltes deur te sê dat dit 'n ontmoeting met die lidmaat is op die plek en in die omstandighede waar hy hom tans bevind. Net soos met al die ander verkondigingsgestaltes, het die huisbesoek ook 'n sterk agogiese moment. Dit wil sê dit beoog om tot verstaan en tot verandering te bring. Wat hy bedoel, maak hy duidelik aan die hand van Job 42:3, 4 en 6: "So het ek dan gespreek sonder om te verstaan, dinge te wonderbaar vir my, wat ek nie begryp nie ... Volgens hoorsê het ek van U gehoor, maar nou het my oog U gesien. Daarom verag ek myself en het berou in stof en as." As gevolg van God se openbaring het Job nou die waarheid verstaan en as gevolg hiervan het daar verandering in sy lewe gekom. Toegepas op die huisbesoek, beteken dit dat die dienaar van die Woord en die lidmaat vanuit die Woord sal praat oor 'n bepaalde saak, met die doel dat die lidmaat dit daarna sal verstaan en in sy lewe gaan toepas.

---

86. J Firet, Het Agogisch Moment in Het Pastoraal Optreden, Derde druk, J H Kok, Kampen, 1977

2.4.7 J I de Wet

J I de Wet, tans hoogleraar in Praktiese Teologie aan die Teologiese Fakulteit (Afdeling A) Universiteit van Pretoria, het saam met J J de Klerk, seker die grootste bydrae in Suid-Afrika gelewer om die pastoraat te verhef tot 'n volle teologiese wetenskap. In sy diktaatlesings en artikels in die *Hervormde Teologiese Studies* kry ons 'n duidelike beeld van sy opvattings oor huisbesoek.[87]

Volgens De Wet is huisbesoek nie 'n welwillendheidsbesoek nie, is dit nie die blote hou van huisgodsdiens of 'n sieldeurtastende inkwisisie nie; ook nie 'n bieggeleentheid en 'n plaasvervanger van die ander verkondigingsgestaltes nie. Huisbesoek is 'n gestalte van die kerklike verkondiging. Dit is deel van die kerk se didaktiese werksaamheid. Dit is hulpdiens waarmee die kerk sy lidmate wil help om hulle eie belydenis van geloof reg te verstaan en reg uit te lewe. Terselfdertyd is huisbesoek nasorg en voorsorg. Dit wil sorg dat die Woord wat in die verlede gehoor is, in die hede reg uitgeleef word, en tegelyk wil dit sorg dat die Woord weer in die toekoms gehoor sal word. Huisbesoek is ook opsig en waar nodig, word dit tug. Regte huisbesoek vra dat die dienaar van die Woord 'n goeie teologiese opleiding sal ontvang, dat hy sy huisbesoek deeglik sal beplan en homself goed sal voorberei vir elke huisbesoek. Vir die gewone huisbesoek in die gemeente, is hy van oordeel dat die predikant met 'n bepaalde tema die hele gemeente deur kan besoek.

Huisbesoek geskied in die vorm van 'n gesprek. Daar moet met die basiese beginsels van gesprekvoering rekening gehou word.

Van die allergrootste belang is dat die predikant nie 'n alleenspraak sal voer nie, maar dat die lidmaat in die gesprek betrek sal word. Die gesprek moet so gevoer word dat die Heilige Gees dit kan gebruik as instrument waarmee die geloof gestig en gebou word. As die predikant se gesprek verkondiging van die Woord was, kan hy verwag dat die Heilige Gees dit sal gebruik om die geloof van die lidmate te stig en te bou.

Die huisbesoek vervang nie die ander verkondigingsgestaltes nie, maar beklee 'n besondere band met hulle. Saam met die ander, is dit deel van die groot verkondigingsakte van die kerk.

---

87. J I de Wet, Diktaatlesings, Universiteit van Pretoria, 1963–1979 en verskeie afleverings Hervormde Teologiese Studies vir die bevordering van die Bybels-reformatoriese Teologie in Suid-Afrika, NHW Pers, Pretoria

3

Wat is huisbesoek?

3.1 ALGEMENE OPMERKINGS

Baie predikante is geneig om huisbesoek en 'n vriendskaplike besoek by die lidmate aan mekaar gelyk te stel. As die predikant van tyd tot tyd die geleentheid het om vriendskaplike besoeke by huisgesinne af te lê, is dit seker baie goed, maar hierdie besoeke kan nie sonder meer met huisbesoek gelyk gestel word nie. Huisbesoek is baie meer as net 'n kuiergeleentheid, waar daar oor allerlei wêreldse sake gesels word. Die predikant is net soos die lidmate, 'n mens wat in die wêreld leef en onlosmaaklik aan die wêreld verbonde is. Dit spreek daarom vanself dat hy met die lidmate ook oor wêreldse sake sal praat, maar dit is nog nie amptelike huisbesoek nie. Net so min is huisbesoek bloot 'n geleentheid waartydens die predikant sy welwillendheid teenoor die lidmate openbaar. Dit is ook nie slegs 'n geleentheid waartydens hy die lidmate adviseer oor allerlei denkbare sake nie. Dit is ook nie slegs 'n geleentheid waartydens die predikant sy vriendelike gemeensaamheid met die lidmaat demonstreer nie. Baie predikante is tevrede met so 'n besoek by 'n lidmaat. Wat hy daar gaan doen het, skeel hom nie in die minste nie. Baie lidmate is ook nie bekommerd oor wat die predikant by hom kom doen het nie. Die lidmaat is tevrede as hy net kan sê dat die dominee weer by hom was. Uit navrae het geblyk dat baie lidmate die huisbesoek beskou as 'n soort sosiale aangeleentheid. Hy beskou dit as 'n geleentheid waartydens die predikant kom kuier en met hom kom gesels oor allerlei wêreldsake. Die lidmaat doen gevolglik soveel moeite as moontlik om die gesprek deurgans te laat vlot op sosiale vlak en skram weg sodra die gesprek in die rigting van die Bybel of die kerk gestuur word. Omdat die lidmaat huisbesoek as 'n sosiale aangeleentheid beskou, verwag hy dat die predikant se besoek ten minste net so lank sal duur as 'n kuiergeleentheid, en daarom verwag hy ook dat die predikant se vrou en kinders moet saamkom, en nie die kerksraadslid nie. As die predikant sy werk so kon inrig dat hy en sy huisgesin tyd het om vir die lidmate te gaan kuier, sal dit

baie goed wees. Hierdie kuiergeleentheid moet egter baie duidelik van die amptelike huisbesoek onderskei word. Dit is nodig dat die lidmaat sal weet wanneer die predikant kom kuier en wanneer hy kom huisbesoek doen. Baie predikante het die gewoonte, om afgesien van hulle gewone kuiergeleenthede, hulle vrouens saam te neem wanneer hulle met amptelike huisbesoek besig is. Dit skep onmiddellik vir die lidmaat die indruk dat die predikant kom kuier en nie huisbesoek kom doen nie. Wanneer die predikant sy vrou met huisbesoek saamneem, lei dit gewoonlik daartoe dat die predikant se vrou en die vrou van die huisgesin 'n individuele gesprek begin aanknoop en die geleentheid om met die hele huisgesin te praat, is daarmee heen. Hierdie saamneem van die predikant se vrou het die nadeel dat die huisgesin die geleentheid ontneem word om openlik met die predikant te praat. Sodra sy vrou by is, het die predikant nie meer die vrymoedigheid om openlik met die huisgesin te praat nie. In stadsgemeentes bestaan die gevaar dat die predikant se vrou nie altyd in die aand kan saamgaan nie en spoedig gebeur dit dat die lidmate die dominee se vrou daarvan beskuldig dat sy net na sommige mense gaan. Dit is volkome onregverdig dat die gemeente sal verwag dat die predikant se vrou met hom moet saamgaan op huisbesoek. Die predikant het gewoonlik ook kinders. Wat moet van hierdie kinders word as die predikant se vrou elke dag en aand saam met hom op huisbesoek is? As die lidmate besef dat huisbesoek iets anders is as gewone kuier, sal daar nie meer so 'n sterk aandrang in hierdie rigting wees nie.

Daar is baie predikante wat daarmee spog dat hulle tot tien huisgesinne in een aand besoek. By navraag het dit geblyk dat hierdie predikante 'n stereotiepe patroon het wat hulle met huisbesoek volg. Die huisgesin word gegroet; daar word 'n kort algemene gesprek gevoer oor die welsyn van die huisgesin en oor wêreldsake. Die predikant vra die Bybel; hy lees 'n kort stukkie, doen 'n gebed en vertrek. As 'n predikant so huisbesoek doen, verkeer die lidmaat onder die indruk dat die predikant net gekom het om vir hulle as huisgesin te kom lees en bid, so asof die predikant se lees en bid meer krag en betekenis het as hulle eie lees en bid. In daardie gemeente gebeur dit spoedig dat die lidmate van die predikant verwag om vir enigiets wat in 'n huisgesin plaasvind, te kom bid. Sy gebed word uiteindelik beskou as die enigste gebed wat waarlik betekenis het; 'n soort towerkrag word daaraan toegeskryf. Dat die predikant tydens huisbesoek uit die Bybel sal lees en bid, spreek

eintlik vanself. Die gedagte mag egter nooit bestaan dat sy lees uit die Bybel en sy gebed meer krag dra as dié van die lidmaat nie. Die predikant moet tydens huisbesoek eerder die lidmate leer dat hulle self kan lees en bid en dit ook elke dag getrou behoort te doen. 'n Goeie gebruik sal wees om tydens huisbesoek die ouderling of lidmaat self uit die Bybel te laat lees en te laat bid. Langs hierdie weg besef die lidmaat dat die predikant nie die enigste een is wat dit kan doen nie, en dat die predikant met huisbesoek meer kom doen as om te lees en te bid. Soms word die indruk geskep dat baie predikante huisbesoek slegs beskou as 'n besondere geleentheid om geestelike navorsingswerk by die lidmate te kom doen. Aan die hand van 'n stereotiepe vraelys (op papier of in die kop), word daar noukeurig navraag gedoen oor elke aspek van die lidmaat se geestelike welsyn. Oor alles wat verkeerd is, word die lidmaat dan uitgetrap. Hierdie soort optrede het al daartoe gelei dat lidmate wegskram vir die feit dat daar by hulle huisbesoek gedoen moet word. Die wanopvatting bestaan hier dat 'n predikant slegs kom huisbesoek doen om lidmate se sonde te ontdek, met hulle daaroor te praat sodat hulle hulle sonde voor hom kan bely. Die huisbesoek word in hierdie verband slegs beskou as 'n geleentheid om jou hart uit te praat teenoor die predikant. "Goeie huisbesoek vestig nie die lidmaat se vertroue op die predikant nie, maar moet verby die predikant na Jesus Christus toe lei. Die lidmaat kan werklik eers beter voel as hy sy hart, nie met sy predikant nie, maar met sy God uitpraat."[1]

'n Derde verskynsel van hoe huisbesoek gedoen word, bestaan daaruit dat die predikant 'n stukkie uit die Bybel lees en op dieselfde toon as Sondag in die kerk, vir die lidmaat 'n preek oor die voorgelese gedeelte hou. Nadat hy klaar gepreek het, bid hy en vertrek. Hierdie verskynsel lei daartoe dat baie lidmate dink huisbesoek is slegs 'n geleentheid waartydens die predikant 'n erediens in sy huis kom hou. Daardie lidmaat sal ook spoedig vir jou sê dat dit nie nodig is om by hom huisbesoek te doen nie, want hy kom buitendien gereeld in die kerk. Hierdie verskynsel het in sommige huisgesinne miskien die aanleidende faktor geword waarom hulle juis nie na die kerk toe kom nie. Die predikant kom mos so af en toe in sy huis kerk hou, waarom moet hy dan nog kerk toe gaan?

Baie nou verwant aan hierdie verskynsel is dat die predikant een of ander "katkisasie"-tema neem en dan op dieselfde trant en toon as

1. J I de Wet, Diktaatlesings 1963, 41.

tydens die katagese die huisgesin tydens die huisbesoek oor daardie onderwerp katkiseer. So 'n huisgesin sal spoedig sê dat dit nie nodig is dat die predikant by hulle kom huisbesoek doen nie, want hulle is reeds klaar gekatkiseer.

Nadat ons negatief gestel het wat huisbesoek nie is nie, sal ons nou probeer om positief aan te dui wat huisbesoek wel behoort te wees.

3.2 HUISBESOEK IS VERKONDIGING VAN DIE WOORD IN DIE VORM VAN 'N GESPREK AAN INDIVIDUE OF INDIVIDUELE HUISGESINNE

Dit gaan in hierdie boek in die besonder om die huisbesoek van die predikant. Die predikant is dienaar van die Woord. Die predikant se primêre taak is nie om die lidmate se kuiervriend te wees nie, of die amptelike voorbidder, of die amptelike oplosser van probleme of verteenwoordiger op allerlei sosiale gebiede nie. Die dienaar van die Woord se eerste taak en roeping is presies wat sy naam sê: Hy is dienaar of bedienaar van die Woord. Hy dra hierdie naam omdat hy deur God self geroep is om in diens van sy Woord te staan; omdat God self hom geroep het om sy Woord te bedien. Wanneer die predikant besig is om amptelike werk te doen, kan en mag hy niks anders doen as om die Woord van God te bedien nie. Die lidmaat behoort nie meer van die predikant te verwag nie, maar behoort ook nie met minder tevrede te wees nie. Baie lidmate dink dat die predikant net dienaar van die Woord is as hy Sondag op die preekstoel staan. Wanneer die predikant besig is met katkisasie of met huisbesoek of met siekebesoek, beskou hulle hom as iets anders. Hierdie beeld het miskien ook ontstaan as gevolg van die algemene spraakgebruik van die kerk. In die kerk is ons geneig om gewoonlik slegs van die preek van Sondag te praat as verkondiging. Onbewustelik is ons so besig om al die ander werk van die predikant, soos huisbesoek, katkisasie en evangelisasie te beskryf as nie behorende tot die verkondiging nie. Ter wille van die regte insig, is dit nodig dat ons miskien soos volg sal praat: Die predikant is geroepe om die Woord van God te verkondig. Hierdie verkondiging het verskillende gestaltes. Die verkondiging vind plaas tydens die prediking, die kategese, die huisbesoek en tydens die evangelisasie. Hiermee het ons reeds indirek gesê dat die huisbesoek nie minder verkondiging

van die Woord van God is as die prediking, die katkisasie en die evangelisasie nie.

Ten opsigte van die huisbesoek, is die belangrikste wat elke predikant en elke lidmaat moet onthou, dat huisbesoek amptelike verkondiging van die Woord van God is. As die predikant dit altyd onthou, dan sal hy sorg dat hy by die huisgesinne nie net 'n sosiale gesprek kom voer nie. Hy sal sorg dat hy tydens huisbesoek nie net uit die Bybel lees en bid nie. Hy sal besef dat hy meer as net bogenoemde moet kom doen. As die lidmaat besef dat die predikant tydens huisbesoek kom om die Woord van die Here te verkondig, sal sy hele gesindheid met betrekking tot hierdie saak verander. In baie gemeentes tref ons die verskynsel aan dat lidmate hoegenaamd nie omgee hoe die predikant Sondag preek nie, dat hulle ook hoegenaamd nie omgee of die predikant katkiseer of nie; hulle gee slegs om of die predikant kom huisbesoek doen. In die kerk is dit gewoonlik so dat daar nie met groot lof gepraat word oor die predikante wat "deeglike" preke hou en 'n groot deel van sy tyd aan die kategese spandeer nie. Daar word gewoonlik net baie groot lof toegedig aan die predikante wat baie huisbesoek doen. Hierdie is bloot 'n sielkundige verskynsel. Die mens wil altyd groot en belangrik wees. Die mens wil altyd voel dat daar vir hom omgegee word. Hy wil altyd self in die middelpunt staan. As die lidmaat besef dat huisbesoek verkondiging van die Woord is, net soos Sondag se prediking in die kerk, dan sal hy nie so fanaties op huisbesoek aandring, asof dit die enigste geleentheid is wanneer daar aandag aan hom gegee word nie. Hy sou besef dat daar Sondag tydens die prediking en Woensdag tydens die katkisasie net soveel aandag aan hom gegee word as Maandag tydens die huisbesoek. Hy sal nie verwag dat die predikant net gereeld huisbesoek moet doen nie, maar dat die predikant ook "deeglik" moet preek en voldoende aandag aan die katkisasie moet gee. Indien die lidmaat besef dat huisbesoek verkondiging van die Woord is, sal hy nie alles in sy vermoë doen om die gesprek net op die vlak van die alledaagse te hou nie. Hy sal eerder poog om die gesprek so gou as moontlik te bring op die vlak van die godsdienstige. Hy sal nie die gesprek wil weglei van die Woord van God nie, maar juis na die Woord van God toe.

Brullenburg Wurth het die huisbesoek meer priesterlik van aard as profeties-verkondigend van aard beskou. Die prediking is volgens hom profeties van aard en die huisbesoek priesterlik van aard. Met

die huisbesoek staan die predikant volgens hom baie nader aan die mens.[2] Hoewel Wurth dit seker nooit so bedoel het nie, het sy bepaalde opvatting van die huisbesoek, verreikende gevolge gehad. Indirek het Wurth die voorloper van die eduktiewe vorm van huisbesoek geword.[3] Die klem het al hoe meer geval op die pastor se medemenslikheid, sy aanvaarding van die ander, sy gemeenskaplikheid, sy ontferming oor die mens in nood; as op die verkondiging van die Woord. Die predikant word in hierdie geval meer barmhartige samaritaan as saaier van die Woord. Die predikant is dan meer diaken as dienaar van die Woord. Dit is nou nie meer die Woord van God wat in die middelpunt van die gesprek staan nie, maar die mens te midde van sy bepaalde nood. Deur die teoloë Faber, Hiltner en ander is hierdie opvattings so ingeklee dat dit nie meer die Woord is wat verkondig word nie, maar 'n terapeutiese proses wat deurgevoer word met die doel om die mens in nood te red uit sy kritiese situasie.[4] Hoogstens in die laaste instansie, is hier die moontlikheid van die verkondiging van die Woord. De Klerk het egter baie duidelik angetoon dat die profetiese tendens tydens die huisbesoek dominant is. In aansluiting by Biesterveld toon hy aan dat die profetiese, die verkondigende aspek in die Nuwe Testament en by al die kerkhervormers, tydens die huisbesoek, sentraal gestaan het. "Dit is duidelik dat die herderlike sorg in die lyn van die Skrif en die reformatoriese denke dan ook as kern het die bediening van die Woord aan die enkeling alleen, of aan die enkeling in gesinsverband."[5]

Huisbesoek is verkondiging van die Woord. Die beteken die predikant gaan nie na die mens met sy eie woord nie, maar met die Woord van God. Hy gaan nie vir die mens sê, so sê ek nie, maar soos die profete van ouds, gaan hy en sê: "So sê die Here." Dit wat die Here sê, weet ons as mense egter nie uit onsself nie. Alle mense, ook die predikant, weet as gevolg van die sondeval nie wat sê die Here nie. Ons weet alleen wat die Here sê omdat Hy Homself aan ons bekend gemaak het en hierdie bekendmaking vir ons opgeteken is in die Bybel. Tydens huisbesoek moet die predikant vir die lidmaat gaan sê wat die Here in die Bybel sê. Indirek vra hierdie opdrag van

2. G Brillenburg Wurth, Christelijke Zielszorg in het licht der Moderne Psychologie, Kok, Kampen, 1955, p 100.
3. Sien hoofstuk 2.
4. Sien hoofstuk 2.
5. J J de Klerk, Herderkunde, a.w., p 20.

die predikant baie. Dit vra van hom dat hy teologies goed geskool sal wees; dat hy deeglik sal voorberei voordat hy gaan huisbesoek doen. Die gedagte bestaan dikwels dat die predikant hom deeglik moet voorberei vir die prediking, maar dat dit nie nodig is met betrekking tot die huisbesoek nie. Hierdie soort optrede bring mee dat die predikant tydens huisbesoek nie vir die lidmate sal kan sê: "So sê die Here nie", maar so sê ek. Vanweë oppervlakkige voorbereiding, gebeur dit dikwels dat dieselfde predikant met huisbesoek 'n bepaalde Skrifgedeelte volkome anders verklaar as tydens sy prediking. Vir elkeen spreek dit vanself dat so 'n situasie volkome onhoudbaar is. Voor elke huisbesoek behoort die predikant 'n diepgaande studie te maak van die besondere gedeelte van die Bybel wat hy tydens die huisbesoek wil verkondig. Dieselfde ontleding, en gebruikmaking van dieselfde apparaat as tydens die maak van 'n preek, moet aangewend word voordat die predikant met vrymoedigheid vir die lidmaat tydens huisbesoek sal kan sê: "So sê die Here."

Wanneer ons sê dat huisbesoek die verkondiging van die Woord is, dan bedoel ons daarmee dat huisbesoek die verklaring van die Bybel met betrekking tot die persoon, woord en werk van Jesus Christus is, tot stigting en vermeerdering van die geloof. Tydens huisbesoek, moet net soos tydens die prediking, die kategese en die evangelisasie, die Bybel so verklaar word, dat die kern van die Bybel, Jesus Christus, in die middelpunt sal staan. Hiermee bedoel ons nie dat elke deel van die Bybel so verklaar sal word dat jy altyd by Jesus Christus sal uitkom nie. So min as wat inlegkunde tydens die prediking toegepas mag word, net so min mag dit tydens huisbesoek gebeur. Die lidmaat moet uiteindelik besef dat sy enigste Verlosser en Saligmaker, Jesus Christus, die gekruisigde is. Hy moet ook besef dat die goeie werke wat hy doen uit dankbaarheid vir die verlossing wat hy deur Jesus Christus ontvang het is, en nie om daarmee iets voor God te verdien nie. Dit is nodig dat ons baie duidelik sal onderskei tussen eksegese en verkondiging. Wanneer 'n bepaalde gedeelte van die Bybel geëksegetiseer word, dan gebruik jy daardie bepaalde gedeelte as jou vertrekpunt. Jy ontleed tot in die fynste besonderheid wat daar staan en dit is jou resultaat. Wanneer jy verkondig, dan onthou jy altyd dat jy geroepe is om die hele raad van God te verkondig. Jy beperk jou nie tot daardie bepaalde deel van die Bybel nie. Jou grens is nou nie meer 'n bepaalde perikoop of 'n bepaalde boek nie, maar die hele Bybel.

Met ons verkondiging van die Bybel tydens die huisbesoek, is

daar verskillende gevare waarteen gewaak moet word. Ons noem slegs die volgende drie, naamlik fundamentalisme, aktualisme en popularisme.

Fundamentalisme is daardie verskynsel waar elke deel van die Bybel beskou word as onfeilbare Woord van God. Dit is daardie verskynsel dat jy alle wetenskaplike ondersoek van die Bybel oorboord gooi en vaskleef aan die teks, net soos dit daar staan; dat jy die tradisionele verklaring van die Bybel aanvaar nieteenstaande die feit dat die moderne teologiese wetenskap vir jou duidelik getoon het dat daardie verklaring nie korrek is nie.[6]

Aktualisme aan die ander kant is daardie verskynsel dat jy onder alle omstandighede dít wat op daardie oomblik aktueel is in die politiek en die kultuur as jou vertrekpunt neem en jou aankomspunt, nieteenstaande die feit dat die Bybel met die bepaalde gedeelte miskien iets heeltemal anders bedoel. Wanneer die Woord verkondig word, is die mens met sy bepaalde behoeftes nie die bepalende faktor van hoe die Bybel uitgelê moet word nie. Jy kan byvoorbeeld nie elke deel van die Bybel so draai en pas dat dit 'n trooswoord bring vir mense wat deur 'n groot natuurramp bedreig is nie. As jy vir die mens in 'n bepaalde situasie 'n bepaalde boodskap wil bring wat hom sal troos, dan moet jy 'n gedeelte uit die Bybel kies wat beslis daardie boodskap bring en jy mag dit nie daaruit forseer nie. In plaas van aktualistiese verkondiging tydens die huisbesoek, moet ons eerder streef na aktuele verkondiging. Daarmee bedoel ons dat die Bybel so uitgelê word, dat die Bybel self praat, maar op so 'n wyse dat die lidmaat besef dat hierdie Woord ook ten volle vir hom geld.[7]

Popularisme is 'n verskynsel wat voortdurend 'n groot rol speel tydens die verkondiging van die Woord. Popularisme beteken dat ek ter wille van die goeie gesindheid van die lidmaat, of ter wille van my eie populariteit, die Bybel iets anders laat sê as wat hy wil sê. Dit is die verskynsel dat ek die Bybel so verklaar dat dit vir die lidmaat nie aanstoot gee nie. Dat ek byvoorbeeld by lidmate, wat ek weet sterk fundamentalisties ingestel is, ter wille van hulle goeie gesindheid, self gaan verval in 'n soort fundamentalisme. Dat ek byvoorbeeld 'n sterk vermanende gedeelte van die Bybel onnodig gaan versag, omdat ek bang is dat ek in onguns by die lidmate sal kom.

---

6. Vir meer besonderhede sien: J A Loader, Ortodokse Fundamentalisme en die gebruik van die Ou Testament in Suid-Afrika, H T S, Jaargang 35, (1 en 2), p 101.
7. H Jonker, Actuele Prediking, Callenbach, Nijkerk.

Huisbesoek is verkondiging van die Woord van God tot stigting en opbouing van die geloof. Uit die Bybel is dit baie duidelik dat die verkondiging van die Woord net een groot doel voor oë het, en dit is om mense te bring tot die geloof in Jesus Christus en om mense in hierdie geloof te bewaar. Binne gemeentelike gestalte van die verkondiging van die Woord, het huisbesoek meer opbouing van die geloof in gedagte as stigting van die geloof. Die huisbesoek word immers bedien aan mense wat reeds lidmate van die kerk is. Die versterking in die geloof, is volgens die Bybel en die kerk se belydenisskrifte alleen moontlik deur die werking van die Heilige Gees.[8] Die Heilige Gees versterk die geloof egter nie op enige willekeurige wyse nie. Hy doen dit in die besonder deur die verkondigde Woord en die gebruik van die sakramente.[9] Die Heilige Gees gebruik met ander woorde nie enige woord om die mens se geloof te versterk nie, maar in die besonder die Woord wat verkondig word. Dit beteken: As jy tydens die huisbesoek sommer enige willekeurige woord spreek, kan jy nie verwag dat die geloof van die lidmaat versterk sal word nie. As jy tydens huisbesoek die Woord van God verkondig, kan jy leef in die hoop en die verwagting dat die Heilige Gees daardie selfde swak menslike woord sal gebruik tot vermeerdering van die lidmaat se geloof. Ons moet nooit dink dat die Heilige Gees dit sonder meer altyd sal doen nie. Ons moet onthou dat die Heilige Gees altyd God is en bly. God is vry en laat Homself nie volkome bind deur bepaalde gestaltes van die verkondigde Woord nie. Omdat God vry is, gee Hy die geloof aan wie Hom welbehaaglik is. Die huisbesoeker kan net plant en natmaak; dit is God wat moet laat groei. Hierdie feit dat God self die geloof gee waar Hy wil en wanneer Hy wil, bewaar die huisbesoeker van moedeloosheid. Dit laat hom voortgaan met die werk al is daar geen vrugte op sy arbeid nie.

Naas die breë doel van die huisbesoek is daar ook nog altyd 'n kleiner of 'n onderliggende doel. Hierdie onderliggende doel mag nie beskou word as iets apart van die breë doel nie. Die onderliggende doel is onlosmaaklik een met die breë doel. Voordat daar by 'n bepaalde huisgesin besoek afgelê word, behoort die huisbesoeker homself eers die vraag af te vra, wat hy met daardie besoek beoog. Sover as wat dit menslik moontlik is, moet hy alles doen om daardie

8. Galasiërs 3:14; 1 Petrus 1:2; 1 Korintiërs 6:17; Efesiërs 2:8, 6:23; Johannes 3:5; Filippense 1:29; Heidelbergse Kategismus, vraag en antwoord 53 en 65.
9. Handelinge 2:14–14, 8:26–40; Romeine 10:17 en Heidelbergse Kategismus, vraag en antwoord 65.

doel te bereik. Die onderliggende doel van die huisbesoek sal van huisgesin tot huisgesin verskil. In een geval gaan die huisbesoeker om te troos, in 'n ander geval om te vermaan, in 'n ander geval om te bemoedig.

Huisbesoek is verkondiging van die Woord van God aan enkelinge of huisgesinne. Tot sover het ons aangetoon dat daar 'n baie nou verband tussen die huisbesoek en die ander verkondigingsgestaltes is. In alle gevalle is die verkondigingsgestaltes verkondiging van die Woord, en geskied die verkondiging tot stigting en vermeerdering van die geloof. In alle gevalle is die verkondigingsgestaltes in die eerste plek opgedra aan die kerk en sy ampsdraers. Met betrekking tot die objek van die verkondigingsgestaltes, is daar egter 'n verskil. Die objek van die evangelisasie is húlle wat nog nooit die Woord van God gehoor het, of húlle wat die Woord wel gehoor het en nog nie glo nie, en nog nie lidmate van die kerk is nie.

Die objek van die prediking is die hele gemeente wanneer hulle Sondag in die kerk bymekaar is vir die erediens. Die objek van die kategese is die kinders van die verbond wat nog nie belydende lidmate van die kerk is nie. Die objek van die huisbesoek is die individuele lidmate van die gemeente of die huisgesinne van die gemeente. Met die prediking is die objek die hele gemeente. Met die huisbesoek is dit slegs 'n deel van die geheel. Met die prediking het die lidmaat na die kerk gegaan om die Woord van God te hoor. Met die huisbesoek gaan die ampsdraers van die kerk na die lidmaat toe om hom met die Woord van God te konfronteer. Die ampsdraer gaan na die lidmaat in die konkrete situasie waarin hy of sy hom bevind.

Huisbesoek is verkondiging van die Woord in die vorm van 'n gesprek. De Klerk noem hierdie soort verkondiging gesprekmatige verkondiging.[10] So sien ons dat daar 'n groot verskil is tussen die huisbesoek en die ander verkondigingsgestaltes se uiterlike vorm. Tydens die huisbesoek is die lidmaat meer direk betrek as tydens die bediening van die ander verkondigingsgestaltes. Aangesien die klem swaar op die gesprek val, is dit nodig dat ons verder oor die gesprek sal besin. Met die doel om die hoogste moontlike vrugte te bereik tydens die huisbesoek, is dit nodig dat die gesprek wat gevoer word, ook na sy uiterlike vorm, so goed as moontlik sal wees. Hier moet weer tot versigtigheid gemaan word. Die uiterlike gestaltegewing van die gesprek is belangrik, maar dit is nie die belangrikste

10. J J de Klerk, Herderkunde, a.w., p 11.

nie. Die belangrikste sal altyd die inhoud bly. Jy kan 'n goeie geordende gesprek met iemand tydens huisbesoek voer, en as daardie gesprek nie die Woord van God as inhoud het nie, is al jou moeite tevergeefs. Dit kan ook gebeur dat die beste boodskap nie by sy adres uitkom nie, omdat die wyse waarop dit aangebied is, verkeerd is. Die benadering van mense met jou woorde tydens die huisbesoek, is van die allergrootste belang. Baie predikante sê dat 'n verkeerde benadering van mense al dikwels daartoe gelei het dat hulle werk skade ly. Ons strewe tydens huisbesoek moet wees om die beste moontlike inhoud op die beste moontlike wyse aan te bied. Om laasgenoemde te verwesenlik, moet die predikant gebruik maak van alle moontlike hulpmiddels wat hom gebied word. Op hierdie gebied het die kommunikasiekunde gedurende die afgelope aantal jare resultate gebied, wat met groot vrugte aangewend kan word.

Vir 'n geslaagde huisbesoek-gesprek, moet die predikant altyd 'n persoonlike bewustheid van sy ampsopdrag hê. Die predikant gaan nie huisbesoek doen omdat hyself so besluit het nie. Hy gaan omdat hy deur God self tot hierdie werk geroep en gestuur is. Hy gaan nie om sy eie werk te doen nie, maar die werk van God – nie om sy eie woord te spreek nie, maar die Woord van God. Hy gaan nie in sy eie naam nie, maar in die Naam van die Heer van die kerk, Jesus Christus. Op grond van God se beloftes, kan hy as geroepene van God verseker wees dat God met sy Gees ook tydens hierdie gesprek teenwoordig wil wees, en daarom kan die predikant hierdie werk sonder vrees en bewing doen. Die bewustheid van die ampsopdrag wek 'n gees van vrymoedigheid. Omdat dit die saak van die Here is en omdat hy slegs boodskapper en dienskneg van die Here is, spreek die geroepene met vrymoedigheid sonder vrees vir die gevare wat dit meebring. (Vergelyk Handelinge 4:13–29.) Dit is 'n vrymoedigheid wat – sonder om vrypostig te wees – met die rykes, geleerdes, hooggeplaastes, oues van dae, jeugdiges, en met almal kan gesels, omdat die Hoof en herder daartoe magtiging verleen. Die bewustheid van die ampsopdrag skenk die innerlike kalmte en rustigheid wat so noodsaaklik is in die pastorale optrede en gesprekvoering.

Dat die ampsdraer hierdie werk in opdrag van God gaan doen, is net so belangrik vir die lidmaat. Dikwels gebeur dit dat ampsdraers met die grootste denkbare vyandigheid en agterdog bejeën word, as hulle huisbesoek doen. Dit gebeur dat deure vir ampsdraers toegeklap word en dat die Woord wat hulle spreek, volkome verwerp word. As die lidmaat terdeë besef die ampsdraer gestuurde van God

is, sal sy gesindheid teenoor hom heeltemal verander. Hy sal besef dat as hy hierdie man afwys, dan is hy in werklikheid besig om sy sender ook af te wys.

Die besef dat hy hierdie werk vir God doen, in die Naam van God en in opdrag van God, behoort die ampsdraer op te roep tot verantwoordelikheid. Omdat hy vir God werk en nie vir mense nie, behoort hy hierdie werk altyd met die grootste nougesetheid en ywer te doen. Omdat hy vir God werk, behoort geen moeite en opoffering vir hom ooit te groot te wees nie, en behoort hy te besef dat hy eendag ook rekenskap by God sal moet doen ten opsigte van die huisbesoek wat hy gedoen het. Hy sal besef dat elkeen wat aan hom toevertrou is, uiteindelik van sy hand geëis sal word.

Die ampsdraer moet nie alleen besef dat hy gestuurde van God is nie. Hy moet ook besef, dat nieteenstaande sy roeping, hy nog steeds 'n mens bly; dat hy van vlees en bloed is, klein en nietig, en met sy eie vermoëns in staat tot niks is nie. Hy as nietige, onbekwame mens kan alleen iets vermag as God hom daartoe genade verleen. Alleen met God se krag en sy bekwaammakende genade, kan hy doen wat aan hom opgedra is. Op grond hiervan is dit nodig dat die gebed 'n baie belangrike rol in die lewe van die huisbesoeker sal speel. Op grond hiervan is dit nodig dat die huisbesoeker elke dag tot God sal bid om aan hom die nodige bekwaammaking te gee. Met nederigheid en afhanklikheid van God sal hy sy werk doen. Dat die ampsdraer nieteenstaande sy roeping, mens is en bly, is ook vir die lidmaat belangrik. Die besef van hierdie waarheid sal die lidmaat leer om by die ampsdraer verby te kyk en God alleen raak te sien; om niks van die ampsdraer te verwag nie, maar alles van sy sender. Dit sal die lidmaat leer om die swakhede en gebreke van die ampsdraer te verduur, omdat hy net soos enige ander mens nie altyd volmaak kan optree nie.

Omdat huisbesoek verkondiging van die Woord in die vorm van 'n gesprek is, is dit nodig dat die huisbesoeker die mens sal ken met wie hy die gesprek voer. Iemand se bepaalde beskouing van die mens beïnvloed sy hele wyse van optrede. Huisbesoek is verkondiging van die Woord aan die mens in die konkrete situasie waarin hy hom bevind. As die huisbesoeker nie hierdie konkrete situasie ken nie, is dit vir hom baie moeilik om huisbesoek te doen. Volgens ons reformatoriese vaders is huisbesoek toegepaste verkondiging van die Woord. Dit is die toepassing van Sondag se preek ten opsigte van die individuele lidmaat. Die bepaalde omstandighede van 'n be-

paalde lidmaat speel 'n baie groot rol ten opsigte van die keuse van watter bepaalde Skrifgedeelte tydens die huisbesoek ter sprake gaan kom. Ons kan 'n konkrete voorbeeld noem. Jy gaan tog nie iemand vermaan ten opsigte van die gee van offergawes as jy hom eintlik moes gaan vertroos het ten opsigte van 'n geliefde wat gister gesterf het nie. Die inagneming van iemand se omstandighede is egter nie die oorheersende nie. Die omstandighede is nie belangriker as die Woord wat gebring moet word nie en bepaal slegs die gedeelte van die Woord waarmee jy na iemand gaan.

Dit geld nie net vir die predikant nie, maar vir elkeen wat hierdie werk doen. Kennis van die bepaalde huisgesin kan op verskillende wyses verkry word: By die ouderling van die wyk, of by die vorige predikant wat van elke huisgesin wat hy besoek het "boekgehou" het en dit vir die nuwe predikant agtergelaat het. Hierdie laaste opmerking beskou ek as van die allergrootste belang. Al die kosbare werk van die verlede gaan verlore as die predikant nie aantekeninge maak van sy besoeke en dit vir die volgende predikant agterlaat nie. Die gemeenteregisters kan so ingerig word dat daar op die agterkant ruimte is vir die huisbesoeker om bepaalde aantekeninge te maak. Dit sal meebring dat jy nie van vooraf hoef te begin nie, maar net verder kan gaan waar die vorige huisbesoeker opgehou het. Dieselfde geld ook ten opsigte van die werk van die ouderling.

Die huisbesoeker moet nie net kennis hê van elke huisgesin in die besonder nie; hy moet ook kennis hê van die mens in die algemeen. Die vraag is nou waar hy hierdie kennis vandaan kry. Die antwoord is wyd uiteenlopend. Baie is van mening dat die huisbesoeker 'n besondere studie van die sielkunde of van die sosiologie of wysbegeerte moet maak. Baie kennis van die mens in die algemeen het ons alleen omdat hierdie wetenskappe dit vir ons geleer het. Hierdie wetenskappe moet vir hom egter net 'n hulp bly. Die hoogste bindende woord oor wie die mens werklik is, kry ons nie by die sosiologie, die psigologie of die wysbegeerte nie, maar in die Woord van God, die Bybel. Iemand ken die mens eers werklik as hy hom leer ken het in die Woord van God. Dit is alleen deur die Woord van God waar ons die kern van die mens se menswees leer ken; dat die mens van nature 'n verlore sondaar is, maar tegelyk 'n begenadigde in en deur Jesus Christus.

As gesprekmatige verkondiging, moet huisbesoek 'n gesprek wees in die volle sin van die Woord. Die verskynsel van alleenspraak moet

ten volle vermy word. Die huisbesoeker moet daarom nie self te veel sê nie, maar hy moet ook nie te min sê nie.

Om 'n goeie gesprek op dreef te kry, is dit nodig dat die huisbesoeker eers luisteraar sal wees voordat hy spreker is. Sodra die lidmaat agterkom dat die huisbesoeker 'n simpatieke oor het, ontstaan daar by hom baie groter vrymoedigheid om sy saak te stel. As die huisbesoeker net wil praat en nie ook wil luister nie, is die gesprek by voorbaat tot mislukking gedoem. 'n Groot probleem is vandag die feit dat baie lidmate nie self wil praat nie. In so 'n geval moet die huisbesoeker met groot oorleg sy gesprek so stuur en rig, dat die lidmaat eintlik outomaties aan die praat sal gaan. "Wat in die verloop van die gesprek met sy verskillende fases van belang is, is dat die pastor in beheer van sake moet bly. Eintlik dat hy deur sy amptelike optrede steeds die bediening van die Woord moet laat deurklink."[11] Twee sake moet altyd onthou word: Jý gaan op daardie stadium by die lidmaat huisbesoek doen, nie hy by jou nie. Jý gaan nie om 'n pragtige gesprek te ontketen nie, maar om 'n gesprek te ontketen waartydens die Woord verkondig word.

Nadat die huisbesoeker deeglik geluister het, is dit nodig dat hy 'n diagnose sal maak van die saak waarmee hy gekonfronteer is.

Die huisbesoeker moet self die situasie hanteer, sy eie beperkthede ken en besef dat alles alleen suksesvol deurgevoer kan word deur die werking van die Heilige Gees. Haastige en onoordeelkundige beslissings moet vermy word.

Tydens die huisbesoek-gesprek moet die volgende foute beslis vermy word:[12]

- *Die konfrontasie van die ander in teenwoordigheid van sy(haar) huisgenote en vriende.* Die aanspreek, die bestraffing en vermaning is volgens die Bybel iets wat moet plaasvind tussen jou en hom alleen.[13] Dit beteken hoegenaamd nie dat die bestraffing of vermaning agterweë gelaat moet word, as dit nodig is nie. Dit beteken slegs dat dit vir 'n individu 'n oneindige verleentheid is, as hy voor ander aangespreek moet word. As dit egter 'n vermaning is wat die hele huisgesin raak, dan moet dit in die huisgesin se teenwoordigheid gedoen word.
- *Moralisering in die lyn van die legalisme.* As dit gebeur, word die wet bo die evangelie verhef. Dit word dan voorgegee dat die wet

11. J J de Klerk, Herderkunde, a.w., p 81.
12. Vir punt 1–8 sien J J de Klerk, Herderkunde, A.W., p 83
13. Matteus 18:15.

en nie die evangelie nie, die weg tot saligheid is. Net soos die evangelie, moet die wet ook tydens huisbesoek verkondig word. Die wet moet egter verkondig word as die reël van dankbaarheid op grond van die verlossing in en deur Jesus Christus. Die regte verhouding tussen wet en evangelie moet gehandhaaf word.

- *Die verkleinering van die nood deur veralgemening.* Sodra die nood van iemand veralgemeen word, word die individue se nood nie ernstig opgeneem nie. Dit is miskien so dat sy nood algemeen is. Miskien is dit so dat sy nood nou nie juis ernstig is nie. Vir hom as individu is dit ernstig, anders sou hy nie daarmee na jou gekom het nie.
- *Die dogmatisering deur allerlei onpersoonlike stellinge.* Net soos die huisbesoek gedra moet word deur die waarheid van die Bybel, moet die waarheid van die dogma ook altyd gehandhaaf word. Deur die gesprek egter op 'n te hoë dogmatiese vlak te voer, is jy besig om die kanale van die gesprek te verstop.
- *Die verobjektivering van die ander deur 'n verkeerde ampshouding en optrede.* Jou gespreksgenoot tydens die huisbesoek is nie een of ander objek nie, maar 'n mens in die volle sin van die woord. 'n Lewelose objek kan jy stoot en stamp soos dit jou pas, maar nie 'n lewende mens nie.
- *Die praatgierigheid wat die amptelike vertroulikheid skend.* Sodra jy iemand anders met 'n bepaalde huisgesin bespreek, skok jy daardie huisgesin se vertroue in jou. Hulle besef dadelik dat jy 'n man is met wie geen intieme saak bespreek kan word nie. Nie alleen so 'n predikant moet gewaarsku word nie, maar ook so 'n lidmaat.
- *Die oorhaastige en geïrriteerde optrede wat die gespreksontsluiting versper en laat verloop in 'n niksseggende ontmoeting.* Wanneer jy huisbesoek doen mag jy nooit die indruk skep dat dit 'n plig is, wat jy so gou moontlik wil afhandel nie. Deur jou hele optrede behoort die lidmaat onder die indruk te kom dat jy werklik vir hom tyd het. Net so min as wat die huisbesoek oorhaastig gedoen moet word, moet dit onnodig uitgerek word. Soms is 'n driekwartier by 'n huisgesin genoeg. Soms is twee ure by 'n huisgesin te min. Elke situasie bepaal self die lengte van die gesprek.
- *Die professionele kunsmatigheid as plaasvervanger van die pastorale vaardigheid.* Allerlei aangeleerde metodes en tegnieke skep die indruk dat die huisbesoeker se optrede en bedoelings nie eg is nie. In plaas van aangeplakte professionele kunsmatigheid, is 'n natuurlike houding en optrede veel beter.

By De Klerk se opmerkings wil ons byvoeg dat die volgende beslis ook vermy moet word:

- *Besoeke wat op 'n volkome ongeleë tyd by 'n huisgesin gebring word.* Ter wille van 'n rustige gesprek, is dit nodig dat die huisgesin vooraf sal weet wanneer jy kom. Baie predikante verkies om na huisgesinne te gaan sonder dat dit vooraf gereël is. So leer jy mense dikwels ken in 'n staat van verleentheid. In die moderne tyd is dit net eenvoudig so dat die mens nie sonder meer altyd beskikbaar is nie. Om met 'n oop gemoed ontvang te word en om die huisbesoek in 'n rustige atmosfeer te doen, is dit noodsaaklik dat die ouderling vooraf die besoek sal reël. (Om die huisbesoek nie te haastig en ook nie te stadig te doen nie, is 'n gemiddeld van 'n uur per huisgesin miskien 'n goeie tydsbestek.) Hierdie verskynsel bring ook mee dat onnodig tyd verspil word met huisgesinne wat nie tuis is nie. In hierdie verband sal lidmate hulle samewerking moet gee. Die lidmaat behoort te besef dat die predikant se tyd baie beperk is. Hy behoort daarom alles in sy vermoë te doen om sy sake so te reël dat hy beskikbaar sal wees op die aand wat dit die predikant en die ouderling pas. Die lidmaat het net een predikant en een ouderling, terwyl die predikant en die ouderling baie lidmate het om te besoek.
- *Harde, ongedissiplineerde woorde wat uitgespreek word.* Elkeen weet seker al teen hierdie tyd dat daar met onnodige harde woorde niks bereik word nie. Dieselfde saak wat jy op 'n harde ongenaakbare wyse sê, kan net sowel op 'n sagte, liefdevolle wyse gesê word. Dit is hierdie laaste wyse van optrede wat gewoonlik inslag vind en goeie resultate oplewer.

  Die huisbesoek-gesprek sal altyd baie moeilike werk bly. Daarom moet predikant en lidmaat voortdurend bid dat die Here met sy Gees aan hulle die regte gesindheid en die regte woorde sal gee, sodat hierdie gesprek waarlik verkondiging van die Woord sal wees, dat dit waarlik tot versterking van die geloof sal dien, maar boweal tot eer van God.

3.3 HUISBESOEK IS VOORSORG EN NASORG

Soos reeds aangetoon, is huisbesoek verkondiging van die Woord. Soos die kerkhervormers gesê het, is dit die toepassing van die Woord wat reeds verkondig is. As ons huisbesoek so verstaan, is dit duidelik dat huisbesoek 'n duidelike nasorg- en voorsorgfunksie

het. Hierdie funksie loop oor 'n baie breë linie, naamlik oor die hele lewe van die lidmaat van sy geboorte tot sy sterwe. Dit het betrekking op al die binne en buite erediensgestaltes van die verkondiging van die Woord; op al die "sigbare en onsigbare" gestaltes van die bediening van die Woord, en op al die wyses waarop die lidmaat antwoord moet gee op die Woord wat aan hom of haar verkondig is.

Huisbesoek is voorsorg en nasorg ten opsigte van die doop. Tydens die doopbediening is op 'n sigbare wyse aan die dopeling verkondig dat hy op grond van Jesus Christus se lyde en sterwe die eiendom van God is, dat reeds klaar vir sy sonde betaal is, en dat die Heilige Gees ook aan hom gegee is. Hierdie sigbare bevestiging van God se onuitspreeklike genade bring vir die dopeling oneindige troos en verantwoordelikheid. Dit troos hom met die versekering dat hy die eiendom van God is, dat daar reeds vir sy sonde betaal is, en dat die Gees van God ook aan hom gegee is. Tegelyk roep dit die dopeling op tot die verantwoordelikheid om altyd te leef soos God se eiendom, om niks van homself te verwag nie, maar alles van Jesus Christus alleen om hom nie meer te laat lei deur sy eie gevoel en opvattings nie, maar alleen deur die Gees van God. Die werk van die kerk is om toe te sien dat die volle troos en die volle verantwoordelikheid wat die doop vir die dopeling meebring, in sy lewe gestalte aanneem. Die kerk doen hierdie werk met al sy verkondigingsgestaltes, maar in die besoder deur die huisbesoek. Op grond van die feit dat iemand gedoop is, kan die kerk na daardie persoon teruggaan en hom vertroos as dit nodig is, maar hom ook vermaan as dit moet. Met die doop as vertrekpunt, word die regte verband tussen evangelie en wet bewaar. Die huisbesoeker gaan nie vir die lidmaat sê dat hy 'n bepaalde lewe moet leef om homself tot die kind van God te maak nie. Hy sê dit vir hom omdat hy reeds klaar 'n kind van God is op grond van Jesus Christus se lyde en sterwe. Omdat hy reeds die sigbare bewys daarvan ontvang het tydens sy doop, is hy nou geroepe om dit wat hy reeds klaar ontvang het, uit te leef. Die huisbesoek wil sorg dat dít wat tydens die doop aan die dopeling beseël is, in die dopeling se lewe gestalte aanneem. Dit kan alleen werklik geskied, as die dopeling die drieënige God ken soos hy Homself in sy Woord bekend gemaak het, en as die dopeling waaragtig in die drieënige God glo. Volgens reformatoriese opvatting is die geloof alleen moontlik deur die Heilige Gees, wat gebruik maak van die verkondigde Woord. Dit beteken noodwendig dat die kerk moet sorg dat die dopeling by al die verkondigingsgestaltes van die

kerk sal uitkom. So wil die kerk sy lidmate lei van die doop na die nagmaal via die prediking en die kategese. Die huisbesoek skep 'n besondere geleentheid waar die dopeling bemoedig en vermaan kan word om op grond van sy doop sy lewe so in te rig dat hy gereeld en getrou by die erediens en die kategese van die gemeente sal uitkom. Hierdie opvatting bring noodwendig mee dat die huisbesoeker besondere aandag aan al die dopelinge moet gee. Huisbesoek is 'n geleentheid waar kinders gesien en gehoor word. Op grond hiervan is dit nodig dat die huisbesoek so gereël word, dat die kinders van die huis ook teenwoordig is. Om werklik 'n grondige gesprek met die kinders te kan voer, is dit nodig dat die huisbesoeker voor die tyd sal vasstel hoedanig die kinders se erediensbywoning en kategesebywoning is, hoe hulle kennis van die kategesewerk en hulle alledaagse uitlewing van hulle geloof in die wêreld is.

Dit is nie alleen die kerk se werk om te sorg dat die besondere troos en die besondere verantwoordelikheid wat die doop meebring, gestalte aanneem in die lewe van die dopelinge nie. Dit is ook die werk van die ouers. Tot hierdie verantwoordelikheid het die ouers hulleself verbind tydens die bediening van die doop. Dit is die werk van die kerk om toe te sien dat die ouers hulle doopbelofte uitvoer en dat hulle vir hierdie werk toegerus is. Die nodige toerusting wat die kerk in hierdie verband gee, is redelik skraal. Dit is hoofsaaklik beperk tot 'n kort doopkategese voor die bediening van die doop. Daar behoort in die kerk beslis sprake te wees van voortgesette doopkategese. Die huisbesoek leen hom in die besonder vir so 'n geleentheid. Tydens huisbesoek behoort die ouers verder onderrig te word aangaande die betekenis van die doop en die besondere verantwoordelikheid wat dit vir hulle meebring.

As vertrekpunt vir hierdie voorsorg en nasorg ten opsigte van die doop, kan die doopformulier en ander geskrewe stukke oor die doop behandel word. Om te voorkom dat hierdie gesprek in 'n alleenspraak ontaard, kan die ouderling vooraf 'n geskrewe stuk aan die lidmaat en sy huisgesin oorhandig vir vooraf studie. Naas die doopformulier kan verskillende Bybelgedeeltes of die vrae en antwoorde van die Heidelbergse Kategismus as vertrekpunt gebruik word.

Die huisgesin is voorsorg en nasorg ten opsigte van die gemeentelike erediens. Die erediens is die plek waar God in die besonder met sy eiendom in ontmoeting wil tree; dit is die plek waar die Woord van God verkondig word. Hierdie Woord gebruik die Here om die geloof van die mens te stig en te bou, en om die gelowiges toe te rus

KITAL

vir hulle dienswerk in die wêreld. Die erediens is ook die plek waar die gemeente deur gebed en lied antwoord gee op die Woord van God. Sonder die gereelde gemeentelike erediens, is dit nie moontlik vir die lidmaat om standvastig in die geloof te bly staan nie. Die erediens word op Sondag gehou. Dit is die dag wat God self vir sy diens afgesonder het, en nie ter wille van ons eie plesier en genot nie. Enersyds word die standpunt vandag gehuldig dat Sondag 'n dag net soos enige ander is. Andersyds word die dag beskou as 'n dag van absolute stilstand, wat oorheers word deur 'n onbeperkte aantal moets en moenies. Tussen hierdie twee uiterstes sal die kerk moet aantoon dat die Ou-Testamentiese sabbat deur Jesus Christus se koms in vervulling gegaan het. Die kerk sal moet aantoon dat die Sondag vir die gelowiges in die besonder 'n dag van erediens, barmhartigheidsdiens en liggaamlike rus is, en dat hierdie drie elemente van die Sondagviering onlosmaaklik aan mekaar verbonde is. Die klem val in die besonder op die erediensbywoning, en Sondag kan nie losgemaak word van al die ander dae van die week nie. Die lig van Sondag moet oor al die ander dae van die week skyn. Wat Sondag gehoor is, moet Maandag en Dinsdag uitgeleef word. Die geloof wat Sondag deur die verkondigde Woord versterk is, moet in die week lewende geloof wees. In die lewe van die gelowige moet die een Sondag na die volgende lei en die een erediens na die volgende. In die proses van die een wat na die ander voer, behoort die huisbesoek 'n besondere plek in te neem. Deur die huisbesoek wil die kerk nasorg doen ten opsigte van die Sondag en die erediens wat reeds verby is. Die kerk wil langs hierdie weg die lidmate wat verlede Sondag ontheilig het en nie in die kerk was nie, bestraf en vermaan. 'n Paar algemene opmerkings in hierdie verband sal nie genoeg wees nie. Die lidmaat ontheilig die Sondag, hy verwaarloos die erediens, omdat hy nie weet waarom dit noodsaaklik is om al hierdie dinge te onderhou nie. Dit sal daarom noodsaaklik wees dat hy deeglik in hierdie waarheid onderrig sal word tydens die huisbesoek. Tegelyk is die kerk ook besig om voorsorg te tref dat volgende Sondag en die volgende erediens nie weer sal gebeur wat verlede week gebeur het nie. Dit beteken nie dat nasorg en voorsorg tydens huisbesoek in hierdie verband net gedoen word by die lidmate wat van die erediens af wegbly nie. Dié wat elke Sondag in die erediens teenwoordig is, het dit net so nodig. In hulle geval moet daar tydens die huisbesoek gesorg word dat hulle die betekenis van die Sondag en al sy verskillende momente reg verstaan; dat hulle nie net Sondag

gelowiges is nie, maar dat die verkondigde Woord in die week deur hulle uitgeleef word, sodat hulle volgende Sondag weer sal heilig en weer in die erediens teenwoordig sal wees. In hierdie verband kan 'n voorafopgestelde stuk, wat voor die huisbesoek aan die lidmaat gegee word vir studie, tot 'n baie sinvolle gesprek lei.

Huisbesoek is voorsorg en nasorg ten opsigte van die kategese. Soos reeds aangetoon wil die huisbesoek sorg dat die kinders van gelowige ouers by die kategese van die kerk uitkom. Ten opsigte van die kategese, bestaan daar baie wanopvattings. Kategese word gewoonlik nie beskou as een van die verkondigingsgestaltes van die kerk nie. Dit word nie beskou as 'n middel wat God self wil gebruik om die kinders van die verbond se geloof te stig en te bou nie. Hierdie verkeerde opvatting van die kategese het baie ernstige gevolge. Dit het daartoe gelei dat die kategese in baie opsigte verwaarloos is. In die kerklike praktyk ontvang dit minder aandag en minder tyd as die ander verkondigingsgestaltes van die kerk. Omdat dit nie beskou word as 'n verkondigingsgestalte van die kerk nie, word dit in die hande van willekeurige persone gelaat. Daar is baie predikante en ouderlinge wat selfs dink dat die kategese absoluut niks met hulle te doen het nie. Omdat dit dikwels nie beskou word as 'n verkondigingsgestalte nie, word dit losgemaak van die ander verkondigingsgestaltes van die kerk. Gedurende die laaste aantal jare het die negatiewe gesindheid ten opsigte van die kategese in 'n baie groot mate verander. Die verband tussen kategese en erediens is raakgesien. Dit het daartoe gelei dat die kategese 'n integrale deel van die erediens geword het. Daarmee word bedoel dat die prediking van die kerk gedurende die laaste aantal jare so ingerig is dat die predikante Sondagoggende oor die voorgeskrewe kategetiese stof preek. Ongelukkig is die besondere verband tussen kategese en huisbesoek nog nie raakgesien nie. As verkondigingsgestalte van die kerk, sal die huisbesoek altyd 'n didaktiese karakter moet dra. Tydens huisbesoek moet Bybelse feite nie net bekend gemaak word nie, maar moet die huisgesin ook daadwerklik geleer word wat die betekenis van daardie feite is. Tydens die kategese self moet die "pastorale" aspek ook nie oorboord gegooi word nie. Die predikant is tegelyk leraar en herder. Hy gee aan die hele kategeseklas aandag, maar behoort ook aan elke individuele katkisant aandag te gee. Dit sal goed wees as hy sy werk so kan inrig dat hy van tyd tot tyd met elke katkisant afsonderlik 'n gesprek voer, byvoorbeeld tydens die gewone huisbesoek. Die inhoud van hierdie gesprek moet die bete-

kenis van die kategese wees en die besondere verantwoordelikheid wat die katkisant in hierdie verband het. As mede-subjekte van die kategese, is dit nodig dat so 'n gesprek ook gevoer word met die ouers van die katkisante. Op hierdie wyse sal baie probleme wat gewoonlik tydens die kategese ondervind word uitgeskakel word. Langs hierdie weg word gesorg dat die doopbelofte nagekom word – nasorg. Die kinders word sinvol gekatkiseer, sodat hulle hulle verantwoordelikheid kan nakom, om uiteindelik belydenis van geloof af te lê en toegelaat word om die sakramente te gebruik – voorsorg. Die kerk het nie alleen 'n besondere taak ten opsigte van die finalejaarkatkisante nie, maar ook ten opsigte van al die katkisante. Tydens die huisbesoek is dit daarom nodig dat met al die katkisante en hulle ouers gepraat word. Om dit sinvol te kan doen, is dit nodig dat die huisbesoeker ten volle op hoogte sal wees van die betrokke katkisant se kennis, gesindheid en bywoning van die kategeseklasse. Daarom is 'n registersisteem noodsaaklik sodat bogenoemde gegewens sonder moeite deur die huisbesoeker bekom kan word.

Huisbesoek is voorsorg en nasorg ten opsigte van die gebruik van die nagmaal.

Volgens die Bybels-reformatoriese opvatting, is dit noodsaaklik dat elke gelowige gereeld nagmaal gebruik. Anders as by die Rooms-Katolieke, beskou ons die nagmaal nie as 'n herhaling van Christus se eenmalige offer nie, en ook nie as 'n maaltyd waar Christus self liggaamlik teenwoordig is nie. Dit is vir ons nie 'n maaltyd wat selfwerkende krag het nie, maar 'n maaltyd waar Christus in die Gees teenwoordig is. Dit is 'n maaltyd wat God self met sy Gees gebruik om aan ons die sekerheid te gee dat Jesus Christus se liggaam waarlik vir ons sonde gebreek is, dat sy bloed waarlik gestort is om ons met God te versoen. Dit is 'n maaltyd wat God self ingestel het om op 'n sigbare wyse ons swak en wankelende geloof te versterk. Omdat ons almal sondaars is wat van nature nooit die staat van volmaaktheid bereik nie, is dit nodig dat ons almal gereeld en getrou nagmaal moet gebruik. Om weg te bly van die nagmaal, is 'n teken van grootheidswaan. As jy wegbly van die nagmaal, dan beteken dit eenvoudig dat jy indirek daarmee sê dat jou geloof so sterk is dat jy die versterking wat God aan jou wil gee, nie nodig het nie.

Die nagmaal, as ons dit so mag stel, verkeer in 'n krisis. 'n Aantal jare gelede het feitlik al die lidmate van die kerk gereeld nagmaal gebruik. Dit was hoogs uitsonderlik as iemand van die nagmaal af

weggebly het. Vandag is daar 'n groot aantal lidmate wat feitlik nooit meer nagmaal gebruik nie. By navraag het dit geblyk dat in die meeste stadsgemeentes net ongeveer vyftig persent van die lidmate tydens nagmaal teenwoordig is. Die lidmate voer baie redes aan waarom hulle nie nagmaal gebruik nie. 'n Groot gedeelte bly weg omdat hulle nie naastenby begryp wat die betekenis van die nagmaal is nie, ander bly weg omdat hulle dink dat die nagmaal net ingestel is vir sogenaamde sondelose mense. 'n Groot gedeelte bly weg omdat hulle nie besef dat ons die nagmaal nodig het ter versterking van die geloof nie.

Dit is van die allergrootste belang dat die kerk in sy verkondiging meer aandag aan die nagmaal sal gee. Omdat baie van die lidmate wat nie nagmaal gebruik nie, ook nie in die gewone erediens teenwoordig is nie, sal hierdie saak op 'n besondere wyse tydens die huisbesoek aandag moet geniet. In die gesprekmatige verkondiging tydens die huisbesoek, sal die gemeente opnuut geleer moet word wat die betekenis van die nagmaal is. Dit wil nie net verseker dat die lidmaat wat nooit nagmaal gebruik die betekenis daarvan ken nie, maar ook die lidmaat wat wel gereeld nagmaal gebruik.

Sommige lidmate kom net kerk toe wanneer daar nagmaal gevier word. Die nagmaal is vir hulle alles en die gewone verkondiging van die Woord niks nie. Die oorskatting van die nagmaal en die onderskatting van die gewone erediens is 'n res van die Roomse teologie wat nog onder ons bly voortbestaan het. Die huisbesoek is 'n geskikte geleentheid om hierdie verkeerde siening af te breek. Dit is 'n geskikte geleentheid om die regte verband tussen nagmaal en gewone bediening van die Woord onder lidmate se aandag te bring, en om te sorg dat die lidmaat wat gister die nagmaal gebruik het, volgende Sondag en die Sondag daarna in die gewone erediens sal uitkom.

Net soos die doop, hou die nagmaal nie net vir ons troos in nie. Die nagmaal bring ook vir ons verantwoordelikheid mee. Die mens wat nagmaal gebruik het, moet daarna voortleef soos 'n mens wat waarlik gesmaak en gesien het dat God hom genadig was in en deur Jesus Christus. Hy moet oortuig wees dat Christus alles gedoen het wat nodig is vir sy saligheid, en niks meer van homself en sy eie goeie werke verwag nie, maar in alles alleen van Jesus Christus afhanklik wees. Hy moet gaan leef soos 'n mens wat besef dat hy duur gekoop is met die bloed van Jesus Christus. Sy woord en sy daad moet daarvan getuig dat hy die eiendom van God is. Die

huisbesoek wil nou sorg dat die goeie lewe, wat uit die gebruik van die nagmaal moet voortvloei, onder die lidmate aanwesig sal wees.

Die huisbesoek wil nie met betrekking tot die nagmaal net voorsorg en nasorg doen ten opsigte van hulle wat reeds klaar tot die nagmaal toegelaat is nie. God wil met Woord en sakrament ons wankelende geloof onderhou. Dit is daarom sy wil dat almal wat deel van sy kerk is (al die gedoopte lidmate van die kerk) een of ander tyd by die nagmaal sal uitkom. Saam met die prediking en die kategese, wil die huisbesoek hiervoor sorg.

Huisbesoek is voorsorg en nasorg ten opsigte van die belydenis van geloof.

Soos reeds aangetoon, maak die kinderdoop verdere onderrig in die Woord van God noodsaaklik. Tydens die doop is aan die dopeling betuig en verseël dat God sy Vader is, dat Jesus Christus hom skoon gewas het van al sy sondes en dat hy die Heilige Gees ontvang het. Die waarheid wat tydens die doop betuig en verseël is, moet geglo en bely word. Geloof en belydenis is slegs moontlik deur die werking van die Heilige Gees. Die Heilige Gees werk die geloof deur die verkondigde Woord. Dit bring noodwendig mee dat die dopeling na sy doop gereeld en getrou onder die verskillende gestaltes van die verkondigde Woord moet kom. Hy moet gereeld by die eredienste, kategese en huisbesoek van die gemeente teenwoordig wees.

Wanneer iemand belydenis van geloof doen, lê hy 'n belofte af. Hy bely dat hy glo in "God die Vader, die Almagtige, Skepper van hemel en aarde en in Jesus Christus, sy enigste Seun, ons Here en in die Heilige Gees".[14] Kortliks beteken dit dat hy bely dat hy in God glo, soos God Homself in sy Woord aan ons bekend gemaak het. Belydenis van geloof is nie 'n eenmalige onherhaalbare daad nie. As jy in die drieënige God glo, is jy geroepe om Hom voortdurend te bely. Op grond hiervan word vir hom gevra: "Is dit ook u voorneme om deur Gods genade by hierdie belydenis te bly?"[15] Om steeds in God te bly glo, is dit nodig dat die Heilige Gees voortdurend die geloof in jou sal werk. Daarom moet jy voortdurend na die verkondigde Woord van die kerk luister en die sakramente gebruik. Die

---

14. Formulier vir die afneem van openbare Geloofsbelydenis, Diensboek vir gebruik in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, p 43.
15. Formulier vir die afneem van openbare Geloofsbelydenis, Diensboek vir gebruik in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, p 43.

huisbesoek wil sorg dat die geloof wat eenmaal bely is, altyd weer opnuut bely sal word.

Geloof en goeie werke is onlosmaaklik aan mekaar verbonde. Geloof sonder goeie werke is onmoontlik. 'n Sentrale deel van 'n mens se goeie werke is die bekering. Op grond hiervan beloof jy die dag as jy belydenis van geloof doen, dat jy jou voortdurend tot die Here sal bekeer.[16] Jy beloof om wat sondig is en in stryd is met die Woord van God, af te lê en elke dag van jou lewe te doen wat God behaag en wat Hy in sy Woord beveel. Op hierdie vlak bestaan daar baie misverstand by lidmate. Baie dink dat hy in God kan glo en verder kan doen net wat hy wil; dat goeie werke willekeurige werke is. Die Bybel leer ons dat goeie werke volgens Gods Woord alleen uit geloof tot eer van God gedoen word.[17] Ter wille van die voortdurende bekering moet daar voortdurend huisbesoek gedoen word.

Net soos geloof en goeie werke onlosmaaklik aan mekaar verbonde is, net so is geloof en kerk nie van mekaar te skei nie. Dit is die wil van God dat elkeen wat in Hom glo, deel sal wees van sy kerk en dat hy sy geloof in die ruimte van die kerk sal uitleef.[18] Kragtens jou doop en op grond van jou belydenis is jy deel van die kerk. Die kerk is die liggaam van Christus, en die middel waarmee God in die wêreld werk. Dit is die ruimte waarbinne Hy in die besonder met sy eiendom in ontmoeting tree. Hy wat die kerk verwerp, verwerp in werklikheid vir God self. Omdat God en sy kerk nie van mekaar geskei kan word nie, is dit die taak en roeping van die lidmaat om die groei en die vooruitgang van die algemene, Christelike kerk te bevorder en om in die besonder mee te werk tot die groei en die bloei van die kerk waarvan God hom deel gemaak het. Hiertoe verbind elke lidmaat homself die dag wanneer hy belydenis van geloof aflê.[19] Omdat baie lidmate nooit in die erediens kom nie, is die enigste plek en tyd waar gesprek sinvol gevoer kan word, tydens die huisbesoek. Dit is die geleentheid waar die "goeie vermanings" gedoen kan word, waaraan die lidmaat belowe het om homself te onderwerp, die dag toe hy sy geloof bely het.

---

16. Formulier vir die afneem van openbare Geloofsbelydenis, Diensboek vir gebruik in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, p 43.
17. Romeine 14:23; Livitikus 18:4; 1 Samuel 15:22; Efesiërs 2:10; 1 Korintiërs 10:31; Esegiël 20:18 en 19: Jesaja 29:13, Matteus 15:7-9. Sien ook vraag en antwoord 91 van die Heidelbergse Kategismus.
18. Sien in die besonder Handelinge 2:37-47.
19. Formulier vir die afneem van openbare Geloofsbelydenis, Diensboek vir gebruik in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, p 43.

In die geheel gesien, is dit die taak van die huisbesoek om voorsorg en nasorg te doen ten opsigte van die gelowige se hele geloofslewe. In hierdie verband kan ons sê dat die kerk besig is om opsig te hou tydens sy huisbesoek. In die moderne tyd is daar baie lidmate wat hulle nie meer aan hierdie opsig van die kerk wil onderwerp nie en wat aanstoot neem as die predikant of die ouderling dit sou waag om met hulle oor hulle lewe te praat. Die lidmaat wat so redeneer, het vergeet dat hy homself met sy belydenis van geloof verbind het tot onderwerping aan die opsig van die kerk. Hy is nie slegs besig om 'n instelling van mense te verwerp nie, maar verwerp só die Woord van God.

Soms is dit nodig dat die opsig in tug sal oorgaan. As die kerk aanhoudend met lidmate oor 'n bepaalde sonde gepraat het en hulle hulle nie bekeer nie, is dit nodig dat verdere stappe gedoen word. Die kerk kan eers tot tugstappe oorgaan as hy oortuig is dat die Woord voldoende in die bepaalde geval verkondig is. Indien 'n lidmaat afgedwaal het van die waarheid, indien hy ongehoorsaam aan die Woord van God is en in sonde en ongeregtigheid leef, sal net een besoek per jaar nie voldoende wees nie. In sulke gevalle moet die huisbesoeker meer as een keer per jaar by hom huisbesoek doen. Dit bring ons by die praktiese vraag van hoe dikwels daar by die lidmate huisbesoek gedoen moet word.

Vroeër het die kerk verwag dat die predikante een keer per jaar al die lidmate van die gemeente moet besoek. Van die ouderling is verwag dat hy voor elke nagmaal al die lidmate van sy wyk moet besoek. Vroeër jare kon hierdie opdrag makliker uitgevoer word. Die lidmate se werksomstandighede was van so 'n aard dat die predikant ook gedurende die dag by hulle huisbesoek kon doen. Vandag is die predikant se huisbesoektyd vir alle praktiese doeleindes tot 'n enkele paar ure per aand beperk. As al die kerklike vergaderings en ander vergaderings bygereken word, dan bly daar nie veel tyd vir huisbesoek oor nie.

Op grond hiervan is die bepalings van die *Kerkwet* so gewysig dat daar nie sonder meer van die predikant verwag word om sy hele gemeente jaarliks te besoek nie.[20] Daar word bepaal dat predikante in oorleg met die kerkraad sal reël hoedanig die huisbesoek gedoen moet word. Die predikant se werksomstandighede moet deeglik ontleed word. Alle predikante het nie noodwendig ewe veel werk

20. Wet en Bepalings van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, soos gewysig tot en met die 59ste Algemene Kerkvergadering 1979, Bepaling 101:3(a), p 60.

nie. Sommige predikante doen dikwels 'n groot hoeveelheid werk in die breër verband van die kerk. Die predikant se huislike omstandighede behoort in ag geneem te word, maar ook die omstandighede van die gemeente. Daar is nie twee gemeentes met presies dieselfde omstandighede nie. Sommige gemeentes het baie meer probleemgevalle as ander of meer siek en bejaarde lidmate. Hoe groter 'n gemeente is, hoe groter is die getal mense wat besondere aandag vra. Dit blyk dat in die moderne tydsgewrig dit nie vir 'n predikant moontlik is om in 'n stadsgemeente by meer as ongeveer 550 belydende lidmate per jaar, huisbesoek te doen nie. Die kwaliteit van die huisbesoek kan maklik vanweë gejaagdheid, verlaag word. Dit is noodsaaklik dat 'n predikant kalm en rustig, sonder gejaagdheid, moet kan voortgaan om huisbesoek te doen. Die ringskommissie wat opsig hou, moet in kennis gestel word van elke besondere gemeente se reëlings ten opsigte van huisbesoek. Die gemeente moet ook in kennis gestel word van die besluit van die kerkraad ten opsigte van die huisbesoek. As die kerkraad vooraf besluit hoeveel daar van die predikant verwag word ten opsigte van die huisbesoek en die gemeente word dien ooreenkomstig ingelig, sal ongemotiveerde en onnodige eise wat in hierdie verband aan die predikant gestel word, ophou.

Daar is tans baie meer mense wat van die kerk vervreemd is as in die verlede. Deur hierdie mense net een keer per jaar te besoek, word nie veel bereik nie. Hier is voortdurend opvolgbesoeke nodig. In die lig van Bybelse gegewens, blyk dit dat daar meer besondere aandag aan hierdie afgedwaaldes moet gegee word. Die predikant kan byvoorbeeld die eerste jaar eers al die lede besoek. Die volgende twee jaar gaan hy die gemeente een keer deur en bestee die res van die tyd aan die kerkvervreemdes.

As algemene reël kan geld dat die ouderlinge die huisgesinne voor elke nagmaal besoek. In besondere gevalle sal dit nodig wees om meer as een besoek in drie maande te bring. In die geval van kerkvervreemdes, kan die reëling geld dat die ouderling hulle indien moontlik, elke maand besoek. Hieruit moet nie die afleiding gemaak word dat gewone huisbesoek net gedurende hierdie tyd gedoen moet word nie. Sommige ouderlinge se werksomstandighede is net eenvoudig so dat hulle nie spesifiek voor nagmaal al die lidmate kan besoek nie. In sulke gevalle word die huisbesoek tussen twee nagmaalsvierings gedoen.

Die opsig oor 'n bepaalde huisgesin moet noodwendig soms in

tugstappe oorgaan. Dit mag alleen gebeur as die kerkraad daarvan oortuig is dat hy die Woord oor 'n baie lang periode gereeld aan daardie huisgesin bedien het. Dikwels is dit nodig dat tugstappe teen 'n bepaalde huisgesin geneem moet word, maar dat die kerkraad dit nie met vrymoedigheid kan doen nie, aangesien hulle nie voldoende bemoeienis met daardie huisgesin in die verlede gemaak het nie. Baie goeie werk van die kerk gaan verlore vanweë die feit dat elke predikant in 'n nuwe gemeente en elke nuwe ouderling vir alle praktiese doeleindes van voor af moet begin, omdat hulle nie weet hoedanig 'n lidmaat se kerklike meelewing in die verlede was nie, en wat daar in die verlede gedoen is ten opsigte van daardie lidmaat nie. Dit sal goed wees om in elke gemeente 'n kaartsisteem te gebruik, waarop die ouderling en die predikant, met elke besoek, die lidmaat se kerklike meelewing opteken en ook wat daar ten opsigte van die saak gedoen is. Sodra 'n lidmaat verhuis, kan hierdie kaart saam met die attestaat na die volgende gemeente gestuur word. So 'n sisteem sal meebring dat die kerkraad op 'n gemotiveerde wyse op 'n bepaalde stadium kan besluit om bepaalde tugstappe teen 'n bepaalde lidmaat te neem.

Tugstappe word nie teen 'n gemeentelid geneem met die doel om hom van die kerk te vervreem nie. Dit word juis geneem met die doel om hom te behou en tot bekering te bring. Dit bring noodwendig mee dat daar by daardie lidmaat nie minder huisbesoek gedoen word as in die verlede nie, maar dat hy meer dikwels besoek moet word.

Huisbesoek en die ander verkondigingsgestaltes van die kerk, is onlosmaaklik aan mekaar verbonde. Dit is nie moontlik om al die verkondigingsgestaltes van die kerk in waterdigte kompartemente in te deel nie. Elke verkondigingsgestalte bevat altyd 'n element van die ander. Ons kan dit die beste soos volg illustreer. Die besondere kenmerk van die kategese is die feit dat dit onderrigtend van aard is. Hierdie selfde element kom in 'n mindere of meerdere mate by al die ander verkondigingsgestaltes van die kerk voor. Daar bestaan nie so-iets soos prediking, evangelisasie of huisbesoek sonder onderrig nie.

3.4 HUISBESOEK IS ONLOSMAAKLIK VERBONDE AAN DIE ANDER VERKONDIGINGSGESTALTES

Tydens die bespreking van die huisbesoek as voorsorg en nasorg,

het ons reeds in 'n baie groot mate die besondere verhouding tussen die huisbesoek en die ander verkondigingsgestaltes aangetoon. Gevolglik sal ons hier met enkele opmerkings volstaan. Ons moet aandui in hoe 'n mate die besondere kenmerke van die huisbesoek by die ander verkondigingsgestaltes voorkom, en in hoe 'n mate hulle besondere kenmerke weer in die huisbesoek voorkom. Verder sal ons aandui hoe 'n groot plek die huisbesoek in die geheel van die kerklike praktyk behoort in te neem.

Globaal gesien is daar nie 'n verskil tussen die verkondigingsgestaltes van die kerk nie. Almal word in opdrag van God verrig en tot stigting en vermeerdering van die geloof. Ten opsigte van almal is dit God alleen wat met sy Gees vrugte daarop kan gee. Die Woord van God is almal se inhoud en die predikant is die eerste een wat verantwoordelik is vir die bediening daarvan. Die verskil tussen die verkondigingsgestaltes is hoofsaaklik geleë in hulle objek en die wyse waarop dit bedien word.

Die kenmerkende van die huisbesoek is dat dit verkondiging in die vorm van gesprek is, en dat dit gerig is tot enkelinge of tot 'n individuele huisgesin. Hierdie besondere kenmerk van die huisbesoek kom ook tot uitdrukking in die prediking. In die prediking is die objek die hele gemeente. Die gemeente is egter in die kerk teenwoordig as individue of huisgesinne. Die feit dat iemand deel van die gemeente is, beteken nie dat hy ophou om individu te wees nie.

Die prediking moet altyd sodanig wees dat dit verkondiging vir die hele gemeente is, maar tegelyk verkondiging vir elke individu. Die enkeling in die gemeente moet deur die prediking so aangespreek word dat hy sal besef dat die gebeure wat baie jare gelede plaasgevind het, en wat vandag aan hom verkondig word, ook gebeure is wat hom persoonlik raak; dat dit in die Bybel opgeteken staan, ook ter wille van hom en sy saligheid. Waar tydens die huisbesoek besondere klem op die huisgesin as 'n eenheid gelê word, behoort dit ook te geld ten opsigte van die prediking. Uit die Bybel is dit baie duidelik dat dit die wil van God is, dat die huisgesin as 'n eenheid in sy diens sal staan. Dit is daarom van besondere belang dat tydens huisbesoek met lidmate gepraat sal word waar hierdie eenheidsband ten opsigte van die diens van die Here, nie tot sy reg kom nie. Vandag word dit al hoe meer 'n alledaagse verskynsel dat òf mans òf vrouens alleen na die erediens kom en in alle opsigte alleen as individue, meelewende lidmate van die gemeente is. Die

ontstellende is dat hierdie verskynsel selfs in die huise van ampsdraers van die kerk voorkom. Die vrou moet besef dat sy geskape is om in alle opsigte vir die man 'n hulp te wees. Sy moet saam met hom dieselfde pad bewandel, nie alleen in sy alledaagse werk nie, maar ook in sy kerkwerk. Daar waar man en vrou saam dieselfde pad bewandel in diens van die Here, is dit ook baie makliker om die kinders by hierdie eenheidsband in te skakel.

Die gesprekmatige karakter van die huisbesoek behoort ook tot sy reg te kom tydens die prediking. Prediking behoort in werklikheid nie anders aangebied te word as in gesprekvorm nie. Die Here praat deur sy Woord en sy ampsdraers met die lidmate – Hy skreeu nie vir hulle nie en sing hulle ook nie aan die slaap nie. In hierdie gesprek is die predikant wel die enigste een wat praat, terwyl die gemeente luister. Hierdie lidmaat moet luister om werklik te hoor wat gesê word. Net soos die huisbesoek-gesprek die lidmaat oproep om te antwoord op dít wat verkondig word, so wil die prediking dit ook doen. Dit wil die lidmaat in beweging bring om môre en oormôre in die wêreld te leef en te glo soos daar aan hulle verkondig word. Die prediking van die kerk behoort ook dikwels tydens die huisbesoek ter sprake te kom. Dit behoort 'n bron te wees waar dikwels heen teruggewys word. Soos die predikant verwag dat die lidmaat die gepreekte Woord moet hoor en uitleef, so behoort die lidmaat ook te verwag dat die predikant "reg" sal preek en die Woord suiwer aan hom moet verkondig, op so 'n wyse dat hy dit kan begryp. Een van die probleme met die prediking is dat sy objek baie wyd is. In een erediens gebeur dit dikwels dat mense met die hoogste akademiese kwalifikasies teenwoordig is, maar tegelyk ook mense met die absolute laagste. Daar is mense teenwoordig wat vér gevorder is in jare en tegelyk ook kinders; mense wat die Bybel baie goed ken, maar ook mense wat miskien vir die eerste keer in hulle lewe in die kerk kom. Vir al hierdie mense moet gelyktydig gepreek word. Dit bring noodwendig mee dat die predikant miskien òf te "hoog" òf te "laag" sal preek. Om die predikant in hierdie verband te help, sal dit goed wees as lidmate tydens huisbesoek met die predikant 'n gesprek voer oor die inhoud van sy preke, maar ook oor die aanbieding daarvan.

Die besondere kenmerke van die huisbesoek behoort tydens die kategese 'n rol te speel. Die kategese word gewoonlik aangebied in 'n klas van kinders. Die eenheidsband tydens die kategese moet gehandhaaf word, maar tegelyk moet die individuele kenmerke van

elke katkisant nie geïgnoreer word nie. Katkisante is individue, wat uit verskillende huisgesinne met verskillende lewensomstandighede kom. Hierdie verskille maak van hulle mense wat verskillend optree. Vir goeie voortgang van die kategese is dit nodig dat die kategeet net soos die huisbesoeker kennis sal neem van hierdie individualiteit van elke katkisant. Die kategeet moet sy boodskap so oordra dat dit elke katkisant sal aanspreek en die kategeet moet van tyd tot tyd 'n individuele gesprek met elke katkisant voer. Die verband met die huisgesin behoort tydens die kategese nie vergeet te word nie. Dit is raadsaam dat voortdurend met die ouers tydens huisbesoek oor die kinders se kategese gepraat word. Hierdie gesprek behoort nie alleen plaas te vind tydens die gewone huisbesoek nie. By kinders uit 'n bepaalde huisgesin wat nie hulle verantwoordelikheid ten opsigte van die kategese nakom nie, behoort die predikant en die ouderling so gou as moontlik te gaan huisbesoek doen.

Die besondere kenmerke van die huisbesoek behoort ook tot uitdrukking te kom tydens evangelisasie. Besondere resultate met evangelisasie word gewoonlik alleen behaal as met die heiden 'n individuele gesprek gevoer word. Die huisbesoek-gesprek moet dikwels net soos die evangelisasie-gesprek ingerig word, aangesien baie lidmate wel amptelik lidmate van die gemeente is, maar hulle min glo van wat in die Bybel staan, en soos mense leef wat geheel en al ongelowiges is. Tydens die huisbesoek behoort die saak van evangelisasie ook voortdurend ter sprake te kom. Die lidmate moet tot die besef gebring te word dat elkeen van hulle 'n taak het ten opsigte van dié wat glad nie glo nie.

Hoe 'n groot deel van die predikant se tyd behoort die huisbesoek in beslag te neem? Indien ons die voorbereidingsaspek buite rekening laat, blyk dit dat die predikante bykans 75 persent van hulle tyd wat aan verkondiging gewy word, aan die gewone huisbesoek bestee. Behaal die kerk op hierdie wyse, menslik gesproke, die grootste moontlike resultate? Volgens die Bybel behoort meer aandag aan die geheel as aan die individu gegee te word. Vra die huidige tydsgewrig met sy groot aantal buitekerklikes nie dat meer aandag aan hulle gegee moet word nie? Is voorkoming nie beter as genesing nie? Miskien moet ons die gewone huisbesoek van huis tot huis bietjie verminder en die kategese en die besoek aan mense wat vervreemd geraak het, 'n bietjie vermeerder. Opsommend kan ons die volgende sê:

- Huisbesoek is verkondiging van die Woord van God.

- Huisbesoek is die verkondiging van die Woord aan enkelinge of individuele huisgesinne.
- Huisbesoek is die verkondiging van die Woord in die vorm van 'n gesprek.
- Huisbesoek is voorsorg en nasorg.
- Huisbesoek is opsig en word waar nodig tug.
- Huisbesoek is onlosmaaklik verbonde aan al die ander verkondigingsgestaltes van die kerk.

4

Die objek van die huisbesoek

Die objek van die huisbesoek is die mens. Wie is die mens van wie hier sprake is?

4.1 DIE MENS IS SKEPSEL VAN GOD

Enersyds bestaan die gevaar dat die mens dikwels te gering geskat word. Andersyds bestaan die gevaar dat die mens weer te hoog geskat word. As die mens te laag geskat word, word daar met hom gehandel soos met 'n lewelose ding of soos met 'n dier. Hy word beskou as 'n wese wat absoluut niks kan vermag nie en ook absoluut geen verantwoordelikheid het nie. As die mens te hoog geskat word, word alles aan hom toegeskryf en selfs die onmoontlike word van hom verwag. Hy word beskou as 'n wese aan wie se vermoëns geen perke is nie. Om die mens in die regte lig te sien, is dit nodig om te kyk na die besondere wyse waarop God die mens geskape het, die besondere gawes wat God aan die mens gegee het en wat die mens met hierdie besondere gawes gemaak het. Ons moet gaan kyk wat die Bybel van die mens sê. In die Bybel sien ons dat die mens nooit te hoog geskat word nie, maar ook nooit te laag nie.

4.2 GOD HET DIE MENS GESKAPE

Net soos die res van die skepping, is die mens deur God geskape. Die mens se skepping is nie die resultaat van 'n evolusieproses nie. God is nie net die Skepper van hemel en aarde nie, maar ook die Skepper van die mens. Die mens het nie sy lewe te danke aan die noodlot nie, maar aan God. Omdat God hom geskape het, behoort sy lewe aan God. Van God alleen moet hy alles verwag. Vir God en sy diens alleen moet hy leef. Die sin van sy lewe is die eer van God. Omdat die mens alles van God alleen moet verwag, moet hy elke dag sy eie nietigheid en afhanklikheid van God besef en uitleef.

4.3 GOD HET DIE MENS GESKAPE UIT DIE STOF VAN DIE AARDE

Omdat die mens geneem is uit die stof van die aarde, is hyself stof.[1] As deelgenoot aan die stof van die aarde, is die mens nie veel meer as hierdie stof nie. Hy is geneem uit die stof van die aarde en na hierdie stof sal hy weer terugkeer. Dit bestem hom tot 'n kortstondige wese. "Die mens, sy lewensduur is soos dié van gras, soos dié van 'n veldblom wat oopgaan: as die woestynwind daaroor waai, is dit weg en sy plek is altyd leeg."[2] "Hy is soos die gras wat in die môre afgesny word: in die môre is dit nog groen, maar dit word afgesny en teen die aand is dit verlep en dit verdroog."[3]

Omdat die mens uit die stof van die aarde geneem is, is sy lewe in 'n baie groot mate stofgebonde. Hy is van nature 'n wese wat net wil leef vir die stoflike.

4.4 DIE MENS IS MEER AS DIE STOF VAN DIE AARDE EN DIE DIERE VAN DIE VELD

In onderskeid met die res van die skepping, het God self die asem van die lewe in die mens se neus geblaas en het hy 'n lewende siel geword.[4] Op grond van hierdie besondere wyse waarop God die mens gemaak het, is die lewe van die mens 'n psigosomatiese eenheid. Anders as die res van die skepping is die mens nie net liggaam nie. Hy is liggaam en siel. Dit is van die allergrootste belang dat daar vasgehou word aan hierdie eenheid van liggaam en siel.[5] Dit gebeur dikwels dat al die klem op die mens se liggaam geplaas word. Andersyds gebeur dit dat al die klem op die siel geplaas word. As al die klem op die liggaam geplaas word, gebeur dit dat die geestelike aspek van die mens se lewe verwaarloos word. As die kerk hierdie pad loop, word die barmhartigheidsdiens alles en die verkondigde Woord niks nie. Dan word die sosiale opheffing van die mens

---

1. Genesis 2:7,3; 19 en 23, Prediker 12:7 en 1 Korintiërs 15:47
2. Psalm 103:15–16
3. Psalm 90:5–6; Jesaja 40:6–7
4. Genesis 2:7
5. Otto Weber, Karl Barths Kirchliche Dogmatik Ein Einführender Bericht. Neukirchen Kreis, Moers, 1958, p 118–119
   G C van Niftrik, Kleine Dogmatik, Vijfde Herziene en vermeerderde druk. Callenbach, 1961, p 93
   Eduard Thurneysen, Die Lehre von der Seelsorge, a.w., p 45–59

belangriker as die verkondiging van die evangelie. As al die klem op die gees (siel) geplaas word, word die mens se materiële behoeftes beskou as van nul en gener waarde. Die kerk verkondig dan net die evangelie aan hom en steur hom hoegenaamd nie aan die mens se materiële behoeftes niė. As die psigosomatiese eenheid van die mens gehandhaaf word, het die kerk begrip vir die mens in sy totaliteit. Die mens se geestelike en materiële nood bly dan altyd in die gesigsveld. Die kerk gee dan nie net kos en klere nie. Hy gee die evangelie, en as dit nodig is ook kos en klere.

Die oorbeklemtoning van die mens se gees (siel), het dikwels daartoe gelei dat die siel verhef word tot 'n sogenaamde goddelike eienskap wat in die mens woon. Hierdie hoër deel van die mens se eksistensie, word dan as onaantasbaar beskou; as iets in die mens wat nie deur die sonde aangetas is nie. Hierdie onaantasbare goddelike in die mens, word dan beskou as die mens se lig op sy pad en die lamp vir sy voet. Dit stel hom in staat om self te onderskei tussen goed en kwaad; om self met sy eie vermoëns die pad te bewandel wat vir God welbehaaglik is. Dit verhef hom tot 'n wese wat God se genade nie meer nodig het nie en sonder die Woord van God kan klaarkom.

4.5 DIE MENS IS GESKAPE NA DIE BEELD VAN GOD[6]

Oor die uitdrukking "beeld van God", bestaan daar wyd uiteenlopende opvattings.[7] Om uit al die verklarings 'n keuse te maak, is nie so maklik nie. As gelowiges wat op 'n bepaalde belydenisgrondslag staan, is ons seker geroepe om die verklaring van ons kerk se belydenisskrifte in hierdie verband te aanvaar. Om geskape te wees na die beeld van God, beteken om geskape te wees in ware kennis, gereg-

6. Genesis 1: 27, 5: 1, 9: 6 en Kolossense 3:10
7. A D R Polman, Onze Nederlandsche Geloofsbelijdenis verklaard uit het verleden geconfronteerd met het heden, Tweede deel. T Wever, Franeker, p 97–151
   G C van Niftrik, a.w., p 90
   T H L Haitjema, De Heidelbergse Catechismus als klankbodem en inhoud van het actuele belijden onzer kerken. H Veenman en Zonen, Wageningen, 1962, p 28. (Sien ook nog ander kommentare op vraag en antwoord 6 van die Heidelbergse Kategismus.)
   Johannes Calvijn, Institutie of onderwijzing in die Christelijke Godsdienst; Uit het Latijn vertaald door A Sizoo. Naamlose Vennootschap W D Meinema, Delft, Derde druk 1956, I, XV, 3: II, XIII, 6

tigheid en heilighied. Dit beteken dat God die mens so geskape het dat hy sy Skepper reg kon ken, van harte lief kon hê en in ewige gemeenskap saam met Hom kon leef.[8]

4.6 DIE MENS IS GESKAPE OM TE HEERS OOR DIE SKEPPING

God het die mens geskape om te heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en die vee, en oor die hele aarde en oor al die diere wat op die aarde kruip.[9] Op grond van hierdie opdrag, is die mens bestem om op 'n verantwoordelike wyse besig te wees met die ganse geskape werklikheid. Om met die materiële wêreld besig te wees, is nie sonde nie, maar 'n opdrag van God. Die verantwoordelike besig wees met die bestaande werklikheid, is 'n natuurlike deel van die mens se lewe op aarde.

4.7 DIE MENS IS GEVALLE SONDAAR

Die mens wat oorspronklik ryklik deur God begenadig is, het sy rug op God gekeer. Hy het eerder na Satan geluister as na God en hy het gesondig.[10] Die gevolg van die sondeval is verreikend van aard. As die sonde eenmaal die wêreld inkom, kom dit om vir altyd in die wêreld te bly. Deur een mens het die sonde die wêreld ingekom en ons het almal deel daaraan.[11] Die mens word nou 'n wese wat God en sy medemens nie meer van nature liefhet nie.[12] Hy word 'n wese wat van nature ongehoorsaam is aan God se Woord. Hy kan en wil nie meer gehoorsaam wees aan die Woord van God nie. Nie alleen sy liggaam is aangetas deur die sonde nie, maar ook sy wil. Sy ganse psigosomatiese eenheid is getref en verwoes deur die sonde. So geweldig het die sonde hom in sy totaliteit verwoes, dat daar in hom geen enkele vermoë oorgebly het om te onderskei tussen goed en kwaad nie. As hyself moet kies, kies hy vir die kwade ten koste van die goeie, vir Satan in plaas van God. Die mens is nie nou meer 'n

---

8. Heidelbergse Kategismus, vraag en antwoord 6
9. Genesis 1:26; 9:2 en Psalm 8:6
10. Genesis 3
11. Romeine 5:12, 18 en 19
12. Romeine 7:23; 8:7 Efesiërs 2:3, Titus 3:3, Genesis 6:5; 8:21, Jeremia 17:9. Vergelyk ook Heidelbergse Kategismus, vraag en antwoord 5; Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 15; Die Dordtse Leerreëls, hoofstuk 3 en 4

wese wat in die lig staan nie, maar hy staan in die duisternis. Hy het alle kennis van God en die waarheid verloor. Sy besondere verhouding met God is opgehef. Hy het verander tot die voorwerp van God se toorn en gerig en tot 'n wese wat alleen bestem is vir die ewige verdoemenis. Die straf op sy sonde is om te leef op 'n aarde wat dorings en distels voortbring – nood, siekte, ellende en droefheid. Die straf op sy sonde is die dood, die eenwording met die aarde waaruit hy geneem is.[13] Die verskriklike is dat die mens self aan hierdie toestand niks kan doen nie. Elke poging om homself uit die krisissituasie te bevry, is volkome tevergeefs. As daar tydens die huisbesoek erns gemaak word met die feit dat die mens 'n gevalle sondaar is, en dat hy geneem is uit die stof van die aarde, sal die mens nooit te hoog aangeslaan word nie, en sal daar van sy natuurlike vermoëns nie te veel verwag word nie.[14]

4.8 DIE MENS IS AANSPREEKBARE SKEPSEL

In alles bly die gevalle skepsel nog aanspreekbaar. Hy wat eenmaal goed geskape is, het deur sy eie onwilligheid en ongehoorsaamheid die vloek op hom gelaai. Hy is 'n verantwoordelike wese wat deur God regverdig aangespreek word in die oordeel.[15] Die feit van iemand se sonde, sy ongehoorsaamheid en sy liefdeloosheid kan nie sonder meer aanvaar word met die verskoning dat hy nou eenmaal die prooi van die sondeval is en daar niks aan kan doen nie. Nieteenstaande die sondeval, bly die mens aanspreeklik vir al sy dade en hy sal daarvoor verantwoording voor God moet doen.

4.9 DIE MENS IS BEGENADIGDE SKEPSEL

Die mens kan nie self weer die verhouding tussen hom en God regstel nie. Die mens kan nie self sy sonde uitwis om vir homself die saligheid te verkry nie. Dít wat die mens nie self kan doen nie, het God vir hom gedoen, deur sy Seun, Jesus Christus. Deur Jesus Christus se lyde en sterwe het Hy vir al die mens se sonde betaal, het

---

13. Genesis 3:19, Job 34:15, Prediker 3:20 en 12:7
14. J J de Klerk, a.w., p 67
15. Heidelbergse Kategismus, vraag en antwoord 9; vergelyk ook J J de Klerk, a.w., p 68

Hy die mens met God versoen en aan die mens die saligheid gegee.[16] Hierdie Jesus word in die Nuwe Testament die beeld van God genoem.[17] Omdat Hy die beelddraer van God is, beteken dit dat die mens in en deur Hom weer gekom het tot die ware kennis van God, geregtigheid en heiligheid. In en deur Jesus Christus het die mens weer geword tot 'n wese wat God kan ken, liefhê, in sy weë wandel en in ewige gemeenskap met Hom lewe. Hierdie verlossing het Jesus Christus vir alle mense verwerf. Dit beteken nou nie dat alle mense sonder meer deel het aan hierdie verlossing nie. Alleen hulle het deel, wat in Jesus Christus glo.[18] Die geloof is ook nie sonder meer 'n menslike moontlikheid nie. Die geloof is alleen moontlik deur die werking van die Heilige Gees.[19] Hierdie Gees het God in sy volheid oor die mens uitgestort op pinksterdag.[20] Die Heilige Gees werk die geloof nie op enige willekeurige wyse in die mens nie, maar werk dit deur die verkondigde Woord;[21] en Hy versterk dit deur die verkondigde Woord en die gebruik van die sakramente.[22] Om hierdie besondere werking van die Heilige Gees in die lewe van mense moontlik te maak, bring Hy sy uitverkorenes in sy kerk bymekaar.[23]

Met hierdie besondere genade van God in gedagte,[24] behoort die huisbesoeker nooit die lidmaat wat hy gaan besoek, te laag te skat nie. Al is die lidmaat miskien in die oë van die mense niks nie, is hy in die oë van God nogtans soveel dat God sy Seun vir hom laat sterf het, hom met sy Gees wil lei en hom deel gemaak het van sy kerk.

Hierdie genade wat God aan die lidmaat betuig het, maak hom des te meer aanspreekbaar voor die aangesig van God. Dit maak hom tot 'n mens met 'n groot taak en roeping. Hy is geroepe om onvoorwaardelik in die drieënige God te glo, om hom te laat lei deur

---

16. Handelinge 4:12, Johannes 15:4 en 5, 1 Timoteus 2:5. 1 Jakobus 5:11. Vergelyk ook Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 23; Heidelbergse Kategismus, vraag en antwoord 29; Dordtse Leerreëls, hoofstuk 2
17. Kolossense 1:15
18. Markus 16:16, Johannes 1:12; 3:16, 18, 36. Romeine 3:22; 11:20, Hebreërs 4:3; 5:9; 10:39; 11:6. Vergelyk ook Heidelbergse Kategismus, vraag en antwoord 20
19. Efesiërs 2:8; 6:23, Johannes 3:5, Filippense 1:29. Vergelyk ook Heidelbergse Kategismus, vraag en antwoord 65; Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 24
20. Handelinge 2
21. Handelinge 2:14–47; 8:26–40, Romeine 10:17. Vergelyk ook Heidelbergse Kategismus, vraag en antwoord 65
22. Heidelbergse Kategismus, vrae en antwoorde 65 en 66
23. Handelinge 2:47. Vergelyk ook Heidelbergse Kategismus, vraag en antwoord 54
24. J J de Klerk, a.w., p 67

sy Gees en sy Woord, en om elke dag uit dankbaarheid gehoorsaam aan God en sy Woord te leef.

4.10 DIE MENS AS MEDEMENS

Geen mens kan mens volgens God se bedoeling, sonder sy medemens wees nie. Menswees volgens God se bedoeling is die geskiedenis van ons ontmoeting met ons medemens.[25]

Menswees volgens God se bedoeling, beteken dat jy jou medemens sal liefhê.[26] Hierdie liefde beteken dat jy oog, oor en hand vir jou medemens moet hê. Jy moet 'n oog hê wat sy nood raaksien; 'n oor wat sy nood hoor; 'n hand wat sy nood verlig.[27]

In sy betrokkenheid met sy medemens, moet die Christen besef dat sy medemens se grootste nood nie sy siekte, sy honger, sy droefheid en sy eensaamheid is nie. Sy grootste nood is sy sonde, dié nood wat hom van God vervreem, wat hom bestem tot voorwerp van God se ewige oordeel en gerig. Die Christen se grootste taak teenoor sy medemens daarom nie die gee van tydelike brood en water nie, maar van die brood en water wat versadig maak tot in alle ewigheid. Die Christen se grootste taak is om aan sy medemens die evangelie van Jesus Christus te verkondig. Tydens die huisbesoek sal dit altyd nodig wees om die mens op hierdie taak en roeping ten opsige van sy medemens te wys. Die individu moet besef dat sy menswees as medemens, eers sy volle sin bereik as dit 'n menswees saam met ander mense is, tot eer van God en tot uitbreiding van sy koninkryk. Omdat gees en liggaam onlosmaaklik aan mekaar verbonde is, hou die gelowige se liefde vir sy medemens nie op by sy geestelike versorging nie. As tweede element van sy liefde vir hom, behoort hy ook uit dankbaarheid aan hom brood, water en vertroosting te gee wanneer hy dit nodig het.

Omdat die mens altyd mens is saam met ander mense, beteken dit noodwendig dat hierdie ander mense 'n bepaalde invloed op hom sal uitoefen. Op die mens se lewenspad is daar verskillende mense wat 'n onuitwisbare invloed op hom uitoefen. Hoe nouer die bloedverwantskap tussen hom en 'n ander mens, hoe groter is daardie mens se invloed op hom. Hy kom die wêreld binne as 'n wese wat volkome afhanklik is van ander. Hierdie ander, sy opvoeder, druk 'n

---

25. J J de Klerk, a.w., p 71
26. Matteus 22:37–40. Vergelyk ook Heidelbergse Kategismus, vraag en antwoord 93
27. G C van Niftrik, a.w., p 89 en 90

onuitwisbare stempel op hom af. Sy optrede in sy latere lewe, word grootliks bepaal deur die wyse waarop hy opgevoed is. Sy kring van medemense word altyd groter. By sy ouerhuis kom later die skool, die kerk, die werk en die breë publiek by. Elkeen van hierdie mensstrukture laat een of ander invloed op hom na. As eenlopende individu word sy lewenspad later 'n lewenspad saam met sy vrou en kinders. Vanweë die noue verbondenheid, word die lewe van verskillende mense binne hierdie huislike kring, vanweë wedersydse invloede mettertyd tot 'n eenheid saamgesnoer. Hulle denke en optrede word in baie opsigte identies.

Vir die huisbesoeker is dit belangrik om die mens te ken in sy besondere verhouding tot ander mense. Die oorsaak van 'n bepaalde mens se optrede kan dikwels eers verstaan word nadat jy al die verbande nagespeur het, waarin iemand grootgeword het en waarin hy hom tans bevind. Positiewe verbande moet aangemoedig word. Negatiewe verbande moet op die regte wyse ontmoedig word.

4.11 DIE MENS SE LEWE IS BEGRENS

Die mens is 'n wese wat eenmaal nie daar was nie en in die toekoms ook nie meer daar sal wees nie. Die mens leef in die tyd en word beperk deur die tyd. Die mens leef 70 of 80 jaar. Hierdie beperktheid van sy bestaan aanvaar die mens nie sonder meer nie. Die mens wil langer leef as sy eie 70 of 80 jaar. Die tydperk voor hom vors hy na en in sy gees leef hy saam met mense wat baie jare gelede geleef het. Oor die lewe van sy eie 70 en 80 jaar bespiegel hy en word een met sy toekomstige lugkasteel. Die beperktheid van sy bestaan bring noodwendig vrees vir die toekoms mee. Hy vrees die dag wanneer hy nie meer daar sal wees nie. Om weer een met die stof van die aarde te word, is vir hom 'n verskriklike gedagte. Die vrees vir hierdie eenwording met die stof word vergroot deurdat die mens nie presies weet wanner dit gaan plaasvind nie. Die naakte feit is dat baie lidmate van die kerk die grens van sy lewe in dieselfde terme sien as die ongelowige. Met die volle realiteit van Christus se oorwinning oor die dood, word nie meer altyd rekening gehou nie. Die gevolge van Christus se oorwinning oor die dood word nie beleef nie.

Op grond van Christus se oorwinning oor die dood behoort die gelowige sy eie beperkte lewe anders te beleef. Die Bybel leer ons dat Jesus Christus die dood as oordeel oor die sonde vir ons op Hom

geneem het.[28] Op grond van Christus se oorwinning oor die dood, behoort die dood vir die gelowige nie meer 'n verskrikking of 'n vyand te wees nie. Deur Jesus Christus kry die dood 'n vriendeliker aangesig.[29] Die dood word nou om te ontslaap en heen te gaan om vir ewig by God te wees; dit word die begin van die nuwe lewe.[30]

Die feit dat die mens se lewe beperk is, hou vir die huisbesoeker baie groot betekenis in met betrekking tot die verkondiging aan die mens wat hy besoek.[31] As wese wat bekommerd is oor die welwese van húlle wat aan hom toevertrou is, moet hy aan hulle verkondig dat hulle die beperktheid van hulle aardse bestaan moet besef. Hulle moet besef dat 'n mens nie vir altyd sal bly leef nie; dat die oomblik sal aanbreek dat die mens weer een sal word met die stof waaruit hy geneem is. Omdat dit die harde werklikheid is wat enige oomblik kan aanbreek, is dit daarom nodig dat hy nou en elke dag van sy lewe in Jesus Christus glo. Omdat hy en alles wat deel van hom is, tydelik en verganklik is, moet die materiële nooit die grootste en belangrikste in sy lewe wees nie. Die grootste en die belangrikste bly altyd nog God en sy koninkryk.[32]

4.12 LIDMAAT VAN DIE KERK

Die objek van die huisbesoek is die lidmate van die kerk en hulle huisgesinne. Die mense wat nie aan die kerk behoort nie, is die objek van die evangelisasie, en sal gevolglik nie hier bespreek word nie.

Die lidmaat van die kerk wat besoek word, is 'n besondere persoon. Hy is iemand aan wie God al sy genadegawes, soos in die vorige paragraaf gestel is, skenk. Dit is sigbaar aan hom bevestig op die dag toe hy gedoop is. Hy is ook in hierdie waarheid gekatkiseer en hoor dit elke Sondag in die kerk. Hy het self hierdie waarheid bevestigend bely op die dag toe hy belydenis van geloof afgelê het. Die volle verantwoordelikheid om lidmaat van die kerk te wees, het hy aanvaar toe hy sy geloof bely het; naamlik dat hy glo in God die Vader, die Almagtige, Skepper van hemel en aarde en in Jesus Christus, sy enigste Seun ons Here en in die Heilige Gees. Hy het

---

28. 1 Korintiërs 15:34–51
29. G C van Niftrik, a.w., p 95
30. Johannes 11:11, Handelinge 13:36, 1 Korintiërs 15:20,36, Filippense 1:23
31. J J de Klerk, a.w., p 70
32. Matteus 6:33

belowe om deur God se genade by hierdie belydenis te bly en hom voortdurend tot die Here te bekeer. Hy het belowe om die groei en die vooruitgang van die een algemene Christelike kerk, en van sy eie kerk in die besonder, na die beste van sy vermoë en met toewyding te bevorder. Hy het belowe om hom waar nodig, kinderlik aan die goeie vermaning en tug van die kerk te onderwerp.[33]

Met verwysing na hierdie belydenis, kan die huisbesoeker die lidmaat telkens opnuut oproep tot sy verantwoordelikheid as lidmaat van die kerk.

Ons het geleer dat die mens produk is van sy aangebore eienskappe en sy omgewing. Dit is onmoontlik om die mens los te maak van die situasie waarin hy leef en die kontakte waarmee hy daagliks te doen het. Sosiologiese, godsdienstige, maatskaplike, psigologiese en filosofiese omstandighede oefen 'n groot invloed uit op mense, en bepaal ook dikwels iemand se aktiwiteit met betrekking tot die uitleef van sy geloof in die gemeente.[34]

4.13 SOSIOLOGIESE EN ANDER OMSTANDIGHEDE

4.13.1 **Rykdom en armoede**

Alle mense besit nie ewe veel aardse besittings nie. Alle mense se optrede met hul aardse besittings is nie dieselfde nie en dit oefen ook nie altyd ewe veel invloed op hulle uit nie. Aardse besittings bepaal dikwels hoedanig mense optree. Voldoende materiële besittings lei daartoe dat jy vergenoeg deur die lewe kan gaan en op materiële vlak ook jou verantwoordelikhede buite die grense van jou huisgesin kan nakom. Oorvloedige aardse besittings kan daartoe lei dat jy vasgevang word in 'n greep van materialisme, dat rande en sente die enigste iets is wat vir jou betekenis in die lewe het. Dit kan daartoe lei dat jy so besig is met jouself en jou materiële besittings,

---

33. Vrae by die aflê van openbare belydenis van geloof – Diensboek vir gebruik in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, p 43
34. Veral die volgende skrywers het besondere aandag aan hierdie saak gegee:
W J de Klerk, Pastorale Sensitiwiteit. Perskor, 1974, p 83–94
H D de Loor, De Kerk en het moderne Platteland. Boekencentrum, 'S Gravenhage, 1963, p 5–47
C H Lindijer, In Lewende Lijve. Boekencentrum, 'S Gravenhage, 1974, p 88–121
G Brillenburg Wurth, Christelijke Zielszorg in het licht der Moderne Psychologie. Kok, Kampen, 1955, p 172–323
K Dijk, a.w., p 168–180

dat jy nie meer tyd oor het vir God en sy diens nie – dat jy 'n passiewe toeskouer in die gemeente word. Armoede lei dikwels tot 'n teruggetrokke lewenshouding, tot 'n daaglikse bekommer wees oor die dag van môre, tot 'n onvergenoegde lewenshouding. Dit lei dikwels daartoe dat die betrokkene met betrekking tot sy verantwoordelikhede in die kerk, hom volkome terugtrek. In ander gevalle het armoede soms presies die teenoorgestelde uitwerking.

4.13.2 Ouderdom en jeug

Elke mens beleef die wêreld en die fases van sy lewe verskillend. Vir die kind bestaan die lewe uit speel. Vir die jongmens bestaan die lewe uit 'n voortdurende worsteling met die verwerking van die feitlike situasie van sy samelewing. Die jong getroude paartjie is voortdurend vasgevang in die beplanning van hulle toekoms. Die middeljarige paartjie se lewe is in 'n groot mate na binne gekeer. Hulle lewe bestaan grootliks uit die opvoeding en versorging van hulle huisgesin. Soms is hulle so vasgevang deur hulle eie omstandighede, dat hulle vir niks anders tyd het nie. Die ouerwordende mens worstel voortdurend met die dood wat vir hom wag, met die siekte en eensaamheid waarmee hy voortdurend te doen het.

4.13.3 Godsdienstige opvoeding

Jou lewe van gister bepaal in 'n baie groot mate hoedanig jou optrede vandag gaan wees. Die godsdienstige opvoeding wat iemand in sy jeugjare ontvang het, druk gewoonlik 'n blywende stempel op hom af. In sommige gevalle is die stempel positief, in ander gevalle negatief. Vir die mens wat uit 'n streng godsdienstig-kerklike huisgesin kom, is kerk toe gaan en meelewing met die kerk, nie vreemd nie. Miskien dwaal hy soms af, maar die moontlikheid van terugkeer is altyd goed. Soms gebeur dit dat iemand wat godsdienstig-kerklik grootgemaak is, later met kerk en godsdiens niks te doen wil hê nie. Dit is gewoonlik die geval waar godsdiens op 'n fariseïstiese wyse beoefen is, waar daar van die kinders verwag is om 'n bepaalde godsdienstige lewe te leef sonder dat daar ooit vir hulle gemotiveer is waarom hulle so behoort te leef. Waar mense ongodsdienstig en onkerklik grootgeword het, is dit vir hulle 'n baie groot aanpassing om hulle lewe te giet in die vorm van 'n godsdienstig-kerklike patroon.

Bepaalde teologiese stromings het soms 'n baie sterk invloed op 'n

betrokke huisgesin. Die teologiese opvattings van die verlede bly altyd in een of ander vorm voortbestaan. By sommige huisgesinne het die Metodisme en die Piëtisme van die verlede nog 'n sterk sê. Op 'n oordrewe mate word klem gelê op die gevoelsaspek en die uiterlike metode van die godsdiens. By hierdie huisgesinne staan die verlossing deur Jesus Christus soms te veel op die agtergrond. Die kerk word hier voortdurend beskuldig dat hy te min doen en te min gevoelsmatig is. Hierteenoor tref ons daardie lidmate aan wat die volle klem lê op die verlossing deur Jesus Christus, en die geloof in Hom. Sommiges besef nie dat die geloof in Jesus Christus ook 'n lewe van gehoorsaamheid en diens meebring nie, en dat geloof en goeie werke onlosmaaklik aan mekaar verbonde is nie.

4.13.4 **Woonplek**

Vroeër het die grootste gedeelte van ons volk op die platteland gewoon. Hulle lewe het gewoonlik bestaan uit ploeg en plant. Die vervoer en die kommunikasiemedia was oor die algemeen gebrekkig. Die grense van hulle leefwêreld was gewoonlik sover as die grense van hulle plaas. Die moontlikheid van negatiewe beïnvloeding was gering. Die volkome afhanklikheid van die elemente van die natuur het meegebring dat hierdie mense voortdurend afhanklik van hul Skepper geleef het.

Vandag het die situasie verander. Die grootste gedeelte van ons mense woon in stede. Die stedeling se lewe is vasgevang in 'n netwerk van werk van agtuur in die oggend tot vyfuur in die aand; soms selfs tot tienuur in die aand en vir sewe dae 'n week. Tyd vir homself, sy vrou en kinders en sy kerk ontbreek dikwels. Vanaand wag die televisie, die kultuur en die politiek wat ook sy tyd opeis. Vanweë hoë eise het dit vandag dikwels nodig geword dat die vrou voltyds moet werk. Die kinders word sodoende aan hulleself en aan die wêreld oorgelaat. Alles geskied op 'n gejaagde tempo. 'n Predikant of 'n ouderling wat onder sulke omstandighede werk, moet hulle noodwendig by hierdie algemene gejaagde patroon aanpas.

4.13.5 **Akademiese en beroepsituasie**

In die verlede het ons bevolking bestaan uit mense wat min of meer dieselfde akademiese kwalifikasies gehad het. Geleenthede vir verdere onderrig was min. Hierdie verskynsel het gelei tot 'n min of meer gelyke beroepsituasie. Vandag het die situasie verander. Kwa-

lifikasies van mense is wyd uiteenlopend. Beroepsgeleenthede is legio. In 'n stadsgemeente is die gemeente gewoonlik saamgestel uit alle sektore van die samelewing. Dit wissel van mense met die hoogste tot mense met die laagste kwalifikasies en betrekkings. Dit is 'n aanvaarbare feit dat elke kwalifikasie en beroep tot 'n ander lewensopvatting lei, tot 'n ander vorm van leef in die wêreld. 'n Mediese dokter dink en leef byvoorbeeld anders as 'n spoorwegwerker.

4.13.6 **Siek of gesond**

Siekte is die gevolg van die sondeval. Siekte het 'n geweldige invloed op die mens. Langdurige siekte kan daartoe lei dat die betrokkene en selfs sy huisgesin, se hele lewensbeskouing en hulle leef in die wêreld verander. Solank as wat iemand gesond is, leef hy min of meer 'n onbekommerde lewe. Dan is die dood nie iets waarmee hy altyd rekening hou nie en hy leef dikwels asof hy nooit gaan sterf nie. As iemand voortdurend siek is, verander hy en sy huisgesin se hele lewe. Die siek mens besef sy eie nietigheid en verganklikheid. Hy besef dat hy met sy eie kragte en vermoëns nie staande kan bly nie. Waar hy in die verlede miskien altyd op homself vertrou het, besef hy nou dat sy hulp van elders af moet kom. Die siekte het dikwels tot gevolg dat die pasiënt radeloos en moedeloos is en dat die lewe vir hom uitsigloos en verwagtingloos geword het. Die dood word nou vir hom 'n groter werklikheid as ooit vantevore.

4.14 PSIGOLOGIESE OMSTANDIGHEDE

Soos reeds gesê, funksioneer die menslike liggaam as 'n psigosomatiese eenheid. Bepaalde invloede op die mens se liggaam raak die mens se gees ook ten nouste. Die hele lewe het vandag vir die mens in 'n baie groot mate 'n probleem geword. Die mens dra vandag dikwels 'n vrag wat hy self nie kan vervoer nie. Die eise wat op feitlik elke gebied aan die mens gestel word, is geweldig hoog. Die werksure is lank en die werk wat verrig moet word, vra van die mens die aanwending van sy volle potensiaal. Te midde van 'n snel ontwikkelende wêreld, weet die mens nie altyd hoe om alles te verwerk nie, en hoe hy by die veranderde omstandighede moet aanpas nie. Al die nuwe moontlikhede verwar die mens en dryf hom tot 'n gevoel van radeloosheid. Hierdie uiterlike faktore het merktekens op die mens gelaat, wat hom tot in die diepste van sy wese raak. Die mens van die twintigste eeu het 'n wese geword wat moeg

is; wat moedeloos en paniekbevange is. Elkeen kan hierdie druk wat op hom geplaas word en die liggaamlike gevolge daarvan nie altyd ewe goed dra en verwerk nie. Dit het tot gevolg dat allerlei neurotiese afwykings begin om hulle verskyning te maak. Die vroeëre rustige en onbekommerde lewe word vervang met 'n gejaagde, vreesaanjaende lewe. Die lewe wat in die verlede vir die mens 'n plesier was, word nou tot 'n nag van duisternis. Die mens wat in hierdie situasie beland het, leef anders en dink anders as in die verlede. Waar alles in die verlede miskien vir hom maklik en verwerkbaar was, is alles nou meteens te moeilik om op te los.

4.15 FILOSOFIESE INVLOEDE

Die mens is 'n denkende wese. Elke mens dink oor die bestaande werklikheid anders en bou vir hom met verloop van tyd sy eie wêreldbeskouing op. Soms gebeur dit dat 'n groep mense se denke min of meer in dieselfde rigting loop. Dit het tot gevolg dat 'n min of meer eenvormige wêreldbeskouing ontstaan, wat gewoonlik met 'n gemeenskaplike naam aangedui word. Gedurende elke tydvak is daar een of ander beskouing wat redelik prominent na vore kom. Gedurende een tydperk is dit die rasionalisme wat die botoon voer en gedurende die volgende tydperk is dit weer die idealisme. Die een tydperk word oorheers deur die kapitalisme en die volgende deur die sosialisme. Omdat die mens in die wêreld is en hy as denkende wese voortdurend met ander se beskouings in aanraking kom, oefen dit 'n bepaalde invloed op hom uit.

Dit is onmoontlik om hier al die verskillende stromings wat deur die eeue heen voorgekom het, te bespreek. Gedurende die moderne tyd is dit miskien die gedagtes van die eksistensiefilosofie wat die botoon voer. Hierdie filosofiese stroming het op alle terreine van die lewe 'n stempel afgedruk. Op die teologie was sy invloed so groot dat daar vandag al selfs sprake is van 'n eksistensieteologie. Hierdie eksistensieteologie het reeds 'n stempel gelaat op baie van ons kerk se lidmate. In die nabye toekoms kan hierdie teologie 'n groot rol speel in baie lidmate se lewens. Dit sal daarom goed wees as ons 'n redelike breë omskrywing van hierdie stroming gee.

4.15.1 **Die eksistensieteologie**

Die huidige teologiese diskussie draai in 'n groot mate rondom die vraag na die betekenis van die Bybel vir die moderne mens. Die

mens is op soek na 'n eietydse verstaan van die Bybel. Die Christendom van die verlede, met sy sterk binding aan konfensie en kerk, is net nie sonder meer aanvaarbaar vir die moderne mens nie. Hierdie mens is nie meer bereid om sonder deeglike motivering hom te buig voor instellings en bepalings uit die verlede nie. Hierdie situasie lei enersyds tot verwarring en andersyds tot 'n interne soeke na die sin van alles wat bestaan en behoort te bestaan. Vasgevang deur moderne tegnologiese ontwikkeling, ekonomiese onstabiliteit, sedeloosheid en normloosheid, het die lewe vir baie mense 'n sinlose spel geword, wat nêrens heen op pad is.

Vroeër was die lewe vir die mens sinvol vanweë die feit dat bepaalde waarhede die gegewe bestaande vir hom sinvol gemaak het. Die Griek met sy neo-platoniese denke, het alles in die wêreld sonder meer as sinvol aanvaar. Vir die vroeë Christene was alles sinvol omdat hulle sonder nadere beredenering aanvaar het dat alles uit God, deur God en tot God is. Die middeleeuse gelowige kon vanweë sy teologie van natuur en bo-natuur vir alles 'n sinvolle plek gee. Die onwrikbare geloof in God se genade het vir die reformatore alles in die wêreld sinvol gemaak. In hierdie lang geskiedenis was die mens altyd op soek na iets wat alles in die wêreld vir hom sinvol gemaak het. Dit was gewoonlik 'n mag buite die mens en sy eie leefwêreld, wat alles vir hom tot 'n sinvolle eenheid gemaak het.

Die moderne mens is egter nie sonder meer bereid om sy lewe te laat bepaal deur 'n mag buite homself nie. Die denke van die tipiese moderne mens word gekenmerk deur sekularisasie en horisontalisme.[35]

Sekularisasie beteken verwêreldliking. Aanvanklik is met hierdie woord die proses bedoel waartydens kerklike goedere aan iemand oorhandig is met die oog op nie-kerklike gebruik. Later het dit die onttrekking van die kerk se gesag aan alle staatkundige en maatskaplike belange aangedui. In positiewe sin is die sekularisasie nog later beskou as die proses waarmee die mens bevry word van demoniese magte en ou bindende lewenspatrone.[36] Heyns omskryf sekularisasie as "die veelsydige historiese proses waarin die mens bewus geword het van die belangrikheid van hierdie wêreld, sy roeping en taak in hierdie wêreld opnuut ontdek het, en die insig verwerf het

35. J H van Wyk, Eksistensieteologie en Godsdiensonderrig. Pro Rege Pers, Potchefstroom, 1971, p 9
36. F J van Zyl, Die reformatoriese verkondiging en die hedendaagse mensbeskouing. Hervormde Teologiese Studies, 13(3) p 120

dat die kerk en die teologie nie oor al die lewensterreine mag heers nie, en hy dus met sy selfstandige ondersoek van hierdie wêreld moet kan voortgaan."[37] In noue ooreenstemming met Heyns sê Newbegin: "Secularization sets man free to question, to experiment and to make independent decisions."[38] Op die positiewe wat die sekularisasieproses vir kerk en teologie inhou, wil ons nie nou ingaan nie. Die negatiewe speel egter die oorheersende rol. Die langdurige sekularisasieproses het gelei tot 'n funksieverlies van godsdiens, kerk en teologie. Naas die kerk en die godsdiens, het daar feitlik 'n nuwe selfstandige wêreld ontstaan van mense wat hulle aan niks meer bind nie. "Die moderne mens weier om sy verstand en gewete, sy ervaring en kennis van sake uit te skakel om hom klakloos en onvoorwaardelik te onderwerp aan watter gesag op watter gebied ook al ... Die persentasie gelowiges wat sonder om self te dink, dinge glo net omdat dit in die Bybel staan, of omdat die kerk so leer of die predikant so sê, of omdat hulle ouers hulle so geleer het, word by die dag kleiner."[39] Die mens se hele lewe word horisontalisties van aard. Al wat geld is die hièr en nòu. Die relativisme word verheerlik. Standpunte word ingeneem volgens die eis van die situasie, die hièr en die nòu.

Midde in hierdie sekularisasieproses, het die hedendaagse teologie gegroei en gebloei. Verskillende teoloë het die hedendaagse teologie met verskillende benamings beskryf, onder andere anti-metafiese teologie, vernuwingsteologie, radikale teologie, horisontalistiese teologie, sekularistiese teologie, God-is-dood-teologie en eksistensieteologie. Dit lyk of die benaming eksistensieteologie miskien die beste benaming is, want die hele hedendaagse teologiese denke word oorheers deur die eksistensie van die mens. Die mens in sy huidige eksistensie is die vertrekpunt, die eindpunt en die middelstuk van hierdie teologiese denke. Met Bultmann aan die spits, het 'n groot groep teoloë dieselfde pad geloop; onder andere Paul Tillich, Robinson, Van Buren, Altizer, Hamilton, Winter, Cox, Fuchs, Ebeling, Dorethee Sölle en ander.[40] Elkeen van hierdie teoloë se denke kan nie volledig bespreek word nie, en gevolglik gee ons

---

37. J A Heyns, Sekularistiese Teologie. Bulletin van die SAVCW, no 18, April 1969, p 2
38. L Newbegin, Honest religion for secular man. SCM Press, London, 1963. p 69
39. J H van Wyk, a.w., p 16
40. J Sperna Weiland, Orientatie nieuwe wegen in de theologie. Wereldvenster, Baarn, 1966. ('n Eenvoudige duidelike beskrywing van die meeste van hierdie teoloë se opvattings.)

eerder 'n dwars deursnit van enkele karakteristieke van die hedendaagse teologie, in soverre dit van belang is vir die huisbesoek.

4.16 DIE BYBEL

4.16.1 Verkondiging

Tot 1955 het Barth die teologiese toneel oorheers.[41] Die oneindige verskil tussen openbaring en natuur, die leer aangaande die Heilige Skrif, Christus se middelaarskap en ander dogmatiese diskussies het in die middelpunt van die teologiese denke gestaan.[42] Die era van Barth is afgesluit en opgevolg deur dié van Bultmann. Ander vrae het in die middelpunt van die teologiese diskussie te staan gekom. Een van die sentrale vrae is die vraag na die wyse waarop die moderne mens met die Bybel omgaan. Veral Tillich het besondere aandag aan hierdie saak gegee.[43] Die teologie van vroeër beskryf hy as kerugmatiese teologie. Hierdie teologie sê hy, vra net na die kerugma en na niks anders nie. Die Woord moet verkondig word en die mens opgeroep word tot die geloof.[44] Tillich se beswaar teen hierdie teologie is dat dit hoegenaamd nie aandag gee aan die mens in sy konkrete situasie nie. Teenoor die kerugmatiese, stel Tillich die apologetiese teologie. "Dit is een wat heen en weer beweeg tussen God en mens, tussen die kerugma en die situasie, tussen die antwoord en die vraag."[45]

Die mens van die twintigste eeu het 'n volkome ander wêreldbeeld as die mens uit die Bybel se tyd. Die mens van vandag en die mens van die Bybel se omstandighede verskil geheel en al. Die eksistensieteologie se oog en oor is in die eerste plek gerig op die mens van hier en nou. Hierdie teologie se ganse denke word bepaal deur dít wat voorhande is. Op grond van die moderne mens se opvattings, oordeel Paul van Buren en J A T Robinson dat God en alles wat tot 'n ander wêreld behoort, uit die teologiese diskussie en die verkondiging uitgesluit moet word.[46] Die katolieke teoloog, Dewart het Paul van Buren en J A T Robinson met radikale denke vér

41. A Dekker en G Puchinger, De oude Barth. Kok, Kampen, 1969
42. Sien in hierdie verband veral Karl Barth, Kirchliche Dogmatik, verskillende bande en G C van Niftrik, Kleine Dogmatik, Nijkerk
43. J Sperna Weiland, a.w., p 49
44. P Tillich, Systematic Theology, Volume III, deel IV, Londen, 1957
45. J H van Wyk, a.w., p 123
46. F J van Zyl, a.w., p 115

oortref. Waar Robinson en ander hoofsaaklik wil ontmitologiseer en onthelliniseer, wil Dewart dat selfs die inhoud van die Bybel prysgegee moet word. Die Bybel sê hy, is slegs bestem vir die situasie waarin dit geskrywe is en nie vir die hedendaagse situasie nie.[47]

4.16.2 **Ontmitologisering**

Die "Vernieuwingteologie" het volgens R Schippers met Bultmann se "ontmythologisering" begin.[48] 'n Mite is die wêreldse spreekwyse oor die bo- of onderwêreldse. Bultmann sê tereg dat die Bybel ontstaan het in 'n tyd toe 'n geheel en al ander voorstellingswêreld gegeld het. In die vorm van hierdie geheel en al ander verpakking het die Bybel tot ons gekom. Hierdie verpakking dra die stempel van sy tyd en het geen betekenis meer vir die latere geslagte nie. Hierdie mite of verpakking is nie deel van die geloof nie. Die kern is alleen die boodskap van die besondere gedeelte. Die mitiese kleed van die Bybel moet uitgetrek word en alleen die boodskap van die besondere gedeelte moet behou word. Uit bogenoemde is dit duidelik dat Bultmann 'n geweldige invloed op die hermeneutiek uitgeoefen het. As sterk hermeneutiese beginsel het nog altyd gegeld: Wat sê die perikoop, wat sê die teks? Vir Bultmann is dit nie die belangrikste nie. Vir hom is die belangrikste: Wat sê die perikoop of die teks vir my as mens van hierdie tyd? Daar word met ander woorde eers gevra wat die moderne mens se nood is, voordat daar na die teks gekyk word.

Bultmann se ontmitologiseringsproses het tot gevolg dat die preeksistensie van Christus, sy dood, opstanding en hemelvaart verwerp word. Dit het sogenaamd nie betekenis vir die mens van hier en nou nie.

Die moderne Bybeluitleg onderskei graag tussen werklikheid en waarheid. Met hierdie onderskeiding in gedagte bewandel Käsemann feitlik dieselfde pad as Bultmann. In plaas van ontmitologisering, praat hy liewer van dehistorisering van die Skrif. Hy maak skerp onderskeid tussen historie en geskiedenis. Historie is volgens hom verstarde geskiedenis. Elke gebeure sê hy bestaan uit historie en geskiedenis. By wyse van voorbeeld kan dit soos volg verduidelik word. Dawid se oorwinning oor Goliat is 'n historiese gebeure. Die

47. J H van Wyk, a.w., p 125 en 126
48. R Schippers, Rudolf Bultmann en de ontmythologisering, in G Berkhouwer en A S van der Woude, Revolte in de Theologie, Een bundel beschouwingen over de zogenaamde vernieuwingsteologie. Callenbach, Nijkerk, 1968, p 157

geskiedenis van die gebeure is: Hulle wat op die Here vertrou, vertrou nie tevergeefs nie. Die historie sê hy is verstarde gebeure, dit is niksseggends. Die enigste wat blywend is, is die geskiedenis, die boodskap. Volgens Käsemann is die Bybel geskiedenis wat deur menslike historie versier is. hierdie versiersel moet weggeneem word sodat net die boodskap oorbly. Om die Bybel te onthistoriseer sê hy, is die histories-kritiese ondersoek met sy apparaat van tekskritiek, literêre kritiek en vormkritiek van die allergrootste belang.

Kuitert praat feitlik dieselfde taal as Käsemann. Volgens hom het die evangelieskrywers die Bybelse feite gewysig om by die besondere boodskap te pas.[49]

4.16.3 God en die wêreld

Volgens die moderne teoloë moet die skeiding tussen subjek en objek in die teologie opgehef word. Die afstand tussen "diesseits" en "jenseits" moet oorbrug word. Immanensie en transendensie moet een word. Daar is net een wêreld en dit is die wêreld van hier en nou. In hierdie wêreld is God betrokke en daarbuite nie.[50] Die God wat in die hemel woon bestaan nie, hy is dood. Die oorgelewerde God-voorstelling word ontken. Die God van die nuwe teologie het Hom aan die wêreld oorgegee. Hy kom na die wêreld in die gestalte van Jesus van Naseret. Hierdie hele opvatting maak die teologie tot 'n teologie wat alleen gerig is op die teenswoordige wêreld. Hier is die lewe, hier die verantwoordelikheid, hier die geluk. Wat nie hier is nie, bestaan nie. Die kern van die teologiese diskussie is daarom nie sake soos God se drie-eenheid nie, maar sake wat die mens se bestaan ten nouste raak, soos byvoorbeeld rassediskriminasie, ensovoorts. In die plek van die dogmas van die verlede, word die funksionele van die oomblik gestel.

4.16.4 Jesus Christus

Sedert die laaste 200 jaar werp liberale teoloë alles in die stryd om die historiese Jesus weg te redeneer. In Bultmann se rekonstruksie is daar nie 'n pre-eksistensie van Jesus nie, geen maagdelike geboorte, geen sondeloosheid en Goddelike natuur nie, geen versoening, geen hemelvaart en wederkoms nie. Die bedoeling van die Bybel is vol-

49. H M Kuitert, Verstaat gij wat gij leest? Over de uitleg van de bijbel. Kampen, 1969, p 9–11
50. G C van Niftrik, Theologische Revolte, in Berkhouwer en A S van der Woude, a.w., p 19

gens hom nie dat ons moet glo dat Jesus vir ons gekruisig is nie. Die bedoeling is dat ons onsself moet oorgee aan ons naaste, volgens die weg van die kruis. So sê hy kry die mens deel aan die opstandingslewe. Jesus se opstanding beteken slegs vir die mens 'n nuwe verhouding tot medemens, waarin Jesus se kruisiging vir jou die ewige voorbeeld is van jou opofferende houding met betrekking tot jou medemens.

Die eksistensieteologie se opvattings in verband met Jesus Christus, kom veral goed tot uitdrukking in Dorothee Sölle se beskouings. Sy beskryf Jesus as die voorlopige en die voorlopende.[51] Die klem val op laasgenoemde. Christus loop voor ons as die volmaakte voorbeeld en Hy is voorlopig want Hy verteenwoordig God. Christus loop dus ook voor God uit. God self sê sy, is buite die wêreld. Christus is die plaasbekleder van God. Die enigste wat nou van die mens verwag word, is om die voorloper te volg. Hy tree egter terug sodra die mens self kan aangaan.[52] In hierdie verband beskryf sy Jesus as ons leermeester by uitnemendheid. 'n Leraar loop voor, maar verdwyn as die leerling selfstandig geword het. Waar die mens in die moderne tyd mondig geword het, het hy in werklikheid nie meer hierdie voorloper nodig nie. Jesus het vandag nog net betekenis in soverre as wat Hy die ewige voorbeeld van medemenslikheid is. Die werklike betekenis van die evangelie is daarom: Bemin jou naaste, wees medemenslik.[53]

Treurnicht vra die vraag: "Wie is Christus vir die moderne eksistensieteoloë?" Nie 'n Goddelike Persoon met twee nature nie, maar die toppunt van menslike voortreflikheid. Van 'n plaasbekledende lyde en sterwe, van versoening wil hulle niks weet nie. Christus is in sy lyde en sterwe slegs voorbeeld van offervaardigheid.[54]

4.17 DIE MENS

4.17.1 **Die mondigheid van die mens**

Dorethee Sölle lê in hierdie verband besondere klem op die rede van die mens. Hierdie rede of verstand van die mens moet die wêreld deur middel van die wetenskap beheers. Ons is die seuns van God en die wêreld is ons erfdeel. Die mens met sy rede is outonoom, hy

51. J A Heyns, a.w., p 32
52. J H van Wyk, a.w., p 178
53. J A Heyns, a.w., p 71–74
54. A P Treurnicht, Godsdiens sonder God. Hoofstad, 17 Augustus 1978, p 4

is mondig. Hy erken geen gesag bokant sy rede nie. Alleen daardie gedeeltes van die Bybel wat nie bots met jou verstand nie, is aanvaarbaar.

Die moderne mens bevind hom in 'n unieke situasie. Op wetenskaplike en tegnologiese vlak het daar 'n oneindige ontwikkeling plaasgevind. Afstande, grense en tye is oorbrug. Dít wat dertig jaar gelede vir die mens nog vreemde en selfs verbode terrein was, het nou deel van die alledaagse geword. So het die mens in die moderne tyd getoon dat nie alleen die aarde sy beweegruimte is nie, maar dat hy selfs die ruimtes kan binnedring. Dag vir dag gaan die mens verder om sy heerskappy oor die natuur te laat toeneem. Namate die tegnologiese wiele verder rol en groter terreine verower word, neem die mens se besef toe dat die verowerde gebied sy eie verantwoordelikheid is. Hierdie verantwoordelikheid word aangedui as die mens se mondigheid. Dit wat die mens nog twintig jaar gelede van God gebid het, beskou die moderne mens as sy eie verantwoordelikheid.

Dit was veral Bonhoeffer in sy *Widerstand und Ergebung* wat besondere aandag aan die mondigheid van die moderne mens gegee het. Die mondigheid van die moderne mens en sy religieloosheid loop hand aan hand. Bonhoeffer poneer dat met die voortskrydende mondigwording van die wêreld, God steeds meer en meer uit die wêreld weggedring word totdat Hy geheel oorbodig geword het. Hierdie proses om God uit die wêreld uit te druk, is 'n proses wat reeds vanaf die begin van die paradysdae aan die orde is. Die mens wil nie dat God vir hom sal voorskryf met betrekking tot die wêreld waarin hy leef nie – hy as mens wil dit self doen. Die hoogtepunt van hierdie uitdruk van God uit die wêreld vind plaas as die mens, die Seun van God bokant die wêreld aan 'n kruishout hang.

4.17.2 **Medemenslikheid**

In die hedendaagse teologie word die leer oor die mens op die voorgrond gestel. Die moderne situasie het die oog van die teoloog geopen vir dít wat voorhande is. Die oneindige verskil tussen ryk en arm, wanverhoudings en diskriminasie, het penne en denke in beweging gebring. Die teologie het oog gekry vir die "diesseitige". Die prediking en die onderrig is nie meer gerig op die "hiernamaals" nie, maar op die "hiernoumaals".[55] Die belangstelling vir die hemel is verruil vir die belangstelling vir die aarde. Die vertikale

55. J H van Wyk, a.w., p 130

teologie is vervang met 'n horisontale teologie. Op grond hiervan word gesê dat die kerk se enigste taak die bemoeienis met die mens in nood is. Die ervaring van en met die transendente God is alleen moontlik in die medemens. Die kerk moet slegs dienskneg van God in die wêreld vir die wêreld wees. Robinson pleit baie sterk vir 'n "leketeologie". Dit is 'n teologie wat begin by die vrae en die probleme van die mens en wat ook daar eindig.[56] Emil Brunner het reeds besondere klem gelê op die mens in nood. Volgens hom moet die mens eers bewus gemaak word van sy nood voordat hy ontvanklik is vir die evangelie.[57]

4.18 DIE KERK

Met die beskrywing van die eksistensieteoloë se beskouings oor die mens, is reeds in breë trekke gesê wat hulle beskou as die kerk se taak en roeping in die wêreld. Dit was veral Bonhoeffer wat die beskuldigde vinger baie skerp na die kerk gewys het. Die kerk sê hy, het vir baie jare slegs religie aan die wêreld verkondig en sy oë vir die nood van die wêreld gesluit. Vir die kerk sê hy behoort dit te gaan om die mens in sy konkrete situasie. Die kerk moet hom daarom in die eerste plek rig op die welvaart van die mens en nie op sy verlossing uit sonde en dood nie. Die dood waaruit die mens bevry moet word is sy politieke, sosiale en materiële nood. Op grond van hierdie beskouing sê Treurnicht het dit vir die hedendaagse kerk moontlik geword om God in die betoging te dien; want God word gevind in die nood van die mens.[58]

4.19 DIE ETIEK

Soos reeds gesê val die klem in die moderne teologie nie op die hiernamaals nie, maar op die teenswoordige wêreld. Die tweede tafel van die wet word sentraal gestel en die bergprediking van Jesus is die sentrale tema van die verkondiging. Jesus word slegs beskryf as die sosiale hervormer wat die mens bevry van sosiale onreg. Die kruisiging van Jesus en sy opstanding het feitlik geen betekenis nie. "The only certain path to heaven lies over the sometimes rugged but never impossible road of a good life."[59] Die tweede tafel van die wet

---

56. J S Weiland, De Angelsaksiese vernieuwingsteologie, in Berkhouwer en A S van der Woude, a.w., p 55
57. F J van Zyl, a.w., p 121
58. A P Treurnicht, a.w., p 4
59. L J Trose, Soos aangehaal J H van Wyk, a.w., p 185

is hier die enigste wat nog 'n sê het. Oortreding van die eerste vier gebooie is nie iets om jou oor te bekommer nie.

Die moderne teologie se stelling dat God dood is, lei noodwendig daartoe dat gesê word dat God se gebooie ook dood is. Begrippe soos gehoorsaamheid aan God, word beskryf as outyds en onvanpas by die moderne denke. Die enigste beginsel wat geld vir die moderne etiek, is of jy jouself vir jou medemens gee of nie. Hierdie opvatting lei tot verreikende afleidings. Dit maak die deur oop om feitlik alles te kan doen, met slegs die verskoning dat jy op een of ander wyse besig is om jouself vir jou medemens te gee. As jy met die sogenaamde moderne vryheidsbewegings saamwerk en jou geld vir terroriste-organisasies gee, dan is jy op die regte pad – jy is besig om jou vir jou medemens te gee. "Om seksuele verkeer buite die huwelik te weier, kan beteken dat mens jou nie gee nie!!"[60]

Robinson bestry wat hy noem, die "supra-naturalistiese" moraal waarvolgens goed en kwaad vasgelê is in wette wat direk van die hemel sou kom. Daar is volgens hom geen van buite opgelegde norme nie. Die alleen bepalende vir hom, is die oopwees vir die mens in sy situasie. 'n Bepaalde gebod word nie nagekom omdat God of Jesus of Paulus so sê nie, maar omdat die mens in sy konkrete situasie dit vra. Onder alle omstandighede moet die mens net luister na sy eie innerlike. "Indien die welsyn van die eggenote beter gedien kan word deur egskeiding, is weiering daartoe immoreel".[61]

Om die oë vir die bestaan die eksistensieteologie te sluit, sou niks minder as dwaas wees nie. Hoewel die kerk nie van die wêreld is nie, is die kerk tog in die wêreld. Die kerk se verkondiging is juis gerig tot die mens in sy konkrete situasie in die wêreld. Deur die radio en die televisie, die tegnologie en die pen is die groot afstande van verskillende wêrelddele oorbrug. Dit sou daarom dwaas wees om te beweer dat die eksistensieteologie buitelandse teologie is wat nooit by ons sal uitkom nie. Volgens Van Wyk,[62] hoewel nie in dieselfde terme nie, het hierdie teologie reeds by ons uitgekom. Is die gesindheid van die moderne mens nie reeds hier by ons hoofsaaklik gerig op die hier en die nou nie? Met ander woorde, al het die gewone mens in ons land nog nie woordeliks kennis geneem van

---

60. J H van Wyk, a.w., p 186
61. J C de Lange, Geskiedenis van die prediking in SA: Hervormde Teologiese Studies, 23(3), p 97
62. J H van Wyk, a.w., p 193

die eksistensieteologie nie, het hy reeds begin leef as 'n wese vir wie al die beginsels van hierdie moderne teologie geld.
Om die eksistensieteologie sonder meer te beskryf as sinloos en ons eie wyse van doen en verkondiging te beskryf as die enigste sinvolle, is niks anders as grootheidswaan nie. Hoewel die negatiewe oorheersend is, het die eksistensieteologie ook sy positiewe kant. In verskeie opsigte het die eksistensieteologie met betrekking tot die kerk se verkondiging weer die kerk se oë oopgemaak. Waar die eksistensieteologie hom hoofsaaklik besig hou met die "teenswoordige wêreld", het die kerk in die verlede hom hoofsaaklik besig gehou met die "hemelse wêreld". Waar die horisontale dimensie vir die eksistensieteologie van wesenlike belang is, was dit alleen die vertikale dimensie wat ter sprake was in die teologie van die verlede. Die eksistensieteologie het die kerk se oë weer geopen vir die teenswoordige wêreld. Dit het die kerk laat besef dat hy in sy verkondiging nie net aandag aan die vertikale dimensie moet gee nie, maar ook aan die horisontale dimensie.

4.20 DIE HUISGESIN

Soos reeds vantevore gesê, is die objek van die huisbesoek die individuele lidmaat of die huisgesin.

Die huisgesin is die normale wyse van Christenwees in die wêreld. In beide Ou en Nuwe Testament sien ons dat die huisgesin altyd 'n besondere plek ingeneem het.

Hoewel die huisgesin uit verskillende individue bestaan, behoort dit altyd as 'n eenheid beskou te word. Sodra een lid van die huisgesin ontbreek, is die band van eenheid verbreek. In sy huisbesoek behoort die huisbesoeker die hele huisgesin te betrek. In die kerklike praktyk gebeur dit dikwels dat die hele huisgesin nie tydens huisbesoek betrek word nie. Enersyds gebeur dit dat die huisbesoeker tevrede is, as slegs die hoof van die huisgesin teenwoordig is. Andersyds gebeur dit dat die hele huisgesin teenwoordig is, maar dat die gesprek met net een van die huisgesin se lede gevoer word. Die huisbesoeker moet alles in sy vermoë doen om te sorg dat die hele huisgesin teenwoordig is – die vader, die moeder en al die kinders. Veral met betrekking tot die jong lidmate van bepaalde huisgesinne, word voortdurend probleme ondervind. Sodra hulle 'n mate van selfstandigheid bereik het, maak hulle hulle van die huisgesin los. So gebeur dit dikwels dat hulle net nie tuis is wanneer

daar huisbesoek gedoen word nie. Normaalweg word hulle dan bloot agterweë gelaat. Langs hierdie weg ontstaan 'n jeug van die kerk wat los is van die kerk. In sulke gevalle behoort die huisbesoeker weer terug te gaan na daardie huis toe. Om hierdie probleem te voorkom, is dit nodig dat die huisgesin vooraf in kennis gestel word van die huisbesoek en vir hulle uitdruklik gesê word, dat die verwagting is dat die hele huisgesin tuis moet wees. Wanneer daar huisbesoek gedoen word, is dit nodig dat die hele huisgesin in die gesprek betrek word. Selfs die kleinste kindjie moet besef dat hierdie besoek ook vir hom bedoel is.

4.21 GROEPSBESOEKE

Gedurende die laaste aantal jare het die gedagte van groepshuisbesoek baie sterk na vore gekom. Daar word gewoonlik verwys na die feit dat in die Bybel nie net sprake van gesprekke met enkelinge is nie, maar ook met groepe. As historiese agtergrond word verwys na die besondere funksie wat die groepsbyeenkomste vroeër vervul het in die midde van die Hernhutters en die Piëtiste. J J de Klerk toon duidelik aan dat die groepshuisbesoek nie sy oorsprong in die Bybels-reformatoriese teologie het nie, maar in die sosiale sielkunde en die pastorale psigologie.[63]

Die groepshuisbesoek word gewoonlik soos volg ingerig: 'n Bepaalde wyk se lidmate kry vooraf kennis van die plek, tyd en onderwerp wat bespreek gaan word. Op die bepaalde tyd kom die wyk se lidmate byeen. Die predikant lees uit die Bybel, hy bid en gee 'n kort inleiding oor die onderwerp wat bespreek gaan word. Die groep as geheel bespreek die onderwerp.

Om so 'n groepsbyeenkoms sinvol te laat verloop, moet aan bepaalde vereistes voldoen word. Die inleier van die gesprek moet goed voorberei wees. Hy moet vooraf besluit wat hy met hierdie byeenkoms wil bereik. Die inleiding moet kort en kragtig wees. Alle onnodige gegewens moet vermy word. Om die verwagte doel te bereik, moet hy sy inleiding van die begin af in daardie rigting stuur. Tydens die bespreking van die ter sake moet die leier van die groep baie duidelik leiding neem. Deur sy leiding moet hy die gesprek altyd op die regte baan hou. Hy moet soveel as moontlik persone betrek by die gesprek. Indien dit lyk of daar iemand agter

63. J J de Klerk, a.w., p 47 en 48

die massa verdwyn, kan hy betrek word deur aan hom persoonlik 'n vraag te stel. Elke spreker moet ten volle tot sy reg kom. Indien aan iemand se opmerkings geen aandag gegee word nie, sal daardie persoon hom terugtrek en nooit weer na vore kom nie. Die lede van die groep moet self soveel as moontlik praat, en die inleier so min as moontlik. Aan die einde van die gesprek moet 'n duidelike opsomming gegee word en bepaalde afleidings gemaak word.

Die groepshuisbesoek hou bepaalde voordele en nadele in.

Onder die voordele kan ons die volgende noem:

- Baie gemeentes is groot en kan nie gereeld deur die predikant besoek word nie. Die groepshuisbesoekstelsel bied die geleentheid dat in 'n redelike kort periode met 'n groot gedeelte van die gemeente kontak gemaak kan word.
- Die lidmate van die gemeente leer mekaar beter ken en leer om in wyksverband as 'n eenheid te funksioneer.
- Die lidmaat wat in 'n groot gemeenskap gewoonlik volkome op die agtergrond staan, kry meer geleentheid om na vore te tree.
- Daar is meer tyd tot die predikant se beskikking om aandag te gee aan ander noodsaaklike werk.
- Aangesien meer mense as met die gewone huisbesoek teenwoordig is, word 'n bepaalde onderwerp breër bespreek.

Onder die nadele kan ons die volgende noem:

- Daar word nie aan elke lidmaat individueel aandag gegee nie.
- Besondere probleme wat 'n besondere individu raak, word nie aangeroer nie.
- Die lidmaat wat vervreemd is van die kerk, woon gewoonlik nie sulke byeenkomste by nie.
- Met die gewone huisbesoek word elke individu gedwing om te praat, terwyl hy in die groep baie maklik agter die ander kan wegkruip.
- Basies neem die monoloog hier 'n baie groter plek in as by die gewone huisbesoek.

Dat groepsbyeenkomste 'n baie belangrike funksie in die gemeente kan vervul, sal niemand ontken nie. Is groepshuisbesoek wel huisbesoek in die volle sin van die woord? Kan die groepshuisbesoek die gewone huisbesoek vervang? Op albei hierdie vrae sal negatief geantwoord moet word. Huisbesoek is die verkondiging van die evangelie in gesprekvorm aan 'n individu in die konkrete situasie waarin hy hom bevind. Tydens die groepshuisbesoek word die gesprek in 'n groot mate vervang met die monoloog. Tydens die

groepshuisbesoek kan daar ook nie rekening gehou word met die konkrete situasie waarin elke lidmaat hom bevind nie. Bepaalde aspekte van huisbesoek kan tydens die groepshuisbesoek nie tot sy reg kom nie. Ons dink hier in die besonder aan die opsig oor elke lidmaat afsonderlik, en die besondere voorsorg en nasorg wat die huisbesoek ten opsigte van elke lidmaat moet vervul. Tydens huisbesoek moet een huisgesin met die Woord vertroos word, 'n ander een moet met die Woord vermaan word, een moet verder onderrig word oor 'n bepaalde onderwerp en 'n ander een moet bemoedig word. Vanweë die huisbesoek se besondere "individualisitese" karakter, kan dit nie met groepshuisbesoek vervang word nie. Dit lyk vir my beter as ons sou praat van groepstoerusting, groeps-voortgesette-kategese of groeps-Bybelstudie.

In die lig van baie faktore lyk dit noodsaaklik dat die kerk in sy funksionering bepaalde plek sal inruim vir hierdie groepsarbeid. Met groot vrug kan daar sulke byeenkomste gereël word vir byvoorbeeld al die gemeente se bejaardes, bepaalde groepe katkisante wat reeds klaar belydenis gedoen het, die katkisasieklas se ouers, ensovoorts. Dit sal miskien ook goed wees as 'n bepaalde wyk se lidmate van tyd tot tyd op hierdie wyse byeenkom ter aanvulling van die werk wat reeds gedoen is. As die kerk op die wyse wil werk, sal hierdie byeenkomste geleenthede moet wees waar die Woord verkondig word, en nie net geleenthede waar blote sosiale bande bevorder word nie. Dit sal bykomende werk moet wees en nie vervanging van die reeds bestaande nie.

5

Praktiese inrigting van die huisbesoek

5.1 BEPLANNING NOODSAAKLIK

Huisbesoek is nie 'n saak wat die predikant alleen raak nie. Die kerkraad moet opsig hou oor hierdie werk van die predikant. Die predikant moet daarom sy huisbesoek doen in oorleg met die kerkraad. Die algemene patroon in die kerk is dat die predikant jaar na jaar die gemeente van hoek tot kant besoek. Op grond van vorige bepalings in die kerkwet, is dit ook wat die meeste kerkrade en lidmate van die predikant verwag. Op grond van baie groot gemeentes en op grond van 'n groot groep kerkvervreemdes en 'n groot getal siekes en bejaardes in elke gemeente, behoort daar nie met hierdie stereotiepe patroon voortgegaan te word nie. Dit behoort slegs gehandhaaf te word in kleiner gemeentes en gemeentes waar daar voldoende tyd is om aan kerkvervreemdes en probleemgevalle te spandeer.

Dit is nodig dat die kerkraad van tyd tot tyd 'n deeglike ontleding van hulle gemeente met die oog op huisbesoek maak. Op grond van daardie ontleding, behoort hulle te besluit hoe die huisbesoek ingerig moet word. Dit is absoluut noodsaaklik dat een of ander tyd besondere aandag aan die kerkvervreemdes gegee word. Die getal van hierdie mense neem jaarliks toe en vir alle praktiese doeleindes word daar aan hierdie situasie niks gedoen nie. 'n Presiese patroon van hoe die huisbesoek gedoen moet word, kan nie vir elke gemeente gegee word nie. In oorleg met die predikant, kan die kerkraad vasstel by hoeveel lidmate hy per jaar huisbesoek kan doen en in die lig daarvan, kan die beplanning gedoen word. Nie alleen die kerkraad moet kennis dra van die verwagte aantal lidmate wat per jaar besoek moet word nie, maar ook die lidmate self. Dit sal goed wees as daar aan die begin van die jaar bekend gemaak word, by watter wyke die predikant gedurende die jaar huisbesoek gaan

doen. In die praktyk kan 'n predikant nie by meer as ongeveer vyfhonderd-en-vyftig lidmate per jaar sinvol huisbesoek doen nie. Dit lyk sinvol om die verwagte getal huisbesoekpunte te verminder, sodat die predikant die kerkvervreemdes, die probleemgevalle en mense in 'n krisissituasie, meer as een keer per jaar kan besoek. 'n Ander moontlikheid is dat die predikant vir 'n bepaalde tyd voortgaan om die lidmate te besoek, en vir 'n bepaalde tyd uitsluitlik die kerkvervreemdes en ander genoemdes besoek. Om hierdie skema sinvol te laat verloop, sal dit nodig wees dat 'n predikant nie so gou uit 'n gemeente wegtrek nie.

Om behoorlik opsig oor die predikant se huisbesoek te doen, is dit nodig dat hy meer as eenkeer per jaar aan die kerkraad verslag doen in verband met sy huisbesoek.

Met betrekking tot die werk van die ouderling, is dit noodsaaklik dat beter beplan word en deeglik opsig gehou word. Die gebruik in die kerk is dat die ouderlinge die lidmate vier keer per jaar besoek. Om hierdie werk sinvol te kan doen, moet 'n ouderling se wyk nie te groot wees nie. In die geval van kerkvervreemdes en besondere probleemgevalle, behoort die ouderling die lidmate meer dikwels te besoek. Hier kan gepoog word om dit maandeliks te doen. Soos die kerkraad as geheel oor die predikant se huisbesoek opsig hou, behoort hulle dit ook te doen ten opsigte van elke ouderling. Vir hierdie doel sal dit goed wees as elke ouderling driemaandeliks skriftelik aan die kerkraad verslag doen.

5.2 TOERUSTING

Uit vorige hoofstukke het reeds geblyk dat huisbesoek 'n hoogs gespesialiseerde werk is. Hierdie werk kan alleen sinvol gedoen word, as die huisbesoeker daarvoor goed toegerus is. Dit bring noodwendig mee dat die predikante op hierdie gebied 'n baie goeie teologiese toerusting moet ontvang. Naas die intensiewe teologiese toerusting, is dit ook nodig dat hulle tydens hulle studentejare reeds met die praktyk te doen kry. Hierdie praktiese ondervinding kan opgedoen word deur verpligte huisbesoek deur studente in gemeentes, waarna hierdie besoeke dan in die klas bespreek word. Net soos met enige ander teologiese wetenskap, is daar op hierdie vakgebied voortdurend ontwikkeling en nuwe opvattings. Daarom is voortdurende opfrissingskursusse baie noodsaaklik.

Die predikant gaan huisbesoek doen as iemand met 'n volledige

teologiese opleiding. Die ouderling gaan huisbesoek doen sonder dat hy enige toepaslike opleiding het. Baie ouderlinge aanvaar die amp sonder dat hulle naastenby besef wat van hulle verwag word. Toerusting is vir hulle absoluut noodsaaklik. Die kerkraad behoort voordat iemand bevestig word, 'n geleentheid te skep waartydens die ouderling toegerus word vir sy werk. Hierdie toerusting (kerkraadskategese) sal meer sinvol geskied as elke ouderling pas na sy verkiesing reeds 'n geskrewe stuk ontvang waarin sy werk duidelik uiteengesit word.

Dit sal meebring dat daar tydens die kerkraadskategese 'n sinvolle gesprek plaasvind en waar alle onduidelikhede uit die weg geruim kan word. Hierdie tans eenmalige toerustingsgeleentheid is nie voldoende nie. Na die bevestiging behoort daar voortdurend geleentheid geskep te word waartydens die ouderling verder toegerus word vir sy werk.

5.3 VOORBEREIDING

Voordat huisbesoek gedoen word, behoort die huisbesoeker hom deeglik voor te berei. Hy moet weet wie die betrokke mense is, wat hy daardie bepaalde dag gaan besoek. Met alles wat tot sy beskikking is, moet hy vir homself 'n beeld vorm van wie en wat hierdie mense werklik is. Daarna moet hy deeglik besin oor wat sy doel met sy besoek aan hierdie mense is. Wil hy hierdie mense gaan troos, bemoedig, vermaan of onderrig? Nadat hy dit vasgestel het, begin hy om te beplan wat hy vir hulle gaan sê. Dít wat hy moet gaan sê, is die Woord van die Here. Met al die moontlike apparaat tot sy beskikking, berei hy hom voor om sy boodskap te gaan aflewer. Soos reeds vantevore gesê, behoort hierdie voorbereiding nie minder intensief te wees as dié vir die prediking nie. Hierdie intensiewe voorbereiding moet nie net deur die predikant gedoen word nie, maar deur elkeen wat hom met hierdie besondere werk besig hou.

Omdat die Bybel alleen deur die werking van die Heilige Gees verstaan en verkondig kan word, is dit nodig dat die huisbesoeker voortdurend om sy leiding sal bid.

5.4 PRAKTIESE AANBIEDING

Nêrens in die Bybel kry ons 'n spesifieke voorbeeld van presies hoe huisbesoek gedoen moet word nie. Presiese voorskrifte in hierdie

verband kan ook nie gegee word nie. Daar bestaan egter verskillende moontlikhede. Elke huisgesin se omstandighede is dikwels die aanleidende faktor waarom die huisbesoeker sy huisbesoek anders inrig.

Nadat die huisbesoek vooraf gereël is en indien moontlik vir die huisgesin vooraf gesê is watter onderwerp ter sprake gaan wees, kom die huisbesoeker by die bepaalde huisgesin aan.

Omdat ons almal mense is, word daar kortliks verneem na die welstand en 'n kort algemene gesprek gevoer. Daarna sê die huisbesoeker vir die huisgesin waaroor hy met hulle kom praat. Hy lei die gesprek in en betrek die hele huisgesin by die gesprek. Tydens die gesprek sal daar noodwendig na bepaalde Bybelse uitsprake verwys word. Telkens as die verwysing plaasvind, word die besondere gedeeltes uit die Bybel voorgelees. Aan die einde van die gesprek word daar saam gebid. 'n Ander moontlikheid is dat die huisbesoeker 'n bepaalde Bybelgedeelte as vertrekpunt neem. Nadat hy dit voorgelees het, verklaar hy dit baie kortliks en hy en die huisgesin voer 'n gesprek daaroor en bid daarna saam. Hierdie gesprek moet in alle gevalle so wees dat dit verkondiging van die Woord is en dat dit gerig is op die konkrete situasie van die huisgesin. Dit sal goed wees as daar vooraf 'n geskrewe stuk aan die huisgesin gegee word, waarin die huisbesoeker se gesprek kortliks opgeteken is. Langs hierdie weg kan voorkom word dat die huisbesoeker 'n alleenspraak voer. Met die oog op voortgaande werk, teken die huisbesoeker by die huis die besonderhede van sy besoek aan. Dit kan gedoen word op 'n besondere kaart, wat vir hierdie doel vir elke huisgesin opgestel is. Hierdie kaart behoort in die kerkraad se besit te bly wanneer 'n predikant of ouderling verhuis of bedank. As die gemeentelid verhuis, sal dit goed wees as die kaart na die nuwe gemeente gestuur word.

Die vraag ontstaan voortdurend wat die verskil is tussen die huisbesoek van die predikant en dié van die ouderling. Sommige ouderlinge dink hulle moet slegs met die lidmate 'n algemene gesprek voer. Die blote feit dat hy by die huisgesin was, dink hy is genoeg. Sommige ouderlinge dink hulle is slegs nagmaal-aankondigers. Vir ander ouderlinge is dit weer voldoende om net uit die Bybel te lees en vir die huisgesin te bid. As die ouderling by elke huisgesin kan lees en bid, sal dit goed wees, maar dit is egter nie genoeg nie.

Die ouderling se primêre werk is om opsig te hou. Hy moet sorg

dat elke lidmaat volgens die Woord van God leef. Hy moet toesien dat die lidmate gereeld die Bybel lees, die eredienste en nagmaal bywoon, die kategese bywoon, offergawe gee, glo en leef soos die Bybel ons leer en in alles gehoorsaam is aan die Woord van God. Die ouderling behoort sy wyk se lede so goed te ken dat hy weet watter aspek van 'n bepaalde huisgesin se geloofslewe nie in orde is nie. Oor dít wat nie in orde is nie, moet hy 'n gesprek met hulle voer.

Dit moet nie slegs 'n algemene gesprek, 'n paar terloopse opmerkings wees nie, maar 'n indringende gesprek uit die Woord van God. Uit die Woord van God moet vir die lidmaat helder en duidelik aangetoon word, wat sy taak en roeping is. Die probleem is dat die meeste ouderlinge geen teologiese opleiding ontvang het en ook nie self die waarheid van die Woord na vore kan bring nie. Dit lyk daarom sinvol dat die predikant 'n teologies goed gemotiveerde stuk moet opstel met betrekking tot elke saak waaroor die ouderling met die lidmate moet gaan praat. As die ouderling na studie van die stuk nog nie die vermoë het om met hulle daaroor te praat nie, kan hy dit vir hulle voorlees of hulle kan dit self lees en daarna 'n gesprek voer. In baie huisgesinne is die geloofslewe, menslik gesproke, in orde. Wat gaan doen die ouderling daar? Hy gaan voer ook 'n gesprek uit die Woord. Voorkoming is altyd beter as genesing. Dieselfde stuk wat deur die predikant opgestel is, se inhoud kan hier gebruik word. Langs hierdie weg verseker die ouderling dat die lidmaat die Woord reg verstaan en dat hy werklik begryp waarom hy altyd op 'n bepaalde wyse behoort te leef. Net soos in die geval van die predikant, is dit nodig dat die ouderling na elke besoek besonderhede op 'n kaart sal opteken ten opsigte van sy besoeke.

5.5 HUISBESOEK BY VERSKILLENDE LIDMATE

Ons kan die huisbesoek in twee dele indeel – gewone huisbesoek en besondere huisbesoek. Onder gewone huisbesoek verstaan ons 'n besoek wat gereeld by huisgesinne gedoen word sonder dat 'n bepaalde aanleidende oorsaak daartoe gelei het. Besondere huisbesoek is daardie besoek wat gebring word op grond van 'n bepaalde aanleidende oorsaak in die besondere huisgesin. In beide gevalle is die huisbesoek verkondiging van die Woord in die vorm van 'n gesprek. In die geval van die besondere huisbesoek, bepaal die besondere omstandighede die tema van die gesprek.

5.5.1 **Gewone huisbesoek**

Die vraag word dikwels gevra wat die huisbesoeker moet doen by daardie huisgesinne wie se godsdienstige lewe in orde is, wat gereeld die Bybel lees, kerk toe gaan, hulle kinders self katkiseer, en gereeld kategese toe bring, en wie se alledaagse lewe met die Woord van God ooreenstem. Dat hierdie huisbesoek noodsaaklik is, het reeds geblyk uit die feit dat huisbesoek nie net opsighoudend van aard is nie, maar ook toerustend, onderrigtend en koersgewend van aard.

Wat genoemde huisgesinne betref, kan die huisbesoeker miskien gebruik maak van 'n tema-sisteem. Hy kies 'n bepaalde tema en praat met al die huisgesinne daaroor.[1] Hierdie werkwyse kan miskien vir die predikant en die ouderling wat saam met hom gaan, sieldodend word. Daarom is dit beter as die predikant 'n paar temas kies en afwisselend by die huisgesinne daaroor praat. Hierdie werkswyse bring mee dat baie herhaling uitgeskakel word en dat die ouderling wat saam met die predikant gaan, ook indirek oor 'n breë linie toegerus word wanneer hy later 'n soortgelyke gesprek moet gaan voer. In onderskeid met die besondere huisbesoek, moet hierdie gesprek so ingeklee word, dat dit meer toerustend-onderrigtend van aard is as opsighoudend.

Die volgende temas kan gebruik word:

- Waarom moet ek gereeld die Bybel lees?
- Waarom gaan ek elke Sondag kerk toe?
- Waarom gebruik ek nagmaal?
- Hoekom gee ek offergawes?
- Wat is geloof?
- Wat is goeie werke?
- Wat is die taak van die kerk?
- Wat is die taak van die verskillende ampsdraers van die kerk?
- Wat is die taak van die gewone lidmaat van die kerk?
- Waarom moet ek self my kinders onderrig in die Woord van God en hoe behoort ek dit te doen?
- Wat is die betekenis van die doop?
- Wat is 'n sekte?
- Wat is die verskil tussen kerk en sekte?
- Hoe behoort 'n gelowige Sondag te vier?

Baie ander temas kan nog volgens eie goeddunke gebruik word.

---

1. J I de Wet, Huisbesoek. a.w., p 48

5.5.2 **Besondere huisbesoek**

Soos reeds gesê word hierdie huisbesoek gedoen waar daar 'n bepaalde omstandigheid heers, wat dit noodsaaklik maak om hierdie mense te gaan besoek. Hier is 'n groot verskeidenheid wat opgenoem en bespreek kan word.

5.5.2.1 *Kerkvervreemdes*

In elke gemeente is daar 'n groot aantal lidmate wat geheel en al vervreemd is van die kerk. Hulle kom nooit meer luister na die prediking nie, hulle woon nooit die nagmaal by nie, hulle offergawes is uiters sporadies en hulle meelewing met die gemeente is feitlik nul. Hulle ken die kerk alleen in gevalle wanneer hulle iets van die kerk nodig het. Die grootste gedeelte van hierdie mense beweer dat hulle nog volkome glo. Hulle het die besondere aandag van die kerkraad nodig. Dit is noodsaaklik dat meer as een keer per jaar deur die predikant aan hulle aandag gegee word en dat die ouderling meer as een keer in drie maande by hulle uitkom. Met betrekking tot hierdie lidmate, moet die kerkraad deeglik besin. Met die oog op besondere aandag, moet die kerkraad 'n lys opstel van al die huisgesinne wat hier ter sprake is en dat die vordering en die werk wat onder hulle gedoen word, voortdurend aangeteken word. Na volgehoue intensiewe gesprekke moet die kerkraad een of ander tyd oorgaan om die nodige tugstappe teen hulle te neem. Dit sal alleen gedoen kan word as die kerkraad daarvan oortuig is dat hy alles gedoen het wat menslik moontlik is. In die gesprekvoering met hierdie mense, sal die huisbesoeker moet vasstel wat die oorsaak is waarom die lidmaat nie sy verantwoordelikheid nakom nie. Op 'n begrypende wyse sal die ampsdraer dan vanuit die Woord van God vir die lidmaat die regte pad moet aanwys. Bombasties, veroordelende woorde sal in die meeste gevalle die situasie vererger en nie verbeter nie. Instemming en aanvaarding van die lidmaat se verskonings, is nog gevaarliker.

5.5.2.1.1 Lidmate wat nie die gewone eredienste bywoon nie

Verskonings waarom die gewone eredienste nie bygewoon word nie, is wyd uiteenlopend van aard. Die mees algemene is dat lidmate dit nie nodig ag om elke Sondag kerk toe te gaan nie. Hulle beweer dat dit genoeg is as hulle self die Bybel lees en self bid.

Sommiges beweer dat 'n mens net kerk toe behoort te gaan as jy so

voel. Ander beweer dat hulle elke Sondag werk of elke Sondag besoek by iemand moet gaan aflê. Ander is bang dat erediensbywoning 'n gewoonte in hulle lewe sal word. Op al hierdie verskonings gee die Bybel en ons belydenisskrifte vir ons 'n baie duidelike antwoord.

Die feit dat sommige lidmate dink dat jy 'n gelowige kan wees sonder om 'n aktiewe lid van die kerk van Christus te wees, is 'n geweldige misverstand. Uit die Bybel is dit duidelik dat dit die wil van God is, dat elkeen wat in Hom, die drie-enige God glo, deel moet wees van sy volk, sy kerk. In die Ou Testament lees ons dat God die volk Israel uitverkies het en dat Hy in die besonder met hierdie volk gehandel het. Die gelowiges van die Ou Testament was nie individue uit verskillende volke nie, maar hulle was deel van die volk Israel, wat bereid was om hulle verantwoordelikheid teenoor God binne die ruimte en die raamwerk van hierdie volk uit te leef. In die Nuwe Testament lees ons dat die grense van hierdie volk van God verbreek is. Voortaan sou die volk van God, sy eiendom, nie meer net die volk van Israel wees nie, maar elkeen wat in Jesus Christus glo. Uit die Nuwe Testament is dit duidelik dat dit die wil van God is dat elkeen wat in Jesus Christus glo, deel van sy gemeente sal wees. Daarom gebeur dit ook dat God die wat gered is, tot sy gemeente toevoeg: "En die Here het elke dag mense wat gered is, tot die gemeente toegevoeg."[2] Op grond hiervan sê die Heidelbergse Kategismus ten opsigte van die kerk: "Dat die Seun van God uit die ganse menslike geslag vir Hom 'n gemeente wat tot die ewige lewe uitverkies is, deur sy Gees en Woord in die eenheid van die ware geloof, van die begin van die wêreld af tot aan die einde toe vergader, beskerm en onderhou en dat ek daarvan 'n lewende lid is en ewig sal bly."[3] By hierdie verklaring van wat die kerk is, noem die Heidelbergse Kategismus 'n klomp tekste om hierdie standpunt te fundeer.[4] Die Nederlandse Geloofsbelydenis sê in dieselfde trant: "Ons glo dat aangesien hierdie heilige vergadering 'n versameling is van die wat gered word en daarbuite geen saligheid is nie, dat

2. Handelinge 2:47
3. Heidelbergse Kategismus, vraag en antwoord 54
4. Efesiërs 5:26; Johannes 10:11; Handelinge 20:28; Efesiërs 4:11–13; Genesis 26:4; Openbaring 5:9; Romeine 8:29; Efesiërs 1:10–13; Jesaja 59:21; Romeine 1:16; 10:14–17; Efesiërs 5:26; Handelinge 2:42; Efesiërs 4:3–5; Psalm 71:17–18; Jesaja 59:21; 1 Korintiërs 11:26; Matteus 16:18; Johannes 10:28–30; Psalm 129:1–5; 1 Johannes 3:14; 2 Korintiërs 13:15; Romeine 8:10; Psalm 23:6; 1 Korintiërs 8:9; Johannes 10:28; 1 Johannes 2:19 en 1 Petrus 1:5

niemand, van watter rang of kwaliteit hy ook al mag wees, hom op homself behoort te hou en op sy eie persoon te staan nie, maar dat hulle almal verplig is om hulle daarby te voeg en daarmee te verenig.

Daarom handel almal wat hulle van die ware kerk afskei of daarby nie aansluit nie, teen die ordonnansie van God."[5]

Dat God met sy eiendom wil handel binne die ruimte van die gemeente, spreek duidelik uit die feit dat Paulus orals waar hy gekom het, gemeentes gestig het en later vir hierdie gemeentes geskryf het. As God tot Johannes spreek op die eiland Patmos, gee hy aan hom boodskappe, nie om aan enkelinge te gaan oordra nie, maar aan gemeentes.[6] Hy wat 'n gelowige wil wees sonder die noue verbondenheid aan die kerk, is iemand wat eintlik slimmer wil wees as God self. As iemand reeds gedoop is en belydende lidmaat van die kerk is, is dit vir hom seker 'n bewys dat God wil hê dat hy moet deel wees van sy kerk en dat Hy hom darom deel gemaak het. Die belydende lidmaat het ook self die dag toe hy belydenis van geloof gedoen het, hierdie waarheid aanvaar en met sy belydenis homself daartoe verbind om alles wat menslik moontlik is te doen om hierdie waarheid uit te leef – hy het aanvaar dat God hom deel gemaak het van sy gemeente en beloof om alles te doen wat hierdie waarheid vir hom meebring. God maak iemand deel van sy gemeente omdat Hy daardie persoon in sy gemeente wil versorg met sy Woord en Gees. Deur sy Woord en Gees wil God met hom in ontmoeting tree, wil Hy sy geloof versterk, wil Hy vir hom die pad aandui wat hy as gelowige behoort te bewandel. Binne hierdie ruimte wil God dat hulle wat in Hom glo, antwoord gee op sy Woord. Hierdie boodskap het die eerste Christelike gemeente goed en reg verstaan. Hulle het dit so verstaan dat geen moeite en opoffering vir hulle te groot was om elke dag in 'n erediens bymekaar te kom nie.[7] Nie alleen ter wille van die gemeenskap van Christus nie, maar ook ter wille van die gemeenskap aan mekaar (gemeenskap van die heiliges) is dit nodig dat gelowiges in die gemeente saam sal wees.[8]

Om by die huis alleen te lees en te bid is nie genoeg nie. Die voorafgaande paragraaf bevestig dit en word deur nog ander Bybelse gegewens bevestig. Ons word alleen salig deur die geloof in Jesus

---

5. Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 28
6. Openbaring 1:4
7. Handelinge 2:46
8. Heidelbergse Kategismus, vraag en antwoord 55

Christus.[9] Hierdie geloof kan alleen deur die Heilige Gees aan ons gegee word.[10] Die Heilige Gees gee die geloof op 'n besondere wyse. In Handelinge 2 lees ons dat daar 'n groot getal mense in Jerusalem bymekaar was. 'n Groot gedeelte van hierdie mense was teenwoordig toe Christus gekruisig is. Hulle het reeds gehoor dat Hy uit die dood opgestaan het. Hulle was teenwoordig toe die Heilige Gees uitgestort is. Nieteenstaande die belewenis van al hierdie dinge, het hulle nog nie in Jesus Christus geglo nie.

Toe gebeur die wonderbaarlike. Petrus, die apostel, die ampsdraer, preek vir hulle. Terwyl Petrus gepreek het, het nie minder as drie duisend van hulle tot die geloof gekom.[11] Die Here het die gepredikte Woord gebruik om die geloof in hulle harte te werk. Presies dieselfde gebeur met die kamerling van Etiopië. Hierdie man was in Jerusalem. Hy het in Jerusalem gaan aanbid. Hy is op sy terugreis en sit op sy wa en lees uit die boek Jesaja. Nieteenstaande sy vroom lewe, nieteenstaande sy eie lees uit die Bybel, het hy nie in Jesus geglo nie. Die Heilige Gees stuur vir Filippus, die evangelis, die ampsdraer van die kerk, na hom toe. Filippus verklaar vir hom die gedeelte wat hy gelees het, hy preek vir hom. Die kamerling kom tot die geloof in Jesus Christus.[12] Die Here openbaar hier weer dat Hy met sy Gees, deur die verkondigde Woord, geloof in mense wil werk en bou.

In die hele Nuwe Testament lees ons nêrens van mense wat tot die geloof in Jesus Christus gekom het sonder die verkondigde Woord nie. Op grond hiervan sê Paulus: "Die geloof kom dus deur die prediking wat 'n mens hoor en die prediking wat ons hoor is die verkondiging van Jesus Christus."[13] Op grond hiervan sê die Heidelbergse Kategismus: "Die Heilige Gees werk die geloof in ons harte deur die verkondiging van die heilige evangelie."[14] Om deel te hê aan al Christus se weldade, moet ons in Hom glo. Ons glo as ons gaan luister na die verkondiging van die evangelie, werk die Heilige Gees hierdie geloof in ons. Ons kan dit nie met die oog sien of met die hand voel nie, maar onbewustelik, onsigbaar gebeur dit.

---

9. Heidelbergse Kategismus, vraag en antwoord 20 (Sien ook die tekste by hierdie antwoord)
10. Heidelbergse Kategismus, vraag en antwoord 65 (Sien ook die tekste by hierdie antwoord)
11. Handelinge 2:41
12. Handelinge 8:26–40
13. Romeine 10:17
14. Heidelbergse Kategismus, vraag en antwoord 65

Ek gaan kerk toe as ek so voel. Die mens wat so redeneer, dink dat daar in die mens 'n soort goddelike mag is, wat jou deur middel van jou gevoel of jou gewete op die regte pad lei. Hierdie is 'n opvatting wat in stryd is met die Woord van God. Die Bybel leer nêrens dat daar iets goddeliks in die mens is wat hom die regte pad kan wys nie. Die Bybel leer ons dat ons met die sondeval van kop tot tone verdorwe geraak het. Nie alleen ons hand en ons oor en ons mond is deur die sondeval verdorwe nie, maar ook ons hart, ons wil en ons gevoel. Ons is so deur die sondeval verdorwe dat uit ons hart presies die teendeel kom van wat God van ons vra. Ons is so deur die sondeval verwoes dat ons wil en ons gevoel 'n geheel en al sondige wil en gevoel is. Dit is nie meer 'n wil en 'n gevoel wat ons na God toe lei nie, maar eerder van Hom af weg.

As ons waarlik gelowiges wil wees, dan laat ons ons nie meer lei deur ons eie wil en gevoel nie, maar alleen deur die Gees en die Woord van God. Ons vra dan nie meer wat ek wil of hoe ek voel nie. Ons vra alleen wat die Woord van die Here sê. As die Here in sy Woord dan helder en duidelik sê dat dit die wil van God is, dat ons gereeld en getrou moet luister na die gepredikte Woord, dat ons Hom in sy diens moet gaan loof met gebed en sang, dan gaan ons, al sê ons wil of ons gevoel ook anders.

Baie lidmate sê hulle wil nie gereeld kerk toe gaan nie, want hulle is bang dit word naderhand 'n gewoonte in hulle lewe. Die hele lewe van 'n mens is tog immers niks anders as een gewoonte op die ander nie. Ons is gewoond om op te staan, te eet en te gaan werk. Die opregte gelowige se lewe word egter nie net met materiële gewoontes gevul nie, maar ook met godsdienstige gewoontes. Soos hy gewoond is om elke aand te gaan slaap, so is hy ook gewoond om elke dag uit die Bybel te lees, te bid en te handel soos wat God in sy Woord beveel. Met betrekking tot jou godsdienstige gewoontes is dit nodig dat jy dit altyd sal doen met die regte gesindheid, uit geloof, uit gehoorsaamheid, uit dankbaarheid. As selfs Jesus Christus gewoond was om elke sabbatdag na die tempel op te gaan;[15] dan is elke Sondag se erediensbywoning seker een van die beste gewoontes wat in 'n mens se lewe kan bestaan.

'n Groot gedeelte van die lidmate gaan op Sondae gewoonweg voort met hulle alledaagse werk. Ander se gewoonte is om Sondag te gebruik as kuierdag. Hierdie situasies gebruik hulle as verskoning

15. Lukas 4:16

waarom hulle nooit in die kerk kom nie. Noukeurige navraag het aan die lig gebring dat baie van die lidmate wat op Sondag werk, nie verplig is om dit te doen nie, maar dat hulle dit bloot doen met die oog op groter materiële welvaart.

Baie lidmate werk op Sondae en gebruik juis die dag as kuierdag omdat hulle nie begryp wat die werklike betekenis van die Sondag is nie. In hierdie verband sal die huisbesoeker 'n helder en 'n duidelike woord tot hulle moet spreek vanuit die Bybel.

Met betrekking tot die viering van die Sondag, bestaan daar baie misverstand. In hierdie verband kry ons twee wyd uiteenlopende opvattings. Sommige lidmate se Sondagviering word gekenmerk deur 'n streng wettisisme. Ander se Sondagviering word gekenmerk deur 'n onbeperkte vryheid.

Die mense met 'n streng wettiese opvatting van die Sondag, beskou hierdie dag slegs as 'n verlengstuk van die Joodse sabbat. Dit is vir hulle 'n dag van absolute stilstand. Dit is vir hulle 'n dag met streng wette en voorskrifte. Hierdie wette en voorskrifte is soms so oormatig en so beperkend dat Sondag vir hulle 'n swaar en moeilike dag geword het. Hierdie dag van absoluut niks doen nie, is soms so 'n groot marteling vir die kinders dat hulle as hulle later volwasse is, elke binding wat daar met betrekking tot hierdie dag bestaan, oorboord gooi. In plaas van streng wettisisme, is Sondag dan vir hulle 'n dag van onbeperkte vryheid. Dit is vir hulle 'n dag soos elke ander dag; 'n dag waarop jy soos elke ander dag gewoonweg voortgaan met jou alledaagse werk, jou alledaagse sport en plesier.

Die Christelike viering van die Sondag lê eintlik tussen hierdie twee uiterstes. Dit is nie 'n dag van streng wettisisme nie, ook nie 'n dag van onbeperkte vryheid nie. Vir die Christen het die Joodse sabbat in vervulling gegaan met die koms van Jesus Christus. Vir die Christen is die Sondag die rusdag in plaas van die Saaterdag. Dit is vir ons so omdat op Sondag die ware rus waarna die sabbat heengewys het, in vervulling gegaan het toe Jesus Christus uit die dood opgestaan het. Op die Sondag herdenk ons die opstanding van Jesus Christus. Hierdie dag is vir ons 'n dag van vreugde en blydskap. Dit mag daarom nie vir ons 'n dag van marteling en pyniging wees nie. Dit mag nie 'n dag van wette en voorskrifte wees, wat vir die mens te swaar is om te dra nie. Dit beteken allermins dat dit 'n dag van onbeperkte vryheid moet wees. Op grond van die Bybel, beskryf die Heidelbergse Kategismus hierdie dag as 'n dag van erediens, 'n dag

van barmhartigheidsdiens en 'n dag van liggaamlike rus.[16] Sondag is die dag waarop God in die besonder met sy eiendom in ontmoeting wil tree. Dit spreek uit die feit dat Christus na sy hemelvaart in die besonder op die Sondag, aan sy dissipels verskyn het.[17] Dit is ook die dag waarop die eerste Christelike gemeente in erediens vergader het.[18] Op Sondag hou ons op met ons alledaagse werk om vry te wees – nie vry vir onsself, vir ons plesier of vir ons vriende en familie nie, maar vry vir God en sy diens, vry om met God in ontmoeting te tree in die erediens van die gemeente. Op dié dag wil God, langs die weg van die erediens, aan ons die grootste en die belangrikste gee van alle dinge, naamlik die geloof in Jesus Christus. Op dié dag wil Hy langs die weg van die erediens ons swak en wankelende geloof versterk. Omdat ons almal se geloof klein en wankelend is, kan nie een van ons dit eintlik bekostig om 'n erediens mis te loop nie.

As ons op dié dag wegbly van die erediens, beteken dit eenvoudig dat ons nie met God in ontmoeting wil tree nie, dat ons nie wil hê dat ons geloof versterk moet word nie. As ons wil sodanig is, dan is ons wil in stryd met die wil van God! Dan is ons besig om te sondig!

Naas 'n dag van erediens, beskryf die Heidelbergse Kategismus hierdie dag as 'n dag van barmhartigheidsdiens. Omdat God ons eerste barmhartig was, daarom is ons geroepe om uit dankbaarheid barmhartigheid aan ander te bewys. Tot hierdie bepaalde diens-karakter van die Sondag het die reformatoriese vadere seker gekom op grond van die feit dat Christus Homself op die rusdag in die besonder bemoei het met mense in nood,[19] en omdat die eerste Christelike gemeente hierdie dag in die besonder vir hierdie doel aangewend het.[20]

Op die Sondag gaan die Joose sabbat vir die Christen in vervulling. Die dag toe Christus opgestaan het uit die dood, het die ware rus na liggaam en siel vir die mens aangebreek. In die erediens, onder die geklank van die gepredikte Woord, deur die werking van die Heilige Gees, ontvang ons geestelike rus. By die huis, daar waar ons opgehou het met ons alledaagse werk, ontvang ons op Sondag liggaamlike rus. Hierdie rus is vir ons die simbool van die ewige rus wat vir ons almal wag op grond van Christus se versoening. Dit is

16. Heidelbergse Kategismus, vraag en antwoord 103
17. Matteus 28:1–15; Markus 16:1–19 Lukas 24:1–48; Johannes 20:19–31
18. Handelinge 20:1
19. Matteus 12:9–12; Markus 3:1–6 en Lukas 6:6–11
20. 1 Korintiërs 16:1–4

vir ons ook die simbool van God se besondere sorg. Op indirekte wyse word ons so geleer dat God die Een is wat vir ons sorg – sonder dat onsself werk, bly ons op hierdie dag nog aan die lewe.

Hierdie drie bogenoemde elemente van die Christelike Sondagviering behoort 'n drie-eenheid te vorm in die lewe van die gelowige. Die een behoort nie beklemtoon te word ten koste van die ander twee nie. Die algemene tendens is vandag juis om die "rus" op die Sondag te verhef tot die enigste element.

Die besondere wyse van leef op die Sondag, mag nie verhef word tot 'n grootheid wat alleen geld vir een bepaalde dag van die week nie. Die besondere leef van die Woord van God, versorg word deur die God van die Woord en bereid tot die diens vir die naaste, moet gestalte aanneem gedurende al die dae van die week wat na Sondag volg.

Met die behandeling van hierdie besondere onderwerp by huisbesoek, kan van die volgende Skrifgegewens gebruik gemaak word: Psalm 23 (veral die laaste vers); Psalm 84; Psalm 118 (veral verse 19–29); Psalm 122 (veral vers 1). Matteus 18; 15–20; Lukas 4:16, 16:19–31 (veral verse 19–31); Handelinge 2:37–43, 20:7–12; Efesiërs 4:1–16; Romeine 10:5–21; 1 Tessalonisense 5:12–28 (veral verse 19–20); Hebreërs 4 (veral verse 19–31) en 10:19–25.

In plaas van om besondere Skrifgegewens as vertrekpunt te neem, kan die volgende gedeeltes van die kerk se belydenisskrifte geneem word: Heidelbergse Kategismus, vrae en antwoorde 54, 65 en 103 en Nederlandse Geloofsbelydenis, hoofstuk 27 en 28.

5.5.2.1.2 Lidmate wat nie die nagmaal bywoon nie

Tot 'n klompie jare gelede was dit 'n vreemde verskynsel as sommige lidmate nie die nagmaal bywoon nie. Feitlik elke lidmaat het besondere moeite gedoen om by die nagmaal uit te kom. Vandag het dit 'n alledaagse verskynsel geword dat daar 'n groot aantal lidmate is wat die nagmaal sporadies gebruik en 'n groot aantal lidmate wat nooit meer nagmaal gebruik nie. Ons kan selfs so ver gaan om te sê dat die nagmaal vandag in 'n krisis verkeer.

Baie redes kan daarvoor aangevoer word. Die vernaamstes is seker omdat die lidmate nie meer weet waarom hulle nagmaal moet gebruik nie, dat hulle nie meer besef dat dit sonde is om weg te bly van die nagmaal en omdat hulle sekere gedeeltes van die nagmaalformulier verkeerd verstaan. Die huisbesoek bied 'n besondere geleent-

heid om te praat oor al die misverstande wat in hierdie verband bestaan.

Ons moet nagmaal gebruik, omdat Jesus Christus dit self beveel het. Wanneer die apostel Paulus die instellingswoorde van die nagmaal vir ons gee, sê hy dat Jesus Christus self gesê het: "Doen dit tot my gedagtenis." Hierdie woorde van Jesus is 'n uitdruklike bevel. Jesus het nie gesê as jy so dink of as jy so voel moet jy nagmaal gebruik nie – jy moet dit doen. Dit beteken dat elke Christen wat sonder goeie rede wegbly van die nagmaal, besig is om te sondig.

Waarom het Jesus Christus beveel dat elke gelowige nagmaal moet gebruik? Op hierdie vraag word vir ons 'n baie duidelike antwoord gegee in ons *Geloofsleerboekie*, vrae 58 en 59. In vraag 58 word gevra: "Hoe skenk God ons geloof?" Die antwoord is: "God, die Heilige Gees, werk die geloof in ons as ons die Woord van God hoor." Die mens kan nie self sy geloof verwerf of verdien nie, God met sy Gees gee dit. God gee dit nie op enige willekeurige wyse nie, God gee dit in die besonder deur die Bybel wat die kerk aan ons verkondig. Ons moet egter nie net tot die geloof kom nie, ons moet glo totdat ons die laaste asem uitblaas. Ons geloof moet voortdurend versterk word. In vraag 59 word gevra: "Hoe word ons geloof sterk gemaak?" Die antwoord is: "Ons geloof word versterk deur die hoor van Gods Woord en die gebruik van die sakramente." Op 'n hoorbare wyse verkondig die Bybel aan ons: Jesus Christus het vir al jou sonde betaal, Hy het jou deel gegee aan die ewige lewe. Hierdie selfde waarheid verkondig die nagmaal op sigbare wyse aan ons. Net soos God die gepredikte Woord gebruik om ons te verseker dat Jesus alles gedoen het vir ons saligheid, net so doen Hy dit deur die nagmaal. Deur die nagmaal gee God aan ons geloof in Jesus Christus, deur wie ons deel het aan die saligheid. Dikwels gebruik ons nagmaal en na die nagmaal voel ons miskien nog presies soos voor die nagmaal. Maar onbewustelik is ons geloof tog versterk. Die mens wat werklik omgee vir sy geloof, vir sy saligheid, sal daarom nie sonder meer van die nagmaal wegbly nie.

Is dit sonde om weg te bly van die nagmaal? Sonde is nie alleen wat ons doen nie, maar ook dit wat ons nalaat om te doen. As die Bybel beveel dat ons as gelowiges die nagmaal moet gebruik en ons doen dit nie, dan sondig ons natuurlik. Wegbly van die nagmaal is 'n teken van grootheidswaan. As jy wegbly van die nagmaal, dan sê jy indirek: "My geloof is groot en sterk, so groot en sterk dat ek die versterking wat die Here my wil gee as onnodig beskou." Wegbly

van die nagmaal is 'n teken van slimmer wil wees as God. As jy wegbly van die nagmaal, dan sê jy indirek: "Here u weet nie wat goed en reg is nie, ek weet self en daarom gebruik ek nie nagmaal nie." Jy sê dan indirek: "Here u wil vir my geloof gee deur die nagmaal, ek weet beter, ek kan op my eie wyse geloof verkry."

Wie moet nagmaal gebruik? Ons het reeds gesê dat die nagmaal ons geloof versterk. Dit beteken dan outomaties dat die nagmaal gebruik moet word deur mense wat reeds glo. Die kerk stel as vereiste: mense wat reeds glo en belydenis van geloof gedoen het. Hierdie eis word om twee redes gestel: Hulle wat nagmaal gebruik moet die liggaam van die Here kan onderskei (1 Kor 11:29). Dit beteken die nagmaalganger moet weet waarom dit in die nagmaal gaan. Dit kan hy alleen weet as hy in hierdie waarheid gekatkiseer is. Die kerkraad moet toesien dat die nagmaal nie ontheilig word nie, dat ongelowiges nie nagmaal gebruik nie. Die kerkraad kan alleen weet of mense gelowiges is, as daardie mense hulle geloof bely het. Die *Geloofsleer* sê: "Hulle wat goed weet wat geloof is en gelowig leef, moet nagmaal gebruik" (Antwoord 71). Geloof en goeie werke is onlosmaaklik aan mekaar verbonde. As jy glo, dan leef jy ook soos 'n gelowige. As jy roekeloos leef, dan beteken dit dat jy nie glo nie en dan mag jy nie nagmaal gebruik nie.

Wie mag nie nagmaal gebruik nie? Uit bogenoemde is dit reeds duidelik dat die ongelowiges (daarby is ingesluit dié wat in stryd met die gebooie van God leef) nie nagmaal mag gebruik nie.

Daar is vandag baie gelowiges wat nie nagmaal gebruik nie. Hulle verskoning is gewoonlik: "Ons is onwaardig om nagmaal te gebruik." Hulle dink die nagmaal is alleen ingestel vir sondelose, volmaakte mense. As dit van die mens se sondeloosheid en sy volmaaktheid afhang, dan mag niemand nagmaal gebruik nie. As ons sondeloos en volmaak was, dan was die nagmaal nie nodig nie.

Baie verwys na die nagmaalformulier en sê ek is besmet met een van die sondes wat in die nagmaalformulier opgenoem word, naamlik "alle afgodedienaars, almal wat afgestorwe heiliges, engele of ander skepsele aanroep; Almal wat aan beelde eer bewys; alle towenaars en waarsêers wat vee of mense of ander dinge besweer en aan sodanige beswering glo; alle veragters van God, van sy Woord en van die heilige sakramente; alle Godslasteraars; almal wat begeer om tweedrag, sektes en muitery in kerke en wêreldlike regeringe aan te rig; alle meinediges; almal wat hulle ouers en owerhede ongehoorsaam is; alle moordenaars en twissoekers en die wat in haat en nyd

teen hulle naaste lewe; alle egbrekers; hoereerders, dronkaards, diewe, woekeraars, rowers, dobbelaars, gierigaards en al diegene wat 'n ergerlike lewe lei."

As ons almal eerlik wil wees, moet ons erken dat ons elkeen al een of ander tyd een of meer van hierdie sondes wat hier opgenoem word gepleeg het. Die beteken nie dat ek van die nagmaal moet wegbly nie. Die formulier gaan verder: "Hulle almal moet, solank as hulle in sulke sondes volhard hul van hierdie spyse onthou wat Christus alleen vir sy gelowiges ingestel het." Eers as jy weet dat 'n bepaalde ding sonde is en daarmee aanhou, moet jy jou van die nagmaal weerhou. Die formulier noem hierdie sondes nie op om ons daarmee van die nagmaal weg te dryf nie. Hy noem dit op sodat ons sal afsien van ons sonde om volgende keer met vrymoedigheid aan te sit. Soms gebeur dit dat jy in kwaaivriendskap met ander mense leef. Al jou pogings om die probleme uit die weg te ruim is tevergeefs. Moet jy dan wegbly van die nagmaal? Nee, as jy alles gedoen het wat jy kan om die probleem uit die weg te ruim, dan kan jy nagmaal gebruik. As ons glo in Jesus Christus en leef soos gelowiges, dan kan ons nagmaal gebruik, al is ons geloof nie volkome en ons werke nie volmaak nie.

Hoe dikwels moet ek nagmaal gebruik? In die eerste Christelike gemeente het die gelowiges elke dag nagmaal gebruik. Later is die nagmaal weekliks gehou. Calvyn wou die nagmaal maandeliks hou, maar is deur die stadsowerheid verbied. Hy het toe volstaan met 'n kwartaallikse viering. Vanweë lang afstande en min predikante het ons voorouers die gebruik van vier keer per jaar gehandhaaf. Dit sal seker goed wees as ons meer keer per jaar nagmaal hou. Die vier keer per jaar wat die kerk nagmaal bedien, moet die minimum wees wat ons dit gebruik. Ons behoort ons lewe so in te rig dat ons nie een nagmaal mis nie. As ons let op ons eie ongeloof en kleingeloof en onthou dat God met die nagmaal ons geloof wil versterk, dan kan ons dit nie bekostig om een nagmaal afwesig te wees nie.

Veral Matteus 26:26–30; Markus 14:22–26; Lukas 22:14–20; Handelinge 2:42, 20:7; 1 Korintiërs 11:23–33; Heidelbergse Kategismus, vrae en antwoorde 65, 66, 67, 75, 76, 77, 78, 79, 80, 81 en 82; Nederlandse Geloofsbelydenis, hoofstuk 33 en 35 kan gebruik word as uitgangspunt om met die lidmate te praat oor die nagmaal.

5.5.2.1.3 Ouers wat die kategese van hulle kinders verwaarloos

In 'n vorige hoofstuk het ons reeds gehandel oor die kategese. Hier

wil ons dit slegs verder uitbrei deur aan te toon waarom kinders van verbondsouers moet katkiseer, en dat die ouers naas die kerk 'n verantwoordelikheid in hierdie verband het.

Voortdurend word die vraag gevra: waarom moet ons katkiseer? Baie mense dink dat die kategese iets is wat een of ander tyd deur mense ontwerp is en dat dit vandag bloot deur die kerk beoefen word op grond van 'n eeue-oue tradisie. Noukeurige ontleding van hierdie saak bring egter aan die lig dat die kategese nie gegrond is op mensdenke nie, maar op die Woord van God, die Bybel.

Die Kerkwet van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika gee 'n goeie antwoord waarom ons moet katkiseer: "Die kategese is die onderrig aan die kinders van gelowiges op grond van hulle doop, met die oog op die openbare belydenis van die geloof, die deelname aan die sakrament van die heilige nagmaal en die verantwoordelike lidmaatskap van die kerk".[21] *Die Kerkwet* omskryf in sy bepalings hierdie saak nog verder: "Die kategese het tot doel om die jeug van die kerk en hulle wat tot die kerk wil toetree te onderrig aangaande die leer van die kerk waarin hulle opgeneem is deur die doop, om hulle voor te berei vir die deelname aan die heilige sakramente en vir die aanvaarding van medeverantwoordelikheid vir die opbou van die Godsryk in die algemeen en van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika in die besonder".[22] Uit hierdie omskrywing van *Die Kerkwet* is die volgende duidelik:

- Die kategese is die onderrig aan gelowige gedoopte kinders en aan hulle wat tot die kerk wil toetree. Ons handel in hierdie werkie net oor die kategese aan gelowige gedoopte kinders.
- Die kategese is die onderrig aangaande die leer van die kerk.
- Die kategese berei die katkisant voor vir belydenis van geloof, die gebruik van die sakramente en verantwoordelike Christenskap in die wêreld.

Die katkisant is gedoop in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees. "As ons in die Naam van die Vader gedoop word, betuig en verseël die Vader aan ons dat Hy 'n ewige genadeverbond met ons sluit en dat Hy ons tot kinders en erfgename aanneem...

As ons in die Naam van die Seun gedoop word, verseël die Seun aan ons dat Hy met sy bloed al ons sondes afwas en dat Hy ons in die gemeenskap van sy dood en van sy opstanding inlyf... As ons in die

---

21. Kerkwet, a.w., artikel 17.1, p 6
22. Kerkwet, a.w., bepaling 90, p 60

Naam van die Heilige Gees gedoop word verseker die Heilige Gees ons deur hierdie sakrament dat Hy in ons wil woon en dat Hy ons tot lidmate van Christus wil heilig: Dit doen Hy deur tot ons eie te maak wat ons in Christus het, naamlik die afwassing van ons sondes en die daaglikse vernuwing van ons lewe".[23]

Deur die sakrament van die doop het die dopeling die sigbare bewys ontvang dat God met hom 'n ewige genadeverbond opgerig het, dat hy met God versoen is en dat die Heilige Gees in hom wil woon en werk. Hierdie doop is 'n eenmalige gebeure wat vir die dopeling se hele lewe betekenis het. Die "doop is nie alleen nuttig solank as die water op ons is en ons die water ontvang nie, maar ook vir die ganse tyd van ons lewe".[24] Die waarheid wat tydens die dopeling se doop aan hom betuig en verseël is, wil hom gedurende sy hele lewe verseker: Jy is die eiendom van God, jy is duur gekoop met die bloed van Christus, jy is geheilig deur die Heilige Gees. Die katkisant se doop kan hom alleen in hierdie waarheid vertroos as hy dit glo wat tydens sy doop aan hom betuig en verseël is. Op grond van sy doop word die katkisant opgeroep om te glo in die drieënige God, Vader, Seun en Heilige Gees. Dit is met die oog op hierdie geloof dat die kerk die gedoopte kinders katkiseer. Die kategese geskied in die eerste plek met die oog op die dopeling se versterking, bewaring en vermeerdering in die geloof.

As ons sê ons katkiseer ons kinders met die oog op die geloof in die drieënige God, dan verstaan ons onder die geloof iets besonders. Hierdie geloof is nie net 'n vae en onbeduidende gevoel dat daar 'n Opperwese êrens in die heelal bestaan, wat in mag en krag meer as die mens is nie. As die kerk praat van geloof, verstaan die kerk daaronder geloof, soos die Heidelbergse Kategismus dit beskryf: " 'n Opregte geloof is nie alleen kennis waardeur ek alles vir waaragtig hou wat God aan ons in sy Woord geopenbaar het nie, maar ook 'n hartlike vertroue wat die Heilige Gees deur die evangelie in my werk dat nie alleen aan ander nie, maar ook aan my vergewing van sondes, ewige geregtigheid en saligheid deur God geskenk is uit louter genade, alleen op grond van die verdienste van Christus".[25] Uit hierdie kort omskrywing van die Heidelbergse Kategismus is dit duidelik dat geloof uit twee dele bestaan.

Geloof is kennis aangaande God en vertroue in God. Geloof is

23. Doopformulier
24. Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 34
25. Heidelbergse Kategismus, vraag en antwoord 21

"kennis van die Woord van God en vertroue in God van die Woord."[26]

Op verskillende plekke in die Bybel klink die opdrag dat die mens God moet ken, dat hy aangaande God 'n vaste en sekere kennis moet hê. Die profete roep die volk telkens toe: "Ken die Here." Die apostel Petrus sê: "Julle moet toeneem in die genade en kennis van ons Here en Saligmaker Jesus Christus."[27] Kennis aangaande God word hier gestel as 'n moet, 'n noodsaaklikheid. Die werklike sin van die mens se bestaan is dat hy God sal ken. God het die mens juis geskape sodat hy sy Skepper reg sou ken.[28] Lukas skryf sy evangelie sodat Teofilus en alle mense die dinge aangaande Jesus Christus noukeurig sal weet.[29] Dit spreek eintlik vanself dat geen mens in God kan glo as hy Hom nie ken nie. Om God te ken, is nie sonder meer 'n menslike moontlikheid nie. God self moet die kennis en die verstand gee. As God ons nie genadig is nie, sal ons Hom nooit ken nie. God self het aan Israel die hart gegee om Hom te ken.[30] God is alleen kenbaar as hy Homself bekend maak. In sy grote genade het God homself in die volheid van die tyd bekend gemaak. Hoe God Homself bekend gemaak het, leer die Bybel ons duidelik. "In die verlede het God baiekeer en op baie maniere tot ons voorvaders gespreek deur die profete, maar nou, in hierdie laaste dae, het Hy tot ons gespreek deur die Seun".[31] In die ou tyd, dit is gedurende die tyd van die Ou Testament het God sy wil aan die profete bekend gemaak en hulle het dit weer aan die volk Israel oorgedra. In die volheid van die tyd het God Homself volkome bekend gemaak in en deur sy Seun, Jesus Christus. Wie Christus gesien het, het die Vader gesien.[32] Al die skatte van kennis is daarom in Hom verborge.[33] Hierdie kennis van God in Jesus Christus is deur oor- en ooggetuies vir ons opgeteken in die Bybel.[34] Om God te ken, beteken om Hom te ken soos die Bybel van Hom getuig. "Daarom glo ons dat hierdie Heilige Skrif die wil

---

26. Geloofsleer, Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, vraag en antwoord 13
27. 2 Petrus 3:18
28. Heidelbergse Kategismus, vraag en antwoord 6
29. Lukas 1:1–4
30. Jeremia 24:7
31. Hebreërs 1:1
32. Johannes 14:9
33. Kolossense 2:3
34. 1 Petrus 1:10–12

van God volkome bevat en dat alles wat die mens moet glo om gered te word, daarin genoegsaam geleer word".[35]

Hierdie kennis van God is egter nie dieselfde as gewone wetenskaplike kennis nie. Gewone wetenskaplike kennis is feite wat as die waarheid kan en wil bewys word. Dit is tegelyk feite wat die mens nie sonder meer persoonlik raak nie. Die waarheid aangaande God, soos opgeteken in die Bybel, kan en wil nie bewys word as die waarheid nie.

Die waarheid aangaande God wil sonder enige redenasie en bewysvoering as die waarheid aanvaar word. Tegelyk laat die kennis aangaande God die mens nie koud en onbeweeglik staan nie. Dit wil deur die werking van die Heilige Gees die mens bring tot die sekerheid, die vaste oortuiging dat dít wat die Bybel beskryf, 'n gebeure is wat ter wille van jou persoonlik plaasgevind het. Die Bybel getuig in die eerste plek van die verlossing wat in en deur Jesus Christus vir die mens gekom het. Die Heilige Gees gebruik hierdie evangelie om die mens daarvan te oortuig dat die verlossing in Jesus Christus nie alleen vir ander mense plaasgevind het nie, maar ook vir jou persoonlik.

Tydens die kategese word Bybelse feite aan die katkisante meegedeel. Hierdie Bybelse feite word vir die katkisante verklaar. Die katkisante word opgeroep om hierdie feite en hulle verklaring te ken. Langs hierdie weg, glo ons, wil die Heilige Gees die kategese gebruik om die katkisant se geloof in die drie-enige God onwrikbaar sterk te maak. "Die geloof is uit die gehoor, en die gehoor is deur die Woord van God."[36] So word deur middel van die kategese, inhoud gegee aan die katkisant se doop en word die katkisant gebring tot die punt waar hy dit wat tydens sy doop aan hom betuig en verseël is, waaragtig glo. Die kategese moet so bedien word dat die katkisant uiteindelik self sal bely: "Ek glo dat Jesus Christus vir al my sonde betaal het; Ek glo dat God my Vader is; Ek glo dat die Heilige Gees aan my gegee is met die oog op my geloof in Christus".

Die doop getuig enersyds van God se genade en andersyds plaas dit die dopeling onder 'n geweldige opdrag. Die doop is tegelyk gawe en opgawe, gawe en bevel. Die dopeling is gedoop in die naam van die Vader. Hy het die teken en die seël ontvang dat God sy Vader is en dat hy die eiendom van God is. Deur hierdie waarheid word hy

---

35. Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 7
36. Romeine 10:17

getroos, maar tegelyk word hy opgeroep om in die wêreld te leef soos iemand wat aan die Here behoort. Hy word opgeroep om uit dankbaarheid te leef soos die eiendom van die Here. Die Bybel moet die enigste norm en maatstaf van sy lewe wees. Sy eie gevoel en opvatting moet nie meer die bepalende faktor van sy lewe wees nie, maar dít wat die Here in sy Woord sê. Die kennis aangaande hierdie grondbeginsel plaas hom ondubbelsinnig onder die besef dat die Bybel in die middelpunt van sy lewe moet staan. Hy moet dit elke dag lees en ondersoek. Hy moet dit elke Sondag beluister, want juis langs hierdie weg wil die Heilige Gees sy geloof versterk en hom lei op die pad wat vir God welbehaaglik is.

Die waarheid van die grondbeginsel dat hy aan God behoort, roep hom op om te besef dat hy sy geloof moet uitleef binne die grense van sy kerk. Die kategese leer die dopeling dat die eiendom van God nie passiewe toeskouers in die gemeente is nie, maar meelewende lidmate. Hyself moet besef dat dit sy taak en roeping is om mee te werk tot die uitbreiding van God se koninkryk in die algemeen en van sy eie kerk in die besonder. Elke gelowige het in die wêreld dienswerk om te verrig.[37] Hierdie dienswerk is in die besonder om met woord en daad getuie te wees van Jesus Christus. "Julle is die uitverkore volk, 'n koninklike priesterdom, 'n nasie wat vir God afgesonder is, die eiendomsvolk van God, die volk wat die verlossingsdade moet verkondig van Hom wat julle uit die duisternis geroep het na sy wonderbare lig".[38] Tydens die kategese word die gedoopte vanuit die Bybel verseker dat hy skoon gewas is met die bloed van Christus; hy word deur middel van die Woord geleer dat hy alles van Jesus Christus alleen moet verwag, en word hy deur die onderrig uit die Bybel verseker dat hy geheilig is deur die Heilige Gees. Tegelyk word hy opgeroep om hom alleen te laat lei deur die Gees van God.

Deur middel van die kategese word die gedoopte vanuit die Bybel geleer aangaande die troos en die opdrag wat sy doop vir hom inhou. Tegelyk word hy langs hierdie weg onderrig in die leer van die kerk wat op stuk van sake niks anders is as die inhoud van die Bybel nie.

Reeds in die Ou Testament kry ons die verskynsel dat die kinders wat deur die besnydenis opgeneem is in die verbond, onderrig is in

37. Efesiërs 4:12
38. 1 Petrus 2:9

die inhoud van die verbond.[39] Jesus Christus bring self die onderrig en die doop in die nouste verband met mekaar. "Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het".[40] Die kerk het die noue verband tussen doop en kategese in die vroegste tye gehandhaaf. Nadat mense gekatkiseer is, is hulle na belydenis van geloof deur die doop in die gemeenskap van die kerk opgeneem. Na die eerste periode van die kerkgeskiedenis, toe die kinderdoop algemene praktyk geword het, is die kinders van gelowige ouers, nadat hulle gedoop is, gekatkiseer totdat hulle hulle geloof bely het in die midde van die gemeente.

Kategese vind nie alleen plaas met die oog op die sakrament van die doop wat die katkisant reeds ontvang het nie, maar ook met die oog op die sakramente wat die katkisant in die toekoms moet ontvang. Die sakramente is alleen bedoel vir die gelowiges. Christus het die sakramente nie vir alle mense ingestel nie, maar alleen vir hulle wat in Hom glo. God wil dat elkeen wat gedoop is, ook by die nagmaal sal uitkom. Deur die doop het God die betrokkene sigbaar in sy kerk ingelyf. Met die nagmaal wil Hy hom verder versorg. God wil ook dat elkeen wat gedoop is, sy kinders een of ander tyd ten dope sal hou. God se beloftes is immers "vir julle en julle kinders".[41] Aangesien die ontvangs van die sakramente alleen moontlik is in die geloof, is die ontvangs van die sakramente en katkisasie onlosmaaklik aan mekaar verbonde. Kragtens die breë omskrywing wat ons gegee het van geloof, sal dit alleen moontlik wees om deel te neem aan die sakramente, as ons die drieënige God ken, as ons in die waarheid aangaande Hom, soos die Bybel van Hom getuig, gekatkiseer is.

As ons onderrig is in die Woord van God, as ons die God van die Woord ken en in Hom glo, dan is ons geroepe om ons geloof te bely. "As jy met jou mond bely dat Jesus die Here is, en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy gered word. Met die hart glo ons, en ons word geregverdig; en met die mond bely ons, en ons word gered".[42] Hierdie belydenis moet nie net eenmaal plaasvind nie. Dit moet opnuut elke Sondag in die erediens weerklink.

---

39. Deuteronomium 4:10 en 6:1–25
40. Matteus 28:19
41. Handelinge 2:39
42. Romeine 10:9–10

Dit moet elke dag deur ons in woord en daad uitgeleef word. Volgens die Bybel moet ons in Hom glo as ons Hom nie ken nie? Hoe kan ons Hom ken as ons nie aangaande Hom geleer het, in sy Waarheid gekatkiseer is nie?

Die kategese is die werk van die ouers en die kerk. Reeds toe die ouers in die huwelik bevestig is, is die onderrig van hulle kinders aan hulle voorgehou. Die kinders wat hulle mag kry, moet hulle opvoed in die waaragtige kennis en vrese van God, tot eer van God en tot hulle saligheid.[43] Die dag met die doop van hulle kinders het die ouers self beloof dat hulle hulle kinders "in hierdie leer" sal onderrig en laat onderrig. Reeds in die Ou Testament is die onderrig in die Woord van God gesien as 'n integrale deel van die verbondsouers se verantwoordelikheid: "Daarom moet jy die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou krag."

En hierdie woorde wat ek jou vandag beveel, moet in jou hart wees; en jy moet dit jou kinders inskerp en daaroor spreek as jy in jou huis sit en as jy op pad is en as jy gaan lê en as jy opstaan".[44]

God het die kind aan die vader en die moeder toevertrou. Beide vader en moeder het die doopbelofte afgelê. Beide ouers is daarom verplig om die kind op te voed in die vrese van die Here. Die moderne tendens is al hoe meer dat die Bybelse onderrig in die hande van die moeder alleen gelaat word. Die vader, so word gesê, is te besig met sy alledaagse werk. Sy eerste verantwoordelikheid, sê hyself, is om te sorg vir sy huisgesin se brood en botter. Hier sal ook altyd die Bybelwoord geld: "Nee, beywer julle allereers vir die koninkryk van God en vir die wil van God, dan sal Hy julle ook al hierdie dinge gee".[45] Wat sal dit jou baat dat jy vir jou kind al die goud en al die silwer van die wêreld gee, maar geestelik gaan hy verlore? Die grootste erfporsie wat 'n ouer vir sy kind kan gee, is nie 'n groot plaas, 'n stywe bankkrediet of groot geleerdheid nie, maar 'n opvoeding wat die geloof in Jesus Christus as sentrale inhoud het. Waar die Bybelse onderrig in die hande van die moeder alleen gelaat word, gebeur dit dikwels dat, na die geboorte van die tweede of derde kind, die moeder nie meer verder daarmee kan volhou nie. Die uiteinde van die saak is dat die kinders elkeen 'n kinderbybel present kry en hulle moet maar self daarin lees.

Voordat die ouers hulle kinders in die Bybel se stof kan onderrig,

43. Huweliksformulier
44. Deuteronomium 6:6–7
45. Matteus 6:33

is dit nodig dat hulle self eers die Bybel sal ken. Dit eis van die ouers dat hulle self voortdurend besig sal wees om die Bybel te ondersoek; dat hulle Sondag na Sondag, erediens na erediens sal gaan luister na die verkondiging van die Woord in die kerk. Die ouer wat hierdie pad bewandel, sal die Bybelse inhoud in so 'n mate ken, dat hy dit self aan sy kinders sal kan oordra.

Die ouer se kategese aan sy kind is nie iets wat beperk is tot 'n bepaalde dag van die week of 'n bepaalde uur van die dag nie. Hierdie onderrig loop oor al die dae van die week en oor al die ure van die dag. Elke oomblik moet die ouer daarmee besig wees – "as jy in jou huis sit en as jy op pad is en as jy gaan lê en as jy opstaan." Die ouer het oneindig baie geleenthede om sy kind in die Woord te onderrig. Hy het elke dag die geleentheid as hy en sy kinders saam om die tafel sit, as hulle saam besig is om te werk, as hulle saam speel en as hulle saam op vakansie is.

Die ouer het nooit nodig om te soek na geleenthede om sy kind in die Woord te onderrig nie; die geleentheid is altyd daar. Naas hierdie altyd besig wees om te onderrig, behoort daar in elke huisgesin elke dag 'n bepaalde geleentheid te wees wat in die besonder afgesonder word vir hierdie saak. In die ou tyd was die huisgodsdiens so 'n besondere geleentheid. Daar bestaan geen rede waarom die huisgodsdiens in die moderne tyd moet verval nie. Die huisgodsdiens hoef nie noodwendig in die aand of in die oggend gehou te word nie. Enige oomblik van die dag of in die nag is daarvoor geskik. Elke huisgesin se omstandigheid sal bepaal op watter spesifieke tye dit die beste gedoen kan word.

Die kategese van die ouer behoort nie willekeurig te verloop nie. Dit behoort sistematies op 'n bepaalde patroon te geskied. Die beste metode is waarskynlik dié waar die onderrig van die ouer en dié kerk bymekaar aansluit. Die kategetiese stof wat vir die kinders voorgeskryf word vir Sondag, gebruik die ouer ook gedurende die week. Die voorgeskrewe gedeeltes word uit die Bybel tydens die huisgodsdiens voorgelees, dit word bespreek, dit word geleer en saam deur die ouers en die kinders oorpeins.

Die ouers onderrig hulle kinders nie alleen met woorde nie, maar ook met dade. Die voorbeeld wat die ouer vir die kind stel, is dikwels belangriker as die woorde wat hy spreek. Die woord wat die ouer spreek, moet hy self glo en self uitleef. Die ouer mag nie vir die kind sê: "jy moet Sondag kerk toe gaan", en hy sit self by die huis

nie. Eers as die ouer self vir die kind die voorbeeld gestel het, kan hy verwag dat die kind sal luister.

Met betrekking tot ons kinders se kategese, behoort daar 'n beter gesindheid by ons ouers te bestaan. Die praktyk het aan die lig gebring dat daar weinig ouers is wat nog self hulle kinders onderrig in die Woord van God, en dat daar ook weinig ouers is wat toesien dat hulle kinders die kategetiese stof leer wat deur die kerk voorgeskryf word. Oor die algemeen is die ouers alleen bekommerd oor hulle kinders se materiële welsyn. Die ouers toon 'n oneindige belangstelling in hulle kinders se alledaagse vordering op skool. Ure en ure sal die ouers saam met hulle kinders rondom die skoolboeke deurbring, maar dikwels nie eers een uur of een minuut per week rondom die Bybel en die katkisasieboeke nie.

Die profeet Hosea het by die geleentheid gekla: "My volk gaan te gronde weens gebrek aan kennis".[46] Hy het bedoel kennis aangaande God en sy Woord. Geld dieselfde woorde nie vandag ook nie? – Dit gebeur nie vanweë lui of roekelose kinders soos dikwels gesê word nie, maar vanweë onverantwoordelike, materialisties georiënteerde ouers.

Met eie krag en vermoëns kan geen ouer sy kinders katkiseer soos dit hoort nie. Met eie deugde kan geen ouer in leer en lewe vir sy kind die waaragtige voorbeeld stel nie. "As die Here die huis nie bou nie, swoeg dié wat daaraan bou tevergeefs. As die Here die stad nie beskerm nie, waak dié wat dit beskerm tevergeefs".[47] As die Here nie self die nodige liefde, geduld, kennis, insig en deursettingsvermoë gee nie, is al die ouer se pogings tevergeefs. Dit is op stuk van sake God self wat die vrugte op die ouer se arbeid moet gee. Ons kan alleen plant en natmaak; dit is God self wat moet laat groei. Alleen met God se genade kan die ouer doen wat van hom verwag word. Alleen in die geloof, voortdurend biddend afhanklik van God kan die ouer hierdie werk doen.

Christus het die opdrag om die gedooptes te onderrig, aan sy kerk gegee. Tydens die doop is die kind in werklikheid in die kerk ingedoop. Die kinders van gelowiges het deel aan die verbond van God. Hulle is van hulle geboorte af reeds deel van die verbondsvolk, deel van die kerk van Christus. Tydens hulle doop is hierdie "deelwees" van die kerk, sigbaar aan hulle betuig en bevestig. Hulle het sedert die dag van hulle doop die besondere objek van die kerk se

46. Hosea 4:6
47. Psalm 127:1–2

KITAL

verkondiging geword. Die kerk wil hierdie gedoopte kinders op 'n besondere wyse versorg. Die kerk wil vir hulle preek, die pastoraat aan hulle bedien, maar hulle ook katkiseer. Dit is die kerk wat hulle gedoop het en daarom is dit die kerk se verantwoordelikheid om toe te sien dat hulle hulle doop verstaan. Die kerk het deur die doop op grond van die Woord van God vir hulle gesê: "Julle is die kinders van die hemelse Vader, julle is duur gekoop met die bloed van Christus; die Heilige Gees is ook aan julle gegee." Dit is nou die werk van die kerk om toe te sien dat dít wat tydens die doop aan die kinders betuig en verseël is, deur hulle uitgeleef en geglo word. Dit wil die kerk doen deur al sy verkondigingsgestaltes, maar in die besonder deur die kategese. Op grond hiervan is dit die ouer se verantwoordelikheid om toe te sien dat die kinders gereeld die kategese bywoon.

Hierdie verhelderende gesprek in verband met die kategese, moet nie alleen met die ouers gevoer word nie, maar ook met die kinders self. Die kind se gesindheid met betrekking tot die kategese sal beslis verbeter as hy van kleins af verstaan waarom hy moet katkiseer.

As uitgangspunt vir die gesprek, kan die volgende Bybelgedeeltes en belydenisskrif-afdeling gebruik word: Deuteronomium 6:1–12; Psalm 78:1–8; Matteus 28:19–20; Lukas 1:1–4; Efesiërs 6:1–4; 2 Timoteus 4:10–17 en Heidelbergse Kategismus, vraag en antwoord 21.

5.5.2.1.4 Lidmate wie se offergawes nie in orde is nie

In elke gemeente is daar 'n groot aantal lidmate wat feitlik geen offergawe gee nie. Daar is ook 'n groot aantal wat nie weet waarom hulle elke maand of elke jaar offergawe moet gee nie. Sommiges dink dat die gee van offergawe 'n menslike instelling is, wat jy gevolglik maar kan verwaarloos net soos jy wil. Hulle dink dat dit 'n gawetjie is wat jy vir die kerk gee wanneer jy so voel en wanneer jy iets oor het om te gee. Dat die gee van offergawe 'n integrale deel van jou geloofslewe is, word nie aan gedink nie. Ander dink weer dat die gee van offergawe al is waarom dit in die kerk gaan. Dit spreek uit die feit dat daar sommige lidmate is, wat geen kerklike meelewing het nie, maar gereeld en getrou elke maand sy offergawe gee. Indirek laat hierdie lidmate die indruk dat hulle dink dat met die gee van hulle offergawe, hulle saligheid gewaarborg is. Sommige lidmate dink dat hulle met die gee van hulle offergawe die predikant en die

kerkraad 'n onmeetlike guns bewys en besef nie dat hulle nie vir die predikant en die kerkraad gee nie, maar vir God en sy diens.

Ongelukkig het daar in die kerk 'n soort fyngevoeligheid ontstaan met betrekking tot geld. Daar word sonder meer gesê dat geld vuil is, dat dit onheilig is en dat die kerk hom gevolglik nie daarmee moet bemoei nie. Hierdie fyngevoeligheid het daartoe gelei dat baie ampsdraers tydens hulle huisbesoek nooit oor hierdie saak praat nie. Hierdie optrede het tot gevolg dat die kerk dikwels vanweë 'n finansiële tekort 'n worstelstryd moet voer om te bestaan. Dit het tot gevolg dat baie lidmate nie verstaan waarom hulle moet gee nie, en dat baie lidmate se hand in hierdie verband toe is.

Die opsighoudende taak van die kerk loop oor die hele linie van die menslike bestaan. Dit spreek daarom vanself dat die predikant en die ouderling ook in hierdie verband die lidmate moet toerus, moet onderrig, bemoedig en vermaan waar dit nodig is.

Hierdie onderrig, bemoediging en vermaning kan alleen geskied vanuit die Bybel.

Die gee van offergawes vir die kerk, is 'n verskynsel wat feitlik net so oud is soos die kerk self. Reeds in die Ou Testament is daar van die volk Israel verwag om gereeld materiële offers te gee vir die diens van God.[48] Uit die Nuwe Testament is dit ook duidelik dat die gee van offergawes 'n integrale deel van die geloofslewe was.[49]

Hoekom is daar van die vroegste tye af verwag dat die gelowiges offergawes moet gee vir die diens van die Here? Uit die Bybelse gegewens is dit duidelik dat hierdie gawes nie gegee is om by God iets te verdien nie. Voor die aangesig van God kan die mens absoluut niks verdien nie. God gee aan die mens sonder enige verdienste. God gee uit liefde en uit genade. Ons offergawes gee ons as antwoord op wat God reeds aan ons gegee het. Dit wat ons uit die hand van God ontvang, is eintlik te veel om op te noem. Hy gee vir ons die lewe, huisvesting, kleding, gesondheid, kinders en ouers. Ja alles wat ons is en alles wat ons het, is ons en het ons alleen omdat God dit vir ons gegee het.[50] Bo al hierdie materiële gawes het God aan my dit gegee wat meer is as al die goud en die silwer van die

---

48. Eksodus 22:29, 25:1–9, 34:26, 35:1–10; Livitikus 27:30, Deuteronomium 16:16–17; 1 Kronieke 16:29; 1 Kronieke 29:12–17; Esra 2:26 en 69, 6:9–11; Nehemia 13:12; Maleagi 3:7–11
49. Matteus 25:31–41; Markus 14:41–44; Handelinge 2:43–47, 11:29; 1 Korintiërs 16:1–4; 2 Korintiërs 8:1–7, 9:1–14 en Filippense 4:18
50. 1 Korintiërs 4:7 en Jakobus 1:17

KITAL

wêreld. Hy het aan my vergifnis van sonde en ewige lewe gegee deur sy Seun, Jesus Christus. Hy het my duur gekoop met die bloed van Jesus Christus en sodoende my tot sy eiendom gemaak.[51] Ek en alles wat ek het, behoort nie meer aan myself of aan die wêreld nie, maar aan God alleen.[52] Die gee van offergawes uit dankbaarheid vir al God se genadegawes, blyk veral duidelik uit Psalm 116:7 en 2 Korintiërs 9:1–15. Die mens wie se hand toe is vir God en sy diens, is tegelyk die mens wie se oë blind is vir die grootheid van God se genade.

Die hoeveelheid wat gegee word, is geen willekeurige saak nie. 'n Mens gee nie volgens jou gevoel nie. 'n Mens gee ook nie slegs jou oorskiet nie. 'n Mens behoort altyd jou beste te gee.[53] Elke gelowige behoort hom altyd ernstig af te vra of dít wat hy gee werklik sy meeste en sy beste is. Is die twee rand of die veertig rand wat ek maandeliks gee genoeg? As ek hierdie bedrag vergelyk met wat ek maandeliks ontvang, getuig dit dan van waaragtige dankbaarheid? As ek dit vergelyk met al die genadegawes wat ek ontvang deur Jesus Christus, getuig dit van volkome dankbaarheid?

In die Ou Testament het die reël gegeld van die "eersteling" en die gee van die tiendes. Sprekend in hierdie verband is Maleagi 3:8 en die volgende verse: "Want julle beroof My, en julle sê: Hoe het ons U dan beroof? In die tiendes en die offergawe... Bring al die tiendes na die skathuis, sodat daar spyse in my huis kan wees, en beproef My tog hierin sê die Here van die leërskare, of ek vir julle nie die vensters van die hemel sal oopmaak en op julle 'n oorvloedige seën sal uitstort nie." Hieruit is dit duidelik: Hulle wat mildelik gee, wil God in genade aansien. Hulle wie se hand toe is vir die diens van die Here, staan onder sy oordeel. "Wie karig saai, sal karig oes, en wie volop saai, sal volop oes."[54] Uit die Ou Testament is dit duidelik dat almal nie eweveel gegee het nie. Die tiende van die rykman was beslis meer as die tiende van die arm man. Elkeen het gegee in ooreenstemming met sy inkomste. Elkeen het gegee volgens sy vermoë.[55]

Die Nuwe Testament sê nie presies hoeveel gegee moet word nie. Die beginsel van die dankbaarheid geld hier deurgaans. Jesus sê

---

51. 1 Petrus 1:18–19
52. Psalm 24:1; Haggai 2:8
53. Eksodus 34:26
54. 2 Korintiërs 9:6
55. Esra 2:68 en Deuteronomium 16:17

egter: Ons moet aan die keiser betaal wat hom toekom en aan God wat Hom toekom. Vir die keiser is ons bereid om maandeliks groot bedrae te gee. Dit is ook goed en reg so. Maar is ons nie meer aan God verskuldig as aan die keiser nie?

Die beginsel van gee volgens jou vermoë, gee ooreenkomstig jou inkomste, kom in 1 Korintiërs 16:2 duidelik na vore: "Elke Sondag moet elkeen van julle na sy vermoë tuis iets opsy sit en dit opspaar, sodat die geldinsameling nie eers plaasvind as ek kom nie". Die materiële voorspoed van sommige is groot, die van ander kleiner en op grond hiervan word die gee van offergawes proporsioneel bepaal. Bepalend in hierdie verband sal ook die spesifieke behoefte van elke gemeente en die behoefte van die kerk as geheel wees.

Met die oog op die gee volgens inkomste en volgens die behoefte van die gemeente, het dit in baie gemeentes gebruik geword dat een dertigste van die inkomste van die lidmate gevra word as offergawe. In sommige gemeentes word 'n begroting uitgewerk vir die hele gemeente en vir elke wyk afsonderlik, en word gevra dat die lidmate dan ooreenkomstig sal gee.

Dit is van die allergrootste belang dat die offergawes altyd met die regte gesindheid gegee word. Dit moet in die geloof gegee word. Dit moet dankbaar, blymoedig en sonder dwang gegee word.[56] Dit bring mee dat die ampsdraers eers moet sorg dat die lidmate se gesindheid reg is, voordat verwag kan word dat hulle offergawe in orde sal wees.

Wanneer met lidmate gepraat word oor die gee van offergawes, kan die volgende Skrifgedeeltes as vertrekpunt genoem word: Eksodus 25:1–9; 1 Kronieke 29:12–17; Esra 2:68–69; Psalm 49; Maleagi 3:7–11; Matteus 25:31–46; Markus 14:41–44; Lukas 21:1–4; 1 Korintiërs 16:1–4; 2 Korintiërs 8:1–7; 9:1–14 en Filippense 4:10–20.

5.5.2.1.5 Lidmate wie se alledaagse lewe roekeloos is

Die ampsdraers van die kerk ken gewoonlik net 'n gedeelte van die gemeentelid se lewe. Jy ken hom in die kerk. Sy lewe by die huis en die werk is gewoonlik onbekend. Met die oog op goeie opsig is dit nodig dat die ampsdraer alles in sy vermoë sal doen om ook hierdie aspek van elke lidmaat se lewe te ken.

Baie lidmate dink dat 'n mens twee soorte lewens behoort te hê. Jy het 'n Sondag-lewe en 'n "week"-lewe. Jy het 'n kerklike lewe en 'n

56. Eksodus 25:2, 35:2; Esra 2:68 en 2 Korintiërs 9:2–7

wêreldse lewe. Die eersgenoemde lewe dink hulle, moet 'n lewe wees in die geloof en volgens die Woord van God. Die lewe in die kerk en in die wêreld dink hulle kan maar enige willekeurige lewe wees. Sodanige verskynsel ken die Bybel en ons belydenisskrifte nie.

Die Bybel ken die lewe van die mens as 'n eenheid. In sy totaliteit is die lewe van die mens met die sondeval verwoes. In sy totaliteit is die mens deur Jesus Christus gered. Die geloof in Christus is nie net bepalend vir 'n gedeelte van jou liggaam en jou lewe nie. Dit is bepalend vir jou hele liggaam en jou hele lewe. Dit raak jou op Sondag maar ook op Maandag en al die ander dae van jou lewe. Dit raak jou lewe in die kerk, maar ook in die huis, by die werk, by die sport of waar jy jou ook al mag bevind. As jy 'n gelowige is, dan is jy dit elke oomblik van jou lewe en op elke plek in die wêreld waar jy jou mag bevind. Elke oomblik en op elke plek staan jy as gelowige onder die aanspraak van God se Woord. 'n Mens se geloof is anders as die baadjie wat jy dra. Jou baadjie kan jy uittrek as jy wil en dit by die huis laat. Met jou geloof kan jy dit nie doen nie. As jy waarlik 'n gelowige is, dan is jou geloof aan jou lewe, aan jou liggaam vasgegroei. Dit vergesel jou waar jy ook al mag gaan.

Die roekelose alledaagse lewe van sommige lidmate het in die verlede al dikwels daartoe gelei dat mense vervreemd is van die kerk en dat mense wat buite die kerk staan, huiwerig is om deel te word van die kerk. Voortdurend verwys buitestaanders na die wyse waarop sommige lidmate van die kerk in die wêreld leef. Uit lidmate se roekelose lewe lei hulle af dat die kerk geen positiewe invloed op hulle gehad het nie.

Menigmaal sê buitestaanders vir predikante en ouderlinge dat hulle eers met die lidmate van die kerk moet gaan praat voordat hulle met hulle praat. Hulle moet eers sorg dat die lidmate van die kerk se lewe ooreenstem met die Woord van God, voordat hulle kan verwag dat hulle as buitestaanders deel sal word van die kerk.

Volgens die Bybel is 'n mens se geloof en jou goeie werke onlosmaaklik aan mekaar verbonde. In werklikheid bestaan daar nie so iets soos geloof sonder goeie werke nie. As jou geloof in Jesus Christus waaragtig is, dan behoort daardie geloof outomaties die goeie werke na vore te bring. As jy in Jesus Christus glo, dan doen jy goeie werke. Die omgekeerde is seker ook waar: As jy nog steeds in die allergrootste roekeloosheid leef, dan is jou geloof in Jesus Christus nog nie waaragtig nie.

'n Gesprek oor die goeie werke behoort die verlossing van Jesus Christus as basis en vertrekpunt te hê. Alleen gesien vanuit die verlossing in Jesus Christus, het die doen van goeie werke enige sin en betekenis. Die mens doen nie goeie werke met die doel om homself te verlos nie, maar uit dankbaarheid vir die verlossing wat hy in en deur Jesus Christus ontvang het. Omdat die lidmaat deur sy belydenis van geloof verklaar het dat hy in Jesus Christus glo, kan die kerk seker tereg van hom verwag om uit dankbaarheid goeie werke te doen. Met sy belydenis van geloof het die lidmaat reeds klaar verklaar en beloof dat hy die wêreld sal versaak, 'n Christelike lewe sal lei en hom voortdurend sal bekeer. In sy omgang met die lidmate gaan die kerk van die veronderstelling uit dat hy hier te doen het met besondere mense. Hy het hier te doen met mense wat duur gekoop is met die bloed van Jesus Christus. Hierdie mens behoort nie meer aan hulleself nie. Hierdie mense behoort nie meer aan die wêreld nie. Hierdie mense behoort aan God. Omdat hulle aan Hom behoort, omdat hulle sy kinders is, daarom behoort hulle onder alle omstandighede soos sy eiendom te lewe.

In die belydenisskrifte van die kerk neem die doen van goeie werke 'n besondere plek in.

Die Nederlandse Geloofsbelydenis beskryf die goeie werke as 'n noodwendige uitvloeisel van die geloof: "Ons glo dat hierdie waaragtige geloof, wanneer dit in die mens gewerk is deur die gehoor van die Woord van God en die werking van die Heilige Gees, hom wederbaar en tot 'n nuwe mens maak, hom 'n nuwe lewe laat lei en hom vrymaak van die slawerny van die sonde.

So is dit dan onmoontlik dat hierdie heilige geloof werkloos in die mens kan wees, aangesien ons nie van 'n ydellike geloof spreek nie, maar van so een wat die Skrif noem 'n geloof wat deur die liefde werk, wat die mens beweeg om hom te oefen in die werke wat God in sy Woord gebied het; werke wat, as hulle voortkom uit die goeie wortel van die geloof, goed en God welgevallig is, omdat dit alles deur sy genade geheilig is."[54]

Net soos in die geval van die Nederlandse Geloofsbelydenis, neem die doen van goeie werke in die Heidelbergse Kategismus ook 'n besondere plek in. Die Heidelbergse Kategismus begin waar begin moet word, naamlik by Jesus Christus. In die eerste antwoord sê die Heidelbergse Kategismus dat daar vir ons net een troos in lewe en in

57. Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 24

sterwe is en dit is dat ons met liggaam en siel, sowel in lewe en in sterwe nie aan onsself behoort nie, maar aan Jesus Christus. Hierdie behoort aan Christus, is in ons lewe volle realiteit deur die geloof wat die Heilige Gees in ons gewerk het. Hierdie geloof bestaan uit drie groot dele: Ek moet weet van my sonde en ellende, ek moet weet hoe ek van my sonde en ellende verlos kan word en hoe ek God vir hierdie verlossing dankbaar moet wees.[58] In die eerste deel beskryf die Heidelbergse Kategismus die grootheid van die mens se sonde en ellende. Dit is so groot dat die mens homself nie daaruit kan verlos nie. As dit van die mens en sy eie goeie werke afhang, is hy vir ewig verlore.[59] In die tweede deel verkondig die Heidelbergse Kategismus dat God dít wat die mens self nie kon doen nie, vir hom gedoen het deur Jesus Christus. Deur Jesus Christus het Hy vir al sy sonde betaal. En elkeen wat in hierdie Jesus Christus glo, is gered. Die geloof gee God aan die mens deur die verkondigde Woord en versterk dit deur dieselfde verkondigde Woord en die gebruik van die sakramente.[60] In die derde deel stel die Heidelbergse Kategismus die goeie werke as 'n noodsaaklikheid in die lewe van die gelowige. Die rede waarom die gelowige die goeie werke moet doen, is die volgende: "Omdat Christus, nadat Hy ons met sy bloed gekoop en vrygemaak het, ons ook deur sy Heilige Gees vernieu sodat ons met ons ganse lewe aan God dankbaarheid vir sy weldade sal bewys en Hy deur ons geprys word. Dan ook, dat elkeen by homself van sy geloof uit die vrugte versekerd kan wees en dat deur ons godsalige wandel ons naaste ook vir Christus gewin kan word".[61] Vanweë die onlosmaaklike verbondenheid van geloof en goeie werke, sê die Heidelbergse Kategismus dat geen mens wat volhard in sonde en hom nie tot God bekeer nie, gered kan word nie.[62]

Die goeie lewe wat die gelowige uit dankbaarheid moet leef, noem die Heidelbergse Kategismus bekering. Hierdie bekering bestaan uit twee dele, naamlik die nalaat van dit wat sondig en verkeerd is, en die daadwerklike doen van wat God beveel.[63] Sonde is nie alleen om

---

58. Heidelbergse Kategismus, vraag en antwoord 2
59. Heidelbergse Kategismus, vrae en antwoorde 3–11
60. Heidelbergse Kategismus, vrae 12–85
61. Heidelbergse Kategismus, antwoord 86. Die Heidelbergse Kategismus grond sy antwoord op die volgende Bybelse gegewens: Romeine 6:13, 12:1–2; 1 Petrus 2:5, 9:1; 1 Korintiërs 6:20; Matteus 5:16; 1 Petrus 2:12; 2 Petrus 1:10; Matteus 7:17; Galasiërs 5:6; 1 Petrus 3:1–2; Romeine 14:9
62. Heidelbergse Kategismus, vraag en antwoord 87
63. Heidelbergse Kategismus, vraag en antwoord 88

die verkeerde te vermy nie, maar ook om daadwerklik te doen wat God beveel. Die probleem met baie lidmate is vandag dat hulle wel die sonde nalaat, maar verder doen hulle niks nie. Sonde is nie alleen dít wat jy verkeerd doen nie, maar ook dít wat jy behoort te doen wat jy nalaat.

In vraag en antwoord 91 gee die Heidelbergse Kategismus vir ons 'n baie duidelike omskrywing van wat goeie werk is. Werke is eers werklik goed as dit met die regte gesindheid gedoen word. Die werke moet gedoen word uit dankbaarheid, die werke moet gedoen word uit ware geloof. "Enigiets wat 'n mens nie uit geloofsoortuiging doen nie, is sonde".[64] Goeie werke is nie goeie werke volgens jou eie gevoel, jou eie goeddunke of eie beskouings nie. Goeie werke is alleen die werke wat God self beveel in sy Woord en wet.[65] Hierdie goeie werke is nie werke wat jy doen ter wille van jou eie eer nie, maar alleen tot eer van God.[66] Kort opsommend beskryf die Heidelbergse Kategismus vir ons die goeie werke as hy verwys na die Tien Gebooie. Hierdie goeie werke se kern is om God en ons naaste lief te hê.

Alleen hy wat die Woord van God ken, kan die goeie werke doen wat vir God welbehaaglik is. Dit bring noodwendig mee dat die Bybel die middelpunt moet wees van die lewe van elke huisgesin. Dit moet elke dag gelees, ondersoek en oordink word. Dit moet elke Sondag in die erediens beluister word. As ons dan so deur die verkondiging en die eie ondersoek die regte pad leer ken het, moet dit daadwerklik uit dankbaarheid elke oomblik bewandel word. Met ons eie kragte is ons nie daartoe in staat nie. Ons is alleen daartoe in staat deur die krag en genade van God. Dit bring noodwendig mee dat naas die Skrifondersoek, die gebed 'n integrale deel van elke huisgesin se lewe sal wees.[67]

Tydens die gesprek oor die goeie werke, kan die volgende Bybelse gegewens dien as basis en vertrekpunt: Matteus 5:13–43, 6:24–34, 7:13–29, 8:18–22, 12:33–36, 16:24–28, 18:15–35, 22:34–40, 25:31–46; Markus 8:34–38, 12:28–34; Lukas 6:43–49, 9:23–27, 57–62; Johannes 15:9–17; Romeine 2:21–31, 6:1–23, 12:1–21; 1 Korintiërs 5:12–20, 10:23–33; 2 Korintiërs 6:14, 7:1; Galasiërs 6:1–10; Efesiërs 2:1–10,

64. Romeine 14:23
65. Livitikus 18:4; 1 Sameul 15:22; Efesiërs 2:10; Esegiël 20:18–19; Jesaja 29:13 en Matteus 15:7–9
66. Matteus 15:16 en 1 Korintiërs 10:31
67. Heidelbergse Kategismus, vraag en antwoord 116

4:17, 6:20; Filippense 1:27, 2:18; 4:2–9; Kolossense 3:5–17; 1 Tessalonisense 4:1–12; Titus 3:1–10; Jakobus 1:19–27, 2:14–26; 1 Johannes 2:7–15, 3:1–24.[68]

5.5.2.1.6 Lidmate wat afgedwaal het na die sektes[69]

Dit gebeur voortdurend dat mense die kerk verlaat en oorgaan na een of ander sektariese groep. Hierdie verskynsel dat mense dwaalleer aanhang ten koste van die waarheid, is 'n verskynsel wat feitlik net so oud is soos die kerk self. Gedurende die laaste aantal jare, het die stroom van die kerk na die sektes al hoe breër geword. Hierdie verskynsel dwing die kerk om sy hand in eie boesem te steek. Dit dwing die kerk om eerlik en opreg ondersoek in te stel na die rede waarom hierdie tendens voorkom.

Die oorsaak vir hierdie verskynsel is in die eerste plek geleë in die lidmaat self. Die grootste gedeelte lidmate wat oorgaan na die sektes, doen dit uit onkunde. Hulle is mense wat nie behoorlik gekatkiseer het nie en nie aktief met die kerk meegeleef het nie. Hulle het nie gereeld en getrou na die kerklike prediking geluister nie. Dit het alles tot gevolg dat hulle die Bybelse boodskap nie ten volle begryp in die sentrale boodskap van die Bybel, dat die verlossing deur Jesus Christus is nie. Die sentrale boodskap is vir hulle die oproep tot die doen van goeie werke. Hulle dink die Bybel leer dat 'n mens met jou eie werke salig kan word en iets by God daarmee kan verdien. Hierdie opvatting strook met die moderne mens se beskouings. Die moderne mens is 'n wese wat altyd self in die middelpunt wil staan, self met eie krag wil oorwin en met sy eie vermoëns alles self wil verdien. By die meeste sektariese groepe ontvang dit wat die mens self doen, meer klem as dít wat God doen. Die doen van die goeie werke staan meer in die middelpunt as die verlossing deur Jesus Christus. Dit beteken noodwendig dat die mens by die sektariese groepe 'n boodskap vind wat meer ooreenstem met sy eie opvattings as met dié van ons kerke. Die meeste mense wat na sektariese groepe oorgaan verstaan ook nie wat die werklike taak van die kerk is nie. Hulle begryp nie dat die kerk in die wêreld is om in die eerste plek

68. Naas hierdie Bybelse gedeeltes, kan ook vrae en antwoorde 86, 87, 88, 89, 90 en 91 van die Heidelbergse Kategismus gebruik word

69. Vir meer besonderhede oor die benadering van hierdie mense, sien E Achelis, a.w., p 42–52; C Hubner, Preface to Pastoral Theology, New York, Nashville p 213–214; P J Roscam-Abbing, Zielzorg Ten Dienste van Allen die Zorg Voor hun Naaste Hebben, NVS S' Gravenhage, 1962, p 42–52

die evangelie van Jesus Christus te verkondig nie. Hulle dink die kerk is in die wêreld om die mens te dien as een of ander sosiale begeleier of as versorger van elke denkbare nood. Baie mense wat oorgaan na die sektes, vertel vir jou dat hy vroeër een of ander sosiale krisis in sy lewe beleef het en dat die sektariese groep hom daarvan bevry het. Hierdie mense weet nie hoe behoort daar gepreek te word nie, naamlik die verklaring en toepassing van die Bybel met betrekking tot die persoon, woord en werk van Jesus Christus nie. Hulle dink prediking is om die mens tot vrees en paniek te dryf en om jou op te sweep en tot trane te dryf. Die ideale predikant is vir hulle dié een wat die grootste geraas kan maak en wat die meeste mense tot trane kan dryf. Omdat baie meer van hierdie soort predikante by die sektariese groepe aangetref word, dink hulle dit is die ware kerk by wie hulle moet aansluit. Baie mense wat by die sektariese groepe aansluit, beskou die besondere gawes waarvan in die vroeë Christelike kerk sprake is, as die belangrikste kenmerk van die ware kerk. Die belangrikste gawes wat die Bybel vermeld, soos onder ander die liefde, die profesie (prediking), die opsig en die barmhartigheidsdiens word beskou as van minder belang. Omdat die besondere gawes deur die sektes hoog aangeprys word en dit in hulle midde nog beleef kan word, vind baie mense vanweë hul sensasionele neigings baie maklik by hulle aansluiting. Baie lidmate wil daadwerklik iets doen vir God en sy koninkryk. By die sektes kry hulle dikwels hierdie geleentheid wat hulle nie by die kerk kry nie.

Die kerk sal self ook seker in 'n groot mate skuld moet aanvaar vir die feit dat baie van sy lidmate hom verlaat ten koste van die sektes. Soms is die prediking van die kerk so akademies en so hoog verhewe bokant die begrip van die gewone lidmaat, dat hy gevolglik na 'n plek gaan waar hy ten minste verstaan wat daar van die preekstoel af gesê word. Waar die goeie werke van die mens deur die sektes beklemtoon word, word dit dikwels by ons volkome verwaarloos. Ons het nie altyd besef dat die geloof in Christus nie die wet ophef nie, maar dit slegs in die regte perspektief plaas. Waar die Heilige Gees met sy gawes deur die sektes oorbeklemtoon word, word dit dikwels deur ons volkome verwaarloos. Waar die "warm" atmosfeer, die hartlikheid teenoor mekaar, die omgee vir mekaar, by die sektes oorbeklemtoon word, is dit dikwels 'n koue, onpersoonlike, geslote atmosfeer, wat ons by ons kerke aantref. Dat die geloof in Christus, die gesamentlike deelhê aan die gawes van Christus, die gesament-

like deel wees van sy kerk, 'n bepaalde lewe vir mekaar meebring, is 'n feit wat nie weg geredeneer kan word nie. Dit is ook natuurlik dat enige iemand hom meer tuisvoel in 'n hartlike, meelewende atmosfeer as in 'n koue onpersoonlike atmosfeer. Waar die dienswerk van die gelowiges by die sektes soms te veel klem ontvang, word dit by ons dikwels te min beklemtoon. Die laksheid van die ampsdraers van die kerk is dikwels die daadwerklike oorsaak daarvan dat mense die kerk verlaat en na die sektes oorgaan. Gedurende tye van siekte, dood en vertwyfeling was die kerk net nie daar om hulle te vertroos, te bemoedig en by te staan nie. Die kerk is daarvan bewus dat baie lidmate na die sektes oorgaan, en ook bewus van wat die aanleidende oorsaak daarvoor is. Op grond hiervan is dit nodig dat die kerk en elke gemeente, besondere aandag aan hierdie saak sal gee, langs die weg van die gewone verkondigingsgestaltes van die kerk. Helder, duidelik en doelgerig moet gepreek, gekatkiseer en huisbesoek gedoen word. Die evangelie moet suiwer verkondig word en die waarheid moet duidelik teenoor die leuen gestel word. Die lidmaat moet deeglik toegerus word. Hierdie toerusting moet nie vaag en algemeen wees nie, maar besonder en doelgerig. Veral tydens die kategese, behoort die katkisante beter toegerus te word met die oog op hierdie gevaar. Voorkoming is beter as genesing. Die kerk moet opnuut kyk na sy eie funksionering; geskied dit nog waarlik volgens die breë lyne van God se Woord? Verkondig hy nog die Woord soos dit God welbehaaglik is? Leef die kerk en sy mense nog soos mense wat duur gekoop is met die bloed van Jesus Christus en wat in Jesus Christus een van sin en hart geword het?

Tydens huisbesoek word voortdurend lidmate aangetref wat bepaalde sektariese neigings toon. Gewoonlik word slegs in algemene terme aan die saak aandag gegee. Eers as dit reeds te laat is, word daar besondere aandag gegee.

Sodra 'n predikant of 'n ouderling merk dat sektariese neigings by 'n bepaalde lidmaat voorkom, moet toegespitste aandag gegee word. Hierdie lidmaat behoort meer gereeld as in die verlede besoek te word. Deur bloot die bepaalde sekte en almal wat in daardie rigting neig, te veroordeel, sal nutteloos wees. Iemand wat na die sektes oorgaan, doen dit gewoonlik uit onkunde of omdat hy nie tevrede is met sy bepaalde kerk se optrede nie. Daar moet dadelik vasgestel word wat die aanleidende oorsaak van die ontevredenheid is en daarna moet gepraat word, die misverstande uit die weg geruim word en die foute wat in die verlede ten opsigte van hierdie huisge-

sin begaan is, moet indien moontlik, reggestel word. Die ampsdraer van die wyk moet 'n deeglike studie van die betrokke sekte wat ter sprake is, maak en hom uiteindelik beter ken as die lidmaat self. As hierdie nodige kennis ingewin is, moet voortdurende diepgaande gesprekke, waar die waarheid van die Woord voorop staan, gevoer word. Aangesien daar vandag 'n groot aantal sektes bestaan, is dit feitlik onmoontlik dat elke ouderling elkeen van hulle tot in die fynste besonderhede kan ken. Miskien sal dit goed wees as verskillende ouderlinge elkeen van 'n afsonderlike sekte 'n besondere studie kan maak. Sodra dit gebeur dat 'n lidmaat van 'n bepaalde wyk neigings in die rigting van 'n bepaalde sekte toon, kan die ouderling wat 'n bepaalde studie van daardie sekte gemaak het, saam met die predikant en die wyksouderling besondere aandag aan daardie huisgesin gee. Dit sal baie goed wees om literatuur oor die bepaalde sekte se opvattings aan die lidmaat te gee.[70] Indien die lidmaat tot die regte insig kom, is dit nodig dat die toegespitste sorg vir daardie bepaalde huisgesin nog 'n tydjie voortduur.

Indien die lidmaat na baie gesprekke nog steeds weier om af te sien van sy dwaalweë, moet verdere tugstappe geneem word. Hierdie tug moet met liefde toegepas word en met die doel om die betrokkene uiteindelik weer op die regte spoor te kry. Gedurende die hele periode van sensuur en selfs nadat afsnyding van die gemeente plaasgevind het, moet die gesprek met die betrokke huisgesin so ver as moontlik voortgesit word.

5.5.2.2 *Besondere omstandighede*

5.5.2.2.1 Die jeug[71]

---

70. In ons gesprek met die sektes kan van die volgende literatuur gebruik gemaak word. Ons noem net enkeles wat vir elke ouderling en lidmaat verstaanbaar behoort te wees: M J du P Beukes, Belangrike Feite vir Katkisante, HAUM, Pretoria, Kaapstad, 1976; H C J Flemming, Sekte Dwaling in Ons Land, Sondagskool Boekhandel, Bloemfontein 1941; D Kemp, Geloofsgenesing en Tongetaal Getoets, Pro Rege Pers, Potchefstroom 1974; J C Kruger, Daar is ook Geskrywe, NG Kerkboekhandel, 1957; S P van der Walt, Dwaling en Waarheid, Pro Rege Pers, Potchefstroom, 1961; A J van Staden, Kerk of Sekte – Die Leerstellings van die Nuwe Apostoliese Kerk Getoets aan die Bybel, HAUM, 1957; A J van Staden, Die Jehova Getuies Weerlê, HAUM, Pretoria, Kaapstad, 1975
71. Vir meer besonderhede oor die benadering van die jeug, raadpleeg J J de Klerk, a.w., p 86–119; C H Lindijer, In Levende Lijfe, S' Gravenhage Boekhandel, Amsterdam, 1974, p 88–91

In vorige hoofstukke het ons reeds gehandel oor die kinders wat nog in die kategese is. Hier wil ons in die besonder handel oor die jongmense wat reeds belydenis van geloof gedoen het.
Die meeste jongmense doen belydenis van geloof wanneer hulle ongeveer sestien is. Die meeste gesaghebbendes is dit eens dat hierdie 'n krisisperiode in die mens se lewe is. Die kinderskoene is vir alle praktiese doeleindes ontgroei, maar die grootmensskoene pas nog nie volkome nie. In die verlede is die sestienjarige in 'n baie groot mate gereken as die volwassene. Vandag is die meeste sestienjariges nog op skool en word hulle in die meeste gevalle nog gereken as kinders. Hulle liggame het reeds feitlik ontwikkel tot volwassenheid, maar hulle optrede is nog soos die van kinders. Hulle hele houding is 'n onsekere houding. Enersyds besef hulle dat hulle nie sonder hulle ouers kan klaarkom nie, maar andersyds brand die begeerte na vryheid baie hoog. Soos die jongmense van alle tye is die optrede van hulle ouers, die skool en die kerk vir hulle te outyds. Die binding wat ouers, skool en kerk vir hulle meebring is volgens hulle oordeel te eng.

Die jaar van belydenis van geloof beleef die jongmens as 'n moeilike jaar in sekere opsigte. Die eise wat aan hom gestel word is baie hoog. Hy moet 'n groot hoeveelheid werk leer. Hy moet gereeld die eredienste en die kategeseklasse bywoon. Sommige katkisante is in die gelukkige posisie dat hulle hierdie jaar deurleef saam met ouers wat intens in hulle belangstel. Die ouers ondersoek saam met hulle die dieptes van die Woord. Die ouers gaan saam met hulle na die erediens en bring hulle na die katkisasie. Ander finalejaar katkisante kom uit huisgesinne waar die ouers absoluut niks belangstel nie. Hulle weet nie eers wat hulle kind moet leer nie. Hy gaan alleen na die erediens en dit is sy eie saak om te sien dat hy by die katkisasieklas uitkom.

Na belydenis van geloof is daar nie meer verpligte kategese en erediensbywoning nie. Die enigste binding is die belofte wat hy as katkisant self afgelê het. In die meeste gevalle is die katkisant nog nie volwasse genoeg om te besef wat die gevolge van die belofte is wat hy afgelê het nie. Die katkisant wat uit die kerklike meelewende huisgesin kom, skep gewoonlik nie baie probleme nie.

Aangesien hy in die verlede daaraan gewoond was om elke Sondag saam met sy ouers kerk toe te gaan, is dit vir hom 'n doodgewone saak om daarmee voort te gaan. Daardie ouers sal ook nie sonder meer toelaat dat hy Sondae by die huis bly nie. Daardie

jongmens is van kleins af daaraan gewoond om saam met sy ouers met alles wat in die gemeente plaasvind te leef. Omdat sy ouers na sy belydenis van geloof daarmee voortgaan, is dit vir hom feitlik 'n natuurlike saak en sal hy steeds saam met hulle dieselfde pad bewandel. Die katkisant wat uit die nie-kerklike meelewende huisgesin kom, se posisie is ietwat anders. Voor sy belydenis van geloof het hy kerklik meegeleef, en in 'n sekere opsig is hy hiertoe gedwing deur die kerk. Na die belydenis is daar geen dwang meer nie. Ten opsigte van die huisgesin waaruit hy kom, was sy erediens- en kategesebywoning iets vreemds aan die gewone funksionering van daardie betrokke huisgesin. Hy het anders gehandel as die res van die huisgesin. Die res van die huisgesin het Sondae as hy kerk toe moes gaan, by die huis gebly. Wanneer hy met die gemeente moes meeleef was hulle passiewe toeskouers. Dit is eintlik te wagte dat hierdie jongeling, nadat hy belydenis van geloof gedoen het, sal inskakel by die gewone gang van daardie huisgesin. Omdat die ouers self nie kerklik meeleef nie, spreek dit eintlik vanself dat daar geen positiewe aanmoediging van hulle kant sal kom nie. Te midde van hulle gewete is hulle eintlik bly dat daar nie meer iemand in die huis is, wat met sy gereelde erediensbywoning en kerklike meelewing, hulle aan hulle verantwoordelikheid herinner nie.

Onder die geledere van die jongmense van die gemeente, is daar gewoonlik 'n hele aantal wat van elders af kom. Werksomstandighede dwing hulle om op 'n plek te gaan woon wat vir hulle volkome vreemd is. Gewoonlik is hierdie woonplek in 'n "koue" woonstel met mense vir bure wat dikwels net so koud van hart is. In die moderne tyd word daar hoë eise aan die jongmens gestel. Dit bring noodwendig mee dat hy saans te moeg is om enige kontakte met ander mense op te bou. Gedurende naweke gaan hy natuurlik na die oord waar hy vandaan kom. As hy naweke in die woonstel is, gaan hy nie kerk toe nie, omdat alles vir hom daar vreemd is. Sondagaand kom hy terug om gedurende die volgende week weer sy proses van eensaam lewe voort te sit. Eensaamheid, vrae en probleme dryf hom dikwels na oorde waar Christene nie tuishoort nie. Die besondere omstandighede van die jongmense vra noodwendig dat die kerk besondere aandag aan hulle sal gee.

Bewus van die feit dat die katkisante na hulle belydenis van geloof 'n onsekere stadium van hulle lewe binnegaan, moet die kerk alles in sy vermoë doen om antwoorde te gee op die vrae wat vir hierdie jongmense wag. Die sin en betekenis van 'n bepaalde lewe in die

geloof na belydenis van geloof, moet vir hulle helder en duidelik geleer word. Baie jongmense ondervind die probleem dat hulle belydenis van geloof gedoen het, maar hulle word nog steeds nie as volwaardige lidmate behandel nie. Die predikant en kerkraad kom doen huisbesoek by hulle ouers se huise sonder dat daar met hulle teenwoordigheid rekening gehou word. Daar word met die ouers gepraat en gemaak asof hulle nie eers bestaan nie. Die jongmens wat reeds belydenis van geloof gedoen het, is iemand wat dikwels by baie buitemuurse aktiwiteite van die skool betrek word. Dit bring noodwendig mee dat baie van hulle nie tuis is, as daar huisbesoek gedoen word nie. Die predikant en die kerkraad moet besef dat nie dele van 'n huisgesin nie, maar die hele huisgesin aan hulle sorg toevertrou is. As hulle gaan huisbesoek doen en die jongmense is nie tuis nie, moet hulle later weer die hele huisgesin gaan besoek. Die gemeente moet geleer word om by 'n huisgesin as geheel huisbesoek te doen. Dit geld nie alleen die besoeke van die predikant nie, maar ook dié van die ouderling en die diaken. In die verkondigingsgesprek met die huisgesin, moet die jongmense ook daadwerklik by hierdie gesprek betrek word. Ek dink nie dit is nodig dat daar juis 'n afsonderlike gesprek met jongmense gevoer moet word wat in hulle ouerhuise woon nie. Die onderwerp van die gesprek moet sodanig wees dat die hele huisgesin daarby betrek word. Indien die jongmens besondere vrae het, moet daar op 'n verantwoordelike wyse vanuit die Woord antwoord gegee word.

Die jongmense wat uit huisgesinne kom waar daar geen kerklike meelewing is nie, sal in die besonder die aandag van die kerkraad vra. Sodra die jongmens na belydenis van geloof, afvallig word, moet nie eers gewag word tot die gewone huisbesoek om by hom uit te kom nie. So spoedig as moontlik moet die predikant en die kerkraad 'n besoek by hom gaan aflê. By daardie geleentheid en al die geleenthede wat daarna volg, moet 'n indringende gesprek met hom en met sy ouers gevoer word. 'n Goeie praktyk in hierdie verband is om die jongmense van die jeugvereniging of 'n ander meelewende jong lidmaat te vra om hierdie persoon gereeld saam met hom of hulle na die kerk toe te neem.

Die jong lidmate in die woonstelle vra ook in die besonder ons aandag. In baie gevalle is hierdie jongmense aan die kerk onbekend. Deeglike, gereelde sensus is nodig om hulle op te spoor. Gereelde en getroue besoeke deur die ampsdraers is nodig. As hy nie tuis gevind word nie, moet alles in die vermoë gedoen word om hom wel tuis te

vind. Elke denkbare poging moet aangewend word om hom te betrek by die werk van die kerk. Die predikant en die kerkraad moet besef dat hierdie jongmens in baie opsigte verward is. Weg van sy ouerhuis, weg van die skool, staande op eie voete, is daar vir hom baie aanpassings om te maak. In sy nuwe omgewing is die ampsdraers van die kerk mense wat oneindig baie kan help sodat hy gou weer sy voete vind. 'n Jongman het eendag teenoor my opgemerk dat hy in sy vreemde woonstel en vreemde omgewing nie moeilik na sy skooljare aangepas het nie, omdat die ouderling van die wyk vir hom baie gou net soos sy eie vader geword het. Hy het vir hom iemand geword wat met sy woord en daad hom begelei het op sy vreemde weë. Om hierdie jongmens soos Dawid van ouds tuis te maak in die huis van die Here, kan handig gebruik gemaak word van ander jongmense in die gemeente en die jeugvereniging. Die predikant en die ouderling moet egter besef dat die belangrikste wat hulle aan hierdie jongmens moet gee, nie vriendskap en toegeneëntheid is nie, maar die Woord van God. Die enigste een wat vir hierdie jongmens koers en rigting in die lewe kan gee, wat hom koersvas op die regte pad kan lei, is God met sy Woord en sy Gees.

5.5.2.2.2 Bejaardes[72]

Op weg van die wieg na die graf, is die ouderdom 'n fase wat elke mens moet deurleef. Hierdie fase word gewoonlik nie beleef as een van die aangenaamste fases van die menslike bestaan nie. Die ouderdom bring geweldige gevolge mee. Die liggaam wat vroeër nog sterk en gesond was se kragte neem af. Die bene is nie meer sterk genoeg om jou te dra waar jy wil wees nie. Die gehoor is verswak sodat jy nie meer alles kan hoor wat jy moet hoor nie. Die oë is verdof sodat baie van die wêreld se skoonheid vir jou verlore gegaan het. Die hande is inmekaar getrek sodat jy nie meer vir jouself ten volle kan sorg nie. Die verstand is verswak sodat jy nie meer baie kan dink nie. Hierdie aftakeling van die liggaam lei noodwendig daartoe dat jy meer as ooit tevore afhanklik van ander mense word. Waar jy in die verlede miskien ten volle op jou eie voete gestaan het, moet jy nou meer as ooit tevore ander mense in die oë kyk. Vir jou versorging is jy miskien ten volle op ander mense aangewese – in 'n tehuis vir bejaardes of in die sorg van kinders. Jy besef dat jou

72. Vir meer besonderhede oor die benadering van bejaardes, raadpleeg J J de Klerk, a.w., 119–134; C Gilhuis, Pastorale Zorg aan Bejaarden, J H Kok, Kampen, 1956; C H Lindijer, a.w., p 94–100

versorging baie tyd en kragte van ander vra, jy voel skaam daaroor, maar kan niks aan die situasie doen nie. Jy besef jou eie nietigheid meer as ooit vantevore. Jy begin dink dat jy volkome nutteloos is. Jou hele situasie lei daartoe dat jy meer teruggetrokke raak.

Die meeste bejaardes word as enkelinge aangetref. Hierdie bejaarde was eenmaal deel van 'n gesin – deel van 'n huwelik. Die huweliksmaat is miskien nie meer daar nie. Vir baie jare het hy of sy die lewenspad saam met iemand anders bewandel – iemand het saam met jou gewerk en gespeel, besin en beplan, gelag en gehuil. Alles wat jy gedoen het, het jy saam met jou huweliksmaat gedoen. In jou oomblikke van droefheid was die huweliksmaat daar om jou te troos. In jou oomblikke van prestasies was die huweliksmaat daar om dit met jou te deel. Jy en jou huweliksmaat se lewens het inmekaar vervleg geraak – het een geword. Toe breek die oomblik aan dat dit wreed uitmekaar geskeur is. Juis in die ouderdom, wanneer julle mekaar meer as ooit nodig het, is die huweliksmaat nie meer daar nie. Droefheid en eensaamheid het jou deel geword.

Die bejaarde leef in 'n wêreld wat nie oorloop van liefde en barmhartigheid nie. Hy leef in 'n wêreld waar die tyd vir ander mense min geword het, veral vir mense wat in nood verkeer. Hy leef in 'n wêreld waar die mens van die wêreld alleen tyd het vir die mense wat vir jou iets kan beteken. Omdat die bejaarde, gesien uit 'n materialistiese oogpunt, nie vir ander mense baie kan doen nie, word hy maklik deur die moderne mens verwerp en weggestoot.

Die bejaarde is iemand wat naby die einde van sy lewe gekom het. Hy weet net soos enige ander mens dat daar 'n perk aan sy lewe is. Omdat hy daagliks ervaar hoe sy liggaam verbrokkel, is die dood vir hom 'n werklikheid wat voortdurend in die gesigsveld bly.

Oor die breë linie is die bejaarde se verhouding met die gemeenskap afgesny. Die band met sy kinders is nie meer altyd so heg as in die verlede nie. Hy is nie meer ten volle deel van die doen en die late van die gemeenskap in sy onmiddellike omgewing nie. Die moontlikheid bestaan nie meer dat hy gereeld elke Sondag die Woord in die midde van die gemeente kan hoor nie. Die grootste taak van die kerk teenoor hierdie eensame mens, is die verkondiging van die Woord. Aangesien hierdie mens nie meer gereeld by die kerk kan kom nie, is dit seker die taak van die kerk om meer gereeld by hom te kom met die Woord. Afgesien van die gewone jaarlikse besoek deur die predikant en die gewone driemaandelikse besoek deur die ouderling, is dit nodig om meer geleenthede te skep om die bejaarde

te besoek. Dit is ook veral op hierdie gebied wat die diakens besondere dienswerk kan verrig. Namate die bejaarde se kragte afneem, sal die besoeke moet vermeerder.

Die Woord wat aan die bejaardes verkondig word tydens huisbesoek, is dieselfde Woord as die wat aan die res van die gemeente verkondig word. Die besondere "stuk" van die evangelie wat hier moet weerklink, is daardie gedeeltes wat die bejaarde troos en aan hom die sekerheid gee dat te midde van sy siekte en sy eensaamheid, God nogtans by en met hom is; dat hy die dood vir die mens oorwin, Hy het die mens se sonde vergewe. Telkens sal die boodskap moet weerklink: Glo hierdie evangelie en jy sal getroos wees in lewe en sterwe. Tydens die besoek van die bejaarde is dit nodig dat die ampsdraer sal toon dat hy begrip en tyd vir hierdie mens in nood het. Hierdie mens se nood sal telkens opnuut vanuit die Woord van God belig moet word.

Die Woord wat aan die bejaardes verkondig word tydens huisbesoek, is dieselfde Woord as die wat aan die res van die gemeente verkondig word. Die besondere "stuk" van die evangelie wat hier moet weerklink, is daardie gedeeltes wat die bejaarde troos en aan hom die sekerheid gee dat te midde van sy siekte en sy eensaamheid, God nogtans by en met hom is; dat hy die dood wat vir hom wag nie hoef te vrees nie, want Jesus Christus het die dood vir die mens oorwin, Hy het die mens se sonde vergewe. Telkens sal die boodskap moet weerklink: Glo hierdie evangelie en jy sal getroos wees in lewe en in sterwe. Tydens die besoek van die bejaarde is dit nodig dat die ampsdraer sal toon dat hy begrip en tyd vir hierdie mens in nood het. Hierdie mens se nood sal telkens opnuut vanuit die Woord van God belig moet word.

Veral die volgende Bybelgedeeltes kan gebruik word tydens die besoek van bejaardes: Psalm 39; 71; 90; 103; Jesaja 40:21–31; 46:1–12 en feitlik al die gedeeltes wat in hierdie boek onder "siekte" en "dood" genoem word.

5.5.2.2.3 Siekebesoek[73]

73. Vir meer besonderhede oor die benadering van siekes, raadpleeg E Achelis, a.w., p 352–359; S F H J Berkelbach van der Sprenkel, Huizbesoek, Ploegma, Amsterdam, 74–101; J J de Klerk, a.w., p 129–134; D Funcke, Wilt Gij Gezond Worden, Bijdrage tot Christelijk Zielszorg, Höverker en Zoon, Amsterdam; J H van der Berg, Psychologie van Het Ziekbed, G F Callenbach, Nijkerk, 1965; E Thurneysen, Zielzorge im Vollzug, E F Z Verlag, Zurich, 1968, p 97–175 en G Brillenburg Wurth, Christelijke Zielzorg in het Licht der Moderne Psygologie; Kok, Kampen, 1955, p 254–218

Die kerk het besoek aan die siekes nog altyd gesien as 'n deel van sy ampswerk wat verrig moet word. Die lidmaat wat siek is, aan die ander kant, het ook nog altyd verwag dat hy deur die kerk besoek sal word. Laasgenoemde tendens word nie alleen aangetref by getroue lidmate van die kerk nie, maar selfs by "dooie lidmate", en by mense wat hulle in die verlede geopenbaar het as gelowiges en opstandiges teen alles wat na kerk en godsdiens lyk. Algemene tendense betreffende die verwagting van die siek lidmaat is die volgende:

- Die predikant moet hom besoek om vir hom te bid.
- Slegs sy eie predikant en geen ander predikant moet hom besoek nie.
- Slegs die predikant, en niemand anders van die kerk se besoek het vir hom geldende krag.
- Die genesing het geen daad van dankbaarheid tot gevolg nie.

Dat die gebed al is wat die sieke van die siekebesoek verwag, is soms die skuld van die predikant self. Die predikant beskou die siekebesoek dikwels as 'n vriendskaplike besoek waartydens slegs 'n oomblik van stilte vir 'n gebed gevra word. Hierdie misverstand bring noodwendig die vraag na vore: "Wat verstaan die kerk onder siekebesoek"?

Nie een van die kerk se belydenisskrifte meld die siekebesoek direk nie. Artikel 30 van die Nederlandse Geloofsbelydenis meld dat daar naas die dienaars van die Woord ook opsieners en diakens moet wees om saam met die herders 'n raad van die kerk te vorm om onder andere te sorg dat die "armes en bedruktes gehelp en getroos word". Onder die bedruktes moet seker ook die siekes verstaan word. Verskeie kerkordes maak ook melding van die siekebesoek. Die kerkorde van Wezel (1568) meld dat die inhoud van die siekebesoek moet wees "ende uit Gods Woordt vertroos." Op die provinsiale sinode van Dordrecht word vermeld dat naas die vertroosting, moet indien nodig ook die Naam van die Here aangeroep word in die gebed, rondom die siekbed. Die *Kerkwet* van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika beskou dit as taak van die predikant om die beproefdes (hieronder is seker die siekes ingesluit) te vertroos.[74]

Die hele problematiek word verder verhelder deur die verskillende bevestigingsformuliere. Die formulier om die dienaars van die goddelike Woord te bevestig, stel: "Ten eerste dat hulle die Woord van die Here deur die skrifte van die profete en apostels ge-open-

74. Kerkwet van die Nerduitsch Hervormde Kerk van Afrika, a.w., bepaling 149

baar, grondig en opreg aan hulle gemeentes moet verkondig en dit moet toepas, sowel in die algemeen as in die besonder... deur te vertroos en te bestraf, volgens die behoefte van elkeen." Met hierdie sinsnede word die woord vertroos, wat dikwels in die kerkordes aangetref word, verklaar. Die vertroosting is om die Woord van God so aan die sieke te verkondig dat dit die sieke midde in sy konkrete situasie sal troos. Die formulier vir die bevestiging van ouderlinge en diakens stel dat die taak van die ouderling is om alle Christene met raad en troos te dien. Ook die diakens moet aan die ellendiges hulp bewys met vertroostinge uit die Woord van God. Reeds uit hierdie gegewens is dit duidelik dat die besoek aan die sieke geen sosiale besoek is nie, maar 'n besoek met die doel om te vertroos uit die Woord.

Die belangrikste in die hele geding is wat die Bybel sê. Van besondere belang is die optrede van Jesus en sy dissipels tydens siekebesoek. In Matteus 10 en Lukas 9:1–6 lees ons dat Jesus sy dissipels uitgestuur het. Volgens Lukas 9:3 het Hy hulle uitgestuur "om die koninkryk van God te verkondig en die siekes gesond te maak." In Matteus 10:7 en 8 lees ons dat Jesus vir die dissipels sê: "Gaan verkondig: Die koninkryk van die hemel het naby gekom. Maak siekes gesond, wek dooies op, reinig melaatses, en dryf duiwels uit." Uit hierdie teksverse is dit duidelik dat die dissipels se primêre taak is om die koninkryk van God te verkondig. Om te verkondig dat in Jesus Christus die koningsheerskappy van God sigbaar geword het. Die genesing van die siekes kom volgens hierdie teksverse na die prediking. Wat die werklike betekenis van die genesing deur die dissipels is, lees ons in Markus 16:20. "Hulle het toe die evangelie oral gaan verkondig, en die Here het met hulle saamgewerk en hulle prediking bekragtig deur die wondertekens wat daarop gevolg het." Die tekens van genesing was daarom daad van God waardeur Hyself bevestig het dat die prediking van die dissipels waar is, dat dit waar is dat deur Jesus Christus sonde en dood oorwin is, dat deur Hom die oorsaak van alle nood, ellende en siekte opgehef is.

Hiermee is die inhoud van die siekebesoek omskryf. Wat die vorm betref, is daar baie uiteenlopende beskouings. Miskien kan in die algemeen gesê word dat die vorm nie op 'n vaste patroon kan geskied nie, maar in die vorm van 'n doodgewone gesprek wat die Waarheid van God in Jesus Christus tot inhoud het. (So gesien gaan die verskoning dat in 'n groot hospitaal nie siekebesoek gedoen kan

word nie, nie op nie). Dit kan ook geskied na aanleiding van 'n gedeelte wat eers voorgelees is uit die Skrif. (Alle vroom metodisme soos die hande van die sieke vashou, saam met die sieke op die bed gaan lê en praat met 'n stem wat vreemd aan jou eie persoon is, moet liefs vermy word). Hierdie pastorale gesprek met die sieke kan uitloop op 'n gebed, maar dit hoef nie noodwendig nie. Die feit dat siek lidmate altyd bekommerd is oor die feit dat die predikant nie vir hulle 'n gebed gedoen het nie, is niks anders as 'n teken van ongeloof en 'n teken van misverstand betreffende die werklike taak van die predikant. By herhaling moet gesê word dat die predikant nie die gemeentelike voorbidder in die eerste plek is nie, maar verkondiger van die Woord. Ernstige aandrang op spesifiek die predikant se gebed, skep die indruk dat God alleen die predikant se gebed verhoor en nie ook dié van die ouderling of gewone lidmaat nie. In Jesaja 38:14–22 bid Hiskia self om genesing. In Psalm 41:5 bid die sieke self vir sy nood. As Dawid se kind siek is, is hyself die een wat voorgaan in gebed.[75] Volgens Jakobus 5:14–16 moet die ouderling geroep word in die geval van siekte.

Volgens 1 Timoteus 2:1 en 2 moet daar voorbidding gedoen word vir alle mense, dit wil sê ook vir die sieke. Die plek waar die gebed gedoen moet word, word nie genoem nie en is nie van die allergrootste belang nie. Tereg kan die vraag gestel word: "Het die gebed op Sondag vanaf die kansel ten behoewe van alle siekes nie ook volle sin en betekenis vir die sieke en sy familie, waar hy hom ook al mag bevind nie"? As die predikant Sondag op die kansel vir al die siekes gebid het, is dit sinloos om te verwag dat hy direk na die diens weer van sieke tot sieke moet ry om vir hulle te bid. Wat wel verwag kan word, is dat hy na hulle sal gaan om die Woord te verkondig. Die vraag kan gevra word of dit die ampsdraers se taak is om die siekes week na week te gaan soek in hospitale en huise, en dan onmeetlike kritiek te ontvang vir die wat hy nie gevind het nie! Is dit nie eerder die lidmaat se taak om die ampsdraer te laat weet as iemand besoek moet ontvang nie? Die Bybelse gegewens wys in die rigting van laasgenoemde.

Gevolgtrekkings

- Siekebesoek deur die predikant is primêr Woordverkondiging. Die afleiding is dat dit nie van belang is watter predikant hierdie

75. 2 Sameul 12:16

Woord bring nie. Ons moet veral let op die aandrang deur lidmate dat hulle eie predikant en nie 'n ander, hulle besoek nie. Hierdie aandrang is geleë in die feit dat dit vir lidmate nie meer soseer om die Woord gaan nie, maar om persoonlike relasies. Daar is tans hospitaalpredikante. Hierdie predikante besoek met noulettende noukeurigheid al die siek lidmate van die betrokke kerk wat hulle aldaar in hospitale bevind. Nieteenstaande hierdie feit dring lidmate nog daarop aan dat hulle deur hulle eie predikant besoek moet word, al is hy 200 myl verwyder. Behalwe dat hierdie aandrang in die lig van genoemde gegewens verkeerd is, is dit ook kerkregtelik nie korrek nie. Sodra 'n lidmaat hom in een van genoemde hospitale bevind, is sy wettige predikant vir daardie tyd nie die predikant van sy tuisdorp nie, maar die hospitaalpredikant onder wie hy ressorteer. Aandrang op besoek deur eie predikant, beteken ook indirek dat die hospitaalpredikante nie hulle werk goed en reg doen nie, en dit is ver van waar af.

- Aangesien die ouderling en diaken ook geroep is tot vertroosting uit die Woord van God, het hulle besoek net soveel gesag as dié van die predikant. 'n Algemene verskynsel in die kerk is dat die lidmate nie die ouderling en diaken van hulle siekte in kennis stel nie, maar direk die predikant. So word die amp van ouderling en diaken onderskat en dié van die predikant oorskat.

- Aangesien siekebesoek Woordverkondiging is, moet dit net so gereeld aan die sieke geskied as aan die gesonde lidmaat. Hier moet veral rekening gehou word met die feit dat die siek lidmaat ontroof is van die geleentheid om die erediens te besoek. Dit sou goed wees as elke siek lidmaat elke week besoek kon word. As siekebesoek Woordverkondiging is, en nie 'n soort "toormiddel" soos sommige lidmate dink nie, is dit nie nodig dat die predikant die sieke elke dag sal besoek nie; dat by elke verdere verswakking van die sieke vir hom gebid moet word nie. (Dink ons werklik dat 'n noodgebed voor ons sterwe al die sonde en ongeloof van ons hele bestaan kan uitwis? Is hierdie gedagte nie miskien die oorsaak van baie lidmate se ongeloof en traagheid nie? Daar sal mos vir my nog 'n laaste oomblik wees, soos vir die moordenaar aan die kruis; of 'n laaste dominee-gebed wat alle vorige roekeloosheid reduseer. As ons ganse lewe 'n lewe van geloof was; 'n lewe van gaan na die verkondiging van die Woord, gaan na die plek van aanbidding, sal dit nie nodig wees dat 'n laaste skietgebed alles vir ons moet regmaak nie.)

- Siekebesoek is die taak van die predikant, ouderling, diaken en selfs dié van die gewone lidmaat.

Die gesonde sieke

Dikwels gebeur dit in ons gemeentes dat die predikant en die kerkraad slegs van lidmate hoor of hulle sien as hulle siek is. Iemand wat siek is, word dikwels gereeld besoek en na die siekte word tevergeefs na daardie persoon in die erediens gesoek. In plaas van in die erediens op Sondag, bevind die "gesonde sieke" hom êrens in die wêreld besig met homself. In plaas van in leer en lewe hom gedra ooreenkomstig die Woord van God, is hy eerder besig om homself oor te gee aan die lus en genot van die wêreld.

Na sy herstel vergeet hy dat dit God is wat die genesing geskenk het. Nadat hy ontvang het, vergeet hy om dankbaar te wees. Nadat die kerk na hom toe gekom het, vergeet hy om na die kerk toe te gaan. Môre is hy weer siek en benoud kom die roepstem: "Dominee, ouderling, diaken kom besoek my weer!" Op die versoek word weer gereageer. Die sieke is weer gesond en bo alle verwagting kom weer dieselfde ondankbare, roekelose, on-kerklike lewe. Tereg kan die vraag gestel word: Moet die kerk aanhou besoek; aanhou begrawe; aanhou gee waar die resultaat maar weer telkens God-verloëning en kerkveragting is? By 'n bepaalde geleentheid het 'n predikant vir 'n siek lidmaat gesê. "As ek vir jou moet bid, moet ek bid dat God jou sal wegneem. Dit is in stryd met my gewete om te vra dat jy genees sal word, terwyl ek weet jy gaan na jou genesing weer net so roekeloos leef soos vantevore. Vir die eer van God, waarvan jy niks weet, of liewer niks wil weet nie, is dit beter dat jy sterf!" Dit het nodig geword dat die kerk die woord vertroos weer reg sal verstaan. Volgens die Griekse spraakgebruik het hierdie woord ook altyd die betekenis van vermaan. Dit is nodig vir die kerk om vir die sieke te sê dat daar in Jesus Christus heil is vir elkeen wat in Hom glo, maar oordeel en gerig is vir die ongelowiges en die ondankbares.

'n Besondere houding word in die Bybel aangetref by siek persone wat gesond geword het. In die *Lied van Hiskia* na sy genesing, hoor ons dat hy sê: "Die Here staan gereed om my te verlos; daarom sal ons op my snaarinstrumente speel al die dae van ons lewe, by die huis van die Here."[76] Selfs die dood van geliefdes het tot gevolg dat die gelowige hom met nuwe ywer in die diens van God stel. Na die siekte en dood van sy kind "het Dawid van die grond opgestaan en

76. Jesaja 38:20

hom gewas en gesalf en ander klere aangetrek en in die huis van die Here gegaan en aanbid."[77] In sy gebed tydens die inwyding van die tempel, bid Salomo dat God die mens in nood, ook die siekes sal red: "Sodat hulle U kan vrees al die dae wat hulle leef in die land wat U aan ons vaders gegee het."[78]

In die Nuwe Testament tref ons dieselfde reaksie aan by siekes wat genees is. Maria wat Magdalena genoem word, saam met ander vroue, volg Jesus nadat hulle genees is.[79] Na die genesing van die siek man in Betésda, tref Jesus hom in die tempel aan,[80] hy gaan vertel aan die Jode dat dit Jesus is wat hom genees het.

Die man wat kreupel gebore was, gaan na sy genesing nie in die eerste plek na sy familie of vriende of die wêreld nie, maar na die tempel om God te loof.[81] Na die genesing van Eneas het die inwoners hulle tot God bekeer.[82]

Die werklike gepaste dankbare houding van die gelowige na sy genesing, is dat hy sal leef tot eer van God. Dat sy geloof in Jesus Christus onwrikbaar sterk sal wees, dat hy God sal dien soos Hy gedien wil word, nie in die eerste plek slegs in die wêreld of in die eensaamheid van sy huis nie, maar in die eerste plek in die midde van die gemeente, in die kerk.

5.5.2.2.4 Die dood[83]

Die ganse lewe van die mens bestaan uit fases of werklikhede wat op verskillende wyses beleef word. Die laaste en hardste fase wat die mens moet beleef, is die dood. Die dood is nie 'n algemene waarheid nie, maar 'n besondere waarheid. Dit is 'n harde werklikheid wat elke mens sonder uitsondering raak, en wat elke mens in sy volle realiteit moet beleef. Dit is 'n werklikheid wat kom sonder om enige vrae te vra; dit vra nie of jy oud of jonk is nie en of jy vir hom gereed is of nie. Dit vra selfs nie of jy siek of gesond is nie.

Gelukkig is die algemene reël van die dood dat hy gewoonlik eers

---

77. 2 Samuel 12:20
78. 1 Konings 8:40 (Vergelyk ook 2 Kronieke 6:31)
79. Lukas 8:1–3
80. Johannes 5:14
81. Handelinge 3:8–9
82. Handelinge 9:32–35
83. Vir meer besonderhede raadpleeg: J J de Klerk, a.w., p 119–134
    E E Thurneysen, Seelsorge im Vollzug, a.w., p 212–240
    G Brillenburg Wurth, Christelijke Zielszorg, a.w., p 281–318
    C H Lindijer, a.w., p 101–110

kom wanneer jy ver in lewensjare gevorder is. Hierdie algemene reël het baie ernstige gevolge. Die vernaamste hiervan is die feit dat terwyl jy in die fleur van jou lewe is, dikwels lewe asof jy nooit sal sterf nie. Jy hou nie rekening met die dood nie. Jy beplan nie asof jy eenmaal sal moet sterf nie. Die dood en in die besonder jou eie dood, is nie deel van die gesprekke wat jy voer nie. Hierdie algemene reël van die dood het tot gevolg dat ampsdraers dit nooit eers naastenby oorweeg om met jonk of met gesonde mense oor die dood te praat nie. Dié houding van die kerk en dié houding van die lidmaat self het daarom seker al baie daartoe gelei dat die dood baie mense "onverhoeds" en "onvoorbereid" gevang het.

In die besinning oor die ampsdraers se optrede teenoor sterwendes, word daar gewoonlik vertrek van daardie punt waar die geneesheer reeds gesê het dat hierdie persoon sal sterf, of waar dit vir elkeen duidelik geword het dat die dood weldra sal intree. Dit wat beskou word as die vertrekpunt, moet eerder op grond van 'n lang voorafgaande verkondiging as die punt waar die finale afronding plaasvind, beskou word. Sonder om behep te wees met die gedagte van die dood, moet die ampsdraer hierdie werklikheid nooit uit die oog verloor nie. Die gesprek oor die dood en sy gevolge moet nie eers met die werklike sterwe in die gesigsveld kom nie, maar tydens 'n persoon se ganse lewe. Dit moet nie alleen ter sprake kom in algemene terme nie, maar ook in besondere gerigtheid op die mens hier en nou voor jou. Dit moet ter sprake kom in die prediking, in die kategese en ook tydens huisbesoek. As 'n predikant en 'n ouderling gedurende die ganse lewe van 'n lidmaat met hom gepraat het oor die dood en dít wat Christus gedoen het ten opsigte van die dood, sal daar rus in hulle gemoed wees as die betrokkene sterf, selfs as dit op 'n onverwagte oomblik plaasvind. Hierdie gesprek oor die dood met die ten volle lewende, mag nie as 'n afskrikmiddel gebruik word nie, maar dit moet eerder gesien word as 'n geleentheid om die evangelie aan hom te verkondig met die oog op toerusting met betrekking tot die harde werklikheid van die dood wat vir hom wag – dit moet hom voorberei, sodat hy waarlik getroos sal wees wanneer hierdie laaste oomblik vir hom aanbreek.

Vanuit filosofiese en sielkundige oorde is op verskillende wyses gepoog om die hardheid van die dood weg te redeneer.[84] Al hierdie pogings was volkome tevergeefs. Die dood het steeds vir die mens

84. G Brillenburg Wurth, Christelijke Zielszorg, a.w., p 283

die hardste werklikheid gebly – selfs vir die Christen. Vir die sterwende is die dood die afskeid neem van die lewe; van 'n lang lewe van besinning en beplanning van vergader en versamel. In 'n oogwink is alles wat jy oor baie jare beplan en gedoen het verby. Dit word meteens vir jou helder en duidelik dat alles tevergeefs was. Die dood is vir jou die afskeid, die weg wees van jou vrou, jou man, jou kinders, almal vir wie jy lief is. Dit is vir jou die eenwording met die stof waaruit jy geneem is – die binnegaan van die onbekende en die vreemde. As gelowige is dit vir jou die aanbreek van die oomblik van rekenskap gee voor God. Verspeelde geleenthede verwar jou denke – ongehoorsaamheid aan God en traagheid in sy diens vervul jou wese met angs en daarmee saam die besef dat alles nou te laat is. Nie alleen vir die sterwende nie, maar ook vir sy gesin is dit 'n harde en moeilike aanvaarbare werklikheid. Sy sterwe beteken vir hulle 'n oneindige verlies. Dit beteken dat jarelange hegte bande afgesny is; dat 'n stem stil geword het en 'n plek leeg geword het. Dit beteken miskien dat die vader wat jare lank die leiding gegee het nie meer daar is nie; of dat die moeder wat jare lank teer versorg het, nou meteens ontbreek. Die vrou, die man, die kind, die broer of die suster wat my lewe op 'n besondere wyse gevul het, met wie se lewe my lewe vervleg geraak het, is meteens nie meer daar nie. Sonder hom of haar het die lewe vir die agtergeblewene uitsigloos en verwagtingloos geword. My oë is nat van die trane; my knieë is slap onder my; my denke is versper. My kragte is te min om voort te gaan met die lewe. Beide die sterwende en hulle wat na die dood agterbly, vra in die besonder ons aandag.

In elke gemeente is daar voortdurend mense wat op sterwe lê. Sodra die situasie enigsins kritiek lyk, word dit onder die aandag van die predikant gebring. Hoedanig behoort die predikant onder hierdie omstandighede op te tree? Die tragiese is dat sommige predikante dit glad nie nodig vind om op te tree nie. Sommiges tree wel op, maar gewoonlik eers as dit te laat is.

Optredes van predikante in hierdie verband is wyd uiteenlopend. Die een doen net 'n gebed. Die ander een lees en bid net. In hierdie verband het ons geen algemene bindende Bybelse voorskrif nie. As daar by die sterwende net gebid en gelees moet word, was dit nie nodig om die predikant te laat roep nie. Daar is seker van die familielede wat net so goed as hy kan lees en bid. As die predikant na die sterwende gaan, gaan hy as dienaar van die Woord. Net soos in die geval van al sy ander besoeke gaan hy om die Woord te

verkondig. Hy gaan om die Woord aan hierdie mense in sy konkrete situasie te verkondig. Hy gaan om hierdie Woord aan hierdie mens in die vorm van 'n gesprek te verkondig. Dit spreek eintlik vanself dat hy in hierdie proses noodwendig uit die Bybel sal lees en 'n gebed sal doen. Hierdie gesprek kan gevoer word aan die hand van 'n gedeelte wat eers uit die Bybel gelees word, of deur doodgewoon 'n gesprek aan te knoop met die Bybelse waarheid as inhoud.

Vir die betrokke mens voor hande is die dood volle werklikheid. Dit is feitlik die enigste werklikheid waarmee hy hom nog besig hou. Dikwels word deur die omstanders opgetree asof hierdie werklikheid nie eers bestaan nie. Die familie staan langs die bed en hou hulle met mekaar se probleme besig en dink nie aan die probleem van hom wat daar lê nie. Die verpleegsters behandel hom asof hy reeds afgeskryf is. Die predikant besoek hom asof hy doodgewoon huisbesoek doen by 'n gesonde lidmaat.

Die lidmaat wat daar lê, worstel met die dood. In die meeste gevalle sal die nood en die angs hoog wees. Midde in hierdie situasie moet die dienaar van die Woord vir hom troos bring. Dit sal geen troos bied deur bloot vir hom te sê dat dit môre of oormôre beter sal gaan nie. Buitendien, hoe weet jy dat dit so sal wees? As dit môre nie beter gaan nie, wat sê jy dan vir hom? Ek glo ook nie dat 'n kort gebed en slegs 'n stukkie uit die Bybel waarlik troos sal bied nie. In vorige hoofstukke het ons alreeds gesien dat dit God alleen is wat met sy Gees kan troos. Die Gees doen dit egter op 'n besondere wyse; deur die verkondiging van die Woord met Jesus Christus as inhoud. Die mens se enigste troos in lewe en in sterwe is Jesus Christus.

Op die lippe van die sterwende is gewoonlik twee vrae. Wat gaan gebeur na die dood en hoedanig sal my eie lot na die dood wees? Te midde van hierdie vrae worstel die betrokkene miskien nog met geweldige pyn en het die gevoel van totale eensaamheid die oorhand oor hom gekry. Die feitlike situasie voor hande en die bestaande vrae kan nie weggedink of weggepraat word nie. Dit is absoluut onverantwoordelik as die ampsdraer nie hieraan besondere aandag gee nie. Vir hierdie mens in sy pyn en eensaamheid is daar net een troos, en dit is die evangelie van Jesus Christus. Aan hom moet verkondig word dat hy te midde van sy eensaamheid en pyn nie alleen is nie. Te midde van alles wat hy nou ondervind is God nog steeds met hom. God het hom duur gekoop met die bloed van sy Seun, Jesus Christus. Hy behoort aan God in voorspoed en teëspoed,

te midde van sy jeug, maar ook te midde van sy ouderdom, te midde van gesondheid, maar ook te midde van siekte, te midde van die lewe maar ook hier waar hy voor die poorte van die doderyk staan. Omdat hy aan God behoort, kan hy verseker wees dat God selfs in hierdie oomblikke van pyn en eensaamheid by en met hom is; dat Hyself sy sparende en bewarende hand oor hom uitgestrek sal hou; dat Hy hom so sal behoed en bewaar en dat niks oor hom sal kom sonder God se wil nie. In die hande van God sal hy veilig wees vir tyd en vir ewigheid. Midde in sy pyn en eensaamheid moet hy besef dat daar net Een is wat waarlik kan en wil help, en dit is die drieënige God. In Jesus Christus het Hy Homself reeds geopenbaar as die God wat die mens wil help. Hy wil die mens in so 'n groot mate help dat Hy reeds sy Seun vir die mens laat sterf het aan die kruishout van Golgota. In Jesus Christus het ons die grootheid van God se liefde en genade leer ken; het ons God leer ken as dié God wat die mens waarlik wil help. Op grond van Jesus Christus se lyde en sterwe glo ons en weet ons dat God ons toevlug is en kan u ook met u pyn en eensaamheid na Hom toe gaan, gelowig op Hom vertrou en verseker wees dat Hy hulle wat na Hom toe kom, nie met leë hande wegstuur nie.

Die vraag (uitgespreek of onuitgespreek) met betrekking tot die toestand na die dood, mag nie vermy word nie. Allerlei dogmatiese diskussies en bespiegelinge kan gerus maar agterweë bly. Die waarheid moet kernagtig aan hom verkondig word. Die waarheid leer ons baie duidelik uit die Woord. Jesus Christus het vir die sonde van die mens betaal; vir hulle wat in Hom glo is die ewige veroordeling van God opgehef en is die eindbestemming nie meer die ewige verdoemenis nie, maar die ewige saligheid. Jesus Christus het graf en dood oorwin. Hulle wat in Jesus Christus glo, het deel aan hierdie oorwinning; die einde is vir hulle nie meer die stof, die graf en die dood nie, maar die ewige heerlikheid saam met die Vader in die hemel. Vir hulle wat in Hom glo is die angel, die nood, die pyn van die dood opgehef en is die dood slegs die deurgang om vir ewig by God te wees. As die betrokkene hierdie waarheid glo, kan hy getroos sterwe; kan vanuit die Woord van God aan hom die versekering gegee word dat hy ook deel sal hê aan hierdie ewige heerlikheid. As hy hierdie waarheid nie glo nie, moet die evangelie van Jesus Christus kernagtig aan hom verkondig word en moet hy opgeroep word tot die geloof. As hy op die laaste tot geloof kom, moet aan hom vanuit die Woord die versekering gegee word dat sy saligheid net so

volkome is as die mens wat van sy kinderjare af geglo het.

Die sterwende persoon het gewoonlik 'n gesin en vriende wat langs die sterfbed staan en dit duur soms baie dae. Dit wat hulle daar voor hulle sien en beleef, is nie altyd maklik om te verwerk nie. Die angs is gewoonlik hoog en die vrae op die lippe baie. Hierdie mense het net soos die sterwende krag, sterkte en vertroosting nodig en dít kan God alleen vir hulle gee. Hy wil dit ook gee deur sy Woord en Gees. Nadat die ampsdraer afsonderlik met die sterwende gepraat het, behoort hy ook die evangelie aan die familie te verkondig. Hy behoort vanuit die Woord aan hulle die versekering te gee dat God ook hier by en met hulle is, dat Hy hulle ook wil help, vertroos en versterk; dat hulle hul hoop en verwagting op Hom alleen moet stel. Met betrekking tot die dood, moet hy aan hulle die versekering gee dat God deur Jesus Christus waarlik die dood oorwin het, die sonde vergewe het en dat almal wat hierdie waarheid glo, na die dood ten volle daaraan deel het.

Rondom die siekte van 'n sterwende persoon, behoort die ampsdraers van die kerk as 'n span op te tree. Naas die predikant en die ouderling behoort die helpende hand en die vertroostende woord van die diaken ook sigbaar te wees. Veral hier kan die diakens besondere diens lewer aan die sterwende en aan die familie wat hom bystaan. Hierdie diens mag nie net bestaan uit materiële hulp nie, maar moet ook vergesel word met troos uit die Woord van God.

Die aantal besoeke aan die sterwende en sy familie kan nie presies voorgeskryf word nie. Soms is die proses van sterwe kort, maar dit is soms baie lank. Soms word die sterwende en sy familie met een besoek getroos, maar soms eers na 'n aantal gesprekke. Elke geval sal die aantal gesprekke self bepaal.

As die dood uiteindelik intree, hou die kerk se verantwoordelikheid nie op nie. Die dood van een mens raak gewoonlik die lewe van 'n groot aantal mense tot in hul diepste wese. Die dood bring vir die familie droefheid en eensaamheid mee en 'n krisissituasie ontstaan. Die droefheid en die eensaamheid van die familie kan alleen verlig word deur die troos in Jesus Christus deur die Skrif. Alleen langs hierdie weg kan die familie verseker wees dat God ook hulle God is, en ook by en met hulle is te midde van hierdie groot droefheid. Onder sulke omstandighede is dit nodig dat die bedroefdes opgeroep word om verder te kyk as die hier en nou en die tydelike verlies, om hulle oë alleen gerig te hou op die kruis van Golgota en op die leë graf in Getsemané. Daar alleen leer die mens waarlik

verstaan dat God hom liefhet, dat God met hom is, dat God reeds klaar in sy grootste nood voorsien het.

Hierdie vertroostende gesprek behoort die ampsdraer met die lidmaat te gaan voer wat iemand aan die dood afgestaan het. Die droefheid wat deur die dood veroorsaak is, word nie in 'n oogwink opgehef nie. Baie dae en maande na die begrafnis bly die oë nog nat van die trane en die hart nog steeds week. Dit is daarom nodig dat die eerste besoek met verdere besoeke opgevolg moet word.

In hierdie verband behoort die ampsdraers ook as 'n eenheid op te tree. Dit is veral hier waar die diakens besondere diens kan bied. Die afsterwe van 'n geliefde bring gewoonlik 'n tydelike radeloosheid en hulpeloosheid na vore. 'n Ware dienende diaken kan in die besonder help om 'n huisgesin weer koers en rigting te gee en oor hierdie diensbetoning behoort die kerk weer opnuut te besin.

Met die oog op besoek aan siekes, sterwendes en bedroefdes kan die volgende Bybelse gegewens gebruik word: Genesis 50:15–26; Job 2:1-10; Psalm 3; 4; 23; 27; 38; 42; 57; 62; 73; 90; 103; 121; 130; 142; 146; Jesaja 40:1–11; 41:8–13; 42:1–7; 43:1–8; Matteus 5:1–12; 11:25–30; 26:36–46; Lukas 7:11–17; Johannes 11:17–44; 14:1–17; Romeine 8:11–25; 8:26–30; 8:31–39; 1 Korintiërs 15; 2 Korintiërs 1; 4:8–15; Filippense 1:12–24; 4:1–13; 1 Tessalonisense 4:13–18; 2 Timoteus 4:6–18; Hebreërs 10:32–39; 12:1–13; 11:1–19; Jakobus 1:1–12; 5:7–20; 1 Petrus 4:12–19; Openbaring 7:9–17; 21:1–8 en 22:6–21.

5.5.2.2.5 Die huwelik[85]

Die huwelik is 'n instelling van God. Die leef as man en vrou in die wêreld is 'n normale verskyningsvorm in die samelewing. Huweliksprobleme het vandag feitlik 'n algemene verskynsel geword. (Proefhuwelike, egbreuk en ander vorms van onsedelikheid is aan die orde van die dag.) Hierdie probleme vra die ernstige aandag van elke ampsdraer van die kerk.

Hier geld ook dat voorkoming beter is as genesing. Dit bring mee dat die kerk in sy ganse verkondigingstaak voortdurend aandag aan hierdie saak moet gee; veral ook in sy gewone prediking en kate-

85. Vir meer besonderhede raadpleeg:
F J van Zyl, Doop en Huwelikskategese, HAUM, Kaapstad, Pretoria, 1974
I T Webber, Liefde vir jou Huwelik, Marriage Counseling Services, 1976
W C J van Rensburg, En as ek die liefde nie het nie, HAUM, Kaapstad, Pretoria 1976
J J de Klerk, a.w., p 94

gese. Voor elke huwelik behoort daar 'n grondige gesprek gevoer te word met elke paartjie (huwelikskategese). Tydens hierdie geleentheid of selfs voor dit behoort aan die paartjie "stof" gegee te word met die oog op verdere studie.

Tydens huisbesoek behoort die predikant en die ouderling die lidmate voortdurend toe te rus met die oog op die huwelik. Sodra dit blyk dat daar huweliksprobleme is, behoort besondere aandag aan die gesin gegee te word. Die jaarlikse besoek van die predikant en die driemaandelikse besoek van die ouderling is dan te min. Die oorsake van die probleme moet grondig ondersoek word. Vanuit die Bybel moet die regte pad vir die man en die vrou aangetoon word. Met die oog op intieme sake, is dit soms nodig dat die predikant alleen of die ouderling alleen gaan besoek aflê by die gevalle waar huweliksprobleme is. Dikwels lê die probleme op 'n terrein wat buite die arbeidsveld van die predikant of die ouderling val. In sulke gevalle moet die betrokkenes verwys word na die kerk se huweliksvoorligter. As 'n span behoort die voorligter, die predikant en die ouderling dan aandag aan die saak te gee. As die probleme na 'n tyd uitgestryk is, behoort die gesin nog steeds besondere aandag te ontvang. As die saak op egskeiding uitloop behoort die afsonderlike lede ook nog steeds toegespitste aandag te ontvang – dan is dit juis nodig met die oog op skuldgevoelens en heraanpassing in die samelewing. As die afsonderlike lede na egskeiding of ergerlike sonde in verband met die huwelik geen berou toon nie, sal die kerkraad die nodige tugstappe moet neem.

Met die oog op toerusting gee ons aan u enkele gedagtes in verband met die huwelik.

Waar kom die huwelik vandaan? Waarom vind daar juis 'n huwelik plaas tussen twee besondere persone? Die antwoorde op hierdie vrae is wyd uiteenlopend: Dit is 'n menslike instelling wat voltrek word omdat twee persone besondere behoefte aan mekaar het. Dit is 'n wedersydse ooreenkoms tussen twee persone met die oog op beter versorging. Volgens die Bybel is die oorsprong van die huwelik nie in die mens en sy behoeftes geleë nie, maar in God self. Die huwelik in die algemeen en die huwelik in die besonder is die resultaat van God se genade. God wou nie dat die mens in eensaamheid lewe nie en het daarom vir hom 'n hulp gemaak wat by hom pas. Hierdie hulp wat God vir die mens gemaak het is nie 'n ander man of 'n geslaglose wese nie, maar 'n vrou. Dit is God self wat die

vrou na die man toe gebring het.[86] God gebied self sy seën oor die man en vrou in die besondere situasie van die huwelik.[87] Nie alleen in die Ou Testament nie, maar ook in die Nuwe Testament word die huwelik beskryf as vir God welbehaaglik. Die teenwoordigheid van Christus op die huwelik te Kana in Galiléa is teken en bewys dat die huwelik sy goedkeuring wegdra.[88] Christus se gesprek oor die huwelik is vir ons 'n teken en bewys dat die huwelik vir hom ook 'n instelling is wat vir God welbehaaglik is.[89] Dat God die huwelik wil, word veral bevestig deurdat die huwelik gebruik word as beeld om die verhouding tussen Christus en sy gemeente duidelik te maak.[90]

Nie alleen die huwelik in die algemeen nie, maar ook die huwelik in die besonder is die wil van God. Die Here "het vir Adam sy vrou geskape, haar self na hom gebring en aan hom as vrou gegee, en betuig daarmee dat Hy vandag nog as met sy hand na elkeen sy vrou bring". (Huweliksformulier). Ek is met hierdie besondere man of vrou getroud, nie omdat ek dit in die eerste plek so gewil het nie, nie omdat ek dit so beplan het nie, maar omdat God dit so gewil het en so bewerk het.

In Matteus 19:12 en 1 Korintiërs 7:25–40 word die ongehude staat aangeprys. Die kerkhervormer Johannes Calvyn, het ook hoë agting gehad vir die ongehude staat. Die ongehude staat word geprys, nie omdat die gehude staat sonde sou wees nie, maar omdat deur die ongehude staat die uitbreiding van God se koninkryk soms beter bevorder kan word.[91] In sommige gevalle, soos in die geval van Paulus, kan dienswerk vir God se koninkryk beter gedoen word in die ongehude staat. Elkeen moet egter handel ooreenkomstig die genadegawes wat hy ontvang het. Volgens Bybelse gegewens is die ongehude staat die uitsondering en nie die algemene reël nie.

Voorbeelde van bigamie in die Bybel kan nie gebruik word as verskoning om meer as een vrou te hê nie. Ooreenkomstig die skepping van God is een man en een vrou die Bybelse weg. Meer as een vrou het God in die Bybelse tyd seker slegs toegelaat: "weens die hardheid van julle harte".[92] Van die begin af was dit nie so nie.

---

86. Genesis 2:10
87. Genesis 1:26
88. Johannes 2:1–12
89. Matteus 19:1–12
90. Efesiërs 5:23–33
91. Matteus 19:12 en 1 Korintiërs 7:32
92. Matteus 19:8

Omdat God die huwelik ingestel het, ook die afsonderlike huwelik bewerk het, moet die huwelik so ingerig word dat slegs die dood 'n skeiding aan hierdie binding sal maak. Die man en die vrou beloof juis met die bevestiging van die huwelik dat hulle mekaar nimmer meer sal verlaat nie. Hierdie is in die eerste plek nie 'n belofte voor mense afgelê nie, maar voor God; 'n belofte waarvan ons self eendag rekenskap sal moet gee. As ons kyk hoeveel huwelike vandag in die egskeidingshof eindig, is dit duidelik: Getroudes besef nie meer dat hulle 'n belofte voor God afgelê het nie; dat God hulle self bymekaar uitgebring het om mekaar nimmer meer te verlaat nie; hulle dink die huwelik is slegs 'n kontraksluiting tussen twee persone, wat ter eniger tyd verbreek kan word. Omdat die huwelik moet duur tot die dood toe, moet die huweliksmaat met die grootste versigtigheid gekies word.

Die verbreking van die huweliksband het vandag feitlik 'n algemene verskynsel geword. Dit skyn asof egskeiding vandag nie meer deur die mens as sonde beskou word nie. Die heel eenvoudigste oorsake gee dikwels daartoe aanleiding. Die volgende oorsake word vandag maklik aanvaar as goeie grond vir egskeiding: Drankverslawing, 'n siektetoestand of twee persone wat nie goed met mekaar kan klaarkom nie. Ons sê maklik dat dit beter is dat twee persone skei as dat hulle in onenigheid saam lewe. Die vraag is egter of dit Bybels geregverdig is om op grond van een of ander ligtelike rede van mekaar te skei.

Ekskeiding word in die Bybel direk afgewys. Die sewende gebod sê uitdruklik: "Jy mag nie egbreuk nie." Wat deur God saamgevoeg is mag deur geen mens geskei word nie. Egbreuk word in die Bybel beskryf as sonde by uitnemendheid. In 1 Korintiërs 6:10 word self gesê dat geen egbreker "die koninkryk van God sal beërwe nie".[93]

Veral in Matteus 19:1–12 en 1 Korintiërs 7:15 kom die saak van egskeiding aan die orde. Die Fariseërs vra vir Jesus die vraag: "Is dit 'n man geoorloof om oor allerhande redes van sy vrou te skei?" Die Fariseërs het self 'n duidelike opvatting in hierdie verband gehad. Op grond van Deuteronomium 24:1 het die skool van Shammai geleer: dat die mens op grond van enige onsedelike gedrag van die vrou, haar 'n skeibrief kan gee. Die skool van Hillel aan die ander kant het gesê: As die vrou net iets doen wat die man nie aanstaan nie, kan hy haar 'n skeibrief gee. Jesus se antwoord aan die Fariseërs

93. Sien ook Hebreërs 13:4 en die Nagmaalformulier

is duidelik: In Deuteronomium 24:1 word egskeiding wel deur Moses toegelaat, maar dit vanweë "die hardheid van hulle harte", vanweë die sondige natuur van die mens. "Van die begin af was dit nie so nie. Wat God saamgevoeg het mag geen mens skei nie" (vers 6). Slegs om een rede kan daar egskeiding plaasvind: "Maar elkeen wat van sy vrou skei behalwe oor hoerery en 'n ander een trou, pleeg egbreuk" (vers 9). Behalwe om hierdie rede word egskeiding ook geregverdig as 'n ongelowige met 'n gelowige getroud is en eersgenoemde wil skei.[94] Die ongelowige is nie gebonde aan die wil van God nie.

Egskeiding is nie altyd, soos ons dink, die oplossing van ons probleme nie. Die oplossing is dat ons die probleme uit die weg sal ruim; dat ons ons huwelik sal gaan oriëteer ooreenkomstig die Woord van God; dat ons ons verhouding tot God reg sal stel, want eers as daardie verhouding reg is, kan die verhouding tot mekaar ook reg wees.

Ons beoordeling en veroordeling van geskeide persone moet met versigtigheid bejeën word. Ons moet nie egskeiding verhef tot die allergrootste sonde nie. Alle sonde is groot. Vir alle sonde, ook vir die egskeiding, is daar vergifnis in en deur Jesus Christus. Hierdie genade word juis ook oor egbrekers aangekondig in 1 Korintiërs 6:11. As die egbreker hom tot God bekeer, ware berou het oor sy sonde, en afsien van sy roekelose weg, is daar vir hom of haar ook vergifnis deur Jesus Christus. Die Heidelbergse Kategismus verklaar die sewende gebod soos volg: "Dat alle onkuisheid deur God vervloek is en dat ons daarom van harte vyande daarvan moet wees en kuis en matig moet lewe, sowel in die heilige staat van die huwelik as daarbuite. Omdat die liggaam en siel tempels is van die Heilige Gees, daarom wil Hy dat ons altwee rein en heilig moet bewaar. Daarom verbied Hy alle onkuise dade, gebare, woorde, gedagtes, luste en wat die mens daartoe kan verlei."[95] In sy verklaring van die sewende gebod sê Jesus Christus: "Elkeen wat na 'n vrou kyk om haar te begeer, het reeds in sy hart met haar egbreuk gepleeg."[96] Selfs ons wat op die oog af onskuldig is met betrekking tot oortreding van dié gebod, is in die lig van Jesus se woorde en die verklaring van die Heidelbergse Kategismus ook skuldig. Ons kan ook alleen leef van

94. 1 Korintiërs 7:15
95. Heidelbergse Kategismus, a.w., vrae en antwoorde 108 en 109
96. Matteus 5:28

KITAL

die genade van Jesus Christus. Nie een van ons kan die eerste klip gooi nie.[97]

Hoe moet ons ons huwelik inrig sodat ons altyd bymekaar sal kan bly? Wat is ons taak en roeping midde in die huwelik? Ons oordeel dikwels, dat ons eerste taak in die huwelik is om mekaar lief te hê. Die Bybel oordeel anders. Die eerste gebod, ook vir getroudes is: "Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand.[98] Eers as ons God lief het, kan ons mekaar liefhê. Die huwelik, waar die liefde tot God ontbreek, is gewoonlik die huwelik wat tot ondergang bestem is. Dit is God wat ons bymekaar uitgebring het en dit is Hy alleen wat ons bymekaar kan hou. Nie alleen die begin van ons huwelik, maar ook die voortgang daarvan, moet in sy Naam wees. Alleen deur sy genade kan ons in die huwelik staande bly. Liefde tot God is nou nie alleen liefde in ons hart nie, maar liefde wat ons hele wese vul. Liefde tot God is geloof in Jesus Christus en 'n ganse lewe van gehoorsaamheid aan God en sy gebooie. Die liefde tot God vra dat man en vrou 'n besondere lewe sal gaan leef, naamlik om Sondag na Sondag, erediens vir erediens op te gaan na "die huis van God"; dag vir dag sy Woord te lees en te ondersoek; oomblik vir oomblik te leef volgens die Woord wat Sondag verkondig is en elke dag gelees en ondersoek is. Alleen in hierdie diepe afhanklikheid en gehoorsaamheid aan God kan ons staande bly midde in die huwelik.

Na die eerste volg die tweede gebod: "Jy moet jou naaste liefhê soos jouself."[99] Tydens die huweliksbevestiging beloof die egpaar dat hulle mekaar sal liefhê. Waaragtige liefde vir mekaar is nie slegs: 'n momentele, sentimentele gevoel of belewenis nie; 'n daaglikse verskaffing of voorbereiding van voedsel nie; 'n insidentele geskenk nie. Ware liefde ken ons nie uit onsself nie. Ons ken dit alleen in Jesus Christus. Vanuit sy liefde vir ons, leer ons hoedanig ons liefde vir mekaar moet wees en hierdie liefde vir ons kan omskryf word met die volgende woorde: Diens, trou en vergifnis. Hy het nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien. So groot is sy "diensbetoon" dat Hy selfs sy lewe vir ons gegee het. Liefde beteken dat ons in 'n dienende verhouding tot mekaar sal staan; dat ons beide diensknegte sal wees en nie die een 'n slaaf en die ander 'n heer nie. Soos Christus bereid was om alles, selfs sy lewe vir ons te

97. Johannes 8:1–11
98. Matteus 22:37
99. Matteus 22:39

gee, so moet geen moeite en opoffering vir ons te groot wees ter wille van die ander nie. Ons moet die ander een liefhê soos onsself. Wat ons bereid is om vir onsself te doen, moet ons ook bereid wees om vir die ander een te doen. Soos Christus getrou was tot die dood toe, so moet ons ook trou aan mekaar bly. Soos Christus alle vergewensgesindheid aan ons geopenbaar het, so moet ons ook bereid wees tot onvoorwaardelike vergifnis.

Naas of as deel van hierdie basiese verantwoordelikheid noem die huweliksformulier ook nog die volgende:

- God het die man as hoof van die vrou gestel. Dit beteken: Die man moet die vrou verstandig lei, troos en beskerm. Dit beteken nie: Die man moet soos 'n tiran oor die vrou heers en haar tot sy persoonlike slavin maak nie. Die vrou, aan die ander kant, moet hierdie "onderdanigheid" erken en ook dienooreenkomstig optree. Die omgekeerde weg lei gewoonlik tot chaos en verwarring.
- Arbeid: Die man is geroepe om broodwinner te wees.[100] Die vrou se roeping is om kinders in die wêreld te bring.[101] Dit beteken nou nie dat die vrou nie 'n beroep buite haar huis kan beoefen nie. Dit kan wel, waar die versorging van die kinders nie in gedrang kom nie. Die volgende praktyke moet afgewys word: Die vrou wat werk omdat die man te lui is om dit te doen; die vrou wat werk waar daar geen versorging vir die kinders is nie. Om die kinders te laat in die hande van 'n bediende, is beslis verwaarlosing van die moeder se eerste plig en 'n ondergrawing van ons volk se tradisies. Die vrugte van ons arbeid moet ons nie vir ons alleen opeis nie. Ons moet nie net vir onsself sorg nie, maar ook vir die onderhouding van God se diens en vir die minderbevoorregtes. Ons moet ons huisgesin "met God en met eer kan onderhou en bowendien ook iets hê om aan die behoeftiges mee te deel."[102]
- Huishouding: Net soos dit die man se taak is om te sorg vir die nodige lewensmiddele, so is dit die vrou se taak om goeie toesig oor die huishouding te hou. Die verwaarlosing hiervan is gewoonlik die eerste tree in die rigting van egskeiding.
- Stemmigheid: Die vrou moet sonder wêreldse prag leef en wandel. Uitspattigheid en gewaagdheid van die vrou lei dikwels tot die opwekking van drange en begeertes by die teenoorgestelde geslag.

---

100. Genesis 3:13
101. Genesis 3:16
102. Huweliksformulier

Wat is die doel van die huwelik?

- Soos reeds gesê, sal die primêre doel van die huwelik altyd die eer van God moet wees. Elke egpaar sal moet besef dat God hulle in die eerste plek nie bymekaar gebring het ter wille van hulleself nie, maar ter wille van Hom en sy diens. Saam besluit die egpaar om in diens van God te staan in sy gemeente. Verhindering in hierdie verband is niks minder as sonde nie. Waar een van die twee miskien besondere dienswerk in die kerk verrig, moet die ander een bereid wees om opofferings in hierdie verband te doen. Die huweliksformulier sê die een moet die ander getrou bystaan in alle sake wat tot die tydelike en die ewige lewe behoort.
- Die egpaar is nie alleen in diens van God nie, maar ook in diens van mekaar. Dit is nou eenmaal so dat die een nie sonder die ander se hulp kan klaarkom nie. Die huwelik moet daarom 'n "bystaan wees" in alle sake wat goed en reg is.
- Dit is ook die doel van die huwelik dat daar kinders uit die huwelik sal voortkom. Die mens ontvang die opdrag daartoe van God self.[103] Om nie kinders te hê nie ter wille van plesier, rykdom, ensovoorts moet as sonde aangeteken word. Aan die ander kant het die ouer ook die verantwoordelikheid ontvang om met die vermoëns wat aan hom gegee is, so te beplan dat daar nie meer kinders sal wees as waarvoor hy kan sorg nie. Die ouers wat geen kinders het nie, moet hierdie saak aanvaar as komende uit die hand van God. Aanneming van 'n kind is nie sonde, soos dikwels gesê word nie. Is dit nie miskien ons verantwoordelikheid om juis hierdie pad uit dankbaarheid te bewandel nie? Sal dit nie miskien voorkom dat klein reddelose, sorgelose kindertjies in weeshuise geplaas word nie?

  God gee kinders aan ons, in die eerste plek nie vir ons plesier nie, maar tot sy eer. Ons eerste taak teenoor ons kinders is daarom nie om hulle liggaamlik te versorg nie, maar geestelik. Die kinders wat God aan ons toevertrou moet ons opvoed "in die waaragtige kennis en vrees van God".[104]

  'n Kind word verwek op 'n besondere wyse, wat deur God self so gereël is. Dit is die gevolg van 'n noue verhouding tussen man en vrou. Hierdie noue omgang tussen man en vrou is nie uitsluitlik daargestel vir die verwekking van kinders nie. Dit is die normale wyse van "liefdesuiting", ooreenkomstig die wyse

103. Genesis 1:28
104. Huweliksformulier

waarop God die mens geskape het. Die gebruik daarvan in die huwelik is geregverdig. Onnodige eise in hierdie verband mag egter nooit gestel word nie.

Die volgende Bybelse gegewens kan gebruik word wanneer daar 'n gesprek gevoer word met persone wat huweliksprobleme het: Genesis 1:26–31, 2:4–25; Josua 24 veral vers 15; Maleagi 2:13–16; Matteus 5:27–32, 19:1–12; 22:34–40, 1 Korintiërs 7, 13; Efesiërs 5; 1 Tessalonisense 4:1–12.

5.5.2.2.6 Buitengewone gevalle[105]

Die moderne lewe met sy gejaag, tegnologie, massakommunikasie, prestasies en ander faktore het daartoe gelei dat die mens die prooi van allerlei sosiaal-maatskaplike en geestelike afwykings geword het. Drankmisbruik, dwelmverslawing, armoede, neuroties-geestelike afwykings en ander simptome kom dikwels onder lidmate van die kerk voor.

Met betrekking tot hierdie verskynsels word daar verskillend geoordeel. Sekere teoloë is die gedagte toegedaan dat die kerk met hierdie gevalle niks te doen het nie. Die kerk is alleen daar om die Woord aan die lidmate te verkondig. Andersyds word geoordeel dat die kerk die uitsluitlike instansie is om hierdie probleme op te los. Prins[106] en ander het aangetoon dat die kerk nie net daar is om die mens te versorg na die gees nie, maar in sy volle totaliteit. Adams aan die ander kant het aangetoon dat pogings om die werk van die psigiater, die maatskaplike werkster, ensovoorts oor te neem, vir die kerk fataal is.[107] Dit is die werk van die kerk om die Woord aan mense te verkondig; Die psigiater, die maatskaplike werker en ander vakkundiges moet die probleem van geestelike verstoordheid, dwelmverslawing, ensovoorts oplos. Die mens wat in hierdie nood verkeer, kan nie net so gelaat word nie. Die predikant, die kerkraad en die vakkundige behoort hier as 'n span op te tree. Sodra 'n

105. Vir meer besonderhede raadpleeg:
J H van den Berg, Psychologie en geloof, Callenbach, Nijkerk, 1965
S J Prins, Pastoraat en Psigologie, Van Schaik, Pretoria, 1971
S F H J Berkelbach van der Sprenkel en ander, Over de Onderlinge Verhouding Van Psychotherapie En Zielzorg, Boekencentrum, S' Gravenhage, 1957
J J de Klerk, a.w., p 157
G Brillenburg Wurth, Christelijke Zielszorg, a.w., p 163–172
W J de Klerk, Pastorale Sensitiwiteit, a.w.

106. S J Prins, a.w.

107. Jay E Adams, Compotent to Counsel, a.w.

predikant of 'n ouderling op 'n afwykende geval afkom, behoort hulle die vermoë te hê om te kan vasstel op watter terrein die afwyking lê. Wanneer die probleem nie op hulle terrein lê nie, moet hulle die lidmaat oortuig dat dit die beste is dat gespesialiseerde aandag aan sy probleem gegee word. Sover moontlik, veral langs die weg van die diakonie, behoort besondere hulp verleen te word aan besondere gevalle. Die predikant en die ouderling se taak is nie afgehandel as die persoon wel prefessionele hulp ontvang het en nog steeds ontvang nie. In hierdie hele proses is dit veral hulle taak om hom te vertroos en te bemoedig vanuit die Woord van God tydens die huisbesoek.

5.5.2.2.7 Huisbesoek by ouderlinge en diakens

Dit gebeur soms dat predikante nie by ouderlinge en diakens amptelik huisbesoek doen nie. Hy is van oordeel dat dit genoeg is om net soms by hulle te kuier of 'n stukkie uit die Bybel te lees en 'n gebed te doen.

Elke predikant sal erken dat dit nie altyd so maklik is om by ouderlinge en diakens huisbesoek te doen nie. Die meeste ouderlinge en diakens is standvastig in die geloof en leef volgens die Woord van God. Dit bring noodwendig mee dat jy nie weet wat om tydens huisbesoek te sê nie. Daar moet egter altyd onthou word dat die ouderling en die diaken lidmate in die volle sin van die woord is. Dieselfde wat ons gesê het ten opsigte van getroue lidmate, sal ook ten opsigte van die getroue ouderling en diaken geld. Veral die besondere aspek van voorsorg met die oog op die toekoms, sal hier 'n baie groot rol speel. Aangesien niemand volmaak is nie, sal die huisbesoek hier veral kan dien as 'n besondere geleentheid om die ouderlinge en diakens verder toe te rus vir hulle dienswerk. Tydens hierdie besoek behoort die predikant 'n indringende gesprek te voer met die ampsdraers oor elke lidmaat in sy wyk. Die huisbesoek by die ouderling en diaken behoort uit twee fases te bestaan: 'n Gesprek met die ampsdraer afsonderlik en dan met die huisgesin as geheel. Die volgende Skrifgedeeltes kan gebruik word as die predikant die ouderlinge en diakens en hulle huisgesinne besoek. Eksodus 3; Jesaja 6; Jeremia 1; Esegiël 2; 3:16–17 34; Matteus 4:12–25; Markus 1:14–20; Johannes 1:35–52; Matteus 28:16–20; Johannes 21:12–25; 1 Korintiërs 3:1–8; Efesiërs 4:1–16; 1 Timoteus 3:1–16; 4:6–16; 5:17–25; 2 Timoteus 3:10–17 en Titus 2:1–10.

Soos enige ander lidmaat, is die diaken ook deel van die ouderling se wyk en moet hy hom net soos die ander lidmate van sy wyk besoek. Die ouderling is in die besonder ook geroep om opsig te hou oor die werk van die diaken.

GERAADPLEEGDE LITERATUUR

E Chr Achelis: Praktische Theologie voor Nederland bewerkt door L W Bakhuizen van den Brink, Kemink en Zoon, Utrecht, 1906

Jay E Adams: Competent to counsel, Presbyterian and reformed publishing company, 1974

S F H J Berkelbach van der Sprenkel:

1. Huizbezoek, Ploegma, Amsterdam
2. Over de onderlinge verhouding van psychotherapie en Zielszorg, Boekencentrum, S' Gravenhage, 1957

M J du P Beukes: Belangrike feite vir katkisante, HAUM, Pretoria, Kaapstad, 1976

P Biesterveld: Het Huisbezoek, Herzien door J Hoekstra, derde druk, Kok, Kampen, 1923

J Calvyn: Institutie of onderwijzing in de Christelijke Godsdienst, Uit het Latijn vertaald door A Sizoo, Naamlose Vennootschap, Meinema, Delft, derde druk

A Dekker en G Puchinger: De oude Barth, Kok, Kampen, 1969

J J de Klerk: Herderkunde, NG Kerk-Boekhandel, Pretoria, 1978

W J de Klerk:

1. Die Pastoraat – psigologiese benadering van die jeug, lesing gehou by Praktiese Teologiese Werkgemeenskap van SA, 1968
2. Pastorale sensitiwiteit, Perskor, 1974

J C de Lange: Geskiedenis van die prediking in SA, Hervormde Teologiese Studies, 23(3)

H D de Loor: De kerk en het moderne platteland, Boekencentrum, S' Gravenhage, 1963

J I de Wet:

1. Die werk van die predikant, Hervormde Teologiese Studies, 19(1)
2. Die gehalte en gestalte van die praktiese teologie sedert die begin van die twintigste eeu, Hervormde Teologiese Studies, 22(4)
3. Poimeniek, diktaatlesings, 1967

Diensboek: Diensboek vir gebruik in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, 1977

K Dijk: De dienst der kerk, Kok, Kampen, 1952

Dordtse Leerreëls: Uitgespreek op die sinode van Dordrecht, 1618–1619

H D A du Toit: Praktiese teologie vandag, Praktiese Teologiese Werkgemeenskap van SA, 1968

H Faber:

1. Analyse van een gespreksverslag, ministerium Tijdschrift voor praktische theologie en praktijk, 3(69)
2. Pastoral care and clinical training in America, Arnhem, 1961
3. Praktische theologie? Ministerium 1(67)

H Faber en E van der Schoot: Het pastorale gesprek, een pastoraal-psychologiese studie, 1962

J Firet: Het Agogisch moment in het pastoraal optreden, Kok, Kampen, 1977

H C J Flemming: Sekte-dwaling in ons land, Sondagskool-Boekhandel, Bloemfontein, 1941

Diensformuliere: Formuliere wat by verskeie geleenthede gebruik word soos vervat in die diensboek van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika

D Funcke: Wilt gij gezond worden, bijdrage tot het Christelijk zielszorg, Höverker, Amsterdam

C Gilhuis: Pastorale zorg aan bejaarden, Kok, Kampen, 1965

H Girgensohn: Helende Kräfte der Seelsorge, Göttingen

J H L Haitjema: De Heidelbergse Catechismus als klankbodem en inhoud van het actuele belijden onzer kerken, Veenman en Zonen, Wageningen, 1962

Die Heidelbergse Kategismus

J A Heyns: Sekularistiese Teologie, Bulletin van die SAVCW, 1969

C Hubner: Preface to pastoral theology, Nashville, New York

H Jonker: Actuele prediking, Callenbach, Nijkerk

R Kaptein: Het huisbezoek, agtergrond problematiek en methode in de veranderde gemeente, Amsterdam

D Kemp: Geloofsgenesing en tongetaal getoets, Pro Rege, Potchefstroom, 1974

Kerkwet: Kerkwet en bepalings van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, soos vasgestel deur die Algemene Kerkvergadering van 1951 ter vervanging van elke vorige wet en bepalings (soos gewysig tot en met die 59ste Algemene Kerkvergadering 1979)

G H Kersten: Kerklijk handboekje, opnieuw uitgegeven op last van de generale synode der Gereformeerde Gemeenten in Nederland, De Banier, Utrecht, 1961

KITAL

J C Kruger: Daar is ook geskrijwe, NG Kerkboekhandel, 1957
H M Kuitert: Verstaat gij wat gij leest? Over de uitleg van de Bijbel, Kampen, 1969
A Kuyper: Encyclopaedie der heilige godgeleerdheid, derde deel, Kok, Kampen, 1909
C H Lindijer: In Lewende Lijve, Boekencentrum, S' Gravenhage, 1974
J H Loader: Ortodokse Fundamentalisme en die gebruik van die Ou Testament in Suid-Afrika, Hervormde Teologiese Studies, 35 (1 en 2)

Die Nederlandse Geloofsbelydenis

L Newbegin: Honest Religion for secular man, SCM Press, London, 1963
F Niebergall: Praktische Theologie, Tübingen, 1963
A D R Polman: Onze Nederlandsche Geloofsbelijdenis verklaard uit het verleden geconfronteerd met het heden, Wyer-Franeker
S J Prins: Pastoraat en psigologie, Van Schaik, Pretoria, 1971
P J Roscam Abbing: Zielszorg ten dienst van allen die zorg voor hun naaste hebben, S' Gravenhage, 1962
R Schippers: Rudolf Bultmann en de ontmythologisering, in G Berkhouwer en A S van der Woude, Revolte in de theologie, een bundel beschouwingen over de zogenaamde vernieuwingsteologie, Callenbach, Nijkerk, 1968
E Thurneysen:
1. Die Lehre von der Seelsorge, Evangelischer Verlag, A G Zollikon, Zürich, 1957
2. Seelsorge im Vollzug, EVZ-Verlag, Zürich, 1968

P Tillich: Systematic theology, volume 3, London, 1957
A P Treurnicht: Godsdiens sonder God, Hoofstad (Pretoria Dagkoerant, 17–9–1978)
J H van den Berg:
1 Psychologie en geloof, Callenbach, Nijkerk, 1965
2. Psychologie van het ziekbed, Callenbach, Nijkerk, 1965

E van der Schoot: Hoofdstukken uit de pastorale psychologie, Utrecht, 1959
S P van der Walt: Dwaling en waarheid, Pro Rege, Potchefstroom, 1961
G C V Niftrik: Kleine dogmatiek, Callenbach, Nijkerk, 1961
S P J J van Rensburg: Nuwe Testament Teologie, Diktaatlesings, Universiteit Pretoria, 1964

W C J van Rensburg: En as ek die liefde nie het nie, HAUM, Kaapstad, Pretoria, 1976

A J van Staden:

1. Die Jehova Getuies weerlê, HAUM, Pretoria, 1975
2. Kerk of sekte, die leerstellings van die Nuwe Apostoliese Kerk getoets aan die Bybel, HAUM, Pretoria, 1957

J H van Wyk: Eksistensieteologie en Godsdiensonderrig, Pro Rege, Potchefstroom, 1971

F J van Zyl:

1. Die Reformatoriese Verkondiging en die Hedendaagse mensbeskouing, Hervormde Teologiese Studies, 13(3)
2. Doop en huwelikskategese, HAUM, Kaapstad, Pretoria, 1974

T H C Vriezen: Hoofdlijnen der Theologie van het Oude Testament, Veenman en Zonen. Wageningen, 1954

J I Webber: Liefde vir jou huwelik, Marriage counseling services, 1976

Otto Weber: Karl Barths Kirchliche Dogmatik, ein einführender Bericht, Neukirchen Kreis, Moers, 1958

J Sperna Weiland: Orientatie nieuwe wegen in de theologie, Wereldvenster, Baarn, 1966

G Brillenburg Wurth:

1. Christelijke zielszorg, In het licht der moderne psychologie, Kok, Kampen, 1955
2. Verkondiging en zielszorg, Kok, Kampen

НАУМ